Populêre spiritualiteitstendense: ’n gevallestudie van die Ned. Geref. Kerk Port Elizabeth-Hoogland

deur

Eugene Malan

Tesis voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in Teologie (Bedieningspraktyk) aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof. H.J. Hendriks

Maart 2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 1 Desember 2012

Kopiereg © 2013 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opgedra aan Louise, Jean-Marié, Simon en Miguette

“This is who you are, your identity, loved by God. But being loved is not all there is to it. Being loved creates a person who can love, who must love. Getting love is a launch into giving love.” (Eugene Peterson)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

As leraar in die gemeente oor die afgelope veertien jaar is die navorser getref deur veral twee populêre tendense in die spiritualiteit van die gemeente. Enersyds is daar ’n tendens waargeneem waar die uitleef van geloof deur ’n oorheersende klem op persoonlike verlossing gekenmerk word. Hierdie spiritualiteit laat die gelowige, veral in tye van oorgang, maklik uit die moeilike en bedreigende konteks ontsnap na ’n plek waar hy/sy, veral met die klem op individuele geloofsbelewing, met geestelike sake besig bly. Die navorser noem dit ’n spiritualiteit van ontsnapping. Andersyds is daar ’n tendens waar geloof vanuit ’n rasionele raamwerk verklaar en uitgeleef word. Hierdie spiritualiteit gryp, eweneens in tye van ongemaklike oorgang, terug na suiwer rasionele verklaring en tradisionalisme vanwaar gelowiges hulle sekuriteit vind. Die navorser noem dit ’n spiritualiteit van reduksionisme. Beide ontsnapping en reduksionisme is, volgens die navorser, uitdrukkings van ’n dualistiese spiritualiteit wat nie uniek aan die gemeente of aan die NG Kerk is nie, maar diep in die wese van die kerk in die Westerse wêreld lê. Ten diepste is sulke gemeentes besig met hulle eie agendas en is hulle van die gemeenskap en samelewing vervreemd. Die betrokkenheid by die nood in die gemeenskap en die skepping is in albei gevalle nie direk met die uitleef van geloof verbind nie. Die navorser vind die kern van die rede vir hierdie diepgesetelde dualisme en individualisme in die geloofsbelewing van die kerk by die wyse waarop die konsep van verlossing verstaan word. Die navorser neem sy vertrekpunt by die oortuiging dat daar ’n direkte verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit is. Die navorser vind die gereformeerde siening van verlossing behulpsaam om ’n teologiese raamwerk te bied vir ’n geïntegreerde spiritualiteit, soos dit veral in missionêre teologie beslag vind. Die navorser volg die vier take van prakties teologiese navorsing van Richard Osmer ten einde die gemeente op weg na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit te begelei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

As minister in the congregation over the past fourteen years, the researcher is affected by mainly two popular trends in the spirituality of the church. On the one hand there is a trend where the observed expression of faith is characterised by an overriding emphasis on personal salvation. This spirituality allows the believer, especially in times of transition, an easy escape from the difficult and threatening context to a place where he/she, with particular emphasis on individual faith experiences, remain engaged in spiritual matters. The researcher calls it a spirituality of escapism. On the other hand, there is a trend where faith is declared and practiced from a rational perspective. This spirituality grabs, also especially in times of awkward transition, back to pure rational statement and traditionalism where believers find their security. The researcher calls it a spirituality of reductionism. Both escapism and reductionism are, according to the researcher, expressions of a dualistic spirituality which is not unique to the church or to the Dutch Reformed Church, but lies deep in the heart of the church in the Western world. These congregations are primarily busy with their own agendas and they are alienated from the community and society. The involvement with the need in the community and creation in both cases are not directly linked to the expression of faith. The researcher found the core of the reason for this deep-rooted dualism and individualism in the faith expression of the church in the way in which she understands the concept of salvation. The researcher takes his point of departure in the belief that there is a direct connection between the congregation's context, her understanding of salvation and her spirituality. The researcher found the reformed view of salvation especially helpful to offer a theological framework for an integrated spirituality, as is particularly found in missional theology. The researcher follows the four tasks of practical theological research of Richard Osmer (2008) in his endeavour to provide guidance to the congregation towards a more integrated spirituality.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voorwoord

Hierdie tesis is geskryf te midde van die gewone lewe van elke dag waarin ek bevoorreg was om in verskillende verhoudings te staan wat meegewerk het tot die formasie hiervan. Daarom behoort die woorde en gedagtes wat hierin vervat is aan soveel mense wat deel van my wêreld vorm – en is ek aan elkeen van hulle groot dank verskuldig.

Vir Louise en ons drie kinders, Jean-Marié, Simon en Miguette wat die afgelope drie jaar veel minder van my kon hê as wat ek wou gee, wil ek sê: Dankie dat julle my sonder verwyt toegelaat het om die program te doen waarvoor ek vir soveel keer weg was van die huis af, vir soveel ure myself moes afsonder vir skryfwerk en studie, en soveel keer nie kon saamspeel, saamkuier of saam dinge doen nie. Ek waardeer dit meer as wat julle besef – en is net so bly soos julle dat die studie nou agter die rug is. Ek sien uit na meer tyd saam met julle. Julle is die beste gesin in die wêreld en ek is baie lief vir julle! Ek dra hierdie tesis aan julle op.

Met groot waardering aan die kerkraad van PE-Hoogland, my kollegas oor hierdie tyd, Heinrich en Willem, asook die kerkkantoorpersoneel, wil ek julle bedank vir die geleentheid en ruimte wat julle vir my geskep het om hierdie studie deur te voer. Ek besef dat julle opofferings moes maak om dit vir my moontlik te maak. Ek hoop dat ek iets van my ontdekkings in die gemeente kan terugploeg.

Een van die hoogtepunte van die kursus was die reis saam met tien medestudente aan wie ek besonders geheg geraak het en by wie ek ontsaglik baie geleer het. Julle het elkeen ’n merk in my lewe gemaak waarvoor ek julle opreg wil bedank. Dankie Sethunya, Louis, Gawie, John, Christopher, Leon, Sidwel, Sydney, Hans en Theo! Dit was en is ’n wonderlike voorreg om saam met julle op hierdie reis te wees.

Die ses kontakgeleenthede (blokke) is deur uiters bekwame en toegewyde dosente aangebied – wat ook groot opofferings moes maak om ons wêrelde te verbreed. Dankie vir die wyse waarop elkeen van julle spesiale moeite met ons gedoen het – en dit beliggaam het wat julle ons ook wou leer. Julle het die inhoud geloofwaardig gemaak. Baie dankie. ’n Besondere dank aan Professor Jurgens Hendriks wat die kursus gelei het en aan Doktor Christo Thesnaar wat aanvanklik as my studieleier opgetree het. Julle geduld is merkwaardig!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ander hoogtepunt van die kursus was die blootstelling aan missionêre teoloë by wyse van die leeswerk. Aan elkeen van hulle wat in die bibliografie van hierdie studie verskyn, dankie vir julle wysheid wat julle met ons deel. My lewe is onmeetbaar verruim daardeur. Julle het my aangespoor om veel meer te lees.

Aan my skoonouers, Murray en Veronica, julle huis is my huis. Daar voel ek veilig en vind ek inspirasie om mens te wees, aan myself te glo en my roeping uit te leef. Pa, op teologiese vlak is ek ontsettend baie gevorm deur ons menige gesprekke. Al verstaan ek soms min daarvan – vorm dit my denke en gee dit my genoeg om oor na te dink. Ma, jou liefde en verstaan is kosbaarder as goud. Dankie.

Aan my ouers, Jan en Rentia, dit is mos maar deur julle jarelange liefde en onbaatsugtige opofferings as ouers wat my as mens gevorm het. Lank voordat ek die grondwaarhede van die evangelie op akademiese vlak geleer het, het julle dit aan my voorgeleef – en so julle doopbelofte nagekom. Daarvoor is ek julle ewig dankbaar. Julle het my gevorm en die wêreld ingestuur om verder geslyp te word. Ek kon gaan omdat julle die fondament stewig gelê het. Dankie. Nellie, dat jy ons help grootmaak het was meer werd as wat jy kan dink of glo. Dankie dat jy steeds altyd daar is.

Om die balans te vind tussen gesin, werk, ontspan en studie was nie altyd maklik nie. Dat ek tot hier kon kom is genade. Dit was veel meer as ’n akademiese oefening. Dit was ’n reis van formasie en transformasie. Die reis gaan voort. Die studie het my opnuut laat besef hoe groot en wyd en diep die genade van die Here is. Aan Hom kom toe al die lof, aanbidding, eer en danksegging.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING iv

SUMMARY v

Voorwoord vi

Lys van skematiese voorstellings en grafieke xiv

Hoofstuk 1: Afbakening en verkenning van die terrein 1

1.1 Inleiding 1

1.2 Motivering vir die navorsing 1

1.3 Probleemstelling 2

1.4 Navorsingsvraag 3

1.5 Metodologie 3

1.5.1 Osmer se vier take 3

1.5.2 Prakties teologiese interpretasie as brugkonsep 7

1.5.3 Navorsing as hermeneutiese proses 8

1.5.4 Die fenomeen wat ondersoek word 8

1.5.5 Literatuurstudie 9

1.6 Omskrywing van kernbegrippe 9

1.6.1 Spiritualiteit 9

1.6.2 Tendense 10

1.6.3 Verlossing 10

1.6.4 Voorstedelike gemeente 10

1.6.5 Suid-Afrikaanse konteks 11

1.6.6 Ontsnapping, reduksionisme en dualisme 11

1.7 Hoofstukindeling 13

Hoofstuk 2: Kontekstuele gemeente-analise 14

2.1 Inleiding 14

2.2 Historiese agtergrond 14

2.2.1 Port Elizabeth in die 20ste eeu 15

2.2.2 Gedwonge verskuiwings 16

2.2.3 Leierskap 16

2.2.4 Afstigting 17

2.2.5 Leraars 17

2.2.6 Onsekerheid 18

2.2.7 Nuwe dinamika 18

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.8 Tyd om te stabiliseer en te herbevestig 19
2.2.9 Kerkraad en Bedieningsbestuur 20
2.3 Sosio-politieke konteks 20
2.3.1 Hoogty van apartheid 21
2.3.2 Lidmaatskap, leierskap en personeel 21
2.3.3 Omliggende omgewing 22
2.3.4 Ekonomiese onsekerheid 23
2.3.5 Eksistensiële vrese 23
2.3.6 Tragiese sukses van apartheid 24
2.3.7 Samevatting 24
2.4 Geografie en demografie 25
2.4.1 Geografiese profiel 25
2.4.2 Statistiese beeld 25
2.4.3 Ouderdomsprofiel 25
2.4.4 Geslagsamestelling 26
2.4.5 Gesinstrukture 27
2.4.6 Sosio-ekonomiese status 28
2.4.7 Beroepe en opvoedkundige kwalifikasies 28
2.4.8 Tendense ten opsigte van lidmaatgetalle 28
2.4.9 Ouderlinge, diakens en dienswerkers 29
2.4.10 Persone van kleur 30
2.4.11 Samevatting 30
2.5 Visioneringsproses 30
2.5.1 Eerste fase (1972-1986) 31
2.5.2 Eerste teologiese visionering (1987-1998) 31
2.5.3 Soeke na God se wil (1998-2003) 32
2.5.4 Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG) (2003-2007) 33
2.5.5 Kerkraad verbind tot visionerende leierskap (2007-2010) 34
2.5.6 Nuwe uitdaging 35
2.5.7 Personeel en leierskap 35
2.5.8 Samevatting 36
2.6 Kultuur van die gemeente 36
2.6.1 Identiteit en kultuur 37
2.6.2 Rolmodelle en leierskap 38
2.6.3 SAVGG Gemeentevraelys 39
2.6.4 Wêreldbeskouing 41

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.5 Simbole 45
2.6.6 Aktiwiteite 47
2.6.7 Rituele 48
2.6.8 Verlossing deur die oë van leiers 50
2.6.9 Eie waarneming en gevolgtrekkings 50
2.7 Slot 51

Hoofstuk 3: Makrokonteks 53
3.1 Inleiding 53
3.2 Verskuiwings op internasionale front 54
3.2.1 Inligting- en kommunikasietegnologie 54
3.2.2 Globalisasie 55
3.2.3 Netwerkvorming 56
3.3 Implikasies 56
3.3.1 Identiteitskrisis 57
3.3.2 Voorspoedskrisis 59
3.3.3 Ongelykheidskrisis 60
3.3.4 Sekuriteitskrisis 61
3.3.5 Spiritualiteitskrisis 62
3.4 Samevatting 63
3.5 Verskuiwings in die Suid-Afrikaanse konteks 63
3.5.1 Apartheidsteologie 64
3.5.2 Transformasie in Suid-Afrika sedert 1990 68
3.5.3 Transformasie in die NG Kerk sedert 1990 70
3.5.4 Missionêre transformasie 77
3.6 Slot 80

Hoofstuk 4: Verlossing - ’n teologiese raamwerk 83
4.1 Inleiding 83
4.2 ’n Historiese perspektief op verlossing 86
4.2.1 Die Grieks patristiese interpretasie 86
4.2.2 Die interpretasie deur die Westerse Kerk 86
4.2.3 Verlossing in die Moderne era 88
4.2.4 Krisis in die moderne verstaan van verlossing 90
4.2.5 Samevatting 91
4.3 ’n Perspektief op verlossing: Johannes Calvyn 92
4.3.1 Skepping en verlossing 92

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.2 Die lewe wat God geskep het 94
4.3.3 Hemel en eskatologie: Die toekomstige lewe 94
4.3.4 Hemel en sakramentele teologie: Lewe tussen die tye 95
4.3.5 Samevatting 96
4.4 ’n Perspektief op verlossing: A A van Ruler 97
4.4.1 Skepping en Verlossing 97
4.4.2 Verlossing as *re-creatio* 98
4.4.3 Samevatting 99
4.5 ’n Perspektief op verlossing: David Bosch 99
4.5.1 Verlossing en sending 100
4.5.2 Kritiek teen “Evangelicals” 100
4.5.3 ’n Skriftuurlike begronding van verlossing 102
4.5.4 Integrale of omvattende verlossing 104
4.5.5 Bemiddeling van verlossing: die missionêre taak van die kerk 105
4.5.6 Samevatting 106
4.6 ’n Perspektief op verlossing: Klaus Nürnberger 107
4.6.1 Soteriologie as basis van teologie 108
4.6.2 Allesomvattende vrede 108
4.6.3 Die Skrif en verlossing 109
4.6.4 Die behoefte aan ontsnapping 109
4.6.5 Die verstaan van God en verlossing 110
4.6.6 Verlossing as genadegawe 111
4.6.7 Die taak van die kerk 111
4.6.8 Die rol van die Woord 112
4.6.9 Die horisontale én vertikale 113
4.6.10 Samevatting 114
4.7 ’n Perspektief op verlossing: Ernst Conradie 114
4.7.1 *Creatio* en *creatura* 114
4.7.2 Skolastiek 115
4.7.3 *Missio Dei* 116
4.7.4 Samevatting 117
4.8 ’n Perspektief op verlossing: N.T. Wright 118
4.8.1 Hoop 118
4.8.2 Dood 118
4.8.3 Hemel 119
4.8.4 Opstanding 119

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.8.5 Sonde en verlossing 120
4.8.6 Opstandingslewe 121
4.8.7 Koninkryk van God 122
4.8.8 Samevatting 122
4.9 Slot 123
4.10 Die verband tussen verlossing, missionêre teologie en geïntegreerde spiritualiteit. 124
4.10.1 Missionêre teologie 124
4.10.2 Missionêre praktyk as die bemiddeling van verlossing 125
4.10.3 Missionêre praktyk as die doen van geregtigheid 125
4.10.4 Missionêre praktyk as evangelisasie 126
4.10.5 Missionêre praktyk as kontekstualisering 126
4.10.6 Missionêre praktyk as bevryding 127
4.10.7 Missionêre praktyk as inkulturasie 127
4.10.8 Missionêre praktyk as die getuienis van eenheid 127
4.10.9 Missionêre praktyk as die bediening van al die kinders van God 128
4.10.10 Missionêre praktyk as getuienis teenoor mense van ander gelowe 128
4.10.11 Missionêre praktyk as teologie van verlossing 128
4.10.12 Missionêre praktyk as aksie in hoop 129
4.10.13 Samevatting 129
4.11 Slot 130

Hoofstuk 5: Strategie vir transformasie 131
5.1 Inleiding 131
5.2 Missionêre leierskap 132
5.3 Geloofsonderskeiding 133
5.3.1 Inleiding en raamwerk 133
5.3.2 Geloofsvorming as basis vir geloofsonderskeiding 135
5.3.3 Geloofsonderskeiding as dans met die Triniteit 138
5.3.4 Lewe voor die aangesig van God 139
5.3.5 Die koninkryk van God 140
5.3.6 Afhanklikheid van die Heilige Gees 143
5.3.7 Geloofsdissiplines 143
5.3.8 Samevatting 144
5.4 Missionêre strategie 144
5.4.1 Die gemeente as brug 145
5.4.2 Wêreldbeskouing 146
5.4.3 Hermeneutiek van verlossing: persoonlike sekerheid teenoor *missio Dei* 147

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4.4 Kultivering van missionêre verbeelding 149
5.4.5 Nuwe geloofsgemeenskap 150
5.4.6 Bedieningstrukture en verhoudinge 151
5.4.7 Sout en lig 152
5.4.8 Evaluering van kernmetafore 153
5.4.9 Missionêre leierskap 154
5.5 Slot 156

Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings en aanbevelings 157
6.1 Inleiding 157
6.2 Gevolgtrekkings 158
6.3 Aanbevelings 159
6.4 Slot 160

Bibliografie 161

Bylaes 166
Bylaag A: Vraelys aan die kerkraad oor verlossing 166
Bylaag B: Vraelys aan die Kategesegroepleiers oor verlossing 167
Bylaag C: Verslag van die Taakspan SAVGG aan die kerkraad 168
Bylaag D: SAVGG Leesverslag 173

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lys van skematiese voorstellings en grafieke

Skematiese voorstelling 1: Vier take van praktiese teologie, volgens Osmer 8

Grafiek 1: Ouderdomsprofiel 26

Grafiek 2: Lidmaatgetalle 29

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1: Afbakening en verkenning van die terrein

1.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sit die navorser sy navorsingsvoorstel uiteen in terme van sy motivering, die probleemstelling en navorsingsvraag wat ten grondslag daarvan lê, ’n beskrywing van die metodologie wat gevolg is, ’n omskrywing van enkele kernbegrippe en, ten slotte, ’n hoofstukindeling.

1.2 Motivering vir die navorsing

Die agtergrond van hierdie studie is die navorser se betrokkenheid in ’n gemeente oor ’n tydperk van veertien jaar waarin hy voortdurend bewus is van uiteenlopende spiritualiteitstendense van die gemeente. Twee uiteenlopende hoofstrome of tendense is geïdentifiseer, naamlik a) ’n fundamentalisties charismatiese tendens en b) ’n tendens waarin lidmate sterk aan die sogenaamde tradisie van die kerk kleef. In hierdie tesis sal die term dualisme of dualistiese denkraamwerk gebruik word om na albei hierdie tendense of denkraamwerke te verwys. Die gemeenskaplike faktor van beide hierdie tendense blyk dus ’n dualistiese beskouing van die Christelike geloof, veral ten opsigte van die siening van verlossing, te wees wat lei tot ’n spiritualiteit waarin daar van die konteks en die hede ontvlug word – óf na ’n wêreld van die rede, waar godsdienstigheid reëlmatig en doeltreffend uitgewerk en uitgeleef word, óf na ’n ander wêreld, buite ons ruimte en tyd, waar hierdie wêreld eintlik onbelangrik is. Die navorser het vanuit veertien jaar se betrokkenheid as predikant in die gemeente genoemde tendense op verskillende vlakke waargeneem waar daar nie met die spanning van dualiteite[1] gelowig omgegaan kon word nie. Dit blyk vir die gemeente moeilik te wees om haar “geestelike agenda” met haar “sosiale agenda” te integreer.

Die navorser is primêr geïnteresseerd in die historiese, sosiale, sowel as die teologiese agtergrond waarteen hierdie strominge afspeel, sowel as die wyse waarop beide hierdie strominge hulle diep in die spiritualiteit van die NG Kerk, en by name die plaaslike gemeente, PE-Hoogland[2], gevestig het. Die navorser het homself op hierdie terrein van studie begeef vanweë sy rol in die gemeente as predikant wat begeer om op ’n teologies verantwoordbare

1 Conradie (2012:3) verwys na ’n aantal dualiteite (“dual concepts”) wat ook op die gemeente van toepassing is, naamlik: geestelik en materieel, liggaam en siel, hemel en aarde, ewige lewe en biologiese lewe, toekomstige lewe en lewe in die hede, natuurlik en bo-natuurlik, kerk en samelewing, geestelike sake en sosiale sake, geloof en rede, en skepping en verlossing.

2 Daar sal voortaan na die gemeente PE-Hoogland as die gemeente verwys word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyse, en getrou aan die eietydse kultuur en vraagstukke sy roeping uit te leef in die begeleiding van die gemeente na ’n geïntegreerde spiritualiteit. Die navorser wil dus met hierdie studie ’n grondige teologiese basis vir ’n geïntegreerde spiritualiteit ondersoek, sowel as om ’n strategie te bedink waarvolgens die gemeente op weg na sodanige spiritualiteit begelei kan word.

Die vrae wat hieroor by die navorser ontstaan het, was enersyds ten diepste hoe gegrond en houdbaar hierdie tendense is en andersyds wat ’n alternatief hierop sou wees in terme waarvan die gemeente tot ’n beter verstaan van God, die kerk, die wêreld en hulleself begelei kon word. Wat sou die gemeente kon help, is gevra, om nie die een pool van ’n dualiteit ten koste van die ander pool te beklemtoon, of om nie die pole van mekaar los te maak nie, maar om die dualiteite in balans met mekaar te kan hanteer? Hierdie vrae is spesifiek bedink teen die agtergrond van die krisisse en vraagstukke van, veral, tradisionele Nederduits Gereformeerde (NG) Kerklidmate, naamlik: wit Afrikaanssprekende mense, wat deur ’n tyd van onuitspreeklike trauma, wat met die politieke oorgang in die land gepaardgaan, ontstaan het. Op ’n sekondêre vlak vra die navorser watter invloed prosesse op makrovlak (internasionaal) op lidmate se verstaan van God, geloof en die kerk het, wat uiteindelik op plaaslike gemeentevlak weerspieël word, onder andere deur bogenoemde twee tendense.

Die navorser wonder oor die teologiese wortels van die NG Kerk en waarom dié kerk so met haar identiteit worstel. Uit die aard van die beperktheid van hierdie studie, sal al hierdie vrae nie hier beantwoord word nie, maar dit bly onderliggend deel van die subteks van die studie.

1.3 Probleemstelling

In tye van oorgang is die natuurlike tendens van ’n gemeente om ’n posisie van selfbehoud in te neem (Coetzee & Conradie, 2011:12). Hierdie posisie van selfbehoud word teologies verskans deur ’n spiritualiteit waarin daar van die kontekstuele realiteite en uitdagings enersyds ontsnap word na tradisionele instandhouding van strukture of andersyds na ’n geestelike wêreld buite die moeilike en bedreigende realiteite van die tyd en konteks. Verlossing, as kernmotief van Christengelowiges oor alle tye, word deur hierdie ervaring van bedreigdheid en strewe na selfbehoud gereduseer tot ’n kommoditeit wat vir mense in hierdie situasie ’n gerieflike ontsnapping bied. Bedieningspraktyke in gemeentes word uiteindelik ook deur sodanige hermeneutiek gevorm en gestempel wat dan in die gemeente se spiritualiteit neerslag vind. Die probleem is dat hierdie dualistiese tendens in spiritualiteit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie daarin slaag om ’n gemeente – veral in tye van oorgang – te begelei om haar besondere roeping in die wêreld te onderskei en uit te leef nie. So ’n gemeente raak konteksloos en verloor haar getuieniskarakter. So ’n gemeente kan haarself dikwels ook nie onderskei van die kommersiële- en verbruikerskultuur van die samelewing nie – en verloor so ook haar geloofwaardigheid en getuieniskarakter in die samelewing. Sy het haar roeping om kontra-kultureel te wees verloor (Wilhoit, 2008:33).

’n Gemeente wat slegs daarop gefokus is om, óf die gemeente soos ’n klub in stand te hou, óf om die spirituele behoeftes van haar lidmate te bevredig, het selfbehep, na binne gekeer en geïsoleer geraak van die wêreld waarbinne sy geroep is om ’n verskil te maak. Waar ’n gemeente nie begelei word om haar wesensroeping teologies te ontdek nie, maar opgevang word in die lewering van godsdienstige goedere vir haar lede en die instandhouding van haar strukture, verloor sy haar bestaansdoel as sout en lig vir die wêreld. Terwyl daar pogings is om die na-binne-gerigtheid te korrigeer deur sendingaksies en barmhartigheidsprojekte, word daar meestal nie geslaag om wesenlik na ’n missionêre gemeente[3] te transformeer nie. Die vraag is dus: “Op grond waarvan en hoe sou ’n gemeente na ’n missionêre gemeente getransformeer word?”

1.4 Navorsingsvraag

Die vraag wat die navorser ondersoek is die verband tussen die gemeente se konteks, haar siening van verlossing en haar spiritualiteit. Die doel van die ondersoek is die vestiging van ’n teologiese raamwerk op grond waarvan die gemeente na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit begelei kan word.

1.5 Metodologie

1.5.1 Osmer se vier take

Die vier take van praktiese teologie, volgens Osmer (2008:4), word as raamwerk in hierdie studie gebruik, naamlik:

- Die beskrywende (Osmer: “descriptive-empirical”) taak;
- Die hermeneutiese (Osmer: “interpretive”) taak;
- Die normatiewe (Osmer: “normative”) taak; en
- Die pragmatiese (Osmer: “pragmatic”) taak.

3 Missionêre gemeente verwys kortliks na ’n gemeente wat haar rol of roeping verstaan as om deel van God se sending in die wêreld te wees, teenoor ’n gemeente wat soos ’n klub bloot vir die lede daarvan bestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Saam vorm hierdie vier take die basiese struktuur van prakties teologiese interpretasie (Osmer, 2008:4). Die fokus sowel as metodiek van elk van hierdie vier take sal vervolgens kortliks bespreek word. Daar sal ook aangedui word hoe elkeen van hierdie fases vir hierdie navorsing aangewend is. Slegs die toepaslike aspekte van elke taak word aangewend soos wat telkens aan die einde van elke taak gemeld sal word.

1.5.1.1 Die beskrywende taak

Wat Osmer (2008:4) die "descriptive-empirical task" noem fokus op die vraag: Wat is aan die gebeur? In hierdie fase van die navorsing gaan dit om die inwin van inligting wat help om patrone en dinamika in spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei. Die sleutelaktiwiteit in hierdie taak, naamlik die inwin van inligting, het in hierdie navorsing op 'n informele wyse (Osmer, 2008:5) plaasgevind deur, veral, oor 'n tydperk versigtig waar te neem en te luister na wat aan die gebeur is. Ten diepste, verduidelik Osmer (2008:34), is die beskrywende taak van teologiese interpretasie in 'n spiritualiteit van teenwoordigheid gegrond: "It is a matter of attending to what is going on in the lives of individuals, families, and communities." Dit behels in die eerste plek die vaardigheid van priesterlike luister na die gemeente in haar spesifieke sosio-kulturele konteks met die doel om haar op haar eie terme te hoor en die gemeente se kultuur te verstaan (Osmer, 2008:35-37).

In hierdie studie word 'n gevallestudie van die betrokke gemeente gedoen. Die inligting is vanuit al drie vlakke van waarneming, naamlik: informele, semi-formele en formele waarneming bekom. Dit sluit eie waarneming van en betrokkenheid by die gemeente, waarvan strategiese prosesse deel was, oor 'n tydperk van veertien jaar, sowel as 'n demografiese studie van die mikrokosmos waarin die gemeente geleë is in. Die navorser het as waarnemer opgetree wat a) aandagtig opgelet het na wat aan die gebeur is; b) dit wat waargeneem is, beskrywend opgeteken het; c) betekenisvolle detail van triviale inligting van mekaar kon skei; en d) deeglik van die sterkpunte en beperkinge van sy eie perspektiewe bewus was. Inligting wat hierdeur bekom is, is onder die volgende hoofde gekategoriseer en beskryf[4]: a) Historiese agtergrond; b) Sosiale konteks (mikrokonteks); c) Geografie en Demografie; d) Visioneringsproses; e) Kultuur; en f) Heersende spiritualiteit. Dit bied 'n ryk en geskakeerde prentjie van die gemeente en word in hoofstuk 2 weergegee.

1.5.1.2 Die hermeneutiese of interpreterende taak

Volgens Osmer (2008:4) fokus die interpreterende taak van prakties teologiese navorsing op die vraag: Waarom gebeur dit? In hierdie taak gaan dit oor die gebruik van teorieë van ander

4 "Describing is writing down what you see and hear." (Osmer, 2008:59)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wetenskapsdissiplines wat aangewend kan word ter verheldering van die patrone en dinamika wat waargeneem is ten einde dit beter te verstaan en te verduidelik. Die sleutelaktiwiteit van hierdie taak is dus om terug te staan en vanuit ’n verskeidenheid dissiplines te probeer sin maak uit dit wat waargeneem is. ’n Oopheid ten opsigte van die geskape wêreld bied ’n gewilligheid om van die intellektuele bronne van die kontemporêre kultuur te leer en om ’n teologiese raamwerk daarvoor te bied (Osmer, 2008:93-94). Daar moet dus ’n bereidwilligheid by die navorser wees om sy/haar eie siening op die spel te plaas ter wille daarvan om ’n dieper verstaan van die waarheid te ontdek. Wysheid behels verder die erkenning van die kontra-kulturele, vreemde, subversiewe heerskappy wat Christus beliggaam het – wat moontlikhede vir transformasie in die rigting van God se beloofde toekoms moontlik maak (Osmer, 2008:99).

Die diepte-verstaan van die populêre spiritualiteitstendens in die lig van die makrokonteks sal in hoofstuk 3 hanteer word. Teorieë uit ander dissiplines, veral die sosiologie, sal addisioneel tot teologie gebruik word om ’n hermeneutiese raamwerk daar te stel waarbinne die populêre spiritualiteitstendense beter verstaan word. Hieronder sal die psigiese impak van verskuiwings op internasionale front asook dié van die sosio-politieke transformasie in Suid-Afrika op spiritualiteit in oënskou geneem word.

1.5.1.3 Die normatiewe taak

Die vraag waarop die normatiewe taak, volgens Osmer (2008:4), fokus, is: “Wat is veronderstel om te gebeur?”. In hierdie taak word ’n teologiese raamwerk gegee waarbinne spesifieke episodes, situasies of kontekste geïnterpreteer kan word met normatiewe riglyne vir die reaksie daarop en die aanleer van goeie praktyke. Die sleutelaktiwiteit van hierdie taak is dus ’n ondersoek na ’n gepaste en teologies verantwoordbare reaksie op die gebeure.

Osmer (2008:132) beskryf die normatiewe taak aan die hand van die profetiese amp van onderskeiding wat hy verder beskryf as die “interplay of divine disclosure and human shaping” (Osmer, 2008:133). Dit gaan hier dus oor die onderskeiding van God se Woord vir God se kinders in ’n spesifieke tyd en plek. Osmer (2008:136) noem dit weer eens ’n spiritualiteit van profetiese onderskeiding as hy beklemtoon dat God se Woord met patos vir sy skepping aan sy kinders gerig is. Daarom is onderskeiding die soeke van God se leiding midde-in die omstandighede, gebeure en besluite van die lewe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie navorsing word op een aspek van die normatiewe taak, volgens Osmer (2008:8, 131-132), gefokus, naamlik: teologiese interpretasie en –refleksie. Hier gaan dit oor die aanwending van teologiese konsepte om episodes, situasies en kontekste in die hede[5] te interpreteer. Dit is nodig dat bestaande en nuwe praktyke op grond hiervan geëvalueer word. Etiese refleksie in die normatiewe taak oriënteer die navorser in die bepaling van doelwitte en die rigting wat in die bepaalde omstandighede ingeslaan behoort te word. Normatiewe teologiese perspektiewe bied dus ’n raamwerk aan hermeneutiese begeleiers waarbinne hulle kan onderskei wat moet gebeur (Osmer, 2008:160).

Ten einde, vanuit die normatiewe taak van teologiese interpretasie, ’n teologiese raamwerk te vind waarbinne die spiritualiteitstendense van die gemeente geplaas en geïnterpreteer kan word, word in hoofstuk vier gepoog om die konsep van verlossing teologies te beredeneer. ’n Doelbewuste keuse vir die siening van verlossing deur teoloë vanuit die gereformeerde tradisie is gemaak, juis omdat die gemeente binne daardie teologiese tradisie staan en verder begelei behoort te word. Dit bied die grondslag vir die neerlegging van riglyne ten opsigte van nuwe praktyke in die gemeente, waarna hier as ’n geïntegreerde spiritualiteit verwys word.

1.5.1.4 Die pragmatiese taak

Osmer (2008:4) wys dat die pragmatiese taak op die vraag: “Hoe kan ons gelowig en effektief reageer?” fokus. In hierdie taak word strategieë bepaal waarvolgens situasies op wenslike wyse beïnvloed sal word en refleksie moontlik sal maak. Hierdie sleutelaktiwiteit verg, volgens Osmer (2008:10), ’n spesifieke leierskapstyl wat die gemeente as ’n totale sisteem en in verhouding met haar konteks verstaan. Terwyl die normatiewe taak teologiese perspektiewe bied waarmee die hermeneutiese begeleiers kan onderskei wat moet gebeur, fokus die pragmatiese taak op die wyse waarop of strategieë waarvolgens spesifieke episodes, situasies en kontekste na die gewenste posisies beïnvloed kan word. Osmer (2008:175 ev) verwys na die pragmatiese taak as diensknegleierskap (“servant leadership”). Die uitdaging vir leierskap, hiervolgens, is om ’n gemeente in tye van interne[6] en eksterne[7] transformasie te begelei. Die tweevoudige kerkbegrip (kerk as kontrasgemeenskap en katalisator) vorm die onderbou van die bespreking aangaande die missionêre taak van die kerk in hoofstuk 5 van hierdie studie.

---

5 Osmer (2008:139) wys dat teologiese interpretasie (wat in praktiese teologie gebruik word) van ander vorme van teologiese refleksie verskil in die sin dat dit op huidige episodes, situasies en kontekste fokus, terwyl ander vorme van teologiese refleksie ander fokusareas het.

6 Osmer (2008:176) beskryf die interne transformasie as die uitdaging om gemeentes te begelei in die hersiening van hulle identiteit en roeping vanuit die posisie waar hulle nie meer in die sentrum van die kulturele invloed en mag staan nie.

7 Eksterne transformasie verwys na die veranderende sosiale konteks.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Waar leiers die verantwoordelikheid het om gemeentes in kontekste van transformasie te begelei, is dit dus, volgens Osmer (2008:192), belangrik om te onderskei waartoe die gemeente begelei behoort te word, wat die doel, roeping of missie van die gemeente is. Daarom is diensknegleierskap die tipe leierskap wat die gemeente beïnvloed om sodanig te verander dat sy die dienskneggestalte van Christus al meer sal beliggaam. Dit, meen Osmer (2008:192), neem waagmoed en die vermoë om ander te bemagtig, maar beteken ook swaarkry – ter wille van God se roeping vir die gemeente. Hierdie transformasieproses, wys Osmer (2008:206) tereg, verg enersyds besonder baie tyd en energie, en andersyds die fokus op die voorkoming van kritiese foute. Hiervoor is bekwame leierskap onontbeerlik.

’n Strategie sal in hoofstuk 5 bedink en voorgestel word waarvolgens die gemeente, met haar historiese konteks (hoofstuk 3) as agtergrond en in die lig van die normatief-teologiese grondslag (hoofstuk 4), met die kenmerke van bogenoemde diensknegleierskap, op ’n pad van missionêre transformasie begelei kan word. Hier sal klem gelê word op noodsaaklike kultuurskuiwe wat moet plaasvind asook die inoefening van geloofspraktyke wat die gemeente sal help om geloofsonderskeidend te funksioneer ten einde haar roeping te verstaan en dit vanuit ’n geïntegreerde spiritualiteit gehoorsaam uit te leef.

1.5.2 Prakties teologiese interpretasie as brugkonsep

Osmer (2008:10) ag dit waardevol om bogenoemde vier take met ’n beeld van ’n hermeneutiese sirkel te konseptualiseer. Hiervolgens word die proses van interpretasie deur onderskeie, maar interafhanklike momente saamgestel. Die vier take van praktiese teologie “interpenetreer” mekaar (Osmer, 2008:10). Dit is juis hierdie interaksie en wedersydse beïnvloeding wat, volgens Osmer (2008:10), praktiese teologie van ander dissiplines onderskei. Verder is dit kenmerkend van prakties teologiese interpretasie dat dit eerder in die vorm van ’n spiraal as sirkelgewys beweeg: Daar word, soos nuwe insigte verkry word, dikwels terugbeweeg na ’n taak wat reeds behandel is. Hiermee word die onderlinge verbintenis van die bediening en die interaksie met die konteks belig (Osmer, 2008:11-12).

Osmer (2008:15 ev) plaas ook baie klem op die manier waarop die bediening nie in isolasie plaasvind nie, maar deel is van ’n web van verbintenisse. Hieruit is dit belangrik om te verstaan, meen Osmer (2008:17), dat prakties teologiese interpretasie ten diepste kontekstueel is en in hierdie sin ook ’n brug na ander dissiplines is. Teen die agtergrond

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hiervan word hoofstukke twee en drie van hierdie studie onderskeidelik aan die mikro- en makrokontekste gewy.

1.5.3 Navorsing as hermeneutiese proses

Osmer (2008:28-29) verbind die vier take van teologiese interpretasie met die drie ampte van Christus, naamlik: Priester, Koning en Profeet om die verskillende dimensies daarvan, soos dit in leierskap manifesteer, uit te lig. Die beskrywende taak is die deelname aan die priesterlike luister, gegrond in ’n spiritualiteit van teenwoordigheid: om aandag te skenk aan die gemeente in die teenwoordigheid van God. Die hermeneutiese taak is ’n vorm van wyse oordeel, gegrond in ’n spiritualiteit van wysheid: om ander te begelei om in God se koninklike heerskappy te lewe. Die normatiewe taak is ’n vorm van profetiese onderskeiding, gegrond in ’n spiritualiteit van onderskeiding: om ander te help om God se Woord in spesifieke omstandighede en kontekste te hoor en te verstaan. Die pragmatiese taak is ’n vorm van transformerende leierskap, gegrond in ’n spiritualiteit van diensknegleierskap: om namens die gemeente die risiko te neem om haar te help om haar roeping as teken en getuienis van God se selfopofferende liefde beter te beliggaam.



Skematiese voorstelling 1: Vier take van praktiese teologie, volgens Osmer

1.5.4 Die fenomeen wat ondersoek word

Die fenomeen wat in hierdie studie ondersoek word, is die spiritualiteitstendense wat in die gemeente, Port Elizabeth-Hoogland, voorkom. Die naaste manier waarop hierdie tendense deur die navorser bepaal kon word, was deur die gemeente oor ’n tydperk van veertien jaar, as predikant in die gemeente waar te neem en te luister na die manier waarop lidmate oor God, hulleself en die wêreld dink en praat – veral ten opsigte van die manier waarop die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

konsep van verlossing verstaan word – soos dit uiting vind in die geloofspraktyke en bedieninge van die gemeente[8].

1.5.5 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is gedoen ooreenkomstig die vier take van prakties teologiese navorsing van Osmer (2008). Die literatuur is aangewend om die tema van die tesis te belig en derhalwe 'n gegronde teoretiese argument daaraan te koppel. Daar is van primêre sowel as sekondêre bronne gebruik gemaak.

1.6 Omskrywing van kernbegrippe

Kernbegrippe van die navorsing word kortliks omskryf ter wille van 'n duideliker begripsraamwerk daarvoor.

1.6.1 Spiritualiteit

In hierdie studie word spiritualiteit spesifiek vanuit die Christelike paradigma beskryf en dus as Christelike spiritualiteit verstaan. Sonder om die breër verstaan van die konsep van spiritualiteit as akademiese dissipline te ontgin, word erkenning daaraan verleen en word Christelike spiritualiteit as deel daarvan bespreek. Christelike spiritualiteit verwys na die godsdienstige styl (Nicol, 2000:203) of aard van gelowiges se belewenis en beoefening van hulle geloof in 'n bepaalde tyd en konteks. Anders gestel: "Spiritualiteit is 'n bewuswording van God se teenwoordigheid en die wyse waarop mense daarop reageer." (Conradie, 2006:17.) Dit is dus die algemene manier waarop mense God se teenwoordigheid en hulle geloof ervaar en die Here dien. Grondliggend tot gelowiges se belewenis en beoefening van geloof, is hulle verstaan van God en sy verlossingswerk, die kerk, hulleself en die wêreld – wat op hulle beurt deur baie faktore beïnvloed word. Hierdie verstaan bepaal tot 'n groot mate mense se spiritualiteit. Daarom is daar sterk verbande tussen leer en lewe. Spiritualiteit kry die duidelikste gestalte in geloofspraktyke, soos die erediens, ander aanbiddingsgeleenthede, bedieninge van die gemeente en die gemeente-organisasie. Met verwysing na spesifieke invloede en tydsgees ontstaan merkbare tendense in spiritualiteit. Willard beklemtoon dat spiritualiteit nie as blote inwaartse gerigtheid, iets tussen die individu en God, beskou moet word nie, maar wel as "the holistic quality of human life as it was meant te be, at the center of which is our relation with God" (1988:77). Spiritualiteit word in kort dus gebruik om 'n lewe voor die aangesig van God (*coram Deo*) te beskryf.

---

8 Sien ook bylaag A vir terugvoer van die kerkraad en bylaag B vir terugvoer van die Kategesegroepleiers op die vraag: "Wat beteken die konsep van Christus se verlossing vir jou?".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6.2 Tendense

Die gebruik van die term tendense is belangrik om in konteks te bring. Dit dui juis daarop dat dit by verre nie al is wat oor die gemeente gesê kan word nie, ook nie dat daar nie baie positiewe en opbouende prosesse en gebeurlikhede in die bepaalde tendense plaasvind nie. Dit dui op die verskyning van denkrigtings en bedieningspraktyke wat nie eie aan die gereformeerde grondslag van die gemeente is nie wat ’n bepalende invloed op die res van die bediening en spiritualiteit in die gemeente het. Die genoemde tendense mag ook as te sterk of kras beskryf word, terwyl dit, ter wille van die fokus van hierdie studie, dien om die tendense duidelik te identifiseer en aan te spreek.

1.6.3 Verlossing

Verlossing word in hierdie werkstuk gebruik om na een van die kernbelydenisse van die Christelike geloof (August, 2005:14) te verwys, naamlik dat God sy Seun gestuur het om die wêreld te verlos, waardeur die mens se verhouding met God, hulleself, ander en die wêreld (McKnight, 2007:1) herstel word. Verlossing word as parallelle begrip met redding, regverdiging en bevryding gebruik[9]. In hierdie studie word gevra na die betekenis van sodanige verlossing in terme van die subjek asook die doel en inhoud daarvan. Die veronderstelling is dat die verstaan van verlossing die teologiese raamwerk vir die spiritualiteit (sien begripsomskrywing hierbo), en daarom ook vir spiritualiteitstendense, van ’n geloofsgemeenskap vorm.

1.6.4 Voorstedelike gemeente

Voorstedelike gemeente word in hierdie werkstuk gebruik om die gemeente wat as gevallestudie gebruik is te beskryf. Kerkspieël V onderskei tussen gemeentes op grond van tipologiese oorweginge in die volgende vyf streke: Klein plattelandse-, plattelandse-, grootdorp-, woonstel-/buitengewone en voorstedelike gemeentes. Hierdie verslag beskryf Voorstedelike gemeente as volg: “Hierdie tipe gemeente is in voorstede – wat woonhuise, meenthuise, woonstelle en ook kleinhoewes kan insluit – geleë.” (Bisschoff, 1996:188.) Gemeente[10] verwys na die geloofsgemeenskap wat hulleself met die spesifieke kerkdenominasie en plaaslike gestalte daarvan verbind. “Die kerk word primêr in gemeentes, die plaaslike kerk, georganiseer.” (Smuts, 1990:25.) Die gemeente het ’n historiese geografiese afbakening, wat nie meer van toepassing is nie, maar steeds die gevolg het dat

9 Engelse begrippe wat met “verlossing” vertaal word, sluit in: redemption, salvation, atonement en justification.

10 Vergelyk die spektrum van visies vir die gemeente soos dit uit die veelvoud van stemme uit die Nuwe Testament duidelik word (Burger & Nell, 2002:23 ev).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die gemeente hoofsaaklik ’n bepaalde geografiese area bedien. Die gemeente word as voorstedelik beskryf weens haar ligging as synde buite die stadskern, hoofsaaklik ’n residensiële gebied, wat kleinhoewes insluit, met ’n laer bevolkingsdigtheid as die van ’n stadskern en met ’n infrastruktuur wat reis na die stedelike gebiede maklik en toeganklik maak (Mouton, 2004:29). Met die ontwikkeling en uitbreiding van die stad, het verskeie voorstedelike gebiede ontstaan – elk met eie gemeentes. Die gemeente is juis die resultaat van sodanige afstigting van ’n gemeente wat nader aan die stadskern geleë is. Terwyl die tendens in die laat negentien-negentigs was dat middestadgemeentes verklein het as gevolg van die ontvolking van stedelike gebiede na voorstedelike gebiede, was dit ’n numeriese groeitydperk vir voorstedelike gemeentes (Mouton, 2004:34). .

1.6.5 Suid-Afrikaanse konteks

Die Suid-Afrikaanse konteks word in hierdie werkstuk gebruik om na die unieke sosio-ekonomiese realiteite van Suid-Afrika te verwys vir die tydperk vandat die gemeente ontstaan het (1972) tot op hede (2012). Vir die doel van hierdie werkstuk word die konteks veral deur ’n tyd van oorgang[11], asook vanuit die hoek van kulturele diversiteit belig – as agtergrond waarteen die gemeente geroep is om in die realiteite van die konteks gehoorsaam kerk te wees. Die Suid-Afrikaanse konteks word verder belig vanuit die invloed van die globale konteks op die plaaslike konteks (Hendriks, 2004:27). Die uitdaging vir die kerk is om kontekstuele teologie te bedryf, dit wil sê om in die realiteite van die Suid-Afrikaanse samelewing in ’n gegewe tyd, konkrete gestalte aan die evangelie te gee.

1.6.6 Ontsnapping, reduksionisme en dualisme

Die poging van Christene om met dualiteite, byvoorbeeld die verhouding tussen siel en liggaam, hemel en aarde, geestelik en materieel, genade en natuur, kerk en samelewing, evangelie en kultuur, verlossing en skepping en God as Verlosser en God as Skepper, te werk te gaan, is dikwels gekenmerk deur ’n aantal distorsies (Conradie, 2012:4) daarvan, waarvan ontsnapping, reduksionisme en dualisme die vernaamste is. In kort impliseer dit dat a) die een pool ten koste van die ander beklemtoon word, b) die een pool tot die ander gereduseer word, c) beide pole beklemtoon word, maar van mekaar losgemaak word, d) die spanning tussen die pole erken word, maar onopgelos bly, en e) beide pole en ’n verhouding tussen hulle erken word, maar die een word toegelaat om die ander te domineer.

11 Burger (1995:13 ev) se beskrywing van oorgangstye as geleenthede is in hierdie konteks uiters verhelderend.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ontsnapping word geassosieer met die Christelike hoop om hemel toe te gaan wanneer jy sterf – die spreekwoordelike "pie in the sky when you die" (Conradie, 2012:5). Hierdie fokus op die ewige lewe kan maklik tot die minagting van hierdie lewe lei. Die hoop is om van hierdie wêreld van trane te ontsnap. Hierdie hoop kan ook maklik deur persone in magsposisies misbruik word deur die belofte van 'n toekomstige beloning aan slagoffers van aardse lyding voor te hou – en sodoende die huidige bestel van oorheersing en onderdrukking regverdig. Ontsnapping lei tot 'n vervreemding van dit wat materieel, liggaamlik en aards is. In so 'n verstaan is die mens apart of los (toeriste eerder as inwoners) van die natuur en ekosisteem waarin ons leef. Die volgende teologiese temas kom hier veral voor: a) teologiese klem op die transendensie van God, b) antropologiese klem op mense as reisigers op aarde, c) 'n soteriologie wat op menslike verlossing uit die aarde, in plaas van die verlossing van die ganse skepping, fokus en d) 'n ontsnappingseskatologie met 'n gefassineerdheid met die hemelse hiernamaals waar ontliggaamde siele in die teenwoordigheid van God sal leef (Conradie, 2012:5).

Die teenoorgestelde gevaar van ontsnapping is reduksionisme. Die klem op die siel is met dié van die liggaam vervang. Die klem is op dit wat natuurlik is en enige verwysing na die bo-natuurlike word met suspisie bejeën (Conradie, 2012:6). Die aardse lewe word verhef terwyl die hemelse lewe as spekulatief afgewys word. Die wêreld bepaal die agenda vir die kerk. Uiteindelik kan alles volgens wetenskapwette, atome, partikels, DNA kodes, breinfunksionering en chemiese balans verklaar word. Reduksionisme in pastorale konteks lei tot oppervlakkige oplossings vir komplekse persoonlike en sosiale probleme (Conradie, 2012:6). Boonop word die "geestelike agenda" van die kerk ondergeskik aan die sosiale agenda. Dit bring mee dat daar nie 'n verskil tussen die bydrae van die kerk en enige ander organisasie is nie. Die kerk slaag dan nie daarin om haar eie, unieke boodskap ernstig op te neem nie.

In 'n poging om die gevare van ontsnapping en reduksionisme te oorkom, word dikwels in dualisme verval. Terwyl ontsnapping geneig is om alles "opwaarts" te trek en reduksionisme om alles "afwaarts" te trek (Conradie, 2012:7), beklemtoon dualisme die belang van beide pole deur dit van mekaar los te maak op 'n manier dat die pole niks met mekaar te doen het nie. Die spanning is nie opgelos nie en die pole staan, sonder enige effek, teenoor mekaar. So het die brood van die Nagmaal geen nut vir die honger van die wêreld nie. Die Woord en vlees het geen verband met mekaar nie en dit lei uiteindelik tot die skeiding tussen God en die wêreld. "It leaves us with a godless world and a worldless God." (Conradie, 2012:8.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dualisme laat nie reg geskied aan die Christelike belydenis dat hierdie wêreld God se wêreld is en bly, dat God hierdie wêreld liefhet en dat Jesus gekom het om hierdie wêreld deur sy Gees te red nie. Die skokkende resultaat hiervan is dat die kerk haarself totaal van die gemeenskap afsonder en haar relevansie vir die samelewing heeltemal verloor.

1.7 Hoofstukindeling

Osmer (2008:4) se vier take van praktiese teologie word as riglyn vir die indeling van hoofstukke in hierdie studie gebruik. Hoofstuk twee fokus op die beskrywende taak waarin die gemeente in haar mikrokonteks beskryf word. In hoofstuk drie word daar gepoog om die gemeente en haar konteks te verstaan en te interpreteer in die lig van belangrike en beduidende gebeure en verskuiwings op internasionale en nasionale vlak (makrokonteks). Hier word die interpreterende taak van praktiese teologie gevolg om agter die kap van die byl te kom van die tendense wat by die gemeente te bespeur is. Die normatiewe taak word in hoofstuk vier uitgevoer waarin daar ’n teologiese raamwerk gebied word wat help om, gegewe die mikrokonteks (hoofstuk 2) en die makrokonteks (hoofstuk 3) van die gemeente, die gemeente in die rigting van haar identiteit en roeping te rig. Dit baan die weg vir ’n bespreking van die toepassing van dit wat in hoofstukke drie en vier ontdek is in terme van ’n strategie vir die gemeente in haar konteks. Hoofstuk vyf sluit by die pragmatiese taak van praktiese teologie aan. Die studie word in hoofstuk ses afgerond met enkele aanbevelings en gevolgtrekkings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2: Kontekstuele gemeente-analise

2.1 Inleiding

Die vraag by die navorser is hoe ’n teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit kan lyk en hoe ’n oorgang na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit bewerkstellig kan word wat vir lidmate, spesifiek vanuit hulle verstaan van verlossing, sin kan gee vir hulle bestaan as gelowiges in hierdie wêreld. Die navorser neem sy vertrekpunt by die verstaan dat daar ’n verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit is. Ten einde die oorgang na ’n geïntegreerde spiritualiteit te bewerkstellig, word Osmer se eerste taak van praktiese teologie, naamlik die beskrywing van die konteks, as beginpunt van hierdie navorsing geneem. Hiervolgens is die nodige inligting van die mikrokonteks, wat help om die tendense in die spiritualiteit van die gemeente in die lig daarvan in perspektief te stel, ingewin. Die navorser is dus geïnteresseerd in die historiese konteks waarteen die gemeente ontstaan en ontwikkel het – waarbinne ’n bepaalde verstaan van verlossing oor dekades neerslag gevind het en tot sekere spiritualiteitstendense ontwikkel het.

Die gemeente is oor ’n tydperk van veertien jaar waargeneem waartydens die navorser omvattende inligting rondom die gemeente bekom het. Die navorser gebruik sekondêre data[12] op grond waarvan sekere tendense afgelei is. Hierdie inligting word vervolgens in vyf kategorieë beskryf, naamlik: a) Historiese agtergrond; b) Sosiale konteks; c) Demografie; d) Visioneringsproses; en e) Kultuur. Dit bied ’n ryk en geskakeerde prentjie van die konteks van die gemeente wat ’n beduidende rol gespeel het in die ontwikkeling van sekere spiritualiteitstendense in die gemeente.

2.2 Historiese agtergrond

Hendriks (2004:125) verwys na die historiese geskrifte wat in die Ou- en Nuwe Testament vervat is as hy die belangrikheid van geskiedenis en herinnering in die verstaan van die identiteit en kultuur van ’n gemeente beklemtoon[13]. Daar is waarskynlik niks wat die kultuur en identiteit van ’n gemeente so goed kan belig soos die gemeente se storie nie. Onvoorspelbare veranderinge vind plaas wat die identiteit en kultuur van ’n gemeente beïnvloed (Hendriks, 2004:127). Daar sou, in die lig hiervan, selfs na die erfenis verwys kon word as die vormende invloed wat beide die oorgeërfde geloofsisteem en die verloop van die

12 Vergelyk bylaes A, B, C en D

13 “By definition, a community is a sharing of significant happenings” (Hendriks 2004:125).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskiedenis in die bepaalde konteks op die identiteit en kultuur van die gemeente het. Hierdie identiteit en kultuur, vanuit die erfenis, staan opgeskryf in die geloofsbelydenisse, geskrifte, missiestellings, preke, liturgieë, simbole, en liedere van gemeentes (Hendriks, 2004:133).

In hierdie afdeling sal die gemeente kortliks in historiese perspektief geplaas word. Slegs die hoofmomente, wat verhelderend ten opsigte van die proses en ontwikkeling van spiritualiteitstendense in die gemeente is, word uitgelig. Vir ’n meer gedetailleerde beskrywing van die historiese verloop van die gemeente, kan Mouton (2004:11-28) geraadpleeg word.

2.2.1 Port Elizabeth in die 20ste eeu

Die motorbedryf en verwante bedrywe in die stede Port Elizabeth en Uitenhage asook Afrikaners wat in die tyd van die groot depressie van die dertigerjare in Port Elizabeth werk gesoek het, is die vernaamste redes vir die snelle groei van die bevolking in die vorige eeu. Daar was ’n groei van ’n miljoen inwoners in die tydperk vanaf 1891 tot 1996 met ’n ooreenkomstige groeikurwe in die ekonomie. Ten spyte van die groei in die ekonomie was dit nie vir almal maklik om die tentakels van die groot depressie vry te spring nie en moes baie in armoedige omstandighede woon. Blouboordjiewerkers het hulle in die westelike dele van die stad (toe nog baie landelik) gevestig.

Die landskap in die sestigerjare het as volg daarna uitgesien: Fairview, ’n area van ongeveer 750 hektaar waar witmense, bruinmense, swartmense, Indiërs en Chinese in sub-ekonomiese omstandighede gewoon het, waarvan die witmense lidmate van die NG Kerk Walmer was; Springfield, waar mense op erwe soos kleinhoewes met hulle beeste, hoenders, skape en groente vir hulle bestaan geboer het; Mount Pleasant, die heuwelagtige area wat ook tong-in-die-kies “Mount Sorrows” genoem is vanweë die sosiaal-maatskaplike probleme wat met die armoedige omstandighede gepaard gegaan het; die gesellige rit kerk toe op Sondae nadat lidmate by twee bliksale (waar Sondagskool aangebied was) in onderskeie woonbuurte met die kerkbus ‘opgetel’ is; Salisbury Park, die swart woonbuurt, vlak onder die neus; die ooptes na alle windrigtings vanwaar die res van die stad sigbaar was – tot in die sewentigerjare. Daar kan net bespiegel word oor die manier waarop gemeentelede in hierdie jare oor God gedink het. Dit was ’n tydperk van “wit bevoorregting” en Afrikaners wat deur die depressiejare en armoede gekom het, wat mens laat dink aan Israel se vrylating uit Ballingskap en die nuwe lewe wat vir hulle in die vooruitsig was. God

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou heel moontlik in so ’n tyd gesien kon word as die God wat “aan ons kant” is, “ons van slawerny bevry” het – moontlik tot die mate waarop die Afrikaner-Christene God vir “hulle” sou kon toe-eien. Hier reeds lê die spore van ’n egosentriese spiritualiteit, met ’n dualistiese verstaan van God se verlossing[14].

2.2.2 Gedwonge verskuiwings

Die regering se Apartheidsbeleid het gedurende die negentien-sestigs gedwonge verskuiwings van Salisbury Park en Fairview se persone van kleur tot gevolg gehad waarna mense volgens hulle bevolkingsgroepe in verskillende woonbuurte geplaas is: Gelvandale (Bruinmense), New Brighton, KwaZakhele en Zwide (Swartmense) en Malabar (Indiërs en Chinese). Daar is geen behuisingsvoorsiening vir hierdie mense gemaak nie. Mense is dakloos gelaat wat hulle genoop het om *shacks* op te rig[15].

Vanuit ’n onderhoud wat Mouton met ’n destydse kerkraadslid van die NG Kerk Walmer gevoer het, dui hy met genoeg bewyse aan dat lidmate die gedwonge verskuiwings as ’n “goeie saak” gesien het (Mouton, 2004:14). Hierdie apartheidsontwerp was in 1970 in plek toe Fairview, Springfield en Mount Pleasant as wit woonbuurte verklaar is, en trouens “die verste verwyder van die swart en kleurling gebiede van Korsten, New Brighton, Bethelsdorp, Motherwell en KwaNobuhle” (Mouton, 2004:14). In hierdie tyd was die kerk doodstil, blind of onaangeraak deur die leed wat mense in hierdie gebiede aangedoen is en was geen verbande tussen die evangelie en die onreg wat gepleeg is getrek nie. Hier is spore van ’n spiritualiteit waar daar van die realiteite van die lewe ontsnap word, asof die evangelie my laat wegkyk van die leed van die wêreld af en niks te sê het oor onreg en diskriminasie nie. Verlossing sou geensins te doen hê met die uitleef van sosiale geregtigheid nie, terwyl God se verlossing van die siel tog met diepe vroomheid verkondig is. Dit is moontlik dat gelowiges hulle verlossing beskou het as iets buite-wêrelds en geensins die onreg van rassediskriminasie daarmee in verband kon bring nie. Dit was hoe hulle in die kerk geleer was.

2.2.3 Leierskap

Leiersfigure wat in hierdie tyd opgetree het se styl was dié van omgee waarmee hulle die mense van die area liefgehad het en hulle belange energiek sou dien. Hierdie persone het

14 God red my uit benarde situasies omdat Hy aan my kant is.

15 Mouton (2004:13-14) verwys na die geval van Fairview soos berig in die Port Elizabethse dagblad, The Herald, van 12 Julie 1969: “Both Coloured and African families were left destitute and were forced to erect shanties among the rubble of broken-down homes. There were reports (Herald 12.7.69) that some of the shanties were bulldozed by government officials leaving the occupants homeless. Thus the municipality and the government totally neglected their responsibility of housing the poor in Fairview”.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sleutelposisies in die gemeenskap beklee en "sou hulle liefde, geloof en hoop vir hul mense, en die blanke (sic) groeipotensiaal van hulle deel van die stad (in die lig van die Groepsgebiedewet) verbind met die ideaal van 'n eie gemeente. Hierdie gemeente se belange sou hulle met oorgawe dien, en werklik met 'n ysterhand op die koers hou wat hulle as die regte een gesien het" (Mouton, 2004:14). In 'n tyd van groei in die gemeente (veral getallegewys), sou die gedagte van God se sorg "vir ons" versterk kon word tot die mate dat die gemeente ook, moontlik onbewustelik, al meer selfgenoegsaam en na binne gekeer geraak het. Namate dit finansieel beter begin gaan het, wonder 'n mens of die gemeente nie haar gerigtheid op die nood in die wêreld rondom haar verloor het nie, terwyl die gemeente, as 'n soort klub waar die lede passievol na mekaar omsien, al sterker gegroei het.

2.2.4 Afstigting

Met die ontwikkeling van nuwe wit woonbuurte, was die afstigting van PE-Hoogland onafwendbaar. Dit het welgestelde en opkomende professionele persone na hierdie gebied laat stroom – terwyl die armes (wat oorwegend mense van kleur was) aan die ander kant van die stad moes gaan woon. "Dit het spanning en polariteit meegebring wat tot vandag toe nog nie vergewe en vergeet is nie." (Mouton, 2004:15.)

Die NG Gemeente, PE-Hoogland, kom op 8 Oktober 1972 tot stand en beroep kort daarna een van Walmer-gemeente se leraars, Ds. Christi (A.C.F.) Koch. Die grense vir die nuwe gemeente het geen ruimte tot verdere uitbreiding vir Walmer-gemeente ingehou nie. Die kerkgebou is op 30 April 1978 ingewy nadat eredienste vir ses jaar in Walmer-Wes se skoolsaal gehou was. Die gemeente bestaan by afstigting uit sowat 740 lidmate. Voorspoed en sukses sou bes moontlik in hierdie tyd deel van die gemeente se spiritualiteit vorm. Dit laat die vraag ontstaan na die siening van verlossing vanuit 'n voorspoedteologie[16] wat ten diepste dualisties is.

2.2.5 Leraars

Die gemeente is sedert 1972 deur die volgende leraars bedien (Mouton, 2004:18):

Ds. Christi Koch	(22 Oktober 1972 – 2 November 1975)
Ds. Hannes van Wyk	(9 Maart 1974 – 24 September 1978)
Ds. Francois Cilliers	(11 Junie 1976 – 1 Maart 1981)
Ds. Dawie Bredenkamp	(27 Januarie 1979 – 31 Maart 1987)

16 Voorspoedsteologie verwys na 'n siening van God en sy verlossingswerk wat voorspoed en sukses vir die gelowige tot gevolg het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ds. Basie Fourie	(8 Mei 1981 – 31 Desember 2008)
Ds. Ben Pienaar	(2 Julie 1983 – 10 Mei 1998, emeritaat)
Ds. Nico van Wyk	(14 Junie 1987 – 30 April 1996)
Ds. Danie Mouton	(29 Augustus 1993 – 31 Desember 2007)
Ds. Eugene Malan	(1 Augustus 1998 tot hede)
Ds. Heinrich Alberts	(1 September 2008 tot hede)
Dr. Willem Fourie	(1 Julie 2009 – 31 Desember 2010)

Die gemeente het tot op hede 11 leraars gehad waarvan die laaste twee vanaf Julie 2009 as ’n span saamwerk. Die vorige span het 10 jaar saamgewerk. Die eerste vier leraars het Hoogland vir korter termyne bedien (tussen drie en ses jaar), terwyl die daaropvolgende vyf leraars tussen 10 en 27 jaar diens in die gemeente gelewer het. Hierdie leraars sou die gemeente se spiritualiteit in ’n bepaalde rigting beïnvloed het.

2.2.6 Onsekerheid

Die vertrek van Di. Danie Mouton (Desember 2007) en Basie Fourie (Desember 2008) binne 12 maande na mekaar het noodgedwonge met disoriëntasie en reoriëntasie gepaardgegaan by die aanstelling van nuwe leraars om die vakatures te vul. Mouton (2004:20) wys hoe sterk leiers in die gemeente altyd toesien dat predikante wat by hulle verwysingsraamwerk inpas, beroep word. Hy lig dit toe met die beroep van die eerste vier predikante as sterk Afrikaners in ’n tradisionele bedieningsverwagting. Ds. Mouton se vertrek het ’n oorheersende gevoel van onsekerheid by die kerkraad gelaat. Die kerkraad (van elf lede op daardie stadium, waarvan twee predikante was) is in die tyd van die beroepsproses met vier nuwe lede aangevul. Hierdie nuwe lede was nie deel van die visioneringsproses van die vorige vier tot vyf jaar soos die ander sewe lede nie en hulle het ook geen vorige ervaring van die kerkraad gehad nie. Die kerkraad maak ’n keuse vir ’n nuwe leraar met ’n spiritualiteit wat tot hulle spreek en waarbinne hulle veilig voel.

2.2.7 Nuwe dinamika

Ds. Alberts het ’n groot stuk hartlikheid na die gemeente gebring en hom veral op die persone tussen 30 en 40 jaar toegespits – waar hy ook hegte vriendskappe en verbintenisse aangaan. Dit is onder hierdie ouderdomsgroep waar daar aanvanklik ’n groei in erediensbywoning begin plaasvind en wat by die Mansgenoeg-bediening[17] inskakel.

17 Die Mansgenoeg-bediening het in die middel van 2009 ontstaan na aanleiding van ’n paar mans in hulle dertigs wat die groot mannesaamtrek op Angus Buchan se plaas in KwaZulu-Natal bygewoon het. Die groep het gegroei en binnekort was daar ’n visie vir ’n mannesaamtrek op ’n plaas, waarvan twee van hierdie mans mede-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met Ds. Basie Fourie se vertrek het die kerkraad besluit om ’n jong predikant te beroep en die keuse val uiteindelik op proponent Willem Fourie, wat pas aan die Universiteit van Stellenbosch sy doktorale studie in Sistematiese Teologie voltooi het. Dr. Fourie gee dadelik aandag aan kontemporêre aanddienste en finale fase kategese. Hy speel ook ’n belangrike rol in die herstrukturering van die gemeente se webblad. Sy sterk teologiese grondslag en vermoë tot kritiese denke maak hom waardevol in al die aspekte van die bediening. Dr Fourie ontvang egter ’n beroep as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria se teologiese fakulteit en verlaat die gemeente teen die einde van 2010 na 18 maande se diens in die gemeente.

2.2.8 Tyd om te stabiliseer en te herbevestig

Die kerkraad se oortuiging is dat hierdie verdere verlies van ’n leraar die gemeente op uiters onsekere vaarwater plaas en dat die leierskap ’n tydperk van stabilisering moet meebring. Daar is besluit om ten minste vir ’n jaar nie ’n beroep uit te bring nie, maar dat moeite gedoen moet word om die gemeente in terme van haar identiteit en roeping te herbevestig (NG Kerk PE-Hoogland, 2011a:4). Gedurende hierdie tyd is klem op gebed geplaas en is prediking veral gefokus op die belangrikheid en kosbaarheid van elke lidmaat as deel van God se plan om sy koninkryk in hierdie wêreld sigbaar te maak. Aangesien daar slegs twee predikantsposte is, is lidmate aangemoedig om hulleself te verstaan as dienaars wat verantwoordelikheid moet neem om hulle roeping daagliks in hulle gewone lewens uit te leef. Daar het ’n sterker gevoel van eienaarskap ten opsigte van die gemeente se roeping onder lidmate begin ontwikkel wat ’n dinamiese groeiproses in die uitleef van gestuurdheid te weeg gebring het. Laasgenoemde dinamika is vanuit eie waarneming duidelik sigbaar in die wyse waarop daar nie van die predikante verwag word om die gemeente se bedieninge te inisieer en in stand te hou nie, maar dat lidmate deur die roeping van die gemeente aangeraak is en met hulle spesifieke gawes op verskeie vlakke vir die bediening van die gemeente verantwoordelikheid neem. Dit is dus nie meer die gemeente wat die leraars opdrag gee om namens hulle die bediening van die gemeente uit te voer, in ruil vir ’n salaris nie, maar die gemeente neem saam met die leierspan die verantwoordelikheid om die roeping van die gemeente uit te leef.

---

eienaars is. Die kampplek is, op eie koste, met die nodige geriewe ingerig en sedert Augustus 2009 vind mannekampe jaarliks daar plaas. Die Mansgenoeg-bediening groei van krag tot krag met ’n logo, webblad, NPO-nommer en eie bankrekening. Daar is groot klem op versorging van mekaar, die Woord word – veral deur ’n leiersfiguur – gepredik, gebed – veral met die oog op vervulling met die Heilige Gees – geniet baie aandag en daar word doop aan volwassenes wat hulle lewens opnuut aan die Here toewy bedien. Daar het ook ’n “wellness”-komponent ontspring waar lede liggaamlike oefening kry – gekoppel aan sportbyeenkomste soos die Ysterman-kompetisie waar hulle onder die vaandel van Mansgenoeg deelneem. ’n Diensleweringskomponent wat veral op die nood in staatshospitale gerig is, het ook ontstaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.9 Kerkraad en Bedieningsbestuur

Die kerkraad het in hierdie tyd ook ernstig begin kyk na hulle eie funksionering, sowel as na die funksionering van bedieninge, veral die prosesse wat gevolg word waar nuwe bedieninge geïnisieer word en die wyse waarop kommunikasie in die gemeente plaasvind (NG Kerk PE-Hoogland, 2011b:3). Die kerkraad is verteenwoordigend van verskillende spiritualiteitsvoorkeure en beleef ’n dringendheid om te leer om beter met die spanning inherent tot diversiteit te fungeer (NG Kerk PE-Hoogland, 2011b:3). Prosesse is in plek gesit om die kerkraad verder op ’n pad te neem rondom hulle verstaan van hulle rol as dié van geloofsonderskeidende[18] leierskap (NG Kerk PE-Hoogland, 2011b:3). Daar is ’n organiese oorgang van ’n ou styl van leierskap waarvolgens gesag op outokratiese wyse afgedwing is, lae vlakke van deursigtigheid en ’n sterk hiërargie heers, na ’n nuwe styl van leierskap waarvolgens daar deur middel van voorbeeld gelei word, almal se bydraes gewaardeer word, hoë vlakke van deursigtigheid en ’n diverse spanbenadering heers en waarin die impak van besluite op mense en die planeet duidelik verreken word[19] (NG Kerk PE-Hoogland, 2011b:3). Binne ’n nuwe leierskapstyl word sterker klem op onderlinge verhoudinge, vertroue en respek geplaas waarbinne God se werk op ’n dieper vlak onderskei word. ’n Spiritualiteit van nederigheid, afhanklikheid van die Heilige Gees, wag en onderskeiding is gaandeweg besig om by die kerkraad te ontwikkel.

2.3 Sosio-politieke konteks

Onderliggend, selfs grondliggend, tot die ontstaan van die gemeente in ’n spesifieke tyd en plek is die sosiale en politieke invloede en strominge in daardie selfde tyd en plek. Hendriks (2004:117) skryf meer uitvoerig oor die plasing van die gemeente in die sosiale konteks. Hy beklemtoon enersyds dat die gemeente se identiteit en kultuur, op grond van haar geloof in Jesus Christus en die koninkryk van God, van dié van die groter gemeenskap behoort te verskil en andersyds dat die gemeente se identiteit en kultuur sterk beïnvloed word deur die sekulêre kultuur van die gemeenskap waarin sy haarself bevind asook deur die plaaslike en nasionale politieke situasie en -leiers. Die verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit word hier verder belig deur inligting rondom die sosiale en politieke invloede teen die agtergrond van haar ontstaan en funksionering, veral ten opsigte van die impak daarvan op die spiritualiteit van die gemeente, in te win.

---

18 Die leierskap verstaan hulle primêre doel as dié van geloofsonderskeiding. ‘Geloofsonderskeiding’ verwys na die geloofsdissiplines van luister na God, luister na mekaar, en luister na die konteks, waardeur God se wil of roeping onderskei word. Die grondslag van hierdie dissipline is gebed. Hierdie dissiplines help die leierskap enersyds om te sien waarmee God besig is – sodat daarby aangesluit kan word, en andersyds om te hoor waarvoor die Here hulle roep.

19 Vergelyk die beskrywing van “old vs. new economy practices” in Communitas (2007:72).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.1 Hoogty van apartheid

PE-Hoogland gemeente is in 1972, in die hoogty van apartheid, gestig en het aanvanklik vir ses jaar hulle eredienste in ’n skoolsaal gehou. Gedurende daardie tyd is die kerkkompleks gebou en in 1978 ingewy. Die ligging van die kompleks is aan die suidwestelike deel van die stad – ver verwyderd van industrieë, besighede en die meeste townships. Geografies was dit dus afgesonderd en aan die eindpunte van hoofpaaie waar daar min of geen noemenswaardige blootstelling aan verskeidenheid was nie. Demografies was dit tot ’n groot mate homogeen: wit Afrikaanse en Engelse voorstedelike inwoners met hulle kinders in vier staatskole en een Rooms Katolieke skool in die omgewing, ’n staatsaftree-oord vir die bejaardes, poskantoor, vulstasies en winkeltjies waar die nodige vir die daaglikse bestaan gekoop kon word. Dit was nie nodig om veel buite die grense van die buurt te beweeg nie en die gemeenskap het ’n hegte eenheid gevorm. Vir hulle belangrikste inkopies sou inwoners van hierdie buurte van tyd tot tyd middestad toe gaan waar hulle in veiligheid en vrede hulle sake kon afhandel.

2.3.2 Lidmaatskap, leierskap en personeel

Die gemeente het klein begin, maar dit het spoedig gegroei om in 1995 ’n lidmaattal van 3000 te haal: almal wit (net soos die woonbuurte) en Afrikaans. Dit het in ’n tyd plaasgevind toe die gemiddelde lidmaatskap van die NG Kerk – in ooreenstemming met die daling van witmense in Port Elizabeth – gedaal het. “Die blanke bevolking van Port Elizabeth het volgens bevolkingsensusse in die periode 1980 tot 1996 met 8.6% gedaal.” (Mouton, 2004:51.) Sedertdien het die lidmaattal effens gegroei tot ongeveer 3240 (waarvan 664 kinders tot Graad 11 is), en is dit steeds (soos die woonbuurte) oorwegend wit en Afrikaans. Enkele Bruin en Engelssprekende persone het lidmate geword. Die lidmaatgetalle, soos dit op die gemeenteregister verskyn, is egter nie meer ’n getroue weerspieëling van die bywoning en deelname van die gemeente nie. Daar sal persone op die register verskyn wat vir verskeie redes nie eredienste bywoon of gemeentelik meelewend is nie, terwyl daar persone is wat betrokke en meelewend is en eredienste bywoon wat nie op die register verskyn nie – en dikwels van buite die tradisionele gemeentegrense kom. Gemiddelde erediensbywoning by die drie afsonderlike eredienste op ’n gegewe Sondag in die skoolkwartaal is ongeveer 400 tot 600 vir die oggenddienste en 150-250 vir die aanddienste. Die personeelstruktuur van die gemeente is soos volg: drie predikantsposte, waarvan twee gevul (wit en manlik) en een vakant is en ’n ondersteuningspersoneel, wat twee skoonmakers en tuinwerker insluit, van tien persone wat deeltyds of halfdag werk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aanvullend tot die personeel beskik die gemeente oor ’n kerkraad met dertien lede (leraars en administratiewe bestuurder ingesluit).

2.3.3 Omliggende omgewing

Die woonbuurte rondom die kerkkompleks het oor die afgelope 40 jaar versadig geraak met huise, winkelkomplekse, mediese sentra en besighede wat uit die stadskern hierheen migreer het. Deel van die behuisingsontwikkeling is in die hoë gegoede mark, terwyl daar ook ontwikkeling in die gemiddelde tot gegoede mark is. Daar is ook stukke grond wat braak lê weens ’n moratorium op die ontwikkeling daarvan op grond van die feit dat dit voorheen onteiende grond is. ’n Gholfbaan bied ’n buffer tussen ’n welgestelde woonbuurt en Walmer Township.

Volgens die webblad van Nelson Mandela Baai Toerisme (2010) is Walmer Township Port Elizabeth se eerste township. Dit was aanvanklik deel van die Welbedacht plaas, eiendom van die Muller-familie, voor dit in 1851 geskenk is. Walmer het in 1899 ’n munisipaliteit geword waarna dit in 1967 by die destydse Port Elizabethse munisipaliteit ingelyf is. Die eerste nedersetting dateer, volgens die internasionaal bekroonde organisasie, Masifunde, op hulle webblad (2010) terug tot 1905. Die artikel op die webblad vertel verder: Gqebera, soos die township in Xhosa genoem word, is onder Apartheid se Groepsgebiedewet van 1955, as binne ’n “slegs blankes” area verklaar. Die owerhede het daarom gepoog om die township te vernietig. Weens die sterk weerstand van die township se inwoners en die ondersteuning van die inwoners van die nabygeleë Walmer woonbuurt, is Gqebera nooit gesloop nie. Weerstand van die inwoners het die regering laat afsien van hulle planne.

Dit was nie kosteloos nie: Die apartheidsowerhede het Walmer Township van die mees basiese infrastruktuur ontneem met langdurige verpletterende nalatenskap tot gevolg. Daar is selfs vandag baie dele waar paaie nie geteer is nie en waar daar ’n gebrek aan elektrisiteit en lopende water vir elke huishouding is. Ingebed tussen die welgestelde woonbuurt en die lughawe en naby die middestad, is dit ’n gewilde plek vir minderbevoorregte mense om heen te verhuis op soek na werk. Dit het ’n snelle groei in die township te weeg gebring. Ongeveer 100 000 mense woon in hierdie rofweg vier vierkante kilometer woonbuurt, waarvan die meeste met swak lewensomstandighede en infrastruktuur. Volgens die webblad van Nelson Mandela Baai Toerisme (2010), gaan die township veral gebuk onder skokkende hoë werkloosheidsyfer (ongeveer 80%), drank- en dwelmmisbruik, misdaad en ’n hoë MIV infeksiesyfer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die sosiale konteks kan as verskeurd beskryf word: aan die een kant is daar ’n eerste wêreld met al die geriewe en tegnologie daaraan verbonde en, aan die ander kant, ’n Derdewêreld waar daar om oorlewing geveg word met gebrek aan die basiese lewensmiddele - etlike minute van mekaar. Die sosiale integrasieproses is kompleks. Terwyl daar weinig integrasie in die woonbuurte en gemeente plaasgevind het, is daar merkbare integrasie by die skole waar dubbelmediumonderrig aangebied word.

2.3.4 Ekonomiese onsekerheid

Alhoewel die meeste lidmate en inwoners van die betrokke woonbuurte goed geskool is met professionele beroepe, is daar, in die konteks van die ekonomiese omstandighede in die land en provinsie, nie baie werksekuriteit nie. Selfs bestuursposisies in groot maatskappye bied nie altyd sekuriteit nie. Hierdie persone is genoop om hulle eie werk te skep met die gevolg dat hulle onder groot druk verkeer en lang ure moet werk. Dit skep onsekerhede, en het dikwels die gevolg dat baie mense oorsee verhuis. Verder het dit die gevolg dat rykes harder werk om groter rykdom te verseker – met die dikwels ongelukkige resultate van gebroke gesinne, terwyl die armes teen ’n snelle tempo verder verarm en rykdom en ellende langs mekaar te staan kom.

’n Toenemende hoeveelheid werklose mense word op strategiese plekke in die woonbuurt rondom die kerkkompleks gevind waar hulle op sypaadjies vir werk wag. Sommige neem uit desperaatheid hulle toevlug tot huise waar hulle van deur tot deur om hulp aanklop. Kinders en jongmense staan (soms na skool) by verkeersligte waar hulle vir motoriste vir donasies vra. Hierdie sigbaarheid van arm persone in die strate van welgestelde buurte, en ook die gepaardgaande inbrake by huise, het meegebring dat die gemeenskap sekuriteit opgeskerp het: hoë mure rondom huise, buurtwagte is aangestel, huise is met alarmstelsels en veiligheidshekke toegerus en sekuriteitsfirmas is bykans deur die bank in alle huishoudings gekontrakteer. Tot ’n groot mate het dit mense laat wegraak in hulle private wonings waar hulle nou veilig kan woon. Toenemend is verbouings sigbaar waar woonhuise rekreasie-areas bykry.

2.3.5 Eksistensiële vrese

Die eksistensiële vraag is na sekuriteit: finansieel en fisies. Gesprekke draai dikwels rondom die vrae: “Sou daar ’n toekoms vir ons en ons kinders in hierdie land wees?” of “Sal ons hier kan oorleef?” Vrees, rassisme en klassisme is ondertone in gesprekke en denkpatrone.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verskillende boodskappe dra nuus van ontwikkeling, en ander van verval – wat mense laat wonder na watter kant die land sal beweeg. Korrupsie, misdaad en swak leierskap wat op regeringsvlakke aan die orde van die dag is, gee die indruk dat die skaal in die rigting van verval kantel. Tog het die Fifa sokker wêreldbekertoernooi in 2010 ’n vlaag van hoop en optimisme die lig laat sien... totdat die eerste berigte van Xenofobie en die grootskaalse stakings deur staatsamptenare en ander werkersunies kort daarna dit weer verdoesel het.

2.3.6 Tragiese sukses van apartheid

Die konteks waarin die gemeente haarself bevind, weerspieël steeds die tragiese sukses van apartheid in die beleid van afsonderlike ontwikkeling, waarvan net sommige die voordele van ontwikkeling gesmaak het. Een van die tragedies is dat die bevoordeeldes uit die apartheidsisteem dikwels nie ’n historiese bewussyn het nie en ’n baie eng verstaan van die konteks het waarin selfgerigte, en dikwels godsdienstige regverdiging vir ’n bose sisteem gebruik word. Dit is ’n duidelike weerspieëling van ’n verskraalde verstaan van verlossing en ’n spiritualiteit wat mense van die realiteite van hierdie wêreld laat wegkyk. Terwyl die kerk, vanweë haar geloofsbasis in Jesus Christus en die koninkryk van God, anders moes lyk en wees as die kultuur in die omliggende wêreld, was die kultuur, bestaansmodus en ideologie van die NG Kerk en dié van die heersende politieke liggame gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu egter grotendeels met mekaar vervleg (Coetzee, 2011:161). Dit is ook, uit eie waarneming en belewing, kenmerkend van die gemeente onder bespreking.

2.3.7 Samevatting

In hierdie afdeling is die vraag na die impak van die sosio-politieke konteks van die gemeente op die vorming van die gemeente se spiritualiteit ondersoek. Die prentjie wat vanuit die bespreking verkry word, is een van ’n gemeente met wie dit goed gaan, soos met ’n klub waarvan daar nie net in terme van lede en finansies nie, maar ook in terme van hulle bestaansdoel taamlike sekerheid en tevredenheid is. Die gemeente is duidelik gedefinieer in terme van haar rasgeïsoleerdheid en die persoonlike en geestelike belange van haar lidmate. Dit is verder duidelik dat die gemeente geïsoleerd staan van die sosio-ekonomiese omstandighede van die omliggende samelewing. Hieruit is dit moontlik om af te lei dat die gemeente se siening van God se verlossingswerk persoonlik van aard is, oorwegend nie sosio-ekonomiese en politieke geregtigheid insluit nie en gelowiges, as deel van hulle spiritualiteit, nie veel na buite, op die nood in die wêreld buite hulle eie wêrelde rig nie, behalwe waar dit tot persoonlike gewin (al is dit in terme van selftrots) sou bydra. ’n Verskraalde verstaan van God se verlossingswerk is hier aan die orde van die dag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4 Geografie en demografie

Die identiteit van die gemeente is geanker in die demografie. Hier gaan dit oor die samestelling van faktore soos ouderdom, geslag, huwelikstatus, taal, opvoeding, inkomste, getalle en soortgelyke gegewens wat bepalend is vir die mense wat aan die gemeente behoort op grond waarvan die unieke aard en profiel van die spesifieke gemeente, sowel as haar spesifieke roeping geïdentifiseer kan word (Hendriks, 2004:116). In sy navorsing oor die tydperk vanaf 1994 tot 2004 het Mouton (2004:29-35) insiggewende demografies-biografiese besonderhede oor die gemeente ter bespreking verskaf. Ten einde die navorser se vraag na die verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit beter te beantwoord, word die mikrokonteks van die gemeente in hierdie afdeling verder ondersoek deur toepaslike geografiese en demografiese inligting van die gemeente in te win.

2.4.1 Geografiese profiel

Die kerkgebou is in die voorstedelike residensiële woonbuurt van Charlo geleë. Die gebied wat die gemeente tradisioneel[20] bedien, bestaan uit groot oop ruimtes, groot voorstedelike woongebiede en sosio-ekonomies bo-gemiddelde kleinhoewes. Baie uitbreiding, residensieel en kommersieel, het sedert afstigting in hierdie gebied plaasgevind. Daar het oor die afgelope vyf jaar migrasie van besighede vanaf die sentrale dele van die stad na hierdie gebied plaasgevind en daar is steeds uitbreiding in die verband wat op voorheen onontwikkelde grond plaasvind.

2.4.2 Statistiese beeld

Volgens die jongste verslag aan die ring (Augustus 2011) bestaan die gemeente uit 2578 belydende, 664 dooplidmate en 17 ongedooptes.

2.4.3 Ouderdomsprofiel

Die ouderdomme van lidmate, soos vanuit die gemeente se databasis verkry, word hieronder grafies voorgestel. Alhoewel die gemiddelde ouderdom ongeveer 44 is, is daar ’n sterk groep kinders en jongmense wat moontlik dui op die impak van ’n bediening met ’n verbondsteologie as grondslag. Kinders word as babas gedoop en word van kleins af in die

20 Dit is al hoe meer die tendens dat gemeentegrense, soos gemeentes in vroeër jare geografies afgebaken was, nie meer die maatstaf vir lidmaatskap is nie. Al hoe meer persone van buite hierdie grense woon eredienste by Hoogland by en identifiseer met die bediening in die gemeente, terwyl daar ook persone binne die tradisionele grense van die gemeente is wat elders kerklik inskakel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeente verwelkom en daarvan deel gemaak. Kinders wat by ’n kategesebediening inskakel, het dikwels die effek dat hulle ouers ook graag inskakel en betrokke is. Die teenwoordigheid van gesinne in eredienste en ander byeenkomste skep ’n atmosfeer van viering van diversiteit waar almal se teenwoordigheid en deelname na waarde geag word.



Grafiek 1: Ouderdomsprofiel

2.4.4 Geslagsamestelling

Die gemeente bestaan uit 48,4% mans en 51,6% vroue[21]. Die waarde van hierdie verdeling lê moontlik in die realiteit dat daar meer vroue as mans is wat aktief aan die kerklike bedieninge deelneem. Dit is opmerklik dat veral vroue in huisgesinne die rol van geloofsopvoeders inneem. Dit is verder interessant dat die Mansgenoeg-bediening ’n sterk klem plaas op die hervestiging van die man as geloofsopvoeder, synde die “hoof van die huis”. Die dinamika rondom die belewenis van mans rakende hulle posisie in die samelewing en in huishoudings, en hulle optrede waardeur hulle hulle posisies uitspeel en godsdienstig sanksioneer, het interessante sosiologiese verbande en toon tekens van patriargie wat ’n bepalende invloed op spiritualiteit (patriargale spiritualiteit) het. Die navorser beskou sodanige patriargale spiritualiteit as ’n verabsolutering van manlikheid en manlike rolle wat eie is aan ’n dualistiese beskouing en Skrifverstaan. Hiervolgens sou mans ’n absolute rol beklee wat met mag, gesag en leierskap verband hou. Enersyds ondermyn dit die posisie van die vrou in die samelewing en andersyds ontmasker dit ’n fundamentalistiese Skrifverstaan. Daar behoort, na die oordeel van die navorser, enersyds krities nagedink te word oor die konsekwensies van ’n patriargale spiritualiteit en andersyds intensioneel

21 Jurgens Hendriks maak by die lees van hierdie paragraaf die interessante opmerking: “Dit is baie na aan wat die normale verdeling tussen mans en vroue in die algemeen is. Met ander woorde, die uitsonderlike hier is dat daar so ’n hoë persentasie mans lidmate is. Dit is iets uitsonderlik in die NGK ... in die kerk in Afrika in sy geheel gesien is dit gewoon 30% mans, 70% vroue.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gewerk te word aan die vestiging van ’n spiritualiteit waarin alle vorme van patriargie (onder meer ten opsigte van taalgebruik, houding en optrede teenoor vroue en mans, die wyse waarop kinders geleer word, kerklike gebruike en rituele en verteenwoordiging en rolle op besluitnemingsliggame) op grond van deeglike teologiese besinning en strategiese beplanning, uitgewis behoort te word.

2.4.5 Gesinstrukture

Daar is ’n aftree-oord en kinderoord in die gemeente wat dui op die teenwoordigheid van ’n aantal bejaardes, waarvan die meeste enkellopend, wewenaars of weduwees is, en ’n honderd kinders tussen die ouderdomme van drie en agtien jaar in die kinderhuis. Verder is daar slegs twee woonstelblokke en heelwat meenthuiskomplekse wat deel vorm van die uitgestrekte voorstedelike gebied. Die huweliksamestelling van die gemeente, volgens die gemeentelike databasis is soos volg: Getroud: 1681; Ongetroud: 1369; Geskei: 64; Weduwee: 66; en Wewenaar: 7.

Die teenwoordigheid van brose mense (kinderhuiskinders en bejaardes) in die gemeenskap is ’n besondere geleentheid vir die kerk om by hulle te leer rondom barmhartigheid en deernis. Die feit dat hierdie kinders en bejaardes egter in tehuise of organisasies opgeneem of geïnstitusionaliseer is, met versorgende personeel en rade, maak die vlak van gemeentebetrokkenheid daarby uiters gesofistikeerd. Sonder om in diepte hierop in te gaan, blyk dit dat die gemeente daarvan geïsoleerd kan leef en dat nood eerder op ’n organisatoriese vlak aangespreek word, as om self daardeur verander te word deur van ’n magsposisie weg te beweeg. Nood bly iets wat op ’n afstand is en gemeentelike betrokkenheid is dikwels uit selfbelang en om hulle eie gewete te sus. Vanuit ’n bevoorregte posisie kan die gemeente maklik neersien op die noodlydendes en hoogstens vir hulle iets gee om hulle nood te verlig. Die nood in eie geledere is egter ’n ongemaklike en selfs ondraaglike situasie wat eerder vermy word. Gesins- of huishoudelike behoeftes en krisisse is dikwels toegesmeer en uiters privaat hanteer. Voor die aangesig van ’n God by wie dit altyd goed gaan, en in die midde van ’n gemeente waar dit altyd (oënskynlik) met almal goed gaan, durf mense nie hulle probleme sigbaar maak nie. Dit die baan die weg vir ’n valse spiritualiteit waar eerder op lidmate se gesofistikeerdheid as God se genade vir sondaars berus word. In sodanige spiritualiteit word verlossing ’n selfhelpprogram waar ek met verworwe vaardighede myself uit verknorsing moet kry. God is daar om my pogings te laat slaag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.6 Sosio-ekonomiese status

Binne die konteks van die wit bevolking van Suid-Afrika, bestaan die gemeente oorwegend uit persone van gemiddelde sosio-ekonomiese status. Hoofsaaklik twee woonbuurte is van bo-gemiddelde sosio-ekonomiese status terwyl daar ook ’n aantal lidmate op gegoede kleinhoewes woon. Met genoeg geld om te sorg vir al die menslike behoeftes kan God (slegs) benut word vir die voorsiening daarvan, of Hy sou oorbodig kon raak, aangesien geld en materiële voorspoed dikwels plaasvervangers vir God word. Sonder om weer eens ’n ernstige bespreking daarvan te maak, kan dit maklik lei tot ’n verbruikerspiritualiteit wat op ’n verbruikersmentaliteit en diepgesetelde materialisme geskoei is. God se verlossing word bewys deur sy voorsiening aan hulle wat glo. Verlossing in so ’n skema word deur ’n voorspoedteologie oorskadu.

2.4.7 Beroepe en opvoedkundige kwalifikasies

Feitlik alle beroepe is onder die lidmate verteenwoordig. Die grootste persentasies lidmate beklee poste in senior bestuur en onderwys, met doserende personeel by tersiêre instansies, verpleegkunde en ander mediese bystanddienste, en tegnici kort op hulle hakke. Dit is moontlik dat die hoë vlakke van vaardighede ook ’n gesofistikeerdheid by lidmate se spiritualiteit meebring. ’n Oorwegend rasionele lewensbeskouing het besliste implikasies ten opsigte van spiritualiteit. Dit wil voorkom of daar, soos ’n pendulum, tussen twee ekstreme style van spiritualiteit beweeg word: baie rasioneel en kognitief aan die een kant, en baie emosioneel en onkrities aan die ander kant – en uitsluitend teenoor mekaar. Dit lyk asof die gemeente nog moet groei na ’n geïntegreerde spiritualiteit waar gelowiges se rasionele en emotiewe kapasiteite veel nader aan mekaar kan beweeg en in ewewig met mekaar kan staan. Indien hierdie waarneming enigsins na aan die waarheid is, mag dit ’n dualistiese spiritualiteit versterk waarin geloof en wetenskap, geloof en natuur, geloof en skepping teenoor mekaar te staan kom. Geloofservaringe bly vir sommige ’n sinvolle rasionele oefening met interessante inligting wat bekom word, en vir ander ’n emosionele ontvlugting na ’n bo-menslike, buite-wêreldse plek waar God is. Die vraag ontstaan of sodanige dualistiese spiritualiteit bydra tot geloofsvorming en geloofsvolwassenheid oor die langer duur.

2.4.8 Tendense ten opsigte van lidmaatgetalle

In ’n tyd waar die algemene tendens van kerklidmaatskap wêreldwyd ’n afname toon (Joubert, 2007:24-27), is daar oor die afgelope vier tot vyf jaar ’n beduidende toename in lidmaatskap by die betrokke gemeente. Verskeie redes sou hiervoor aangevoer kon word,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

terwyl een moontlikheid die egtheid kan wees waarmee daar in die gemeente met onsekerheid en die ongemak van die oorgangstyd gehandel is. ’n Spiritualiteit van broosheid en afhanklikheid kon moontlik vir gelowiges die ervaring van veiligheid skep wat aan hulle die ruimte bied om ook eg te wees met hulle eie brooshede en onsekerhede. Dit sou ’n moontlike verduideliking kon wees vir die feit dat al meer mense van buite die tradisionele gemeentegrense die eredienste in die gemeente bywoon. Daar word in die gemeente baie moeite gedoen om verskillende spiritualiteitstyle in die eredienste te omhels, wat ’n verdere rede kon wees vir die groeiende lidmaattalle in die gemeente.



Grafiek 2: Lidmaatgetalle

2.4.9 Ouderlinge, diakens en dienswerkers

Na ’n progressiewe afname in beskikbare kerkraadslede tot en met 2002 is die stelsel in daardie jaar aangepas. Wyke, elk met een wyksleier, is in streke gegroepeer wat deur streekouderlinge pastoraal versorg is. Een van die uitkomste van die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG) is dat die bestuursfunksie, versorgingsfunksie en visioneringsfunksie van die kerkraad ontbondel is. Dit het beteken dat drie nuwe liggame voortaan vir elk van die sake verantwoordelikheid sou neem, te wete: visionering is aan ’n verkleinde kerkraad van twaalf visionerende[22] leiers toevertrou; bestuur is aan ’n Bedieningsbestuur (bedieninge) en Ondersteuningsdienste (finansies en bates) toevertrou; en pastorale versorging hoort voortaan tuis by kleingroepe en toegeruste spanne lidmate. Lidmate dra finansieel by deur middel van debietorders,

22 Die klem word op die visionerende taak, veel eerder as die bestuurstaak van leierskap geplaas. Die kerkraad spandeer haar tyd dus met geloofsonderskeidende gesprekke, terwyl bestuurstake na die Bedieningsbestuur verwys word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koeverte wat kwartaalliks aan hulle besorg word, kontantbydraes in die kollektebordjies tydens eredienste en tydens tuisbesoek deur enkele dienswerkers by huise waar dit so verkies word. Die kerkraad vergader 10 keer per jaar. Die verkleinde kerkraad het bygedra tot ’n sterker fokus op die vestiging van die dissipline van geloofsonderskeiding. Die kerkraad se aktiewe soeke na God se roeping vir die gemeente het ook na ander lidmate oorgespoel as deel van ’n nuwe geloofstaal en geloofsvormende gewoontes vir die gemeente. Die vraag is egter hoe hierdie geloofsgewoontes meer geïntegreerd toegepas kan word. Dit lyk asof dit steeds baie individualisties en selfgesentreerd gebruik word wat moontlik op ’n verskraalde begrip van verlossing dui.

2.4.10 Persone van kleur

Alhoewel daar oor die afgelope 15 jaar talle persone van kleur in die omgewing gevestig is en die Kinderoord MTR Smit met oorwegend kinders van kleur in die gemeentegrense val, is daar weinig persone van kleur wat eredienste bywoon. Daar is slegs omtrent vyf bruin gesinne wat oor die afgelope paar jaar by die gemeente inskakel. Ook hiervoor moet daar verskeie redes wees, waarvan die historiese verdeeldheid op grond van ras waarskynlik die swaarste weeg. Dit blyk vir die gemeente moeilik te wees om haarself opnuut te vestig as ’n ras-geïntegreerde gemeente wat die demografiese samestelling van die gemeenskap weerspieël.

2.4.11 Samevatting

Die navorser het in hierdie afdeling die vraag na die verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit belig deur spesifiek toepaslike geografiese en demografiese inligting van die gemeente in te win. Eweneens dui die demografiese besonderhede van die gemeente, soos hierbo omskryf, dat die spiritualiteit van die gemeente gebou is op die behoeftes van die lidmate. Dit blyk asof ’n gesofistikeerdheid by lidmate, in terme van vlakke van geleerdheid, status en posisie in die samelewing ook ’n gesofistikeerdheid in spiritualiteit en gemeentebestuur tot gevolg het. Dis amper asof geloof iets in die hande van lidmate word wat hulle met knap vaardigheid kan beheer. Vanuit hierdie magsposisie word verlossing maklik gemanipuleer om selfgerig te wees.

2.5 Visioneringsproses

Ten einde die verband tussen die konteks van die gemeente, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit beter te verstaan, sluit die navorser Osmer se eerste taak van praktiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teologie, naamlik die beskrywing van die konteks en gebeure in die gemeente, af deur inligting rakende die visioneringsproses in die gemeente in te win en te beskryf.

2.5.1 Eerste fase (1972-1986)

Mouton (2004:18-20) verduidelik dat die bedieningstyl in die eerste 15 jaar die klem op huishoudelike funksies laat val het, te wete: onderlinge versorging – veral vir die armes in die gemeente – sodat almal kon tuis voel, effektiewe funksionering van kommissies, verhoudingsbou, huisbesoek, prediking en administrasie. In hierdie tyd het Ds. Francois Cilliers, met baie stryd en lang debatte op die kerkraad, klem geplaas op gelowiges se verantwoordelikheid om gesonde interkulturele verhoudings te vestig. Hierdie saak het die kerkraad gehelp om teologies oor sake te dink en vandaar is ’n kommissie vir Leer en Aktuele Sake op die been gebring.

2.5.2 Eerste teologiese visionering (1987-1998)

’n Wending in die styl van leierskap het met ’n beroep van Ds. Nico van Wyk in 1987 onherroeplik plaasgevind. Met hierdie beroep “word ’n teologiese gemeentevisie vir die eerste keer deel van die Hoogland-woordeskat” (Mouton, 2004:20). In hierdie tyd is groter klem op gemeentebou, amps- en lidmaattoerusting geplaas en het ’n orkes die begeleiding van lof en aanbidding tydens aanddienste begin behartig. Vanuit Ds. Van Wyk se berokkenheid by EEIII, het hy die gemeente toegerus vir evangelisasie – ’n eerste stap in lidmaattoerusting in die gemeente. Ook sy prediking het die gemeente tot groter diensbaarheid gelei. Mouton meen “(h)y was die eerste visionêre vernuwer onder die leraars van PE-Hoogland… (en) het in sy bediening voorkeur verleen aan die Evangeliese kerkmodel” (2004:21).

Die weg was gebaan vir die beroep van ’n vierde leraar, Ds. Danie Mouton, wat nuwe bedieninge, kursusse en geleenthede tot die gemeente kon toevoeg en vir die vestiging van verskeie plaaslike en internasionale netwerke – veral ten opsigte van getuienisaksies en uitreike na onbereikte lande en volkere – gesorg het. Met die emeritering van Ds. Ben Pienaar het ’n verskuiwing van rolle in die span plaasgevind en is besluit om ’n leraar met die oog op die ontwikkeling van ’n jeugbediening te beroep. Ds. Eugene Malan het mettertyd die belang van ’n familiegebaseerde bediening, in plaas van ’n geïsoleerde jeugbediening, gevestig en die gemeente ook aan ’n meer kontemplatiewe spiritualiteitstyl en die gebruik van simboliek in die kerkjaar tydens eredienste bekendgestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.3 Soeke na God se wil (1998-2003)

Teen die einde van die negentien-negentigs was daar onder die leierskap ’n dringendheid om meer te wees as bloot ’n suksesvolle gemeente in terme van lidmate se behoeftes en is die eenvoudige vraag gevra: “Is ons waar die Here ons wil hê?” of , anders gestel, “Wat is God se wil vir ons gemeente?” Vir die eerste keer in baie jare is die vertrekpunt geneem dat ons nie seker is of ons werklik die suksesvolle gemeente is wat ons gedink het ons is nie. Vir die eerste keer in baie jare is daar saam gedroom oor God se visie vir die gemeente, is daar gesê: “ons weet nie, maar God weet”. Baie tyd is rondom die Woord gespandeer en sekere tekste het veral tot ons gespreek waaronder ons verstaan het dat ons nie verder gemeente kan wees as God nie voor ons uitgaan nie (Eksodus 33). Die beeld van ’n boom as plek waar koelte, rus en vrede gevind word, het na vore gekom as iets waarmee ons in ons verstaan van God se wil vir die gemeente kon identifiseer. ’n Visioneringsproses het gevolg waarby ’n leierspan, wat uit kerkraadslede en ander lidmate bestaan het, ’n gemeentevisie geformuleer het, naamlik: *PE-Hoogland is God se familie wat sy liefde aan mekaar bewys en aan die wêreld uitdra*. ’n Sterk bewussyn is gekweek vir die uitdaging om nie slegs na binne gerig te wees nie, maar om ’n verskil in ’n wêreld vol nood te maak. Daar is ook sterk klem geplaas op die onderlinge verhoudinge van mense in die gemeente wat deur die familiemetafoor ondervang is. Die gevolg was dat daar baie programme geloods is wat die gemeente toegerus het om beter lidmate te wees en dat talle projekte en uitreike georganiseer is. Dit was ’n besige tyd in die geskiedenis van die gemeente. Baie moeite is gedoen met die bestuur van programme en projekte vir oud en jonk. Lidmate het aan boord gekom en hulle is toegerus om hulle gawes in diens te stel van hierdie programme en projekte. Leraars was bestuurders van leiers sodat programme vlot en effektief kon verloop. Pogings in hierdie tyd om kleingroepe te organiseer was grootliks onsuksesvol en al groter spanning het opgebou oor hierdie nuwe, onpersoonlike bedieningstyl met ’n sterk bestuurskomponent.

Die kerkraad is vanaf ongeveer 100 lede na 13 lede verklein en die fokus daarvan het van bestuur na visionering verskuif. Die vraag op die tafel was steeds: “Wat is God se wil vir PE-Hoogland?” Dit was ’n krisistyd: dinge het nie meer soos vroeër gewerk nie en die ongemak was tasbaar. Lidmate het na ander kerke (veral na meer charismatiese kerke) oorgegaan, finansies het drasties geval, vertroue in leierskap het gedaal en konflik in die leierspan het ontstaan. Dit is in dieselfde tyd ook die nadraai van 9/11 aanvalle in die VSA wat mense die eksistensiële vraag laat vra het: “Waar kan ons nog veilig wees?” ’n Verdere kritiese houding teenoor die kerk het in verskillende vorme na vore gekom, onder andere in die persepsie dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kerk nie daarin slaag om morele vraagstukke (soos die “gay-issue”) bevredigend te hanteer en vir lidmate duidelike uitsprake daaromtrent maak nie en die kerkherenigingsproses wat die kerk lamgelê het.

Intussen was daar ’n sterk soeke na welvaart as gevolg van die vrees dat Suid-Afrika tot ’n Derdewêreldland sal verval. Na bykans twee dekades wil dit voorkom asof demokrasie nie enigsins suksesvol was nie en alle vorme van misdaad toegeneem het. Dit het die vlakke van paranoia drasties laat toeneem. Die leierskap het vasgeval: antwoorde, modelle, sekerhede en prosesse wat eens gewerk het, bied geen meer uitkoms nie. Daar moes weer begin word.

2.5.4 Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG) (2003-2007)

Die gemeente het in 2003 lid geword van die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG). Die kerkraad (NG Kerk PE-Hoogland, 2002:2) het ’n taakspan aangewys wat, saam met ander gemeentes in die geografiese groepering van gemeentes (“cluster”), en volgens die begeleiding van die SAVGG, deur ’n visioneringsproses van vyf jaar gegaan het. In hierdie proses is daar geloofsonderskeidend gesoek na God se roeping vir Hoogland. Die proses was teologies stimulerend en uitdagend. God-vrae, in plaas van ons-vrae is gevra; koninkryksvisie in plaas van gemeentevisie het persepsies van roeping en identiteit by die gemeente verander. Nuwe taal en beelde is aangeleer om oor kerk-wees in die wêreld te dink. Die energie was nie meer vanuit ons idees en programme gevuur nie, nie vanuit ons voorafbepaalde kennis en kundigheid nie, maar vanuit ’n nuwe verstaan van God, naamlik dat Hy sy liefdesvisier op die wêreld het, Hy sy Seun gestuur het om dit te beliggaam, en Hy vir Hom ’n kerk versamel het en toerus om sy gestuurdes te wees wat tekens van sy koninkryk in die wêreld sal oprig.

God is nie meer beskou as die Een wat net sy kerk liefhet en hulle wil versorg sodat hulle in hulle intimiteit met God kan groei nie, maar as God wat sy kerk toerus en stuur om elke dag, waar gelowiges leef, werk en speel, sy koninkryk sigbaar te maak en daarvan te getuig. Die herhalende saamlees van die Bybel, veral Lukas 10:1-12, en die saamdink en -reflekteer daaroor (Woon in die Woord), het die leierskap al meer gevorm en getransformeer in terme van hulle denke oor die rol van die kerk. ’n Paradigmaskuif was besig om plaas te vind. Stadig, maar seker, was daar ’n groeiende besef dat dit nie oor ons gaan nie, maar oor God; nie oor sukses nie, maar oor gehoorsaamheid; nie ons programme nie, maar God se koninkryk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die SAVGG proses het kernwaardes gevestig op grond waarvan kerk-wees opnuut bedink kon word. Hierdie kernwaardes is gebaseer op gesonde verhoudinge soos wat God dit van geloofsgemeenskappe verwag (Filippense 1:27-2:4). Dit is die harde werk van die leierskap om sodanige gemeenskap bewus te maak van wat God van hulle verwag en deur hulle doen. Baie tyd is in die (onopsigtelike) vestiging van hierdie waardes bestee, eerder as die vestiging van (opsigtelike) programme en strukture. Om die metafoor van ’n ysberg te gebruik, was die fokus op die grootste deel daarvan, naamlik onder die wateroppervlak. Die waardes wat gevestig is, is ’n verbintenis om saam te soek en te stry vir die identiteit en roeping van die gemeente. Dit het beteken dat daar deur almal in die span ’n verbintenis tot die proses moes wees, ’n diep respek vir mekaar as unieke gawes van God geopenbaar moes word, eerlike gesprek vanuit die verstaan van die Woord van God gevoer moes word, en – ten diepste – die dissipline om te luister: na God, vanuit sy Woord en na mekaar, aangeleer moes word.

Die visioneringsproses het as volg uitkristalliseer[23]:
Visie: PE-Hoogland is ’n rivier wat wyd vloei met lewende water wat God gee (Esegiël 47).
Beliggaming (missie): PE-Hoogland ervaar dat die Here haar veral na noodlydendes en die volgende generasie stuur.
Patrone: Die drie areas waarin ons uitgedaag word om ons gestuurdheid uit te leef, is: a) Eredienste, b) Dissipelskap, en c) Afhanklikheid van die Heilige Gees. Hierdie drie patrone is deur ’n proses van geloofsonderskeiding bepaal, en so is die voortgaande uitdaging eweneens om die implementering daarvan geloofsonderskeidend te doen.

2.5.5 Kerkraad verbind tot visionerende leierskap (2007-2010)

Na ongeveer drie jaar wat die SAVGG taakspan deur die proses begelei is, kon die kerkraad dit toe-eien (NG Kerk PE-Hoogland, 2007:1) en hulleself verbind om in lyn met die SAVGG proses en -waardes, verder te visioneer. Die kerkraad het ’n nuwe verstaan van die identiteit, roeping en fokus van die gemeentebediening gehad en die totale personeel kon hulle elkeen in lyn daarmee tot sekere take verbind. Op grond van ’n nuwe verstaan van God (wat ewigdurend onderhewig is aan ’n steeds groter verstaan van wie Hy is) as die Een wat op die wêreld gerig is en sy kerk daarvoor toerus en stuur, is die gemeente se identiteit opnuut verstaan as ’n stroom lewende water wat God gee om lewe en herstel in die wêreld te bring (Esegiël 47).

23 Sien Bylaag C vir die volledige verslag van die Taakspan van die SAVGG aan die kerkraad in November 2006.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.6 Nuwe uitdaging

Die wesenlike uitdaging wat geïdentifiseer is, is om voortaan ingestel te wees op God se stem vir die manier waarop die gemeente haar roeping verder ontknoop, verstaan en uitleef. Hiervoor is dit belangrik dat die leierskap meer bewus moet word van God in die vorming van hulle geloof as basis vir hulle leierskapsrol in die gemeente, op grond waarvan die gemeente sal groei in hulle verstaan en uitleef van hulle roeping as dissipels van Christus. Die versoeking vir die leierskap is om ’n bestuursrol, in ooreenkoms met bestuursprosesse in die sogenaamde sekulêre wêreld, oor te neem, wat die gemeente programmaties en meganies sal lei ooreenkomstig voorafbepaalde kennis en met goed onderlegde bestuursvaardighede - omdat dit, sogenaamd, goed werk. Die proses van ontlediging (kenosis) en wegbeweeg van ’n posisie van mag na ’n posisie van broosheid en afhanklikheid, wat reeds as waarde gevestig is, behoort as ’n belangrike faset van geloofsonderskeiding, as unieke proses vir geloofsgemeenskappe, verdiep en geïntegreer te word in die lewens van die leierskap sodat dit ook lidmate kan inspireer en verander om hierdie uniekheid uit te leef.

2.5.7 Personeel en leierskap

Die personeel is bemagtig tot ’n verbintenis om as ’n span die visie uit te leef in alles wat hulle doen. Hiermee is die gawes en roeping van elke personeellid in ag geneem en met die gemeentevisie belyn (NG Kerk PE-Hoogland, 2007:1).

Intussen het Ds. Mouton, wat die visioneringsproses gestuur het, aan die einde van 2007 bedank en ’n jaar later (Desember 2008) so ook Ds. Fourie. Binne ’n bestek van twee jaar is daar ’n nuwe span van drie leraars met slegs een (Ds. Malan) wat uit die vorige span oorgebly het. Hierdie tyd van vakatures en beroeping het die kerkraad en gemeente die geleentheid gegee om haar roeping opnuut te verstaan. Dit het baie ure se gesprek en geloofsonderskeiding, veral deur Woon (of Wandel) in die Woord en gebed, geverg. Die aanstelling van die geskikte leiers vir die voortneem van die gestuurdheid van die gemeente was van groot belang. Die onderliggende spiritualiteit en kultuur van die gemeente het in hierdie proses en die uiteindelike keuse van nuwe leraars duidelik na vore gekom. Die energie sedertdien het in die ontwikkeling van die nuwe leierskapspan en personeel ingegaan. Die uitdaging vir die span is om as ’n eenheid met verskeidenheid oortuigings saam te werk en om op volwasse wyse konflik te hanteer. Aangesien die twee nuwe leraars (Ds. Alberts en Dr. Fourie) nie by die SAVGG proses betrokke was nie, verg dit taamlike oortuigingswerk om hulle binne daardie denkraamwerk te bring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die uitdaging wat die kerkraad geïdentifiseer het, is om die visie vir beliggaming en die drie patrone ooreenkomstig die visie/roeping (sien hierbo) binne die gemeente se gestuurde roeping opnuut te verstaan en praktiese uitvoering daaraan te gee.

Terwyl die historiese agtergrond, konteks, demografie en visioneringsproses van die gemeente hierbo baie kursories beskryf is, is die vraag egter wat die lewensuitkyk, waardes en oortuigings is wat die spiritualiteit en kultuur van die mense wat binne hierdie konteks leef, vorm. Vervolgens sal daaraan aandag geskenk word.

2.5.8 Samevatting

In hierdie afdeling is die konteks van die gemeente vanuit haar visioneringsprosesse belig. Die doel was om vanuit hierdie beskrywing meer lig op die verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit te werp. Dit blyk uit bogenoemde oorsigtelike beskrywing van die visioneringsproses in die gemeente dat die eerste vyftien jaar van bestaan vir die gemeente rondom hulle vestiging as gemeente met die nodige funksies waarmee die gemeente effektief bestuur kon word, gewentel het. Die gemeente was ’n goeie refleksie van Afrikanerdom in die tyd van Apartheid. Die gemeente het vanuit haar politieke beskermdheid nie veel oor haar roeping buite haarself nagedink nie. Die tweede fase waarin gemeentebou die fokus van leierskap was, is ’n besef van kerkmodelle en tipes gemeentes – elk met unieke bedieningstyle gekweek. ’n Derde en vierde fase van visionering het die gemeente op weg van soeke na God se wil gestuur wat tot die deel word van die SAVGG gelei het. Hierna sou die gemeente nooit meer slegs in terme van instandhouding oor haarself kon dink nie en het die gemeente baie meer bewus geword van haar roeping in die gemeenskap. Hierdie nuwe verstaan van identiteit, roeping en bediening het ’n tyd van konflik en nuwe uitdagings ingelei, wat verder gekompliseer was deur die wisseling van leraars. In terme van die gemeente se spiritualiteit was hierdie tyd van onsekerheid tot ’n groot mate vir die gemeente tot seën. Daar was minder selfgerigte bronne waarop staatgemaak kon word en al hoe meer moes God se aangesig en sy wil gesoek word vir die pad vorentoe.

2.6 Kultuur van die gemeente

’n Finale invalshoek tot die beskrywing van die gemeente se konteks (Osmer se eerste taak van praktiese teologie), is die navorser se beskrywing van die unieke karakter of kultuur van die gemeente soos dit duidelik uit verskeie bronne blyk. Hierdie beskrywing dien uiteindelik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om meer lig op die vraag na die verband tussen die gemeente se konteks, haar siening van verlossing en haar spiritualiteit te werp. Soos ’n persoon se identiteit sekere unieke karaktereienskappe het wat die persoon van ander onderskei, wys Hendriks (2004:105) daarop dat onderskeie gemeentes ook hulle unieke identiteit het. Hierdie identiteit, wys hy verder, word gevorm deur ’n aantal karaktereienskappe wat ontwikkel in ’n groep wat glo dat Jesus Christus die Here is en in ’n lewende verhouding met Hom leef. Vir die doel van hierdie studie word na die aard en die uitleef van hierdie verhouding as die spiritualiteit van die gemeente verwys. Hierdie verhouding met die drie-enige God vorm die gelowiges op spesifieke wyses sodat hulle as sub-kultuur in die breër kultuur waarin hulle leef ontwikkel. In hierdie afdeling word begin deur enkele inleidende opmerkings oor identiteit en kultuur, wat as raamwerk vir die beskrywing van die kultuur van die gemeente dien, te maak. Daarna sal oorgegaan word na die beskrywing van die kultuur aan die hand van rolmodelle en leierskap in die gemeente, die SAVGG gemeentevraelys, die heersende wêreldbeskouing en die voorkoms van simbole, aktiwiteite, rituele en stories in die gemeente.

2.6.1 Identiteit en kultuur

Hendriks (2004:105) onderskei tussen identiteit, wat na die persoonlikheid of karaktereienskappe van die gemeente verwys, en die kultuur, wat die omringende wêreld, die waardes en gewoontes wat mense daarbinne geskep het, verwoord. Beide die identiteit en kultuur van die gemeente is met die spiritualiteit daarvan vervleg. Die spiritualiteit van ’n gemeente ontwikkel voortdurend in die uitleef van hulle verstaan van wie God is, wat Hy doen en waarvoor Hy die gemeente geroep het. As sodanig is die identiteit en kultuur van ’n gemeente ’n voorsmaak van en venster op die koninkryk van God (Keifert, 2006:37, 63, 134).

Die doel van die beskrywing van die identiteit en kultuur van die gemeente in hierdie studie is om enersyds die spiritualiteitstendense asook die agtergrond waarteen dit ontwikkel het beter te verstaan en andersyds vas te stel tot watter mate dit die gemeente toerus om getrou te wees aan God se visie en roeping vir hierdie spesifieke gemeente in haar spesifieke konteks. Alle aspekte van die identiteit en kultuur van die gemeente sal dus nie in diepte ontgin en beskryf word nie. Slegs die hoofmomente word uitgelig ten einde genoegsame idee van die spiritualiteitstendense in die gemeente te identifiseer. Vir ’n meer volledige beskrywing van die gemeente in mikro-, meso- en makrokonteks, kan Mouton (2004:11-59) met vrug geraadpleeg word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.2 Rolmodelle en leierskap

’n Beskrywing van die leiersfigure en leierskap in die gemeente bied ’n blik op die kultuur van die gemeente op grond waarvan die gemeente se konteks beter verstaan word. Leiersfigure se spiritualiteit bepaal tot ’n groot mate die spiritualiteit van die gemeente. Mouton (2004:16) het deeglike navorsing rondom rolmodelle en leierskap in die eerste dekade van die gemeente neergestip. Hier word enkele aanhalings weergegee waardeur die spiritualiteit van hierdie leiers, en daarom ook iets van die kultuur van die gemeente, verhelder word:

“Dail Terblanche se gesag in die gemeente het in sy vroomheid gelê. Hy was geen groot kultuurgees, politieke figuur of sterk Afrikaner nie. Hy was net iemand wat naby aan die Here geleef het. Selfs die kinders by die skool het die grootste respek vir hom gehad.” (Mouton, 2004:16.)

“Kempie van Rooyen… was ’n minsame persoon met groot aanhang in die gemeenskap. …(Hy was) een van die sterkste bewaarders van die kerklike tradisie. …Kleredrag was vir hom uiters belangrik. Almal moes in alles onberispelik wees. …Hy het diakens by geleentheid Nasionale Party lidmaatskapboekies deur die wyke laat neem.” (Mouton, 2004:16.)

“Ben Olivier was vir jare stadsraadslid en ook op ’n stadium burgemeester…(wat) met die munisipaliteit en administrateur (reëlings) getref het om die erf vir kerkgebruik te bekom. Dit het teen ’n nominale prys geskied. …(Hy) was ’n Afrikaner by uitnemendheid. …Hy neem ook die inisiatief om die kerkraad as lid van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurorganisasies (FAK) te laat aansluit.” (Mouton, 2004:17.)

“Kosie Terblanche… seun van oom Dail Terblanche… ’n regte ‘ysterhand’… sterk tradisioneel, sterk Afrikaner. Kerk-wees was om op jou sterk wit Christelik-Nasionale Afrikaner manier ’n goeie NG Gemeente te wees.” (Mouton, 2004:17.)

In sy naskrif oor die rolmodelle en leierskap maak Mouton onder andere die volgende insiggewende opmerking wat sinvol bydra tot die navorsing in hierdie werkstuk:

> “Die styl, voorbeeld en konserwatiewe inslag van hierdie geslag leiers sou PE-Hoogland se wyse van kerk-wees tot diep in die negentigerjare stempel. Die eerste vroue is eers teen 1995 as diakens bevestig – meer as 10 jaar nadat die Algemene Sinode die weg hiervoor gebaan het.” (2004:17.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy verwys ook na die styl in die eerste 15 tot 20 jaar van die gemeente se bestaan as ’n mengsel van familie- en pastorale kerk, en dat die groei in die gemeente dus eerder die gevolg van geografiese kerkgrense as dinamiese leierskap was.

2.6.3 SAVGG Gemeentevraelys[24]

Hier word kortliks, aan die hand van ’n gemeentevraelys, ’n beskrywing van die kultuur van die gemeente gegee. Die doel is om, vanuit die hoek van die kultuur van die gemeente, haar konteks beter te verstaan, wat weer poog om ’n beter begrip vir die verband tussen die konteks, siening van verlossing en spiritualiteit van die gemeente te bied. Die gemeentevraelys wat in 2009, in opdrag van die kerkraad, geadministreer is, was deur vier en twintig lidmate, vanuit beide geslagte, alle ouderdomsgroepe en verskillende vlakke van betrokkenheid by die gemeente ingevul en deur ’n eksterne leesspan geïnterpreteer. Die kern van die leesverslag, met enkele beskrywende opmerkings deur die navorser, word hier weergegee.

2.6.3.1 Beskrywing van die gemeente

In die beskrywing van die gemeente blyk dit dat onderlinge verhoudinge, gemaksones, ingesteldheid op persoonlike groei en koestering van lidmate duidelik sigbaar is en so ervaar word. Alhoewel die taal van gestuurdheid voortdurend gebruik word, is dit nie in die aard van die gemeente om buite hulleself te dink nie en word daar gesukkel om uit die wegspringblokke te kom in terme van ’n algemene gestuurdheid van die gemeente. Dit blyk ook dat die leierskap juis daarom sukkel om ’n balans te handhaaf tussen versorging van lidmate en die mobilisering van die gemeente om hulle gestuurdheid uit te leef. Dit wil vir die navorser voorkom asof daar gelyktydig aan ’n instandhoudingsmodel en gestuurde model gewerk word wat uiteindelik teen mekaar inspeel en verwarring en rigtingloosheid meebring.

2.6.3.2 Siening van dissipelskap

In lidmate se beskrywing oor hulle siening van dissipelskap en hoe die gemeente hulle daarmee help is dit duidelik dat daar goed verstaan word dat dit oor ’n leefwyse in navolging van Jesus gaan. Die vraag is tot watter mate lidmate se persepsie van Jesus deur die konteks waarin hulle grootgeword het gekleur is en watter korrektiewe daarop nodig is. Dit is

24 Sien die vraelys en die leesverslag by bylaag D. Die vraelys en leesverslag is hier as bron gebruik om as deel van die beskrywende taak van prakties teologiese navorsing, ’n beter prentjie van die kultuur van die gemeente te bied. Die vraelys is aanvanklik gebruik as deel van die kerkraad se visioneringsproses wat deur die SAVGG ontwikkel is waarvolgens die kultuur in die gemeente bepaal is. Die doel van die vraelys was om lidmate, wat op verskeie vlakke met die gemeente verbind was, se ervaringe van die gemeente, ten opsigte van verskeie aspekte daarvan, te ondersoek. ’n Span opgeleide persone het onderhoude met vier en twintig lidmate gevoer en die reaksies verbatim aan ’n luisterspan deurgegee wat geloofsonderskeidend daardeur gewerk het en aan die kerkraad verslag gegee het oor wat hulle by die onderhoude gehoor het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volgens die navorser aan lidmate verskuldig om, veral ten opsigte van die verlossingswerk van Christus, teologies verder toegerus te word, wat hulle sal help om navolgers van Christus in alle aspekte van die lewe te wees. Ervaring van God se teenwoordigheid

Oor die maniere waarop God se teenwoordigheid in die gemeente ervaar word, reageer lidmate opsommend deur te sê: “God is goed vir ons”. Dit wil voorkom of die gemeente God se teenwoordigheid in terme van haar eie behoeftes raaksien en nie soseer in terme van God se werksaamheid in die wêreld en sy uitnodiging om by Hom aan te sluit nie.

2.6.3.3 Aanbidding

Aanbidding, in die vorm van verskillende eredienste met verskillende style, is ooglopend vir lidmate die ruimtes waar hulle gehelp word om God se teenwoordigheid te ervaar en Hom te aanbid. Vir baie lidmate bied eredienste ’n weeklikse geleentheid om die ervaring van behoort en veiligheid te beleef. Vir baie is dit ’n standhoudende aspek van hulle lewens – te midde van soveel veranderinge wat rondom hulle plaasvind. Eredienste speel so die rol van ’n emosionele anker vir onseker mense in onseker tye.

2.6.3.4 Konflikhantering

Vanuit die leesverslae oor lidmate se ervaring van konflikhantering in die gemeente blyk dit duidelik dat daar ’n ongesonde styl van konflikhantering heers. Dit lyk asof twee vorme van konflikhantering gevolg word, te wete: a) vermyding en b) driehoekvorming of blamering. Dit gee die skynbeeld dat alles in orde is, terwyl die eerlikheid rondom werklike gevoelens verberg word of weggehou word van die bron van konflik, terwyl dit met ander persone bespreek word. Die behoefte om alles in orde te laat lyk, lê moontlik diep in die psige van die lidmate. Konflik sou moontlik ’n teken van swakheid of struweling of tweespalt wees, wat die kerk (so word dit verstaan) nie mag toon nie. Die vermyding van konflik is ook ’n subtiele wegwys van enige andersdenkendheid. Daar is moontlik ook die oortuiging dat dit ’n deug is om ordentlik te wees met mekaar, en daarom weg te bly van konflik. Hierdeur word die rykdom in verskeidenheid verskraal en die evangelie verskraal of gereduseer en maak dit die ruimte dikwels onveilig vir persone wat met bepaalde sieninge sou verskil.

2.6.3.5 Persoonlike belewing van die gemeente

Lidmate se angs vlakke is grotendeels hoog as dit kom by die funksionering en oorlewing van die gemeente: Wat van die jongmense na belydenisaflegging word, die swak hantering van die “gay-issue“ (en ander morele kwessies) en die onpersoonlike karakter van die gemeente, is voorbeelde van sake wat angsvlakke laat styg. Tog is daar ook kommer oor die relevansie van die gemeente vir die werksplek en die wêreld daarbuite. Lidmate se hoop lê eweneens op die vlak van die geestelike stand van die gemeente: geestelike diepte,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afhanklikheid van die Heilige Gees, gebed en herlewing in die gemeente. Tog word die roepingsbewustheid, gestuurdheid en betrokkenheid by noodlydendes ook as hoopvol beskryf. Met enkele verwysings na die wêreld buite die kerk as uitsondering, speel die geskiedenis of konteks van die land en gebeure rondom ons geen rol in die stories van angs of hoop by lidmate nie. Dis asof God nie buite die kerk gesoek word nie, asof geloof geprivatiseer is en tot kerklike sake beperk is. ’n Gebrek aan ’n koninkrykperspektief: vrede, geregtigheid en vreugde vir God se ganse skepping, is opmerklik. Hoop en angs lê vir lidmate grotendeels op tegniese vlak, terwyl geloof en diepliggende waardes, of gebrek daaraan, amper geensins as bron van angs of hoop geïdentifiseer is nie.

2.6.3.6 Persepsie van verandering

Lidmate se beskrywing van veranderinge in die gemeente ontbloot iets van die feit dat lidmate verandering as tegniese skuiwe sien, eerder as om nuut te dink oor identiteit en roeping binne ’n bepaalde konteks.

2.6.3.7 Siening van veranderinge in die samelewing

Slegs enkele lidmate kyk met nuwe oë na die uitdagings en geleenthede wat die samelewingsveranderinge aan die kerk bied. By die meeste lidmate is daar ’n onvermoë om koninkryksgeleenthede in verandering raak te sien. Lidmate het juis die kerk nodig om geloofsperspektief op die uitdagings van grootskaalse verandering te bied. Hierdie uitdagings is oor die spektrum van lewe versprei en sluit huishoudings, werksomstandighede, finansies en verhoudings in. Dit is hier waar ’n verstaan van die verlossingswerk van Christus, wat alle aspekte van die lewe raak, volgens die navorser noodsaaklik is.

2.6.4 Wêreldbeskouing

Die gemeente se kultuur word ook deur die heersende wêreldbeskouing van haar lidmate bepaal. Hier word gepoog om iets van die wêreldbeskouing van die gemeente te beskryf wat verder lig op die konteks van die gemeente werp. Die doel is om, aan die hand van hierdie beskrywing, die verband tussen die kultuur, siening van verlossing en spiritualiteit van die gemeente beter te verstaan. Wêreldbeskouing beskryf die oorkoepelende raamwerk waarbinne die lewe geïnterpreteer word, ’n perspektief wat sin en betekenis aan die ganse lewe bied (Hendriks, 2004:133). Gemeentes word deur wêreldbeskouings[25] in die kultuur beïnvloed waarvolgens konsensus oor ’n tydperk bereik word oor wat goed of sleg is, oor waardes, gesindhede, oortuigings en die manier waarop dinge gedoen word. Kruger &

25 “As such, a world view is a belief system, a way of making sense of life in a typical context” (Hendriks 2004:134).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hofmeyr (2009:138) verwys na Heuvel wat aandui dat die eintlike stryd wat vandag in die wêreld, en ook in Suid-Afrika woed, ’n “stryd oor idees” is. Hiervolgens word individue, of hulle daarvan bewus is al dan nie, deur die idees van ’n wêreldbeskouing (paradigma) beheer. Aangesien individue deel van die gemeente is, beïnvloed hierdie idees ook die spiritualiteit van die gemeente.

Hendriks (2004:55) neem sy vertrekpunt vir die verduideliking van verskillende wêreldbeskouings vanuit die sisteemteorie[26] van Armour en Browning. Die basiese vertrekpunt van hierdie teorie is dat verskeidenheid tussen mense deur God geskep is. Daarom moet ’n organisasie, soos ’n gemeente, hulle diversiteit vier. Weens verandering op alle terreine van die lewe, beweeg verskillende mense in dieselfde gemeenskap in verskillende sisteme.

Die agt sisteme wat deur hierdie teorie geïdentifiseer is, is verskillende maniere van dink oor ons plek in die wêreld. Hierdie denksisteme – elk met ’n kognitiewe, affektiewe en konatiewe dimensie – beskryf afsonderlik ’n bepaalde wyse waarop selfverstaan gestruktureer word, lewens georganiseer word, prioriteite bepaal word, verhoudinge ingerig word, idees geanaliseer word en daar op innovasie en inisiatief gereageer word (Armour & Browning, 1997:11). Die mens se benadering tot leierskap, bestuur en die wyse waarop geleer en persoonlike vorming plaasvind, verskil ook van sisteem tot sisteem. Voorts, wys Hendriks (2004:56), is idees wat gehuldig word rondom kwessies soos die beeld van God, tyd, sonde, verlossing, spiritualiteit, vrees, leierskap, leerstyle en tipiese aktiwiteite eiesoortig in elke sisteem.

Sisteme, in hierdie teorie, verwys dus na die wyse waarop kompleksiteit hanteer word (Armour & Browning, 1997:17-19; Hendriks, 2004:56). Elke volgende sisteem (1 tot 8) verteenwoordig ’n meer komplekse benadering. So kan eenvoudiger (in die rigting van Sisteem 1) en ingewikkelder probleme (in die rigting van Sisteem 8) effektief hanteer word. Kompleksiteit het te doen met faktore soos globaal teenoor lokaal; konkrete denke teenoor die paradoksale; die hoeveelheid veranderlikes; die mate van langtermynfokus en die hoeveelheid energie benodig om dit in stand te hou. Dit is interessant dat daar in die twintigste eeu meer sisteme geaktiveer is as in die hele voorafgaande geskiedenis van die

26 Die sisteemteorie is die werk van die Amerikaanse ontwikkelingsielkundige, Dr Clare Graves, waarna dit deur twee predikante, Michael C. Armour en Don Browning op die kerk toegepas is en in hulle boek (sien bibliografie) uiteengesit is. “Systems theories here refers to a form of social, economic, or political organisation or practice based on a shared worldview and mindset. It is always based on values shared by individuals and groups” (Hendriks 2004:55).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mensheid (Armour & Browning, 1997:41). Dit is die gevolg van verandering en die gevolglike kompleksiteit van die moderne lewe. Vir ’n gemeente beteken dit dat sy goed rekening moet hou met die veranderinge in die samelewing – die roetine, werk en leefstyl van haar lidmate – en haar bedieningstyl daarvolgens moet aanpas (Hendriks, 2004:56). Die beweeg van een sisteem na ’n volgende vereis ingewikkelde transformasie wat dikwels met baie konflik, pyn en mislukte verhoudinge gepaard gaan. Hier speel leierskap ’n uiters belangrike rol om die gemeente deur transformasie te begelei.

Op grond van Armour en Browning se beskrywing van die agt sisteme, kan Hoogland waarskynlik die beste in terme van Sisteem 5 beskryf word, alhoewel daar ook tekens van sisteem vier en ses sigbaar is. Hiervolgens is persoonlike sukses en prestasie die primêre kwessies vir bestaan (Hendriks, 2004:61). Dis ’n wêreld vol geleenthede en grenslose potensiaal waarin daar nie plek vir vrees is nie. Effektiwiteit, vaardigheid en sukses is die sleutelwoorde en strategiese beplanning, missiestellings en doelwitstellings is die kerntake in Sisteem 5. Leierskap moet kan uitsette lewer, maar in ’n nuwe, meer informele, minder rigiede styl met ’n uitdagende, visionerende fokus en klem op mentorskap. Daar is verder ’n sterk klem op die ontwikkeling van mense se gawes en die plasing van die regte persoon op die regte plek vir die regte doel.

In die kerngesin, ooreenkomstig Sisteem 5, is vroue gelyk aan mans en beklee dikwels professionele beroepe buite die huis. Kinders het veel meer vryheid en geleenthede en daar word van hulle verwag om hard te studeer met die oog op hulle loopbane. Hiervoor is die keuse van die regte skool, vakkeuses, universiteit en kursus, asook die regte vriende essensieel. Gesinne is meer mobiel en verwissel makliker van plek. In ’n gejaagde en besige lewe eet gesinne selde saam en tyd word nie aan iets bestee wat nie produktief is nie (Hendriks, 2004:61).

In lyn met die individualistiese neiging van modernisme, wys Hendriks (2004:62) daarop dat gelowiges hulle spiritualiteit in terme van persoonlike verlossing en die ontwikkeling en benutting van persoonlike gawes beleef en dat kerkgroei en sukses op alle terreine van die lewe ’n sleutelrol speel. Praktiese teologie speel ’n groter rol as sistematiese teologie en die etos en styl van die korporatiewe wêreld het op ’n manier toegang tot die kerk gevind – wat tot ’n totaal nuwe manier van kommunikasie, leierskap, organisasie en struktuur lei. Hierdie is byna teksboekbeskrywings van die gemeente.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In sy opsomming van die Sisteemteorie, wys Hendriks (2004:62) daarop dat Sisteem 5, in ’n wêreld wat groot klem op prestasie en kundige uitset plaas, negatief op alle vorme van onbekwaamheid, oningeligte leierskap, onnodige reëls en regulasies en stadige besluitnemingsprosesse reageer. Hierdie gesindheid was kenmerkend van die gemeente, veral toe die kerkraad (met onsekerheid) lang prosesse van geloofsonderskeiding met die oog op groot besluite gevolg het. Insgelyks is die sterkpunte van Sisteem 5 die kreatiwiteit, duidelike sin vir rigting, sterk dryfkrag en die vermoë om probleme te identifiseer en op te los wat daarmee gepaard gaan. Hierdie sisteem ontwikkel materiële welstand, ’n groot middelklas in die samelewing, asook buitengewoon welgestelde persone. Aan die negatiewe kant, wys Hendriks (2004:62), kan so ’n sisteem maklik in materialisme verval, uiterste armoede skep en nie ekologies sensitief fungeer nie. Mense word op grond van wat hulle doen, en nie wie hulle is nie, beoordeel. In die lig hiervan is dit kenmerkend van die gemeente om eerder klem op bekwaamheid en nuttigheid van mense as die kweek van gesonde verhoudings te plaas. Verder is die sisteem so funksioneel dat dit nie ruimte het vir mense wat nie volgens standaard optree nie. Verhoudings is sekondêr, uitbranding en depressie, saam met gebroke huwelike, ongelukkige kinders en ’n diep gevoel van onveiligheid en lae selfwaarde – wat met luide uitwaartse selfversekerdheid gekompenseer word – is die kenmerkende tekens van Sisteem 5. Hierdie beskrywing stem grotendeels ooreen met die beskrywing van die gemeente in 2.4 hierbo.

Die kultuur van ’n Sisteem 5-wêreldbeskouing, wat ten grondslag van die gemeente blyk te lê, se invloed op die gemeente se spiritualiteit behoort vir ’n oomblik aandag te geniet. Kenmerkend van so ’n spiritualiteit is dié van sekerheid, sukses, hoë vlakke van aktiwiteit, en programme wat effektief en professioneel bestuur word. Armour en Browning (1997:98) beklemtoon die individualistiese karakter van geloofsbelewenis in hierdie wêreldbeskouing. Dit fokus eerder op die gelowige se persoonlike verhouding en pad met die Here, as die gesamentlike aanbidding en onderlinge eenheid. Selfverwesenliking in verhoudings, die huwelik, kinderopvoeding en lewensvaardighede, asook toerusting in persoonlike geestelike groei en -stiltetyd is behoeftes wat sterk deur lidmate uitgespreek word, wat ’n bevestiging van die prominensie van hierdie wêreldbeskouing by die gemeente is. ’n Hoë premie word op persoonlike sukses in terme van geloofsbelewing geplaas. Sisteem 5-spiritualiteit is meer sigbaar en hoorbaar, meer opspraakwekkend, laat minder ruimte vir onsekerheid, en gee aan lidmate duidelike kontoere van wat die Woord van God in bykans alle omstandighede sê. Lidmate voel onvergenoegd en selfs gefrustreerd wanneer preke nie prakties en relevant in terme van hulle konkrete lewens is nie. Eredienste is verder gedifferensieer in terme van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanbiddingstyl, te wete: informeel, klassiek en kontemporêr, ter wille daarvan om aan "almal se voorkeure te voorsien" (NG Kerk PE-Hoogland, 2010:2). Ook deur die loop van die week is die kerkkompleks 'n miernes van bedrywighede waar daar vir 'n wye spektrum van mense, ook van buite die gemeente, iets aangebied word.

Getrou aan Sisteem 5-denke speel lojaliteit aan en verbintenis tot die gemeente nie meer 'n belangrike rol in lidmate se lewens nie. Dit is baie algemeen dat lidmate by ander gemeentes en denominasies gaan eredienste bywoon, of selfs kursusse volg terwyl hulle lidmaatskap nie by die gemeente opgesê word nie. Dit spreek ook van hulle ergernis met leerstellige kwessies – solank dit vir hulle werk is hulle daar. Deel van Hoogland se strewe is om elke lidmaat die geleentheid te bied om tot volle potensiaal te ontwikkel in terme van sy/haar gawes om God se droom vir hom/haar suksesvol te kan uitleef. Hieruit is dit duidelik dat die gemeente sterk vanuit 'n Sisteem 5-wêreldbeskouing fungeer.

Dit is duidelik dat die wêreldbeskouing van die geloofsgemeenskap in 'n bepaalde konteks 'n beduidende invloed op die vorming van die spiritualiteit van daardie gemeenskap het. Dit is, na aanleiding van die klem op die persoonlike pad met die Here, moontlik dat verlossing en spiritualiteit in hierdie wêreldbeskouing hoofsaaklik persoonlik en individualisties beskou word.

2.6.5 Simbole

Simbole, soos liturgies verweef tydens eredienste, roep 'n kompleksiteit van betekenisse na vore en verteenwoordig dit waarmee gelowiges assosieer (Hendriks, 2004:136). Deur na te dink oor die simbole wat in 'n gemeente prominensie geniet, word baie van die kultuur daarvan afgelei en bied dit verheldering ten opsigte van die konteks van die gemeente. Ook die argitektuur, uitleg, benutting van spasie, artefakte en kunswerke van gemeentes spreek boekdele oor die gemeente se kultuur en wêreldbeskouing[27]. So word die konteks van die gemeente nog nader beskryf in die lig waarvan die verband tussen die konteks, siening van verlossing en spiritualiteit van die gemeente beter begryp word.

In Mouton (2004:42) se beskrywing van die kerkgebou van die gemeente, merk hy dat die ontwerp daarvan op die skep van 'n "gewyde atmosfeer waarin die gemeente 'n tuiste en plek vind vir kontak met hul Skepper" fokus. Die opwaartse daklyn, wat uiteindelik by die toring aansluit, dui op die Godgerigtheid as hoogste prioriteit. Terselfdertyd bied die groot

27 "The medium is the message" (Frost & Hirsch 2003:149), vergelyk ook Hendriks (2004:134).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

enkeldak wat afwaarts en uitwaarts vloei, gesamentlik met lang banke wat regdeur loop, ’n sterk gevoel van samehorigheid en eenheid van die gemeente. Hy wys verder dat die liturgiese ruimte klem laat val op die Woordverkondiging en sakramente van die doop en die nagmaal. Met die orrel en ander musiekinstrumente wat na die liturgiese ruimte verskuif is, is daar ’n besliste herwaardering en fokus op musikale aanbidding. Woordverkondiging vind tydens aanddienste, sowel as informele oggenddienste vanaf die platform plaas. ’n Byna feestelike ervaring word dus geskep van die gemeente as eenheid wat aanbiddend rondom die sakramente en Woord vergader om hulle verlossing in Christus te vier. Die sakramente het ook ’n samebindende krag waardeur gelowiges hulle verbondenheid met mekaar, deur Christus se verlossingswerk, ontdek.

Die konsistorie, vanwaar die kerkraad vroeër aan die begin van die erediens verby al die lidmate na die kerkraadsbank (wat met die aanbring van die platform rondom die kansel weggeneem is) langs die kansel gestap het, is intussen in “Die Voorhuis”, ’n ruimte (uit gebrek aan ’n groot genoeg en doelmatige kuierarea) vir gesellige samesyn voor en na eredienste, omskep. Die teologiese motiewe van die argitekte moes deur die jare sekere skuiwe ondergaan – wat struktureel uitgebeeld is. Hier is ’n poging om individuele verlossing op sosiale vlak te laat uitspeel in gesellige saamverkeer en sodoende die gemeenskaplike aard van verlossing te beklemtoon.

Die drie kruise teen die muur, bo die kansel, is ’n sterk fokuspunt met teologiese waarde wat by dié van die argitektuur aansluit en Christologies aanvul. Daar word op verskillende maniere, met kleur en uitbeeldings moeite gedoen om die kerklike jaartemas visueel te maak. Daar is slegs kunswerke in die ingangsportaal (Christusgesig, deur Martin Wessels en tonele uit die Kersverhaal). Hierdie kunswerke, al is dit hoe beperk, dra by tot die beklemtoning dat die Woord vlees geword het – nie net om in ons harte neerslag te vind nie, maar om ons in al ons sintuie aan te raak en te inspireer. Die boodskap van verlossing vir die totale mens word op hierdie manier oorgedra.

Die teenwoordigheid van tafeltjies en stoeltjies in die gange aan weerskante van die banke – waarby kinders tydens byeenkomste kan teken, inkleur of legkaarte bou, beklemtoon die verwelkomende aard van die gemeente ten opsigte van kinders. Die rolstoelvriendelike parkering, ingange, en vloei tussen lokale, beklemtoon die gemeente se sensitiwiteit teenoor gestremdheid. Verlossing in Christus maak sy gemeente ’n gasvrye en verwelkomende ruimte – ook vir die “kleintjies”, weerloses en geringstes in die samelewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gebruik van uitstekende instrumente, musiekgroepe, klank- en beligtingtoerusting en multimedia bevestig die gemeente se strewe na uitnemendheid en bediening in eietydse styl. Dit dui ook op die kerk se poging om "by te bly" in terme van die nuutste musieksmake en – klanke. Weer eens is dit tipiese karaktereienskappe van 'n Sisteem 5-denkpatroon. Terwyl hierdie strewe na uitnemendheid tot opbou van die gemeente se aanbiddingsgeleenthede dien, is die navorser van oordeel dat daar gewaak moet word teen die gevaar dat die fokus op uitnemendheid (na binne) die gemeente blind maak vir die nood buite die gemeente – dat "ons" verlossing ons selfgenoegsaam[28] maak en ons van die verskeie vorme waarop verlossing na buite uitgeleef moet word, vergeet.

Die omskepping van die administratiewe area na 'n kantoorarea waar alle personeel, wat die predikante insluit, vanuit kantore werk, het meegebring dat lidmate via die kantoor toegang tot die leraars en alle ander bedieningsaspekte vind. Lidmate spreek die leraars minder, soos voorheen, by die pastorieë. Lidmate word op versoek deur leraars, maar ook bedieningspanne besoek. Hier is 'n doelbewuste wegbeweeg van die herder-kudde model na 'n korporatiewe model. Daar is dus wegbeweeg van die idee van 'n professionele dominee wat almal moet sien na die verstaan van die gemeente as 'n liggaam waarin almal se gawes tot hulle reg kom. 'n Sterk fokus word op die professionele bestuur van al hierdie bedieninge geplaas. Hierdie beeld is eweneens eie aan 'n Sisteem 5-wêreldbeskouing. Daar moet, na die oordeel van die navorser, hard gewerk word om verhoudinge, te midde van 'n professioneel korporatiewe omgewing, as kernwaarde te handhaaf en uit te bou.

2.6.6 Aktiwiteite

Eweneens is gemeentes se aktiwiteite[29] vensters op hulle spiritualiteit, kultuur en identiteit en dra die beskrywing daarvan by tot 'n beter begrip van die konteks van die gemeente. Hierdie beskrywing dien om die verband tussen die gemeente se konteks, haar siening van verlossing en haar spiritualiteit beter te verstaan.

Die feit dat die gemeente getalsgewys groot is, het dikwels tot die gevolg dat verhoudinge skade ly. Die keuse van aktiwiteite in die gemeente is daarom enersyds op die vestiging van verhoudinge en andersyds op die vestiging van geloofsgewoontes gefokus waardeur

28 Die klem op "ons" behoeftes, mag, na die oordeel van die navorser, verbind word met die klem op selfbelang in 'n verbruikerskultuur waar verlossing as 'n "verbruikersartikel" gesien kan word.

29 Hendriks (2004:135) verwys na aktiwiteite soos koorfeeste, kerkraadsvergaderings, vroue-byeenkomste, fondsinsamelings, godsdiensonderrig, sosiale byeenkomste, taakgeoriënteerde aktiwiteite, bedieninge, roetinetake en verwelkoming van nuwe lidmate.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verlossing op verskillende terreine van die lewe uitgeleef kan word. Die gemeente het ’n ritme waarin aktiwiteite op ’n jaarlikse basis plaasvind. Hieronder is die basaar, jeugnaweek (vir jongmense in hoërskool), wêreldsendingnaweek, avontuurweek (vir laerskoolkinders), kerkraadsretraite, vroueretraite, verskeie sangdienste (seniorlofsang-, lentelofsang-, kerssang-, paassang- en pinkstersangdienste), spesiale eredienste (vir bejaardes, skoolverlaters, uitstuur van sendelinge, ensovoorts), Bybelstudiegeleenthede en kerkjaargeleenthede (byvoorbeeld Epifanie, Lydenstyd, die Groot Lydensweek, Paastyd, Pinkstertyd, Koninkrykstyd en Adventstyd). Daar is vele diensgeleenthede waar lidmate kan betrokke raak deur die skenking van produkte of persoonlike deelname. Die weeklikse teedrink tussen die oggenddienste en voor die aanddienste speel ’n rol in die sosialisering en die informele bou van verhoudinge tussen lidmate. Lidmate word sterk aangemoedig om by kleingroepe en bedieninge betrokke te raak waar hulle behoeftes aan geloofsgroei, sorg en dienslewering ondervang kan word.

Vergaderings vind veral op kerkraadsvlak (maandeliks) en personeelvlak (weekliks) plaas. Die gebruik van ‘Woon/Wandel in die Woord’[30] is ’n instelling by al hierdie vergaderings, terwyl daar ook ruim tyd vir die vertel van stories[31] verleen word. Hierdie stories word as verhale van God se verlossingswerk verstaan. So word ’n groter verstaan gevestig van God se verlossingswerk wat op verskillende plekke in hierdie wêreld plaasvind. Die navorser oordeel dat hierdie gewoonte baie positief bydra as een van die kragte wat ’n individualistiese spiritualiteit en seining van verlossing teenwerk. Dit skep gemeenskap en lei tot geloofsonderskeiding wat nie net aan ’n leraar of individu oorgelaat word nie.

2.6.7 Rituele

Die navorser ondersoek die verband tussen die gemeente se konteks, haar siening van verlossing en haar spiritualiteit ten einde ’n geïntegreerde spiritualiteit voor te stel waarvolgens die gemeente sinvol in die wêreld kan leef. Rituele word hier beskryf om ’n verdere perspektief op die kultuur, en sodoende ook die konteks van die gemeente, te plaas.

---

30 Woon in die Woord is ’n geloofsgebruik wat deur die SAVGG (wat dit Wandel in die Woord noem) aan die gemeente bekendgestel is waarvolgens ’n spesifieke teks oor ’n lang tydperk op ’n spesifieke wyse gelees word: Nadat gebid is, word die teks gelees en ’n minuut of twee se stilte word gegee vir nadenke oor ’n woord, frase, sin of gedagte wat vir die lede na vore gekom het tydens die lees van die teks, of vir vrae wat kon opduik. Lede word versoek om 2-2 met mekaar te gesels, maar verkieslik met ’n lid van die groep vir wie hulle die swakste ken – en darem vriendelik lyk. So word die dissipline van oor grense gaan aangeleer. Twee tot drie minute per persoon word gegee. In hierdie oefening moet elkeen versigtig luister na wat sy/haar vriendelike vreemdeling vriend/vriendin sê. By die terugvoergeleentheid direk hierna word gevra dat elkeen sal terugvoer gee oor wat hulle vriendelike vreemdeling vriend/vriendin gesê het. So word die dissipline van luister aangeleer. Die fasiliteerder eggo, en maak notas, sonder om te interpreteer of waarde-oordele aan dit wat gesê word te heg. ’n Geskikte tydsduur vir so ’n oefening in geloofsonderskeiding is 30 tot 40 minute. Die lede word deur die verloop van die vergadering teruggeneem (enige lid van die vergadering kan enige tyd die groep se aandag weer daarop vestig) na dit wat hulle saam onderskei het – as riglyn vir hulle besprekings.

31 ’n Tyd word ingeruim vir lede om te vertel waar hulle God die vorige week of maand in hulle eie lewens of in dié van die gemeenskap sien werk het, of waar God beleef of gesien is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rituele, wys Hendriks (2004:137), is formele seremonies, gewoontes of aksies wat die geloof en gebruike van mense en gemeentes uitdruk[32]. Hiervan is die weeklikse erediens die mees algemene waar ’n geloofsisteem, wêreldbeskouing en geloof tot uitdrukking kom. Die gemeente het weekliks drie eredienste, te wete ’n informele diens (met ’n sanggroep en instrumentaliste wat die sang begelei en informele liturgie gevolg word), ’n klassieke diens (waar sang met die orrel en klassieke instrumente begelei word en klassieke litanieë en liturgiese elemente gebruik word) en ’n kontemporêre aanddiens (met ’n orkes, beligting en sterker fokus op die gebruik van multimedia). Die Skriflesing vir die prediking verskyn in Afrikaans en Engels op die skerm en daar word dikwels Engelse liedere deel gemaak van die sangrepertoire van die erediens. Eredienste is vieringsgeleenthede waar sang ’n belangrike rol speel. Eredienste is ook geleenthede om deur Woordverkondiging gevorm en gestuur te word. Ander liturgiese momente, byvoorbeeld gebed, die Wet, skuldbelydenis en –vergifnis, stilte en geloofsbelydenis vervul die funksie van herinnering en vorming in terme van identiteit en roeping – op kollektiewe sowel as persoonlike vlak.

Die nagmaal word maandeliks tydens die oggend- en aanddienste gevier en ’n variasie van vieringstyle (byvoorbeeld tradisionele uitdeelnagmaal, vorentoe kom om die tekens te kom haal, wydingsnagmaal wat in stilte gehou word, tekens wat op verskillende plekke in die kerkgebou gehaal kan word) word daarvoor gebruik. Die doop word ten minste tydens een erediens per maand aan kinders van gelowige ouers bedien. Familie en vriende word genooi om saam met die doopouers en babas na vore te kom tydens die instelling van die doop. ’n Bybel en doopseël, en soms ’n doopkers, word aan die doopouers oorhandig. Hier word ’n sterk fokus op verlossing vanuit ’n verbondsteologie en die gemeenskaplikheid van die gemeente se geloof geplaas.

Belydenisaflegging vind twee keer per jaar plaas. Katkisante wat hulle kategese voltooi het ontvang ’n sertifikaat en kan by enige gemeente aansoek doen om belydenis van geloof af te lê. ’n Gesprek oor geloofsekerheid en lidmaatskap vind plaas waarna die kerkraad goedkeuring om lidmaatskap verleen. Die vraag na wat lidmaatskap bewerkstellig bly voor die deur van die gemeente. “Die doop is die inlywing tot die gemeente, waarom vind lidmaatskap eers plaas na openbare belydenisaflegging?”, word gevra. Hier word die vraag na die mens se aandeel in verlossing ook op die spits gedryf. Hieroor is daar nie altyd eenstemmigheid nie.

32 “Rituals are the textbooks of culture and identity... they define who we are and what we believe” (Hendriks 2004:137).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.8 Verlossing deur die oë van leiers

’n Finale poging om die kultuur van die gemeente beter te verstaan, is die beskrywing van twee groepe leiers (kerkraad en kategesegroepleiers) se siening van verlossing. As deel van die kerkraad en kategesebediening se evaluering aan die einde van 2010, is aan hulle gevra om individueel kortliks op die vraag na wat Christus se verlossing vir hulle beteken, te antwoord. Alhoewel nie op ’n wetenskaplike steekproefbasis nie, is daar taamlike ooreenstemming tussen die terugvoer van die groep kerkraadslede (bylaag A) en kategesegroepleiers (bylaag B) wat afsonderlik oor die betekenis van verlossing gedink het. Verlossing gaan vir hierdie lidmate primêr oor persoonlike redding deur Jesus se plaasvervangende dood aan die kruis. Hierdie verlossing kom in werking die oomblik wat die individu sy/haar skuld bely en die verlossing wat God deur sy Seun bied, in geloof aanvaar. Hierdie aarde het nie veel waarde nie, daarom word die mens uit die verloregaande wêreld gered. Die hemel, ’n bestemming buite hierdie wêreld, aan die einde van die tye, is die finale beloning aan al die verlostes. Die beskrywing van hierdie twee groepe se siening van verlossing, wat moontlik verteenwoordigend van die groter gemeente se siening van verlossing is, is ’n verdere aanduiding van die kultuur, in hierdie geval – godsdienstige kultuur – van die gemeente, wat help om ’n beter verstaan van die konteks van die gemeente te verstaan. Hiervolgens is ’n sterk individualisme en dualisme teenwoordig. Die navorser is van oortuiging dat dit nie net in die gemeente die geval is nie, maar dat dit ’n algemene tendens in die Westerse wêreld is.

2.6.9 Eie waarneming en gevolgtrekkings

Opsommend kan gesê word dat die gemeente gekenmerk word deur ’n sterk onderbou van ’n Afrikanerkultuur waarin beide vroom, individualistiese godsdienstigheid en die instandhouding van die gemeente, ter wille van die lidmate, belangrik is. Hoogland poog om ’n goeie gemeente vir haar lidmate te wees wat sterk op die behoeftes van haar lidmate gefokus is. Dit is ook duidelik dat die gemeente dit uiters moeilik vind om haar konteks te verreken met die oog op haar bediening – wat moontlik geskep is deur relatiewe welvaart wat aan die gemeente ’n gemaksone bied. Daar is wel vele inisiatiewe geneem om God se omvattende verlossingswerk, wat meer is as die persoonlike oorgawe aan die Here wat privaat en individualisties is, te beklemtoon. Die spiritualiteit van die gemeente berus steeds oorwegend op die siening van verlossing as ’n persoonlike saak tussen die individu en die Here, alhoewel daar ’n groeiende bewussyn is van verlossing wat op elke terrien van die lewe ’n invloed het. Dit was veral die betrokkenheid by die SAVGG en die gemeente se ontdekking van haar gestuurde identiteit en roeping, wat die draaipunt ten opsigte van haar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kultuur – weg van ’n selfgesentreerde organisasie, na ’n gestuurde gemeenskap – meegebring het.

2.7 Slot

Die vraag by die navorser is hoe ’n teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit kan lyk en hoe ’n oorgang na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit bewerkstellig kan word wat vir lidmate, spesifiek vanuit hulle verstaan van verlossing, sin kan gee vir hulle bestaan as gelowiges in hierdie wêreld. Die navorser neem sy vertrekpunt by die verstaan dat daar ’n verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit is. Ten einde die oorgang na ’n geïntegreerde spiritualiteit te bewerkstellig, is Osmer se eerste taak van praktiese teologie, naamlik die beskrywing van die konteks, in hierdie hoofstuk as beginpunt van hierdie navorsing geneem. Die navorser het die konteks waarin die gemeente ontstaan en ontwikkel het – waarbinne ’n bepaalde verstaan van verlossing oor dekades neerslag gevind het en tot sekere spiritualiteitstendense ontwikkel het, beskryf. Na aanleiding van hierdie beskrywing, kan die volgende samevattende opmerkings gemaak word:

2.7.1 Hoogland se ontstaan en beginjare word gekenmerk deur die erkenning en navolging van die Apartheidsideale van Afrikanerbevoorregting en die Groepsgebiedewet.

2.7.2 ’n Dualistiese wêreldbeskouing was van meet af deel van die spiritualiteit van die gemeente en is veral sigbaar in die wyse waarop die gemeente dit deurlopend moeilik vind om haar konteks ernstig te neem – deur selfs meer geestelik of godsdienstig te raak in tye van interne uitdagings en worstelinge. So is daar telkens van die kontekstuele uitdagings na ’n geestelike “wêreld” ontsnap. Selfs deur al die sosiologiese veranderinge waardeur die gemeente haar bediening moes uitwerk, was verlossing veral in terme van die geestelike aspekte (asof die wêreld in geestelike en nie-geestelike kategorieë verdeel kan word) van die lewe verstaan, terwyl daar nog nie ’n deeglike begrip van die koninkryk van God en die verlossing van die ganse skepping gevestig is nie. Hierdie diep teologiese oortuigings lê ten grondslag van die gemeente se spiritualiteit.

2.7.3 Synde ’n tipiese Sisteem 5-gemeente, is haar spiritualiteit gekenmerk deur individualisme, sukses, uitnemendheid en professionaliteit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7.4 Strategies teologiese beplanning het in ’n eerste rondte gelei tot sisteme waardeur die gemeente meer effektief kon fungeer, maar met die primêre fokus op instandhouding van die gemeente. Sosiologiese prosesse, veral na 1994, het die gemeente genoop om opnuut haar roeping te ontdek. Dit het gelei tot die deel word van die SAVGG en ’n proses wat die gemeente op ’n nuwe weg, naamlik dié van ’n missionêre verstaan van haar identiteit en roeping, geplaas het. ’n Verskuiwing van die gemeente se denke oor haarself het plaasgevind, naamlik vanaf ’n suksesvolle en selfgerigte gemeente, na ’n afhanklike en soekende gemeente. ’n Spiritualiteit waarin wegbeweeg is van selfaktualisering na afhanklikheid van die Heilige Gees, asook die beweging oor grense, het begin ontwikkel. Dit het tot gevolg gehad dat ’n eensydige teologiese verstaan van verlossing, wat deur die Apartheidsideologie gevestig is, stelselmatig deurbreek is met ’n meer omvattende verstaan daarvan.

2.7.5 Persoonlike, individuele verlossing, met die hoofdoel om die ewige lewe te verkry, blyk die gemeente se diepste verstaan van verlossing te wees en het ’n geprivatiseerde en individualistiese spiritualiteit tot gevolg. Die transformasieproses (SAVGG) in die gemeente is daarop gerig om hierdie eenduidige fokus van die totale bediening op die redding van siele en instandhouding van die gemeente ter wille van die gereddes te transformeer na ’n bediening waardeur Jesus oor grense heen gevolg word in die sigbaarmaking van die koninkryk van God in die wêreld.

2.7.6 Die spiritualiteit van die gemeente word verder geken aan inklusiwiteit ten opsigte van voorkeure van aanbiddingstyl, ouderdom, geslag en teologiese oortuiginge.

Die gemeente is in hierdie hoofstuk beskryf om sodoende ’n deeglike prentjie van haar konteks: haar agtergrond, demografie, kultuur en teologiese raamwerk, veral ten opsigte van die konsep van verlossing, te skets. Ter wille daarvan om die gemeente in haar konteks, soos in hierdie hoofstuk beskryf, beter te verstaan, word nou oorgegaan na ’n analise van die makrokonteks waarin die gemeente bestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3: Makrokonteks

3.1 Inleiding

Die vraag by die navorser is hoe ’n teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit kan lyk en hoe ’n oorgang na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit bewerkstellig kan word wat vir lidmate, spesifiek vanuit hulle verstaan van verlossing, sin kan gee vir hulle bestaan as gelowiges in hierdie wêreld. Die navorser is geïnteresseerd in die verband tussen die gemeente se konteks, haar siening van verlossing en haar spiritualiteit. Die navorser het in die vorige hoofstuk, volgens Osmer se eerste taak van praktiese teologie, ’n beskrywing van die gemeente se mikrokonteks gegee. Die doel was om ’n beter begrip van die konteks te hê waarbinne die gemeente ’n sekere verstaan van verlossing ontwikkel het en tot ’n spesifieke spiritualiteit aanleiding gegee het. In hierdie hoofstuk word nou na Osmer se tweede taak van praktiese teologie, naamlik die interpreterende taak oorgegaan. Hier word groter tendense in die makrokonteks beskryf wat insig en perspektief aan die mikrotendense bied.

In hierdie hoofstuk word die groter en breër konteks van die gemeente onder die vergrootglas geplaas en wel onder twee kategorieë, naamlik: internasionaal en nasionaal. Ter wille van die beknoptheid van die studie word hierdie keuse gemaak op grond van die navorser se oordeel oor die gebeure wat oor die afgelope drie tot vier dekades op onderskeidelik internasionale en nasionale vlakke die grootste invloed in die samelewing teweeg gebring het. Gegewe die bykans onbeskryflike groei in tegnologiese ontwikkeling, wat seker as die enkele grootste invloed op internasionale vlak in hierdie tydvak beskryf kan word, word die invloed van wêreldwye inligting- en kommunikasietegnologie, globalisasie en netwerk op die samelewing, waarbinne die kerk haar roeping moet onderskei, in die eerste plek bespreek.

’n Tweede invalshoek op die groter konteks waarin die NG Kerk, en met name die gemeente onder bespreking, haar roeping moet onderskei, is dié van die oorgang van Suid-Afrika vanaf apartheid na ’n demokratiese bestel na 1990. Hierdie politieke en sosiologiese transformasieproses, oordeel die navorser, is dig verweef[33] met die teologiese onderbou van die spiritualiteit van die gemeente. Dit word egter dikwels oorgesien en nagelaat om in berekening te bring wanneer spiritualiteitstendense op plaaslike vlak bestudeer word. Die navorser is van mening dat hierdie nie die enigste nie, maar die vernaamste invloede vanuit

33 Teologie en ideologie is dikwels moeilik om van mekaar te onderskei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die makrokonteks op die gemeente is en kies daarom doelbewus om iets van die kompleksiteit van hierdie verweefdheid en die manifestering daarvan in ’n tydperk van transformasie te ontsluit. Die analise van die makrokonteks op hierdie wyse, dien as raamwerk waarbinne die spiritualiteitstendense in die gemeente geïnterpreteer en beter verstaan kan word.

3.2 Verskuiwings op internasionale front

Vanuit die navorser se verstaan dat daar ’n verband tussen die gemeente se konteks, haar siening van verlossing en haar spiritualiteit is, is hy van mening dat verskuiwings op globale gebied ’n nuwe samelewing die lig laat sien het wat ’n wesenlike invloed op die spiritualiteit van die plaaslike gemeente het. Ter wille van ’n beter verstaan van die spiritualiteitstendense in die gemeente, word die verskuiwings op globale front en die impak daarvan op die gemeente in oënskou geneem.

Die globale invloed van die sogenaamde tegnologie-ontploffing oor die afgelope drie tot vier dekades het ongekende verskuiwings op feitlik alle terreine van die lewe meegebring. Castells (2004:1) noem dit ’n netwerksamelewing wat hoofsaaklik gekenmerk word deur a) die globalisering van strategies beslissende ekonomiese aktiwiteite, b) die netwerkgestalte van organisasie, c) die vloeibaarheid en onstabiliteit van werk en individualisering van arbeid, d) die kultuur van werklike virtualiteit deur middel van ’n komplekse mediasisteem, en e) die transformasie van tyd en ruimte deur die instelling van vloeibare ruimte en tydlose tyd as uitdrukkings van die oorheersende aktiwiteite van die elite in beheer.

In hierdie afdeling sal daar eerstens gekyk word na die globale impak van inligting- en kommunikasietegnologie, waarna die aandag na die verskynsels van globalisasie en netwerke sal verskuif. Daarnaas word gevra na die invloede van hierdie verskynsels op verskeie aspekte van die samelewing en die verband daarvan met groeiende krisisse op ekonomiese, sosiale en ekologiese gebiede. Uiteindelik word gevra na die impak van hierdie verskynsels op die spiritualiteit van die gemeente.

3.2.1 Inligting- en kommunikasietegnologie

Die ganse planeet se inligtingsisteme en kommunikasieprosesse is die afgelope drie dekades deur telekommunikasienetwerke van rekenaars georganiseer. Die totale omvang van menslike aktiwiteite is dus van die mag van inligting afhanklik wat op sy beurt deur snelle tegnologiese vooruitgang en ontwikkeling toeganklik gemaak word. Terselfdertyd maak die ontwikkeling van rekenaarsagteware gebruikersvriendelike rekenaars moontlik,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sodat selfs miljoene kinders regoor die wêreld, deur middel van basiese rekenaaropleiding, toegang het tot inligting waardeur hulle kennis en vaardighede om welvaart te skep, op ’n eenvoudige manier, en vinniger as enige generasie voor hulle, kan bekom. Die internet (wat teen die draai van die eeu deur ongeveer honderd miljoen mense gebruik is en sedertdien op jaar-tot-jaar grondslag verdubbel) is ’n kanaal van universele kommunikasie waar verskeie belangstellings en waardes, in ’n kreatiewe kakofonie, saambestaan.

Die beskikbaarheid en benutting van inligting- en kommunikasietegnologie het ’n voorwaarde vir ekonomiese en sosiale ontwikkeling in die wêreld geword. Daar is dus ’n statistiese verwantskap tussen toeganklikheid van inligtingstegnologie, produktiwiteit en kompeterende deelname aan ekonomiese bedrywighede. Verder is genoegsame onderrig in die algemeen, maar tegniese onderrig in die besonder, essensieel vir die produktiewe gebruik van nuwe tegnologie.

Opsommend kan gesê word dat inligting- en kommunikasietegnologie ’n noodsaaklike instrument vir ekonomiese groei en materiële welsyn in ons samelewing is. Dit vestig mag, kennis en kreatiwiteit. Dit is steeds ongelyk versprei in en tussen lande. Dit vereis – vir die ontginning van die volle waarde vir ontwikkeling – ’n interafhanklike sisteem van vloeibare organisasies en inligtinggeoriënteerde instansies. “In a nutshell”, betoog Castells (1999:4), “cultural and educational development conditions technological development, which conditions economic development, which conditions social development, and this stimulates cultural and educational development once more.” Dit kan dus óf ’n siklus van ontwikkeling, óf ’n afwaartse spiraal van onderontwikkeling teweeg bring.

3.2.2 Globalisasie

Globalisasie word algemeen aanvaar as “the destruction of distance through the development of communications technologies that bring places closer together, as in such terms as the shrinking or compression of the globe” (Fulcher, 2000:524). Smit (2009:7) dui aan dat ’n globaliserende wêreld die mees geskikte analitiese konsep is om ons werklikheid en tydsgees mee te tipeer. Hy wys dat ’n mens eintlik behoort te praat van verskillende gestaltes van globalisasie wat tegelyk plaasvind – ten minste kultureel, polities en ekonomies. Dié prosesse word beskryf as ’n voortdurende toename in sosiale verbande en netwerke, ’n groei in wedersydse vloei en interaksie, groter wedersydse ontmoeting en beïnvloeding, en wyer institusionele strukture. “Die term dui basies daarop dat ons leefwêreld toenemend kleiner word, dat mense oraloor op allerlei maniere nader aan mekaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kom, meer bewus van mekaar, meer beïnvloed deur wat elders gebeur." (Smit, 2009:7.) LenkaBula (2010:99) voeg haar stem hierby as sy meen dat globalisasie een van die mees prominente sosio-politieke en ekonomiese prosesse van die huidige era is. Dit is 'n fenomeen[34], meen sy, wat die aandag behoort te geniet van bewustelike teologiese en etiese refleksie – veral deur hulle wat oor die aarde en gemarginaliseerdes besorg is. Sy gaan sover as om te sê: "Globalisation radically shapes, alters and/or influences our notions of God, ourselves and creation to which we are inextricably bound." (LenkaBula, 2010:99.) Hierdeur bevestig sy die verband tussen die verskynsel van globalisasie en spiritualiteit.

3.2.3 Netwerkvorming

Castells (1999:6) voer aan dat geen grootskaalse historiese transformasie in tegnologie of ekonomie al ooit plaasgevind het sonder 'n gepaardgaande organisatoriese transformasie nie. Terwyl groot fabrieke en die ontginning van nuwe energiebronne noodsaaklik was vir die industriële era, is netwerke die kritiese vorm van organisasie in die inligtingsera. 'n Netwerk is eenvoudig 'n stel nodusse wat met mekaar verbind is. Dit kan hiërargies wees, maar dit het nie 'n kern nie. Die verhoudinge tussen nodusse is asimmetries, maar hulle is almal krities belangrik vir die funksionering van die netwerk – vir die sirkulering van geld, inligting, tegnologie, beelde, goedere, dienste, of mense regdeur die netwerk. Die mees kritiese onderskeid in hierdie organisatoriese logika is of jy deel van die netwerk is of nie. As deel van die netwerk, word jou kanse beter; buite die netwerk word jy afgesluit en jou kanse word verbeur aangesien alles wat tel, rondom die wêreldwye web van netwerke georganiseer word.

Die realiteit hiervan is dan, volgens Castells (1999:7), dat maatskappye en organisasies wat nie hierdie logika van netwerke volg nie – hetsy dit in besigheid, media of politiek is – deur kompetisie uitgevee word aangesien hulle nie toegerus is om die nuwe model van bestuur te hanteer nie.

3.3 Implikasies

Vir vele is die koms van grootskaalse tegnologiese ontwikkeling en die nuwe beweging na globalisasie en netwerkvorming grootliks positief en rede tot verblyding. Globalisasie verteenwoordig volgens diesulkes 'n besondere tyd in die geskiedenis – 'n fase van merkwaardige verbetering in lewenskwaliteit en menslikheid, oraloor, vir die meeste mense. Ook talle kerke verbly hulle oor dié opwindende ontwikkelinge en nuwe moontlikhede. Smit

34 Vir 'n uitvoerige en omvattende definisie van globalisasie, kan LenkaBula (2010:100) geraadpleeg word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(2009:7) wys egter dat daar terselfdertyd vele ander – juis ook vanuit kerklike kringe in Afrika – is wat herinner

> "aan rampspoedige gevolge verbonde aan dié toenemende globalisasie (Accra verklaring): Plaaslike kulture word bedreig, plaaslike politiek ontmagtig, ekonomiese aktiwiteite gemarginaliseer en agtergelaat, sodat groeiende ekonomiese onreg oral voelbaar word en ekologiese uitbuiting blootgelê word, waarvolgens die hele aarde bedreig is, volgens vele tot waar 'n ekologiese krisis die wêreld in die gesig staar".

LenkaBula (2010:106-107) verwys ook na die Accra verklaring waarin die uiterste nood van Afrika onder die invloed van ekonomiese globalisasie verwoord word in terme van "ecological destruction and economic injustices".

Die Westerse ontwikkelingsdenke, wat met die klem op tegnologiese prestasies gepaardgaan het dikwels verwronge waardes met rampspoedige gevolge – meestal tot nadeel van die aarde en die broosste bewoners daarvan. McLaren (2007:5) verwys na die huidige meganismes van ons samelewing, insluitende die ekonomiese, politieke en militêre sisteme, as 'n "suicide machine" wat 'n vernietigende uitwerking het op diegene in wie se diens hulle staan. Dit is vanuit hierdie oogpunt duidelik dat die omvattende globale krisis waarin ons onsself bevind, na ten minste vyf kritiese disfunksies herlei kan word en 'n invloed op spiritualiteit het, wat vervolgens kortliks bespreek sal word.

3.3.1 Identiteitskrisis

Die netwerksamelewing verleen identiteit as bron van betekenis (Castells, 2004:5-6) aan mense se lewens op grond van die magsbasis wat die netwerk aan individue en samelewings verleen. In so 'n netwerksamelewing is die vraag dus watter impak hierdie samelewing met "systemic disjunction between the local and the global" (Castells, 2004:11) op die vorming van mense se (kollektiewe) identiteit het. Konformasie tot die globale norm is aan die orde van die dag – met die gevolg dat die identiteit en waarde van die individu altyd daaraan gemeet word.

Castells (1999:10) verweer daarom dat die wêreld uit mense en areas ('territories') bestaan wat hulle waarde in 'n inligtinggebaseerde kapitalistiese stelsel verloor het – sommige omdat hulle baie min het om as produseerders of as verbruikers te bied, ander omdat hulle nie onderrig/geskool is nie of funksioneel ongeletterd is, ander omdat hulle siek of geestelik onbekwaam is, ander omdat hulle nie hulle huur kon bekostig nie en op die straat beland het, ander omdat hulle nie die druk van die lewe kon deurstaan nie en alkohol- of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dwelmverslaafdes geword het, ander wat, om te oorleef, hulle liggame en siele verkoop en prostitute van elke moontlike drang geword het, ander omdat hulle van die kriminele ekonomie deel geword het, uitgevang is en in tronke beland het en nóg ander omdat hulle met die gesag gebots het en op verkeerde paaie beland het.

Dus, terwyl mense en plekke van waarde globaal met mekaar verbind is, is mense en plekke sonder oënskynlike waarde geïsoleer en miljoene mense oor alle lande en kulture sosiaal uitgesluit. Hierdie vierde wêreld van sosiale uitsluiting, wat wyer as armoede strek, bestaan oral, ofskoon dit in verskillende proporsies voorkom. Daar is dus ’n sistematiese verhouding tussen die opkoms van die inligtinggebaseerde, globale kapitalisme en die buitengewone groei in sosiale uitsluiting en menslike wanhoop.

Wat in Suid-Afrika aan die gebeur is, meen Hendriks (2007b:90), is deel van ’n globale beweging. In die lig van Suid-Afrika se jong demokrasie en die transformasieproses is die saak van globalisasie en netwerkvorming allermins bloot ’n teorie ter wille van akademiese doeleindes. Dit vorm die basis van daaglikse gesprekke en prosesse op die sosiale, ekonomiese en politieke terreine van Suid-Afrika. Globale transformasie het ’n verdere dimensie aan die demokratiseringsproses in Suid-Afrika verleen. Daar kan met taamlike sekerheid beweer word dat die globale transformasieproses ’n besliste invloed uitgeoefen het op die politieke, ekonomiese en sosiale bestel in Suid-Afrika. Ter wille van oorlewing was Suid-Afrika genoop om die weg van transformasie na demokrasie te volg – wat haar op die baan van globalisasie geplaas het. Hierdie twee prosesse, wat ’n dubbele transformasie genoem kan word, is met mekaar verweef en laat Suid-Afrikaners dikwels met die oorweldigende ervaring van onsekerheid en onveiligheid omdat hulle nie anders kan as om deel van ’n nuwe wêreld, wat hulle nie ken nie, te word, terwyl hulle eerder nog deel van die ou, bekende wêreld sou wou wees waarbinne hulle veilig gevoel het. Nuwe uitdagings word gestel om met die transformasie by te hou. Verandering is nie meer die verskynsel waarmee daar by uitsondering gekonfronteer is nie; dit is die gegewe waarbinne ’n mens daagliks in ’n netwerk van oneindige verhoudinge en verbintenisse moet leef. Wie nie oor daardie vaardighede beskik nie, is per definisie gemarginaliseer.

Dit is ook verstaanbaar dat die dubbele transformasie ’n wesenlike invloed op mense se beskouing en belewing van God, die kerk en geloof, in kort: hulle spiritualiteit, sou hê. Terwyl geloof in tye van stabiliteit meer reguleerbaar was, bring die nuwe tyd die openheid vir mense om verskillend daarop te reageer. Dit op sigself bring verdere onsekerheid op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eksistensiële vlak by mense mee. Godsdiens kan so as ’n kragtige meganisme ingespan word om sanksie aan sosiale gebruike en vergrype, waardeur mense poog om sin te maak in ’n nuwe wêreld en antwoorde op kwelvrae te vind, te verleen. In die lig hiervan kan tendense in spiritualiteit geïdentifiseer en geïnterpreteer word.

Die gemeente het, vanuit haar bevoorregte demografiese profiel, deel aan hierdie magsbasis vanwaar lidmate hulle identiteit begrond. Lidmate in so ’n verbruikerskultuur se selfpersepsie is tot ’n groot mate gedomineer deur voorspoed, mag en beheer wat godsdienstig gesanksioneer word deur hierdie bevoorregte stand aan God se genade, sorg en voorsiening toegedig word. Vanuit hierdie posisie van mag en beheer bestaan die wesenlike gevaar enersyds dat mens en skepping onderhewig is aan uitbuiting. Andersyds plaas dit byna onmenslike druk op hierdie mense om die beeld van sukses en voorspoed te handhaaf – selfs te midde van teleurstelling, mislukking en teenspoed. Dit ontaard weer in aggressie, depressie of ander gedrag wat tekenend van selfhandhawing ten alle koste is (Rohr, 2004:8). God word dan meer dikwels benut, eerder as liefgehê en gedien. Die gemeente behoort begelei te word in ’n spiritualiteit waarin die selfopofferende karakter van die gelowige navolger van Christus (’n protokol van nederigheid: Ernst Conradie) gekweek word. Die kontra-kulturele aard van Christelike dissipelskap behoort die grondslag van hulle identiteit en spiritualiteit te vorm.

3.3.2 Voorspoedskrisis

McLaren (2007:5, 55) verwys na die voorspoedskrisis (“prosperity crisis”) as hy wys hoe die omgewing, as gevolg van die globale ekonomie wat bloot nie die beperkings van die omgewing respekteer nie, in duie stort. Die krisis ontstaan waar die mens, bo alles, na die vervulling van hulle eie behoeftes vir ’n gelukkige lewe – nie om net te oorleef nie, maar om te floreer – streef. Die sisteem van voorspoed voed die samelewing met produkte en dienste wat mense graag wil hê of verbruik, maar wat rykdom verskaf vir omtrent een derde van die wêreld se bevolking. Volgens Castells (1999:2) het ’n nuwe vorm van sosio-ekonomiese organisasie teen die einde van die vorige eeu na vore gekom en verklaar hy: “for the first time in history the entire planet is capitalist” en dat die globale ekonomie slegs via hulle verbintenis met die globale, kapitalistiese markte oorleef of ontwikkel. Hierdie kapitalisme, meen hy verder, is terselfdertyd niks nuuts nie, én as totaal nuut. Niks nuuts nie, omdat dit ten diepste deur die baie ou beginsels van oneindige kompetisie, die najaag van wins en persoonlike satisfaksie gedryf word; totaal nuut, omdat dit deur nuwe inligting- en kommunikasietegnologie gerugsteun word wat ten grondslag lê van nuwe bronne van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

produktiwiteit, nuwe vorme van organisasie, en die oprig van ’n globale ekonomie. Strategies sentraal in hierdie nuwe wêreld is inligting- en kommunikasietegnologie.

McLaren (2007:230) wys ook hoe die “prosperity system” die aggressiewe, dominante beloon, maar dit van die nederige en moreel sensitiewe weerhou. Hy som dit goed op as hy sê: “(T)he prosperity system produces some insiders who prosper quickly, leaving others farther and farther outside, falling farther and farther behind.” (McLaren, 2007:230.) Opponente van globalisasie voer aan dat globalisasie in onmenslike modi van ontwikkeling ontaard “that do not account for ecological cost, including the destruction of ecosystems, exhaustions of the biosphere, plunder of non-renewable resources and violations of human rights, related to production processes and relationships amongst people” (LenkaBula, 2010:106). Die sisteem waarin hierdie krisis afspeel kan egter tot dié mate groei dat dit meer bronne vereis as wat die ekosisteem kan bied, en meer afval produseer as wat die omgewing kan absorbeer (McLaren, 2007:63 ev).

Die gemeente, soos waarskynlik alle kerke in die Westerse wêreld, is moontlik sterk beïnvloed deur ’n teologie wat met die verbruikerskultuur en selfpersepsie saamhang. In ’n gemeente waar dit finansieel redelik goed gaan, met ’n groot persentasie lidmate in bestuursposte en goeie salarisse, word ’n verband tussen voorspoed en God op baie maklike en naïewe manier getrek. “Dit is net genade dat dit so goed gaan met ons”, word maklik gesê. Dit is natuurlik waar, maar die probleem ontstaan waar teenspoed en mislukking ervaar word – en God se voorsiening dan betwyfel word. Die vraag ontstaan ook onmiddellik of God se guns dan nou meer vir hierdie gemeente as vir die gemeente in die township twee kilometer in die pad af, tel. Wat is die verband tussen armoede/rykdom en God se genade? Weer eens sal die gemeente begelei moet word in ’n spiritualiteit van gehoorsaamheid en diensbaarheid, eerder as ’n spiritualiteit van voorspoed en sukses (Moeder Teresa). ’n Verdere impak van die voorspoedskrisis op die spiritualiteit van die gemeente is die verbruikersmentaliteit wat my geestelike behoeftes en my verwagtings in terme daarvan voorop stel. Die navorser is van mening dat so ’n spiritualiteit geneig is om individualisties en selfgesentreerd te wees.

3.3.3 Ongelykheidskrisis

Die derde krisis word deur McLaren (2007:5, 55-56) die ongelykheidskrisis (“equity crisis”) genoem. Hier verwys hy na die groterwordende gaping tussen die ultra-ryk en die brandarmes wat tot gevolg het dat die meerderheid armes met jaloesie, woede, en selfs haat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teenoor die ryk minderheid gevul is, wat weer ’n gevoel van vrees en woede teenoor die armes by die rykes tot gevolg het.

LenkaBula (2010:103) haal in hierdie verband vir Boesak aan wat wys dat mense wat swaarkry en magteloos is, die hardste deur ekonomiese globalisasie getref word: “(F)or them economic globalisation has represented a disorder, a cruel and unjust system of domination and exploitation.” Sy wys op die ironie, naamlik dat Afrika sentraal is in die produksie van ’n groot verskeidenheid bronne, terwyl sy terselfdertyd ’n wêreldstreek is wat die mees verstote is in terme van die “voordele” van globalisasie. Terwyl die hoofstroom ekonomiese literatuur beklemtoon dat ekonomiese globalisasie die vryheid van beweging van kapitaal en goedere na enige plek in die wêreld bevorder, meen LenkaBula (2010:104) dat dit nie oor die negatiewe impak daarvan op mense se lewens en op die aarde uitbrei nie en ook nie die skatryk en magtige sleutelagente en bevoordeeldes van ekonomiese globalisasie uitwys nie.

Die navorser oordeel dat die gemeente ’n magteloosheid jeens die hantering van die groterwordende armoede in die gemeenskap ervaar. Dit dryf die spanning tussen aktivistiese betrokkenheid (reduksionisme) en piëtistiese ontsnapping op die spits. Daar is baie lidmate wat by ’n aantal projekte met die oog op armoede betrokke is, byvoorbeeld ’n weeklikse sopkombuis, toebroodjies wat daagliks vir arm kinders by skole gegee word, ’n speelskool wat in ’n township ingerig is en die salarisse van versorgers van mense wat onder andere met MIV/Vigs leef. Hierdie projekte het, sonder twyfel, wonderlike resultate – by die ontvangers daarvan, maar ook by die lidmate wat daarby betrokke is. Die navorser reken dat die volgende stap op hierdie roete van betrokkenheid by noodlydendes, die teologiese besinning oor armoede kan wees. Hier kan saam, geloofsonderskeidend oor God, die identiteit van die gemeente en God se roeping van die gemeente na noodlydendes geworstel word. Sodoende leef hierdie projekte in die spanning tussen reduksionisme en ontsnapping vanuit ’n spiritualiteit van gehoorsaamheid, nederigheid en afhanklikheid van God.

3.3.4 Sekuriteitskrisis

In die vierde plek kan daar verwys word na wat McLaren (2007:5, 55-56) ’n sekuriteitskrisis (“security crisis”) noem. Hier sluit hy aan by die vorige krisis waar ’n “oorlog” tussen die verskillende groepe aan die teenoorstaande pole van die ekonomiese spektrum dreig soos wat vyandskap tussen hulle intensiveer. Die armes steel by die rykes en die rykes gryp na sekuriteitsisteme om hulle daarteen te beskerm. Soos beduidende hoeveelhede mense nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegang tot werkgeleenthede vind nie, wend hulle hulleself na kriminele metodes van ’n oorlewingsbestaan. Sommige het nie ’n keuse nie. Hulle wat nie in die inligtingsera benodig word nie word meer aangesien die lewensverwagting onder die meeste bevolkingsgroepe ook langer is.

Die sekuriteitskrisis is uiters aktueel in die lewens van die meeste lidmate. Teen die agtergrond van rassepolarisasie in die onlangse verlede word kriminaliteit sterk oor die boeg van ras gegooi. Dit skep ’n situasie van “ons” en “hulle”. *Ons* moet onsself teen *hulle* beskerm. Gelukkig het ons oor die algemeen die vermoëns om sekuriteitstelsels in plek te kry om hulle uit te hou. Kapings, moorde, verkragtings, huisbrake en ander ervarings van misdaad is baie eksistensieel. Lidmate leef moontlik met ’n voortdurende onderliggende vrees en woede teenoor hulle wat die misdade pleeg. Dit is moontlik dat die gemeente vir God sien as aan ons kant, wat ons teen hulle sal beskerm. Die boodskap van versoening tussen rasse mag teen hierdie agtergrond, asook in die lig van voortslepende korrupsie op regeringsvlak, op teoretiese grond aanvaar word, maar moontlik uiters moeilik wees om in praktyk te aanvaar en prakties uit te leef. Die navorser is van mening dat die gemeente begelei moet word om teologies hieroor na te dink en om die praktyk van versoening uit te leef. Dit is noodsaaklik dat ’n spiritualiteit van eksklusiwiteit en individualisme vervang moet word met ’n spiritualiteit van inklusiwiteit, versoening en vergifnis. Verder is dit belangrik dat spiritualiteit ruimte moet maak vir die eerlike refleksie oor lidmate se belewenisse van die toestand van korrupsie en misdaad.

3.3.5 Spiritualiteitskrisis

Al bogenoemde tendense het uiteindelik implikasies vir lidmate se spiritualiteit. McLaren (2007:5) verwys na die spiritualiteitskrisis (“spirituality crisis”) om aan te dui dat die groot godsdienste van die wêreld nie daarin slaag om ’n nuwe raamwerk te bied waarbinne daar genesing en herstel van die vorige genoemde krisisse kan plaasvind nie.

Gelowiges in die plaaslike konteks is veral die afgelope dekade met die realiteite van globalisasie gekonfronteer wat ’n bepaalde invloed op hulle siening van God en die kerk meegebring het. Dit is onder andere duidelik dat die gesag van die Bybel en die kerk, en daarmee saam geloof in God, moes plek maak vir inligting, kennis en vaardighede wat deur die inligtingstegnologie moontlik gemaak is. Dit het ten minste ’n beweging van sekerheid tot onsekerheid, onder andere in terme van geloof, teweeg gebring. Teen hierdie agtergrond behoort die gemeente teologies begelei te word om ’n spiritualiteit te volg wat in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spanning tussen die polariteite bly sonder om in die absolutes daarvan (ontsnapping, reduksionisme of dualisme) op te gaan.

3.4 Samevatting

Die navorser se vraag, naamlik hoe ’n teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit kan lyk en hoe ’n oorgang na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit bewerkstellig kan word wat vir lidmate, spesifiek vanuit hulle verstaan van verlossing, sin kan gee vir hulle bestaan as gelowiges in hierdie wêreld, is in hierdie afdeling vanuit die hoek van die makrokonteks, wat begrip vir mikrotendense in die gemeente bied, benader. Dit is weer eens vanuit die navorser se verstaansraamwerk, naamlik dat daar ’n verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit is, beredeneer. Uit bogenoemde is dit duidelik dat makrotendense in terme van globalisasie, netwerke en inligtingstegnologie nie slegs ’n impak op makrovlak het nie, maar dat die spiritualiteit van die gemeente op plaaslike vlak grootliks daardeur beïnvloed word. Dit blyk dat die impak van die genoemde makrotendense op die gemeente hoofsaaklik gekenmerk word deur ’n dualistiese spiritualiteitstendens waarin daar nie geslaag is om die polariteite van evangelie en konteks op ’n geïntegreerde manier met mekaar in verband te bring nie, met die gevolg dat ’n spiritualiteit van ontsnapping of ’n spiritualiteit van reduksionisme gevolg word om die spanning te hanteer. Die noodsaaklikheid vir ’n transformasie na ’n geïntegreerde spiritualiteit is voor die hand liggend en imperatief.

Voorts sal die spesifieke skuiwe in Suid-Afrika sedert 1974, in aanloop na demokrasie, onder die soeklig geplaas word in die lig waarvan gevra sal word na die impak daarvan op die spiritualiteit van die plaaslike gemeente.

3.5 Verskuiwings in die Suid-Afrikaanse konteks

Die doel van hierdie afdeling is om, op grond van die navorser se bewering dat daar ’n verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit is, aan te dui wat die impak van die skuiwe in die Suid-Afrikaanse konteks op die spiritualiteit van die gemeente is.

Soos hierbo genoem, is Suid-Afrika noodgedwonge opgeneem in die globale transformasieproses. Daar kan dus nie na globalisasie en netwerkvorming verwys word, sonder om die transformasie op nasionale vlak direk daarmee te verbind nie. Ter wille van oorlewing in die globale wêreld het Suid-Afrika geen ander keuse gehad as om vanuit ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bestel van apartheid na ’n demokrasie te transformeer nie. Dit is ’n komplekse en lang proses wat nie hier in detail behandel kan word nie. Met die oog op die impak op die spiritualiteit van die NG Kerk lidmaat in die algemeen, dit wil sê hulle verstaan van God en die kerk en die uitleef van hulle eie geloof, word hierdie transformasieproses in hooftrekke bespreek. ’n Kort verwysing na die apartheidsgrondslag van die NG Kerk se teologie en spiritualiteit sal die bespreking inlei waarna die transformasieproses sedert 1990 in die breër Suid-Afrikaanse konteks en in die NG Kerk, onderskeidelik, aan die orde gestel sal word.

3.5.1 Apartheidsteologie[35]

De Gruchy spel die invloed wat die NG Kerk in die Suid-Afrikaanse konteks uitgeoefen het deeglik uit. Hieruit is dit duidelik: die NG Kerk “is integrally related with the Afrikaner nation, its culture, and its rise to power” (De Gruchy, 1986:69). Flip Theron verwoord hierdie realiteit as volg: “Being the church of the Afrikaners, the DRC was one of the mightiest institutions of the ‘old’ South Africa.” (Theron, 2007:233.) Theron (2007:234) stel dit ook duidelik dat dit moeilik was om ’n “clear-cut” onderskeid tussen die NG Kerk en die Afrikanerdom te tref. Hendriks (2007b:89) bevestig dat ten minste 50% van alle witmense, in die tyd van die vestiging van ’n teologiese rasionaal aan apartheid, aan die NG Kerk behoort het. In die lig hiervan is dit te verstane dat die NG Kerk ’n dominante invloed op die beleidmakingsproses van die land gehad het, en dat die politieke ideale van die apartheidsregering kerklik en selfs teologies begrond en gesanksioneer is (De Gruchy, 1986:71; Coetzee, 2011:37). Theron (2007:236) wys dat apartheid selfs as Bybelse opdrag beskou was en dat rasintegrasie op ongehoorsaamheid aan die skeppingsorde sou neerkom. Coetzee[36] en Conradie (2011:2) verwys na die dogmatiese sleutels[37] van apartheidsteologie en vra tereg na die blywende spore van sodanige teologie binne die NG Kerk sedert 1974. Hierdie teologiese raamwerk, wat vervolgens in hooftrekke weergegee word, sou ook as die basis van bepaalde spiritualiteitstendense in die gemeente beskryf kon word.

3.5.1.1 Selfbeskikking

Terwyl die tema van selfbeskikking[38], wat dominant was tydens die vestiging van apartheidsteologie en die volkskerk (De Gruchy, 1986:76), slegs voortleef onder ’n klein minderheidsgroep van veral Volkstaat-entoesiaste en taalstryders, kom die tema wel na vore

35 Coetzee (2011:21 ev, 209 ev) gee ’n uitvoerige bespreking van die begrippe apartheid en apartheidsteologie en toon die kompleksiteit van die wyse waarop dit in Suid-Afrika neerslag gevind het en die rol van die NG Kerk daarin gespeel het aan.

36 ’n Meer uitvoerige bespreking van hierdie temas word deur Coetzee (2011:619 ev) gedoen wat in artikelformaat verwerk is en hier hoofsaaklik gebruik word.

37 Coetzee & Conradie (2011:1) identifiseer die volgende dogmatiese sleutels onderliggend tot apartheidsteologie: selfbeskikking, bevryding, skeiding, grond van voogdyskap en isolasie.

38 Bosch (1988:98) beskryf die bedreiging van die Afrikaner deur beide die Britte en die Swartes wat die Afrikaner noop om hulle identiteit te bewaar en te beskerm. As gevolg hiervan was daar ’n sterk poging onder die Afrikaner, waarvan die NG Kerk sterk verteenwoordigend is, tot selfbehoud en selfbeskikking.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die reaksie van die Afrikaner op, onder andere, swak dienslewering deur die "regerende swart establishment" (Coetzee & Conradie, 2011:2). Bosch (1988:98) skryf hieroor: "(I)n fact, despondency is the dominant emotion in many Afrikaner circles." Die NG Kerk het daarom vir talle Afrikaners die "laaste bastion" (Coetzee & Conradie, 2011:13) wat 'n veilige hawe kan bied, geword. Die NG Kerk het, te midde van die aanslae van buite, vir hulle identiteit gewaarborg en hulle selfbehoud verseker. Met reg kan gevra word of daar steeds lidmate is wat aan die NG Kerk behoort as "laaste bastion" van hulle Afrikanerdom. In so 'n geval sou 'n spiritualiteit gevolg word waarin lidmate die gemeente as die plek beskou wat hulle sou bewaar van al die veranderinge in die samelewing en hulle bevestig in terme van die sekuriteite wat die kerk in 'n vorige bedeling aan hulle gebied het. Waar dit nié gebeur nie, sou lidmate waarskynlik ontevrede wees en die gemeente verlaat[39].

3.5.1.2 Bevryding

Die tema van bevryding, meen Coetzee en Conradie (2011:3) leef eweneens ook nie langer as dominante dogmatiese sleutel in die NG Kerk nie, maar leef nietemin voort in die "wyse waarop Afrikaners reageer op die omvang van huisbraak, verkragting, gewapende roof, motorkapings en plaasmoorde" (Coetzee & Conradie, 20011:3). Die klem het dus na 'n sosiale vorm van bevryding, naamlik in terme van die beskerming van lewe en besittings en die psigologiese drang om aan reële bedreiginge te ontsnap (wat dikwels emigrasie beteken!), verskuif. Dit is interessant dat die bediening van bevryding, waar gelowiges gehelp word om van bose besit bevry te word, sterk figureer in sekere spiritualiteite. Sou die wegkom van 'n situasie waar geweld en korrupsie aan die orde van die dag is ook op hierdie manier as bevryding van die bose verstaan kon word? 'n Spiritualiteit van ontsnapping is weer aan die orde van die dag – waar die eerlike hantering van belewenisse van die misdaad vermy word en daar in 'n "geestelike wêreld" ontsnap word.

3.5.1.3 Segregasie

Die temas van segregasie of skeiding[40], wat hulle hoogtepunt as dominante dogmatiese sleutels in die NG Kerk bereik het met die aanvaarding van die dokument: *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, in 1974 as Skriftuurlike regverdiging vir apartheid, het ekonomies, polities, sosiaal en kultureel in verskeie doodloopstrate beland (Coetzee, 2011:223; Coetzee & Conradie, 2011:3; Theron, 2007:234). Alhoewel kerklike skeiding in teorie in die NG Kerk opgehef is, aangesien ras nie meer 'n oorweging vir

39 Dit sou 'n moontlike verklaring wees van die stigting van die AP Kerk na 1986, toe die dokument, Kerk en Samelewing, verskyn het.

40 Bosch (1988:99) identifiseer hierdie skeiding as "group selfishness" wat die Afrikaners en die NG Kerk verblind het vir die onreg van apartheid. "Because we believed that enforced racial segregation was consistent with the Christian gospel; we sometimes even went so far as to think that our faith demanded racial separation." (Bosch, 1988:99.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lidmaatskap is nie, bly strukturele eenheid binne die NG Kerkfamilie egter "knaend ontwykend" (Coetzee & Conradie, 2011:3). Hier moet daar gevra word of rassisme nie steeds ten grondslag lê van die NG Kerk se onvermoë om een te word met die VG Kerk nie. Tot watter mate is spiritualiteitstendense gegrond op diepgesetelde rassisme? Die vraag moet dus gevra word tot watter mate die dualistiese spiritualiteit[41], wat ten grondslag van die apartheidsbeleid lê, steeds die toon aanvoer vir die wyse waarop die gemeente sukkel om op rasgrondslag te integreer.

3.5.1.4 Isolasie

Die tema van isolasie, wat ten grondslag van die idee van skeiding gelê het, is grootliks weens die invloed van globalisasie en inligtingsnetwerke gesmoor (Coetzee & Conradie, 2011:3). Die konsep van isolasie figureer egter steeds sterk in fundamentalistiese en dualistiese denke wat ook in sekere spiritualiteitstendense prominent voorkom. Die waarheid word in absolutes voorgehou wat van kompleksiteit en spanning ontneem is. 'n Duidelike keuse vir die een of die ander word in so 'n denkkonstruk vereis. Daar is 'n beduidende persentasie lidmate wat steeds in hierdie denkkonstruk vasgevang is.

3.5.1.5 Staatsekuriteit

Die tema van staatsekuriteit "in die vorm van die handhawing van politieke mag teen bedreigings van binne en van buite... en die onderdrukking van politieke weerstand teen apartheid... " (Coetzee & Conradie, 2011:4), wat sterk gevestig en op verskeie maniere deur die NG Kerk ondersteun is, het kritiese stemme vanuit ekumeniese geledere ontlok (Coetzee & Conradie, 2011:5). Hierdie kritiek teen staatsveiligheid as dogmatiese sleutel het die duidelikste tot uitdrukking gekom in die kritiek teen "staatsteologie" in die *Kairosdokument* (1985). Uit die dokument se analise van staatsteologie is "die heersende teologie van die NG Kerk aan die kaak gestel as synde lojaal aan die ideologie van staatsveiligheid" (Coetzee & Conradie, 2011:6). Vanuit die NG Kerk se onvermoë om tydens apartheid profeties teen apartheid op te staan en die regering van die dag daarrondom uit te daag, blyk dit dat sy ook nie daarin slaag om profeties op te tree teenoor sake van ongeregtigheid onder die vaandel van 'n nuwe regering nie. Die NG Kerk blyk ontmagtig te wees in haar publieke rol. Spiritualiteit word eweneens dikwels tot geestelike sake beperk terwyl daar van die kontekstuele vraagstukke weggekyk kan (en moet!) word sodat dit nie die aandag van God en sogenaamde "geestelike sake" aftrek nie.

41 Daar kan aangevoer word dat apartheid op 'n dualistiese spiritualiteit gebaseer is op grond van die Skriftuurlike regverdiging van segregasie terwyl die onreg en verontmensliking wat dit teweeg gebring het met gemak oorgesien kon word – as sou dit niks met Christenskap te doen gehad het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5.1.6 Uniekheid van die kerk

Die tema van die uniekheid van die kerk, waarin haar gereformeerde identiteit in terme van haar roeping omskryf is, is verskillend[42] vertolk. Terwyl die klem op die uniekheid van die kerk as ’n vorm van weerstand teen apartheidsteologie verstaan is, wys Coetzee en Conradie (2011:6), was dit steeds ’n teologie wat “meer aandag gegee het aan die kerk as aan die wêreld buite die kerk”. ’n Oorbeklemtoning van die uniekheid van die kerk kan tot die isolasie van die kerk van die res van die samelewing lei. Tog is die uniekheid van die kerk noodsaaklik om te verseker dat die kerk nie ’n duplikaat van die heersende kultuur is nie. Uiteindelik bly die kerk deel van God se skepping waarvoor Hy lief is. Die beleidstuk, *Kerk en Samelewing* (1986, 1990), het die “ekklesiosentriese” fokus ontmasker en gevra na die aard van die kerk se verhouding tot die samelewing. Na dekades van hierdie ontdekking van die kerk, word daar steeds nie oral geslaag om ’n verstaan te vestig van die kerk as gestuurd in die wêreld nie. Eie belang en instandhouding is dikwels die hooffokus van die gemeente se bedrywighede. Die plaaslike gemeente se lidmaatskap van die SAVGG het haar wel deur ’n proses van ontvriesing en verbintenis in terme van haar missionêre identiteit geneem. Die gemeente verstaan vandag meer as tien jaar gelede haar missionêre identiteit en roeping om as God se gestuurdes in die wêreld op te tree. Natuurlik is daar ’n onderliggende hunkering om terug te beweeg na ’n instandhoudingskerk. ’n Spiritualiteit waarin lidmate meer en meer bewus word van God se werksaamheid in die gemeenskap en daarvan deel word, is nodig om in die gemeente gevestig te word.

3.5.1.7 Versoening

Coetzee en Conradie (2011:7) toon aan hoe die tema van versoening, veral deur die destydse NG Sendingkerk, tydens die sewentiger- en tagtigerjare as teologiese sleutel vir kritiek teen apartheid ontgin is. Dit het gelei tot die oortuiging dat apartheid op die aanname berus dat mense só verskillend is dat versoening in beginsel onmoontlik is. “Skeiding op grond van ras is daarom gesien as die enigste alternatief.” (Coetzee & Conradie, 2011:7.) Die dwarsboming van die evangelie deur hierdie siening het uiteindelik tot die afkondiging van ’n *status confessionis* en die opstel van die Konsepbelydenis van Belhar in September 1982 gelei (Coetzee & Conradie, 2011:7). Daarbenewens was daar ander ekumeniese liggame[43] wat die saak van versoening beklemtoon het. Dit blyk egter vanuit die NG Kerk se

42 Coetzee en Conradie (2011:7) verwys na die spanning in hierdie verband tussen die interpretasies van die vreemdheid van die kerk wat tussen David Bosch en Flip Theron na vore kom soos dit spesifiek in die bundel: Perspektief op die ope brief (1982) uitgespel word. Hiervolgens is Theron se verstaan van die vreemdheid van die kerk dié van “losstaande van die samelewing...wat die gevaar loop om dosetiese trekke te ontwikkel. ...Volgens Bosch hou hierdie eensydige standpunt die gevaar in dat die kerk ‘volledig religieus’ verstaan word en gevolglik selfs kultiese trekke vertoon” (Coetzee & Conradie, 2011:7).

43 Coetzee en Conradie (2011:8) noem in hierdie verband die National Initiative for Reconciliation (NIR) en Koinonia, asook die rol wat die 1986-uitgawe van Kerk en samelewing gespeel het onder die opskrif: “Die kerk as versoende gemeenskap”, ten minste om ruite te skep vir gesprek en selfondersoek. Spesiale melding is ook van Jonker gemaak wat ’n bepalende rol gespeel het om nadenke oor die belang van versoening in die NG Kerk aan te wakker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hantering van die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) dat geregtigheid en restitusie nie daarbinne verreken is nie (Coetzee & Conradie, 2011:9). Bosch (1988:100) het reeds in die tagtigerjare gewaarsku: "Cheap reconciliation is the deadly enemy of the church." In die lig hiervan is dit noodsaaklik om die betekenis[44] en implikasies van versoening[45] in die NG Kerk konteks goed te verreken[46]. Soos vroeër reeds gemeld, word weer bevestig: die verstaan van versoening (as wisselterm vir verlossing) bepaal die onderbou van spiritualiteit. Daar is baie lidmate van die gemeente vir wie versoening, vanuit hulle verstaan van die Skrif, ononderhandelbaar is. Die praktiese sigbaarmaking daarvan bly 'n groot uitdaging. Dan is daar ook lidmate vir wie versoening tussen rasse bloot 'n politieke saak is wat nie in die kerk hoort nie – en wat, volgens hulle, ook nie nagestreef behoort te word nie. Daar sal in die gemeente doelbewus gewerk moet word aan die vestiging van 'n spiritualiteit waar versoening die kernkonsep is – versoening met God word sigbaar in 'n lewe van versoening in die wêreld.

3.5.1.8 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat bepaalde dogmatiese sleutels wat ten grondslag van die apartheidsteologie gelê het, diep in die psige en teologiese denkwêreld van die NG Kerk lê. Dit is dus onvermydelik dat hierdie denke, wat sterk op 'n bepaalde verstaan van verlossing gefundeer is, 'n bepaalde spiritualiteit in die NG Kerk in die breë, maar ook in die plaaslike gemeente tot gevolg gehad het. Dit blyk dat 'n dualistiese spiritualiteit eweneens die gevolg was van die apartheidsteologie wat tot in die gemeente neerslag gevind het. Dit is belangrik dat hierdie spiritualiteit onder die soeklig kom aan die hand van die gereformeerde verstaan van verlossing. Hierop sal in hoofstuk vier van hierdie studie gefokus word. Vervolgens word gekyk na die transformasie in Suid-Afrika sedert 1990 en die impak daarvan op die spiritualiteit van die plaaslike gemeente.

3.5.2 Transformasie in Suid-Afrika sedert 1990

Kruger en Hofmeyr (2009:135) beskryf hoe ingewikkelde politieke- en sosiale veranderinge sedert 1990 die apartheidsera[47] in Suid-Afrika onomkeerbaar tot 'n einde laat kom het. 'n

---

44 In die volgende hoofstuk word uitvoerig nagedink oor die konsep van verlossing wat ten grondslag van versoening lê. Voorlopig kan hier na Bosch (1988:102) verwys word wat wys dat "(t)he biblical concept of reconciliation has as its corollaries the concepts repentance and forgiveness". Dit dui op die duursame proses van versoening waartoe verlostes geroep is.

45 Bosch (1988:100) verwys na 'n wit predikant wat op 'n keer in verband met versoening die opmerking maak: "All we need is to be truly born again, then all our problems will get solved." Hierop het 'n swart predikant geantwoord: "Brother, my greatest frustrations came from born-again Christians!"

46 Bosch (1988:100-112) se twaalf stellings oor versoening kan hier met vrug bestudeer word.

47 Die apartheidsdiskoers het sedert 1948, toe die Nasionale Party aan bewind gekom het, as 'n samelewingsvisie ontwikkel waarvolgens natuurlike skeiding tussen etniese groepe absoluut gemaak is. Die nasionalistiese aspirasies van die Afrikanervolk asook die maatskaplike uitwerking van verstedeliking en die groot ekonomiese depressie op Afrikaners was belangrike faktore in die vestiging van apartheid (Kruger & Hofmeyr, 1990:136). Gevolglik was die Suid-Afrikaanse samelewing in homogene kategorieë verdeel waarvolgens volke of rasse naas mekaar in geslote eenhede bestaan het binne hulle eie samelewingsinstellings soos kerk en onderwys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nuwe demokratiseringsfase in Suid-Afrika is in 1994 met die bewindsaanvaarding van die African National Congress (ANC) ingelei. Afrika kommunalisme, met ’n sterk Afrika-groepsidentiteit, het as nuwe samelewingsvisie na vore getree waarbinne daar ’n sterk fokus op transformasie na ’n oop, nie-rassige en nie-seksistiese samelewing geplaas is. Terwyl hierdie visie ’n baken van hoop vir veral die agtergeblewenes van die vorige bestel was, was dit vir hulle wat volgens die beginsels van die apartheidsbestel geleef het, ’n simbool van wanhoop (Durand, aangehaal deur Kruger & Hofmeyr, 2009:136).

Coetzee & Conradie (2011:13) wys hoe hierdie sosiale en politieke transformasie deur Afrikaners en lidmate van die NG Kerk as traumaties beleef is en verwys spesifiek na verskeie bedreigende uitvloeisels daarvan, naamlik:

> “regstellende aksie wat ekonomiese oorlewing bedreig, die verlies aan politieke seggenskap, met die gepaardgaande verlies aan mag, die kwesbaarheid van eksklusiewe en meerderwaardige sosiale en kulturele waardes, asook die traumatiese ervaring van misdaad wat lewe en eiendom bedreig”.

Theron (2007:234) wys hoe die NG Kerk, in die oë van haarself asook die nuwe regering, van ’n eens magtige en bevoorregte godsdienstige instansie na “merely another minority group within a secularized state and social order” verander het en boonop die “brunt of this public disgrace” dra. Die verlies van mag en relevansie het nie te maklik in die klere van die NG Kerk gaan sit nie wat kritiek teen swart oorheersing by baie NG Kerklidmate ontlok het. In terme hiervan beskryf Theron (2007:236) die reaksie van NG Kerklidmate as ontnugterend teenoor hulle eens geliefde kerk. Dit lei dikwels tot lidmate wat die kerk verlaat, op soek na ’n ander geestelike tuiste. Coetzee & Conradie (2011:13) is van mening dat al hierdie faktore rondom die transformasieproses Afrikaners opnuut na binne laat keer het. Die navorser is van oordeel dat daar ook baie NG Kerklidmate is wat eerlik teologies hiermee worstel en ’n verskil maak.

Met die aanbreek van die nuwe Suid-Afrika het Suid-Afrika deel geword van die nuwe, oop en veranderde plaaslike en internasionale orde waarin Westerse individualisme en die postmoderne[48] paradigma ’n groot rol speel (Kruger & Hofmeyr, 2009:136). Hierdie “nuwe wêreld” bied die agtergrond waarteen die transformasie in die NG Kerk plaasgevind het. Kruger en Hofmeyr (2009:137) beklemtoon dat die uitwerking van die postmoderne denke en individualisme daartoe bydra dat “die invloed van die kerk, godsdiens, teologie en die Christelike geloof (as sosiale konstruksies en meta-narratief) op verskeie terreine

48 Vergelyk Kruger en Hofmeyr (2009:136-137) vir ’n uiteensetting van die postmoderne paradigma.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verminder". Vervolgens sal spesifiek na die transformasie van die NG Kerk sedert die politieke transformasie van 1990 gekyk word.

3.5.3 Transformasie in die NG Kerk sedert 1990

Die vraag wat hier ondersoek word, is wat die impak van die veranderinge in die land sedert 1990 op die spiritualiteit van die NG Kerk was. Theron (2007:236) verwys na die verlies aan status vir die NG Kerk sedert 1990 as 'n gevolg van, waarna verwys word as "the 'surrender without defeat' by the Afrikaners of the political power they had yielded for more than 40 years". Kruger en Hofmeyr (2009:138) verwys na die besluit[49] van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 1990 waarmee die kerk haar finaal van die volkskerk-gedagte[50] sowel as apartheid as samelewingsvisie gedistansieer het. Dit het 'n waterskeidende breuk met die apartheidskerk[51] en apartheidsteologie[52] van die NG Kerk meegebring. Die NG Kerk is deur vele faktore tot selfondersoek gedwing. *Ras volk en nasie* is hersien en verwerk en het gelei tot 'n dokument: *Kerk en Samelewing* wat in 1986 verskyn en in 1990 in hersiene formaat verskyn het. Die indruk het al meer ontwikkel, meen Kruger en Hofmeyr (2009:139), dat die NG Kerk besig was om haar rug op apartheid te keer. Hendriks (2007b:84) bevestig hierdie stelling deur te sê: "However, since the General Synod of 1974 every subsequent synod meeting became more critical of the apartheid dogma and the situation in the country." Natuurlik het dit ook tot taamlike sterk protes uit eie geledere gelei wat, onder andere, tot die stigting van die Afrikaanse Protestante Kerk (APK) op 27 Junie 1987 sou lei (Van der Merwe, in Kruger & Hofmeyr, 2009:139). In hierdie moeilike tyd moes die NG Kerk haarself ten opsigte van verhoudinge en haar wese as kerk herposisioneer.

Na die belangrike Algemene Sinode van 1990 het sekere gebeure, byvoorbeeld Professor Willie Jonker se verklaring van skuld oor apartheid by die ekumeniese kerkeberaad in Rustenburg in 1990, Professor Johan Heyns se openingsrede as moderator by die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1994 waarin hy die boodskap van versoening beklemtoon het, die dokument, *Reis met apartheid* wat in 1997 die lig gesien het, die gesprekke rondom kerkhereniging in die NG Kerkfamilie en die NG Kerk se verbintenis tot sosiale betrokkenheid by haar Algemene Sinode van 2002 momentum aan transformasie in die NG Kerk verleen. Hierin is die NG Kerk se verbintenis tot koersverandering duidelik.

---

49 Handelinge van die Algemene Sinode, 1990:595, 597, aangehaal deur Kruger & Hofmeyr (2009:138).

50 "Die term volkskerk beskryf die kenmerkende versmelting tussen volk en kerk onder die Afrikaners." (Kruger & Hofmeyr, 2009:138.)

51 Die Afrikaner se nasionalisme is godsdienstig gelegitimeer, onder andere deur die NG Kerk 'n rasafsonderlike kerk vir witmense te vestig.

52 Kruger & Hofmeyr (2009:139) wys hoe die behoud van die Afrikaner langs die weg van afsondering plaasgevind het en vanuit hierdie verstaansraamwerk van die burgerlike godsdiens die NG Kerk teologies nagedink het insake die Afrikaner en hulle rasseverhoudinge. Die dokument Ras, volk en nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif wat in 1974 deur die NG Kerk aanvaar is, is die vrug van hierdie nadenke. Wit mense het hulle selfafsondering in diens van die koninkryk van God gesien wat 'n godsdienstige basis daaraan verleen het wat haas onuitroeibaar was (Durand, aangehaal deur Kruger & Hofmeyr, 2009:139).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Terwyl daar soveel verandering in die land plaasgevind het, wat reeds tot grootskaalse ontwrigting vir en onsekerheid by, onder meer, lidmate van die NG Kerk gelei het, was die koersaanpassing van die NG Kerk vir baie van haar lidmate ’n addisionele krisis. Vir vele het dit na napratery van die nuwe politieke bestel gevoel. Vir baie het dit gevoel of die NG Kerk hulle verloën het. Die NG Kerk het skielik ’n identiteitskrisis asook ’n gesagskrisis beleef. Sy kon nie meer op regeringsberskerming staatmaak nie en moes haar geloofwaardigheid opnuut vanuit die Woord en haar gereformeerde teologiese grondslag vestig. Die toets was voor die NG Kerk se deur om haarself te herdefinieer in terme van haar identiteit en roeping. Alhoewel dit ’n krisistyd vir die NG Kerk was en baie lidmate die kerk verlaat het, was dit ’n besonder goeie en vrugbare tyd vir die kerk – ’n tyd om kreatief en nuut na God te luister. Hiermee het die vennootskap met die SAVGG en die luistersiklus van die NG Kerk baie gehelp.

Daar kan met reg gesê word dat ’n krisistyd in die bestaan van die NG Kerk haar tot dieper ondersoek en teologiese besinning gelei het. ’n Nuwe spiritualiteit het by die NG Kerk ontstaan waarin sy haar broosheid voor die Here kon erken en bereid was om weer te luister na God se wil. Hierdie proses van geloofsonderskeiding het ook tot die plaaslike gemeente deurgesyfer. Alhoewel die onsekerheid aanvanklik vir lidmate (wat aan ’n hermeneutiek van sekerheid gewoond was) ’n vreemde en ontwrigtende ervaring was, het die vertroue in God se trou gegroei en is geleer om meer te luister, te wag en te vertrou. Daar is steeds ’n versugting na absolute geloofsuitsprake – veral ten opsigte van morele kwessies, byvoorbeeld gay verhoudinge en -huwelike en saamwoon, maar daar is ook ’n groeiende verstaan van die hantering van die Bybel in ’n geloofsonderskeidingsproses.

Vervolgens sal verwys word na verskillende kontekste waarbinne die NG Kerk haarself opnuut moes posisioneer, wat uiteraard ’n invloed sou uitoefen ten opsigte van die spiritualiteit van die gemeente.

3.5.3.1 Sosio-politieke en kulturele konteks

Die NG Kerk is in die sosio-politieke en kulturele konteks van die Nuwe Suid-Afrika uitgedaag tot ’n soeke na nuwe relevansie. Die daarstelling van ’n nuwe Grondwet[53] en Handves vir Regte[54] vir Suid-Afrika en die deel word van ’n oop en veranderde

53 Coertzen (2006:361) beklemtoon die “transformatiewe of transformasie georiënteerde” aard van die Grondwet van Suid-Afrika deur te sê dat “transformasie ingebed lê in die Grondwet en ook gedryf word deur die Grondwet”. Hierdie oproep tot transformasie van die land en haar mense in die Aanhef tot die Grondwet word verder uitgebou in ondermeer artikels 1,7 en 9 van die Grondwet (Coertzen, 2006:362).

54 Dit staan ook as die Menseregteakte in die Grondwet bekend wat onder andere die kerk binne die gesagsgebied van die Grondwet bind (Coertzen, 2006:363). “In die Handves van Regte kan daar in breë ’n onderskeid gemaak word tussen enersyds die fundamentele regte van gelykheid, menswaardigheid en nie-diskriminasie en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

internasionale orde, het tot ’n plurale en pragmatiese samelewing (Kruger & Hofmeyr, 2009:141) gelei wat nuwe uitdagings aan die kerk (ook die NG Kerk) sou bied. In die oorgang van ’n teokrasie na ’n demokrasie (Theron, 2007:239) bied godsdiensvryheid aan elkeen die “reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening” (Artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Grondwet, aangehaal deur Coertzen, 2006:365). Waar die kerk en staat tot hier toe in ’n baie noue verhouding met mekaar verbind was, ervaar die NG Kerk veral ’n reuse aanpassing in die streng skeiding tussen kerk en staat wat deur die Grondwet neergestip is. Sedert 1990 is sake soos Skrifgesag, homoseksualiteit, die kerk se gereformeerde karakter, Nuwe Hervorming, kerkloosheid, die NG Kerk se identiteitskrisis, tendense in kerkbywoning, eietydse kerkwees, die geloofwaardigheid van die kerk en die bedreiging wat postmodernisme vir die kerk inhou op agendas van kerkvergaderings beland. Van Niekerk (aangehaal deur Kruger & Hofmeyr, 2009:141) verwoord die NG Kerk se belewenis van dié era as volg:

> “Ons beleef ’n oorgangstyd van onsekerheid. Terwyl ons sukkel om die apartheidsalbatros af te skud ... tref sekularisasie ons samelewing, en worstel ons met die openlike kritiese bevraagtekening van tradisionele geloofswaarhede. Die leierskap moet te midde van hierdie onsekerhede oriëntasie bied en selfs identiteit bemiddel. Intussen ding ons op die godsdiensmark mee... Geriefshalwe neem talle... ook nie graag standpunt in oor etiese verknorsing van ons tyd nie.”

Dit het, volgens Theron (2007:236), ’n lang tyd vir die Afrikaner geneem om te erken dat daar inderdaad fout was met apartheid. Hy wys ook dat, alhoewel die Afrikaner diep dankbaar is vir die relatief vredevolle wyse waarop die oorgang van mag plaasgevind het, hulle terselfdertyd uitermate weerloos voel: “The Afrikaner ‘laager’ that previously provided shelter, had broken down and was replaced by the symbol of the South African ‘rainbow nation’.” (Theron, 2007:237.)

3.5.3.2 Konteks van wêreldbeskouing

Die verandering van wêreldbeskouing het verder ’n besliste uitwerking op die lewe van die kerk (ook die NG Kerk) meegebring (Kruger & Hofmeyr, 2009:141). Hieronder is die invloed van globalisasie soos hierbo uiteengesit en die blootstelling aan kulturele en godsdienstige pluraliteit waarskynlik die belangrikste. Absolute oortuigings en die relevansie van strukture en instellings wat volgens absolutes funksioneer, is hierdeur uitgedaag. Die waarheid kan ook nie meer in ’n absolute ontologiese sin beskou word nie (Kruger & Hofmeyr, 2009:141)

---

andersyds die sogenaamde gemeenskapsregte soos vryheid van assosiasie, die vryheid ten opsigte van kultuur, godsdiens en taal en die vryhede van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe.” (Coertzen, 2006:368.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat sterk uitsprake rondom geloofswaarhede tot gevolg het en direkte implikasies vir Skrifgesag en –interpretasie inhou. “Die dekonstruksie van geldende geloofsdiskoerse kan ontwrigtend en verwarrend wees.” (Kruger & Hofmeyr, 2009:141.)

Aan die positiewe kant, skep die meerdimensionele karakter van waarheid die ruimte vir spiritualiteitsdiversiteit binne die NG Kerk waardeur ’n groter verskeidenheid behoeftes van lidmate aangespreek kan word (Kruger & Hofmeyr, 2009:142). Mense is meer pragmaties[55] wat inhou dat hulle toewyding aan bepaalde vaste etiese raamwerke en outoritêre strukture taan en die kerk tot ’n groot mate ontmagtig (Kruger & Hofmeyr, 2009:142). ’n Interessante en baie betekenisvolle skuif wat verreken behoort te word, is die “beweging weg van die groter gemeenskap na privatisme” (Marty, aangehaal deur Kruger & Hofmeyr, 2009:142). Die kommunale basis van godsdienstige oortuigings moet hiervolgens terugstaan vir subjektiwiteit en pluraliteit. Daar is ook ’n groter bewussyn vir verskeidenheid binne ’n sekere geloofstradisie wat vra na ’n geïntegreerde diversiteit om eenheid te bewerk (Du Toit, aangehaal deur Kruger & Hofmeyr, 2009:142). Deel hiervan is die blootstelling aan ander spiritualiteite en teologieë in die ekumeniese arena. Die NG Kerk is in hierdie tydsgees uitgedaag om haar identiteit en belydenisgrondslag te bedink as die basis waarop die kerk as ’n ruim huis kan dien. Ook wat die gemeente betref, is daar ’n duidelike keuse vir ’n ruim huis, met ruimte vir diversiteit binne die grense van die belydenisgrondslag van die gemeente. In terme van spiritualiteit groei die gemeente in die wyse waarop hierdie diversiteit nie slegs getolereer word nie, maar gevier word. Op hierdie manier word God se werksaamheid in en deur die gemeente opnuut ontdek.

3.5.3.3 Konteks van sekularisasie

Die invloed van die wêreldwye sekularisasie het beslis ook inslag in die Suid-Afrikaanse samelewing en daarom ook die NG Kerk gevind. Met ’n al sterker aanspraak op individuele menseregte, is die invloed van die kerk op individue merkbaar kleiner en die openbare terrein ongetwyfeld minder gevul met godsdiens of godsdienstige aansprake. Die effek van sekularisasie en die impak van die postmoderne era laat die vraag ontstaan of godsdiens as sodanig nog vir mense in hierdie era belangrik is. Terselfdertyd speel Christelike etiek ’n al kleiner rol in die burgerlike samelewing – die gesins- en gemeenskapslewe asook die korporatiewe en kommersiële lewe (Kruger & Hofmeyr, 2009:143). Die NG Kerk se prominente en bevoorregte posisie in die samelewing het dramaties verander aangesien die invloed wat die NG Kerk in die apartheidsjare op die regering en samelewing uitgeoefen het,

55 Moraliteit word vanuit ’n nuttigheidsperspektief beskou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

iets van die verlede is. Dit het ’n gevoel van verlies aan status en bestaansdoel ten opsigte van die NG Kerk teweeg gebring.

Kruger en Hofmeyr (2009:143) verwys na ’n insiggewende opmerking deur Peter Berger wat meen dat daar ’n internasionale verskynsel is wat ’n teen-sekulêre uitwerking het, naamlik: desekularisasie.

> “Op internasionale godsdienstige terrein kom bewegings na vore wat ál meer konserwatief of ortodoks is. Kenmerkend aan dié verskynsel is ’n groot godsdienstige ywer, die trotsering van die heersende tydsgees (wat mense se sekerhede ondermyn) en ’n terugkeer na die gesag van godsdienstige oortuigings wat tradisioneel gegeld het.” (Kruger & Hofmeyr, 2009:143.)

Theron (2007:239) beklemtoon die gebrek aan gereformeerde belydenisgrondslag by die NG Kerk as grondliggende rede vir die verlies van haar lidmate aan die charismatiese beweging. Hy meen dat die tradisionele spanning tussen die Armeniaanse en gereformeerde spiritualiteit ten gunste van die eersgenoemde opgelos is “which seems to be hi-jacking the DRC”. Volgens Kruger & Hofmeyr (2009:143) identifiseer Berger die oplewing in Evangeliese (wat ook as Protestantse gelees kan word) kerklike tradisie as deel van hierdie verskynsel. Alhoewel die grootste oplewing in die Pentekostalistiese kerklike tradisie is, vind daar ook grootskaalse ‘hernuwing’ (Kruger & Hofmeyr, 2009:143) in die ouer hoofstroomkerke, waarvan die NG Kerk deel is, plaas. Vanuit hierdie perspektief beskou, het die kerk steeds ’n sterk posisie in die samelewing met die geleentheid om etiese waardes, ten spyte van ’n skynbaar vyandige wêreld, te laat geld. Ten opsigte hiervan, meen Theron (2007:239), is die NG Kerk, danksy haar rekord, “at a disadvantage when it comes to social relevance in the new South Africa”. Die uitdaging van die plaaslike gemeente is om die nuutgevonde identiteit en roeping meer en meer tot diens van die samelewing te stel deur haar visie, naamlik om ’n stroom lewende water te wees wat wyd vloei met die helende genade van God, prakties uit te leef. ’n Selfgerigte spiritualiteit is besig om te transformeer in ’n gemeenskapsgerigte spiritualiteit, wat ’n nuwe geloofwaardigheid aan die kerk bied.

3.5.3.4 Konteks van verbruikersamelewing

Coetzee en Conradie (2011:13) beklemtoon die emosionele eise van ’n kompeterende samelewing en die tempo van ’n verbruikerskultuur wat ’n beduidende invloed uitoefen op gelowiges se spiritualiteit. Kruger en Hofmeyr (2009:143) toon aan dat die hedendaagse samelewing veral deur twee realiteite gekenmerk word, te wete die akkumulasie van rykdom en mag en die uitruiling van kommoditeite. Mense se voorkeure en behoeftes bepaal die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besigheidsmark sowel as die sosiale goedere wat versprei word. Kruger en Hofmeyr (2009:143) verwys na Meeks wat op die invloed hiervan op die kerk dui, naamlik dat die kerk "geabsorbeer word deur die logika van die mark of verbruikersamelewing". So word die kerk "effektiewe bemarkers van geestelike verbruikerskommoditeite en dienste" (Van der Walt, in Kruger & Hofmeyr, 2009:143). Vanuit die pluralistiese situasie ontstaan daar selfs 'n wedywering tussen verskillende religieuse realiteite met die bevrediging van geestelike behoeftes as die kragtige dryfveer en die mate waarin individue optimaal bevredig word as maatstaf vir sukses (Kruger & Hofmeyr, 2009:143; Coetzee & Conradie, 2011:10.) As sinodes[56] en gemeentes vra na watter behoeftes lidmate het, en na wat gemeentes kan doen om dit aan te spreek, word dieselfde taal gebruik as die verbruikersamelewing en blyk dit dat "die NG Kerk in hierdie opsig uitgelewer staan voor die eise en dryfvere van die verbruikersamelewing" (Kruger & Hofmeyr, 2009:144). Coetzee & Conradie (2011:14) merk hieroor krities teenoor die NG Kerk op dat lidmate pastoraal begelei word om "met die eise van die lewe in die reine te kom, maar nie werklik met 'n veranderende samelewing nie". Hiervoor blyk die koste (die moontlikheid om lidmate te verloor as die rol van die kerk om hulle sosiaal en godsdienstig te behou bedreig word) te hoog te wees, met die gevolg dat nadenke oor kontekstueel relevante kwessies weinig plaasvind.

Wat die plaaslike gemeente betref het die versnellende verbruikerskultuur 'n wesenlike impak op lidmate se lewens. Die druk waaronder lidmate is om te produseer en te presteer plaas baie spanning op verhoudinge, huwelike, gesondheid en algehele lewensvreugde. God het ook dikwels nie 'n plek binne hierdie spiraal van produksie en verbruik nie, enersyds omdat daar nie tyd vir God is nie en andersyds omdat God nie pas in hierdie proses nie, behalwe waar Hy vir kitsoplossings "ingeroep" word. Dit is daarom vir die gemeente nodig om die dissipline van gebed te herontdek, waardeur lidmate tot stilstand gebring word en hulleself deur God se oë kan raaksien. 'n Sterker klem behoort op 'n lewe van eenvoud en 'n stadiger lewe voor die aangesig van God geplaas te word as kernmomente van haar spiritualiteit.

3.5.3.5 Konteks van spirituele vernuwing

Coetzee en Conradie (2011:10) verwys ook na die spirituele vernuwing in die NG Kerk wat in die vorm van gemeentebou geïnstitusionaliseer is. Hiervolgens is programme aangewend om aan die behoeftes van lidmate te voldoen, lidmate toe te rus om hulle gawes te gebruik en verskeie bedieninge van stapel te stuur. Leierskapstyle is aan die korporatiewe wêreld

56 Kruger en Hofmeyr (2009:143) verwys na die besluit van die Algemene Sinode van 1994: "Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Diensgroep vir Gemeente-en-Bedieninge om ondersoek in te stel na die verskynsel wat in gemeenskappe voorkom dat lidmate van NG gemeentes bedieningstyle in ander kerke aantreklik vind."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontleen waarvolgens strategieë vir suksesvolle bestuur van ’n organisasie bedink is. Hierdie aansluiting by die etos van sukses in die korporatiewe wêreld, onder die invloed van die verbruikerskultuur, meen Coetzee en Conradie (2011:10), het maklik daartoe kon lei dat godsdiens gekommersialiseer kon word. Hiervolgens word die kerk ’n verskaffer van godsdienstige produkte en dienste om die spirituele behoeftes van lidmate te bevredig. Dit verklaar die maklike beweging van lidmate na ander kerke wat skynbaar beter aan hulle behoeftes voorsien. Dit verklaar verder waarom kerke van dieselfde denominasie, maar in ’n ander konteks, anders lyk en funksioneer. Die klem val nie meer so seer op die belydenisgrondslag van die kerk nie, maar sterker op die plaaslike gemeente se konteks, behoeftes en bedieningstyl.

Coetzee en Conradie (2011:10) dui daarop dat die mees ekstreme vorm van hierdie kommersialisering van godsdiens en die kerk in die “verkondiging van die welvaartsevangelie” gesien word. Hiervolgens word voorspoed as teken van God se goedkeuring en seën verstaan. Dit manifesteer, onder andere, in die kerk se “soeke na godsdienstige vermaak” (Coetzee & Conradie, 2011:11), wat dikwels in die NG Kerk te bespeur is en tot ’n sterk gerigtheid na binne lei. Coetzee en Conradie (2011:11) vra tereg of die ekklesiologiese konsentrasie wat in die gemeentebou idioom opgevang is genoeg aksent plaas op die verhouding tussen kerk en wêreld, die kerk en die burgerlike samelewing, asook kerk en staat. Die vraag is of die aksent op gemeentebou vir lidmate ’n verantwoordbare etiek kon bied om hulle roeping in die samelewing – ook buite die strukture van die kerk om – te vul. Coetzee en Conradie (2011:12) dui op die verreikende implikasies van die kerk se onvermoë om die nodige teologiese gereedskap te bied waarmee aktuele vraagstukke, soos geloof en wetenskap, seksualiteit en MIV/Vigs bedink word:

> “(Dit) lei daartoe dat hierdie onderwerpe óf vermy word, óf dat lidmate hulle tot suiwer sekulêre argumente in die verband wend. Tipies bly die kerklike diskoers in dié verband ongenuanseerd en daarom blootgestel aan ongekorrigeerde vorms van biblisisme en fundamentalisme.” (Coetzee & Conradie, 2011:12.)

Die ontwaking van ’n sendingywer met die klem op “sending na buite” (waarna as die vierde golf van sendingywer in die NG Kerk verwys word) sou ook geïnterpreteer kon word as ’n ontsnapping na buite, weg van die veel ingewikkelder hantering van hierdie en ander vraagstukke, soos “binnelandse konflik, politieke en ekonomiese vraagstukke en versoening met die res van die sogenaamde familie van NG Kerke” (Kritzinger, aangehaal deur Coetzee & Conradie, 2011:12). Die onlangse besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Oktober, 2011) om ’n proses te betree om die Belharbelydenis as vierde amptelike geloofsbelydenis van die kerk te aanvaar asook om heelhartig vir kerkhereniging te werk, dui op ’n positiewe wending in hierdie verband.

Die plaaslike gemeente het aan die begin van die proses in vennootskap met die SAVGG besef dat haar bestaan nie ’n doel op sigself is nie, maar ’n belangrike instrument in God se sending na die wêreld is. Die herontdekking van haar identiteit en roeping het haar meer na buite, waar God in die wêreld aan die werk is, laat fokus . Tog is daar ’n noodsaaklikheid om lidmate verder teologies te begelei om aktuele vraagstukke soos hierbo op verantwoordbare wyse te hanteer.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die weg waarop die NG Kerk sedert 1990 gegaan het vir die kerk op vele maniere in krisisse gedompel het. Die oorgang in 1996 na ’n konstitusionele demokrasie het ’n waterskeidende effek op die toekoms van die NG Kerk gehad. Die Grondwet het nie meer die Christelike godsdiens bevoordeel nie, maar is neutraal teenoor alle godsdienste. Wetgewing is ook nie meer op grond van Christelike waardes uitgevaardig nie, maar op grond van individuele menseregte. Die NG Kerk as instelling het (soos ander kerke) haar publieke status en invloed verloor en so moes lidmate van die NG Kerk ook van hulle publieke invloed afstand doen. Hierdie krisisse het egter daartoe bygedra dat die kerk, veral ten opsigte van haar identiteit en roeping, weer nuut moes dink. Synde nie meer deur die regering gerugsteun nie, het die kerk al meer by haar Bron gaan leer oor wie sy is en waarvoor sy op aarde is. Dit het ’n weg geopen vir ’n spiritualiteit van geloofsonderskeiding. Die leierskap van die plaaslike gemeente het die waagmoed aan die dag gelê om ook hierdie weg te gaan. Ou gewoontes moes afgeleer word, terwyl geloofsonderskeiding, luister na God, mekaar en die wêreld, die taal van ons spiritualiteit geword het. Godsvrae (byvoorbeeld: “wie is God?”, “waarmee is God besig?”) het ons teologie gevorm, op grond waarvan ons identiteit en roeping verder ontdek kon word. In kort: die gemeente het op ’n weg van missionêre transformasie gegaan. Vervolgens sal hierdie transformasieproses van nader beskryf word.

3.5.4 Missionêre transformasie

Nie net is die globale tendense en die groot verskuiwings op Suid-Afrikaanse bodem belangrik vir die verstaan van die mikrotendense nie. Die ontluiking van ’n missionêre teologie in die bedieningspraktyke van vele gemeentes in Suid-Afrika, het tot verdere impak van die spiritualiteit in die plaaslike gemeente (en ander gemeentes) gelei. Daar is tans ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verdieping in die NG Kerk wat veral binne die konteks van liturgiese vernuwing en nadenke oor die missionêre aard van gemeentes duidelik na vore kom. Die stigting van die SAVGG en die talle gemeentes wat sedertdien as vennote daarby aangesluit het en prosesse in missionêre transformasie deurloop het (en steeds deurloop), getuig daarvan. Hiervolgens herontdek ’n gemeente haar roeping as beliggaming van die *missio Dei* in die tyd en konteks waarin sy haarself bevind. Hierdie ontwaking van ’n missionêre teologie word, met die doel om die impak daarvan op die gemeente se spiritualiteit, in hooftrekke beskryf.

Niemandt (2010:92) wys hoe belangrike en bepalende gebeure in die Suid-Afrikaanse en wêreldgeskiedenis tot golwe van buitengewone sendingbedrywighede deur die NG Kerk gelei het. Hy plaas Saayman se beskrywing van die vierde golf, wat na die oorgang na demokrasie in 1990 ’n aanvang geneem het, in perspektief rondom die wyer of omvangryker verstaan van die sendingywer van die NG Kerk in hierdie tydperk. Hy bevestig dat die demokratiseringsproses in Suid-Afrika en globalisering as sosio-kulturele agtergrond verstaan moet word vir die rigting wat sending in die NG Kerk sedertdien ingeslaan het, maar beklemtoon dat dit juis oor die “herontdekking van die missionêre aard van die plaaslike gemeente” gaan wat ’n “nuwe verstaan van die aard en wese van die kerk” ten grondslag het en “uitloop op ’n globale en lokale fokus” (Niemandt, 2010:93). Hendriks (2007b:91) sluit hierby aan as hy meen dat ’n ontluikende missionêre identiteit ’n nuwe vorm van identiteitformasie is waardeur, onder andere, die NG Kerk en die VGKSA saamgesnoer is. Die rol van die kerk in God se sending is in 2006 goed uitgedruk deur die gesamentlike verduideliking van die NG Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA), die Reformed Church in Africa (RCA) en die VGKSA wat as volg lui:

> “Dit is ’n wesenskenmerk van die kerk as die liggaam van Christus ons Here en Verlosser, om deel te wees van God se sending in die wêreld (*missio ecclesiae*). Die gemeente, as plaaslike gestalte van die kerk en primêre instrument van God se sending, maar ook die kerk as geheel en elke lidmaat daarvan, is deur God gestuur.” (Gesamentlike verklaring, aangehaal deur Niemandt, 2010:98.)

Niemandt (2010:93 ev) wys hoe ’n aantal sinodebesluite en beleidstandpunte van die Algemene Sinode (byvoorbeeld die Roepingsverklaring in 2002 en die herbevestiging daarvan in 2007) asook internasionale sendingkonferensies (byvoorbeeld te Edinburg in 2010) die kontoere van die ontluikende missionêre ekklesiologie as ’n korrektief op, maar ook uitbreiding van die vierde golf aanbied. Niemandt (2010:95) maak spesiaal melding van die invloed van die “Gospel and our Culture Network (GOCN), waarbinne teoloë soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Keifert, Guder, Van Gelder en Hunsberger die werk van Bosch en Newbigin verder ontwikkel en belangrike leiding verskaf oor die missionêre aard van die kerk". Die nadenke en werk van hierdie netwerk speel 'n belangrike rol in die transformasieproses van die NG Kerk. Dit het onder andere tot die SAVGG gelei waaraan meer as 170 gemeentes teen 2010 lidmaatskap verleen het wat 'n duidelike aanduiding is dat daar 'n groeiende konsensus oor die missionêre aard van die kerk is – "'n verskuiwing van 'n kerkgesentreerde sending na 'n sendinggefokusde kerk" (Niemandt, 2010:93).

Niemandt (2010:100) verwys verder na die *Seisoen van Luister* wat in 2005 deur die NG Kerk geloods is wat gemeentes en sinodes aanmoedig "om met nuwe toewyding na God, medegelowiges en die kontekste waarin ons ons bevind, te luister" (Niemandt, 2010:100). Dit is vanuit hierdie luisterproses dat gemeentes beter kan onderskei wat God se roeping vir hulle in hulle besondere kontekste is. Die Seisoen van Luister is in 2009 met 'n proses wat as "Groei oor Grense" bekendstaan aangevul. "Hierdie proses poog om lidmate te help om sonder vooroordele en onbevange na mense te luister. Dit wil hulle help om deur grense te breek en na vreemde stemme te luister en veral vas te stel wat die Bybel sê oor bewegings oor grense." (Niemandt, 2010:100.)

Bogenoemde is bewys van belangrike kontoere van 'n ontluikende missionêre ekklesiologie binne die NG Kerk vanaf 1990.

Hendriks (2007a:1003 ev; 2007b:92) voeg by dat missionêre teologie oor geloofsonderskeiding[57] ("discernment") handel. Hendriks beklemtoon dat dit die doen van teologie behels waarin die geloofsgemeenskap geroep word om in God se missionêre praksis deel te neem (2007a:1004). Deur hierdie verstaan van die doen van teologie kon die kerk, met name die NG Kerk, haarself as 'n waardevolle vennoot in die sosiale ontwikkeling in 'n post-apartheid Suid-Afrika vestig (Hendriks, 2007a:1014).

Marais (2009) verduidelik die impak van die SAVGG op die kerk in terme van 'n viervoudige bekering wat met die kerk plaasvind, te wete:

a) 'n Ekklesiologiese bekering: 'n bekering van die kerk na God wat die oes besit. "It is about God, not about the church – it is not the survival of the church or growth package. It is

57 Dit gaan in die eerste plek oor die drie-enige God wat Homself in en deur die Skrif aan die wêreld bekendmaak. In die tweede plek is die vraag na die identiteit van die kerk, in die lig van wie God is: "God's character and mission form the basis of ecclesiology and anthropology." (Hendriks, 2007a:1004.) Derdens is God op hierdie wêreld gefokus en roep dus ook die kerk om by hierdie wêreld betrokke te wees. In die vierde plek speel die Woord 'n sentrale, normatiewe rol in die geloofsgemeenskap se lewe. Vyfdens is die kerk se missie die koninkryk van God – waar vrede en geregtigheid bo alles heers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

about a re-discovering of God." (Marais, 2009.) Die bekeringsmoment lê dus in die besef dat dit nie oor die kerk se inisiatief of energie gaan nie, maar om God as die Een te erken wat by die wêreld betrokke is en ons nooi om by Hom aan te sluit. Die oes is groot.

b) 'n Teologiese bekering: 'n bekering van idees oor God na 'n reis met God – waar Hy ook mag gaan. "This is not about understanding God, it is about journeying with God while practicing spiritual disciplines ...expecting to be surprised by God." (Marais, 2009.)

c) 'n Persoonlike bekering: 'n bekering van 'n posisie van mag tot 'n posisie van broosheid – soos lammers tussen wolwe. "(I)t challenge us to follow Jesus in His vulnerability, to empty ourselves from the power we receive from the church..." (Marais, 2009.)

d) 'n Bekering na die publieke lewe: 'n bekering van die buitengewone na die gewone – eet en drink wat vir jou gegee word. Dit gaan hier oor die raaksien van God se kragtige werk in die gewone dinge van elke dag.

Die impak van die missionêre ontwaking op die plaaslike gemeente is waarskynlik veel groter as wat toegegee word. Die gemeente het eienaarskap geneem van haar missionêre identiteit, alhoewel die praktyk daarvan verder ontgin behoort te word. Die gemeente sien haarself al hoe meer as deel van die lewe van die drie-enige God en daar is 'n groter verstaan haar roeping in die lig van die *missio Dei*. Die gemeente verstaan haarself as gestuurd na 'n wêreld waarin God aan die werk is – om daar saam met Hom te werk. Verder verstaan die gemeente haarself meer as 'n teken en voorsmaak van die koninkryk van God in die plaaslike konteks waarin sy verbind is tot genesing en heling in die konkrete werklikheid van die alledaagse lewe. Daar is 'n sigbare groei in hierdie verstaan van die gemeente as gestuurd asook in die uitleef daarvan.

3.6 Slot

Die navorser ondersoek die teologiese raamwerk vir 'n geïntegreerde spiritualiteit en die wyse waarop die gemeente, vanuit 'n verruimde verstaan van verlossing, in 'n proses na so 'n spiritualiteit, waarmee hulle sinvol in die wêreld kan leef, begelei kan word. Die navorser neem sy vertrekpunt in die oortuiging dat daar 'n verband tussen die gemeente se konteks, haar siening van verlossing en haar spiritualiteit is. In hierdie hoofstuk is Osmer se tweede taak van praktiese teologie, naamlik die interpreterende taak uitgevoer. Hiermee is gepoog om, aan die hand van die makrokonteks van die gemeente, die mikrokonteks en –tendense van die gemeente beter te verstaan. In die lig hiervan is die verband tussen die gemeente se konteks (van waar haar verstaan van verlossing gevorm is) en haar spiritualiteit bevestig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die sosiologiese tendense op makrovlak is veral gebruik om ’n raamwerk te skep waarbinne die tendense op mikrovlak geïnterpreteer is. Globale tendense in ’n tyd van byna onmeetbare ontwikkeling in tegnologie, inligting en kommunikasie en die invloed daarvan op die prosesse in die plaaslike gemeente is beskryf en beredeneer. ’n Historiese verloop van die demokratiseringsproses in Suid-Afrika is verder kortliks beskryf as ’n verdere lens waardeur die spiritualiteitstendense in die plaaslike gemeente verhelder kon word.

Die impak van die globale en nasionale verskuiwings op die plaaslike samelewing en gemeente, veral ten opsigte van haar identiteit en roeping, wat ook haar spiritualiteit genoem kan word, kan nie oorbeklemtoon word nie. Daar is ’n noue verband tussen die tendense in die plaaslike gemeente, die geskiedenis van die NG Kerk en dié van die breër Suid-Afrikaanse samelewing, sowel as die internasionale konteks: “Die kerk staan nie los van die ruimte en tyd waarin dit bestaan nie.” (Kruger & Hofmeyr, 2009:144.) Dit is duidelik dat die NG Kerk en die apartheidsregering intiem betrokke was by mekaar wat tot die ontwikkeling van ’n apartheidsteologie bygedra het. Die veranderinge in die land sedert 1990 het ook ’n era van transformasie vir die NG Kerk ingelei – spesifiek ten opsigte van haar rol in die Nuwe Suid-Afrika. In die lig van die wêreldwye skuiwe in denksisteme en wêreldbeskouings, was die NG Kerk ook genoop om haar identiteit, roeping en wyse van teologisering te herbesin. Verder is die uitdagings aan die kerk groot om in die konteks van sekularisasie en ’n verbruikersamelewing outentiek kerk te wees en in die lig van haar roeping te bly transformeer.

Vanuit bogenoemde bespreking is dit moontlik om die verband tussen die spiritualiteitstendense in die gemeente en die makrokonteks op minstens twee vlakke te omskryf, terwyl albei met ’n eksistensiële ervaring van onsekerheid verband hou. Eerstens is daar ’n onderliggende dualistiese tendens in die spiritualiteit van die gemeente. Dit is verstaanbaar teen die agtergrond van die veranderende wêreld waarin daar angstig gesoek word na sekerhede. ’n Groot ongemak ontstaan waar twyfel en onsekerheid deel van die diskoers vorm. Op ’n manier is geloof, en veral die kerk, die laaste plek in mense se lewens waarheen hulle nog kan gaan om vaste antwoorde en absolute waarhede – te midde van uiters onsekere omstandighede in die wêreld – te verwag. Tweedens kan hierdie byna angstige soeke na sekerhede ook vanuit die psigologie verstaan word as ’n tipe teruggrype van volwasse mense na ’n kinderlike stadium waar die fungering van absolutes en egosentrisme ouderdomstoepaslik is. Die terughunkering daarheen vanuit ’n volwasse posisie is ’n aanduiding van onvoldoende emosionele vervulling of psigologiese ontwikkeling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in ’n stadium van die kind se lewe waarin die deurwerk van egosentriese behoeftes en absolute waarhede belangrik is. In ’n suksesgedrewe en prestasiegerigte samelewing word daar dikwels nie genoegsaam aandag aan die onderskeie kritiese ontwikkelingsfases van jong kinders geskenk nie. Dit veroorsaak onvervulde behoeftes en onafgehandelde “take” in daardie fases wat tot emosionele mankheid lei. Godsdiens word in baie gevalle ’n handige instrument om ’n “oplossing” te bied vir die probleem van emosionele mankheid – dikwels in die vorm van projeksie. Hiervolgens word persone se eie emosionele mankheid op God en geloof oorgedra. Daarom word daar baie gemaak van oordrewe emosionaliteit wat dikwels aan die werking van die Heilige Gees gekoppel word. Dit is egter nie standhoudend nie en bied geen werklike basis op grond waarvan dit vir mense hoop en ware sekuriteit bied nie. Verlossing word meermale as ontsnapping uit die realiteite verstaan wat geen hoop vir mense in die kompleksiteite van die werklike lewe van elke dag bied nie.

Die gemeente se betrokkenheid by die SAVGG het wel wesenlike paradigmaskuiwe gebring in die manier waarop daar oor God, die kerk en die roeping van die kerk gedink word. Hierdie skuif na ’n missionêre ekklesiologie het die weg gebaan vir ’n nuwe spiritualiteit wat vir lidmate help om met hoop gelowig in hierdie wêreld te kan leef. In die lig hiervan het die kerk ’n onvervreembare verantwoordelikheid om getrou te wees aan die vestiging van ’n teologiese raamwerk vir haar bediening in die konteks waarin sy geroep is om gemeente te wees.

Dit het tot dusver duidelik geword dat die gemeente se teologiese denkraamwerk enersyds kontekstueel beïnvloed is en andersyds dat sodanige teologiese raamwerk, veral ten opsigte van die verstaan van verlossing, ’n wesenlike impak op die gemeente se spiritualiteit het. In die volgende hoofstuk sal ’n teologiese raamwerk ten opsigte van die konsep van verlossing bespreek word in die lig waarvan die gemeente tot ’n meer geïntegreerde spiritualiteit begelei kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4: Verlossing - ’n teologiese raamwerk

4.1 Inleiding

Die navorser ondersoek die verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit in die lig waarvan die navorser ’n teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit wil bied waarvolgens lidmate sinvol in die wêreld kan leef. In die vorige twee hoofstukke is die eerste saak van die ondersoek, naamlik die konteks van die gemeente beskryf en in ’n breër verstaansraamwerk geplaas. In hierdie hoofstuk word die derde taak van prakties teologiese navorsing, soos deur Osmer (2008:8) voorgestel, naamlik die normatiewe taak, uitgevoer. ’n Teologiese raamwerk word ten opsigte van die konsep van verlossing geskets waarbinne die gemeente tot ’n meer geïntegreerde spiritualiteit begelei kan word.

Op grond van die navorser se literatuurstudie is die konsep van verlossing as teologiese kern van Christelike spiritualiteit geïdentifiseer. Drie inleidende opmerkings is nodig om die agtergrond of raamwerk te skets waarteen ’n teologiese raamwerk vir die verstaan van verlossing in hierdie hoofstuk bespreek sal word. Die vertrekpunt hiervoor word geneem uit Bosch se stelling, naamlik:

> “(S)ince one’s theology of mission is always closely dependent on one’s theology of salvation, one’s soteriology; it would therefore be correct to say that the scope of salvation – however we define salvation – determines the scope of the missionary enterprise.” (Bosch, 1989:139.)

McKnight (2007:4 ev) sluit by Bosch aan as hy vra of daar ’n siening van verlossing gehuldig word wat van die wêreld ’n beter plek maak om in te lewe. Hy ondersteun die standpunt dat die manier waarop verlossing beskou word, bepalend is vir die verskil wat die kerk in die wêreld bring. Waarna hy soek is ’n verstaan en uitleef van verlossing “(that) will empower us to create alternative communities where the fullness of the gospel, and the atonement theory behind it, can be unleashed to do the work God wills” (McKnight, 2007:5).

Die eerste inleidende opmerking is die basiese vertrekpunt van hierdie studie, naamlik dat die wyse waarop verlossing verstaan word, bepalend is vir die bedieningstyl en missionêre werksaamheid van die kerk – die manier waarop die kerk haar roeping in alle fasette uitleef – wat hier as haar spiritualiteit beskryf word. J.J. Kritzinger (1990:147) bevestig hierdie vertrekpunt as hy sê: “The scope of mission is broad, ‘as wide as the scope of salvation; the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

latter determines the former’.” Ook McKnight (2007:5) beaam hierdie standpunt met sy stelling: “The gospel we preach shapes the kind of churches we create. The kind of church we have shapes the gospel we preach.”

Conradie (2011a:4) toon aan dat Christen teoloë nie altyd daarin kon slaag om aan beide die Christelike geloof in God as Skepper en as Verlosser reg te laat geskied nie. Hy verwys na die bekende toespraak van Joseph Sittler tydens die vergadering van die Wêreldraad van Kerke (WRK) in 1961 te New Delhi, waar hy as volg geargumenteer het:

> “(E)ver since Augustine, Western Christendom has been unable to relate the realm of grace to the realm of nature due to the influence of a Hellenistic dualism between the spiritual and the temporal. This encouraged the conclusion that redemption should be understood as an escape from that which is finite, material and concrete” (Conradie, 2011a:4).

Conradie (2011a:4) illustreer die onvermoë om aan beide skepping en verlossing reg te laat geskied, deur middel van ’n aantal observasies oor die Protestantse tradisie met, volgens hom, ’n lang gevestigde tendens om die diskoers oor verlossing te bevoordeel en die skepping as blote verhoog te sien waar die drama van God se verlossingsinteraksie met die mens uitgevoer word.

Met die kerk se groterwordende stryd om die wêreld as God se skeppingswerk te verduidelik, het die Protestantse, en veral die Evangeliese teologie ’n roete gevolg wat Jürgen Moltmann (aangehaal deur Conradie, 2011a:4) as ’n “retreat from cosmology into personal faith” beskryf. Protestantse teologie het toenemend op die probleem van menslike (persoonlike of gemeenskaplike) verlossing of bevryding gefokus. Christelike piëteit het desperaat gepoog om die gebroke verhouding tussen die mensdom en die transendente God te herstel (Conradie, 2011a:5). Daar is in die vorige hoofstuk beskryf hoe hierdie diskoers van dualistiese denke ook deel van die teologiese grondslag van die gemeente is.

Tweedens blyk dit dat die konteks waarin daar oor verlossing nagedink word en waarin dit “ontvang” word, bepalend is vir die verstaan daarvan. McKnight (2007:44) beklemtoon dat die verstaan van mens en sonde kontekstueel bepaal word. Daar is mans, vroue, mense van Oosterse of Westerse afkoms, in landelike of stedelike gebiede, ouers en kinders, bemagtigde en ontmagtigde mense, kerklik betrokkenes en kerklik onbetrokkenes, mense vanuit verskillende godsdienstige agtergronde, ensovoorts. Omdat sonde meer kompleks is,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is die verstaan daarvan, binne ’n bepaalde konteks, bepalend vir dit wat met verlossing verstaan word. So, word hier aangedui, sou verlossing verskillend verstaan word in verskillende kontekste, byvoorbeeld in Walmer Township tydens die hoogty van Apartheid in de tagtigerjare en die lewe van ’n gemiddelde voorstedelike inwoner van die gebied waarin die gemeente geleë is – in dieselfde tydperk. In die vorige hoofstuk is beskryf hoe die mikro- en makrotendense vanuit die konteks ’n bepalende invloed op die vestiging van ’n teologiese raamwerk, waarbinne die konsep van verlossing verstaan word, het.

Hierdie twee vertrekpunte vorm ’n eenheid: Die konteks het ’n bepalende invloed op die verstaan van die konsep van verlossing – wat weer ’n bepalende invloed op die spiritualiteit van die gemeente het. In die vorige twee hoofstukke is die mikro- en makrokontekste waarin die gemeente geleë is ontleed en gesien hoe dit die beskouing van verlossing in die gemeente gevorm het.

’n Derde en finale inleidende opmerking is die erkenning van die onmeetbare impak van die Griekse dualisme op die Christendom. ’n Sterk skeiding tussen sogenaamde aardse (fisiese/wêreldse) en geestelike (bonatuurlik/buite-wêreldse) realiteite het ’n bepalende inslag in die denke van die kerk gevind – wat haar soteriologie en daarom ook haar spiritualiteit met soortgelyke dualisme gekontamineer het.

Die navorser bedink ’n teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit waartoe die gemeente begelei kan word met die oog op ’n sinvolle bestaan in die wêreld. In die lig van die bogenoemde drie inleidende opmerkings ten opsigte van die gedagtegang van hierdie studie, word in hierdie hoofstuk gepoog om die konsep van verlossing in die gereformeerde teologiese tradisie te herontdek en te waardeer met die oog op die vestiging van ’n geïntegreerde spiritualiteit in die gemeente.

Na ’n kort historiese oorsig van die siening van die konsep van verlossing word ’n seleksie van teologiese denkers uit die vroeë kerk en die gereformeerde tradisie se verstaan van verlossing gebruik vir die begronding van die teologiese raamwerk wat deur hierdie studie vir ’n geïntegreerde spiritualiteit voorgestel word. Dit baan die weg tot die besinning van missionêre teologie waarbinne ’n verruimde of oorkoepelende verstaan van verlossing tot uitdrukking kom wat die basis bied vir die beoefening van ’n geïntegreerde spiritualiteit deur die gemeente.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2 ’n Historiese perspektief op verlossing

Ten einde in hierdie hoofstuk ’n teologiese beoordeling van die konsep van verlossing te maak, word die konsep eers in historiese perspektief gestel. Vanuit verskillende kontekste oor verskillende tydvakke het verskillende interpretasies van verlossing die lig gesien. Bosch (1989:140 ev) ondersoek die idee van verlossing in die geskiedenis van Christen-sending en werp so lig op die verskuiwings in die verstaan van verlossing deur die loop van die geskiedenis. Die groot invloed van die konteks op die verstaan van verlossing word hierdeur veral beklemtoon.

Bosch (1989:140) se uiteensetting van die negentiende-eeuse Protestantse teologie is verhelderend. Hy onderskei drie fases in die verstaan van verlossing, naamlik: die mistiese interpretasie deur die (Griekse) Patristiese Kerk; die juridiese interpretasie van die Westerse Kerk; en die subjektiewe en etiese interpretasie van die moderne periode. Daar sal vervolgens kortliks na elk gekyk word.

4.2.1 Die Grieks patristiese interpretasie

Dit was onvermydelik, toon Bosch (1989:140) aan, dat met die Christelike sending na die Griekse wêreld daar elemente van daardie kultuur daarin geabsorbeer sou word. Van belang vir die tema ter sprake, is die Griekse ontologie wat nie kwalitatief tussen God en mens onderskei nie en wat aanvaar dat die mens voortdurend opwaarts onderrig word. Daarom is dit verstaanbaar dat die verlossing, soos deur die Christelike kerk verkondig is, in die divinisering (vergoddeliking) of *theosis* van die gelowige tot uitdrukking sou kom. In die daaropvolgende eeue het die eskatologiese verwagting van die vroeë kerk afgeneem. Geloof in die onsterflikheid van die siel en die bemiddeling van die ewige lewe is hier tot die kern van verlossing verhef. Nie die kruis van Christus nie, maar sy menswording, staan hier in die sentrum. Soos Athanasius dit stel: “He became human, in order that we may be divinized.” (Bosch, 1989:141.) Hierdie teologiese “model” van verlossing is binne enkele eeue deur die kerk versprei en het feitlik regoor die wêreld neerslag gevind.

4.2.2 Die interpretasie deur die Westerse Kerk

Bosch (1989:141) verduidelik dat daar mettertyd ’n nuwe verstaan van verlossing in die Westerse (Latynse) Kerk ontstaan het en noem enkele elemente wat hieruit voortgespruit het:

a) Eerstens was daar ’n tendens in die Westerse kerk om verlossing as die verlossing van siele te verstaan. Die verhouding tussen liggaam en siel is al meer as ’n soort

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ongelukkige huwelik beskou waarin die liggaam ’n tronk is waarin die siel gevange gehou word. Slegs as die liggaam sterf en tot niet gaan word die onsterflike siel vrygelaat. Hierdie Neo-platoniese interpretasie van “siel” is net so op die Nuwe Testament oorgedra.

b) Tweedens is verlossing in die Westerse kerk verindividualiseer. Bekering is uitsluitlik in individualistiese terme verstaan. Op hierdie wyse was verlossing ’n private saak tussen God en die individuele siel.

c) Derdens was daar die tendens om verlossing totaal in anderwêreldse of bonatuurlike terme te verstaan. Die afbrekende gesindheid jeens enigiets materieel, wat ten grondslag van die Neo-platoniese filosofie, waardeur Augustinus sterk beïnvloed was, gelê het, het volgens Bosch (1989:142) grootliks hiertoe bygedra. Die wêreld was bloot as neutrale grond, waarop die drama van die individu se verlossing of verdoemenis afgespeel het, gesien. Die plek waarna werklik uitgesien word, is die hemel waar die verlossing vervul sal word. Daar is ’n radikale onderskeid tussen ’n hoër en ’n laer orde, tussen hemel en aarde, getref.

d) Vierdens verwys Bosch (1989:142) na die Middeleeue as die tyd toe die wêreld ordelik was. Enige inmenging met hierdie goddelike orde (*ordo*) was as boos (*perversio*) beskou. Verlossing is gesien as die herstel of herskepping van die orde wat eens daar was, maar sedertdien deur die mens se sonde verwoes is. Deur sy plaasvervangende dood het Christus objektief die verlossing verseker. Al wat sou oorbly, was vir die mens om dit subjektief te aanvaar.

Bosch (1989:142) wys op die gevolge van hierdie siening van verlossing – spesifiek in terme van die missionêre taak van die kerk.

Eerstens is genade onafhanklik hanteer: dit het ’n goddelike krag geword wat direk deur God gegee is om mense te vernuwe. Die persoon en werk van Christus is toenemend as onderskeie temas van mekaar behandel met die gevolg dat soteriologie van Christologie losgemaak is. Uiteindelik is Christologie as ondergeskik aan soteriologie hanteer aangesien die klem meer en meer op die subjektiewe ervaring van verlossing geplaas is. Omdat hierdie verstaan van verlossing deur die kerk verkondig is, het dit tot ’n groter isolasie tussen kerk en samelewing bygedra.

’n Tweede gevolg is die toenemende wyse waarop God se verlossingswerk van sy voorsieningswerk, ten opsigte van die welsyn van individue en die samelewing, van mekaar geskei is. So is die verlening van liefdesdiens en barmhartigheid (horisontale klem) as afsonderlik van die verkondiging van die evangelie, as die Christen se roeping (vertikale

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

klem) beskou. Slegs laasgenoemde het ’n aanspraak op die verkryging van verlossing. Die ander projekte, daarteenoor, was dikwels as bykomstige dienste geïdentifiseer. Die doel daarvan was bloot om mense te lok vir die aanhoor van die evangelie. ’n Dualistiese verstaan is gehandhaaf waarvolgens verlossing van die mens en die welsyn van die mens van mekaar geskei is.

Bosch (1989:143) konkludeer dat die mens in die Weste vanuit die perspektief van die sondeval en nie vanuit die perspektief van die goeie skepping van God leef nie. Mense is, bo alles, verlore wesens in wie die beeld van God erg skade gely het. Mense staan in werklikheid slegs in vertikale verhouding, as individue voor God. Verlossing, wat eksklusief met die verlossing van die individu se onsterflike siel vir die hiernamaals te doen het, kan slegs verkry word deur ’n streng godsdienstige roete en subjektiewe ervaring van die individu. Hierdie verskraalde definisie van verlossing het noodwendig tot ’n preokkupasie met enggedefinieerde kerklike aktiwiteite gelei, wat op hulle beurt weer gelowiges se betrokkenheid in die samelewing gekompliseer het aangesien sodanige betrokkenheid niks met verlossing te doen gehad het nie, behalwe om mense nader aan die kerk te lok waar hulle behoorlike toegang tot die werklike verlossing, naamlik dié van hulle siele, sou vind.

4.2.3 Verlossing in die Moderne era

Bosch (1989:143) wys dat bogenoemde teologiese denkwyse in stand gehou kon word binne die konteks van die Christendom waarin mense hulleself totaal afhanklik van die transendente werksaamheid van God, as die enigste verklaring vir alles wat in die wêreld gebeur, beskou het. Met die opkoms van die Verligting het hierdie interpretasie van verlossing onder groot druk gekom, met die gevolg dat tradisionele soteriologie toenemend uitgedaag is. Menslike ervaringe wat tot hier toe as bloot religieus verstaan was, het nou na die wetenskaplik waarneembare en analiseerbare terrein verskuif. Bykans alle probleme wat deur mense ervaar word, kan nou deur wetenskaplike kennis en menslike vaardighede opgelos word. Interesse in die “eindtye”, spesifiek die verlossing van die siel in ewigheid, moes plek maak vir die voorlaaste dinge, hierdie lewe en wat mense daarvan behoort te maak. Die oorheersende kenmerk van die moderne era was radikale antroposentrisme. Menslike geskiedenis was, by uitstek, ’n geskiedenis van menslike vryheid en emansipasie. Die fondasie van ’n reduksionistiese denkpatroon is hiermee gelê.

’n Alternatiewe soteriologie het na vore gekom: ’n verstaan van verlossing waarin mense die aktiewe en verantwoordelike agente is wat wetenskap en tegnologie inspan om materiële

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vooruitgang teweeg te bring en sosio-politieke verandering in die hede te bewerkstellig. Verlossing sou nie meer deur godsdiens gebring word nie, maar deur menslike vermoëns en aktiwiteit. Alhoewel verlossing die grootste motiveringskrag van die moderne mens is, is dit radikaal geherdefinieer (Bosch, 1989:144).

Bosch (1989:144) wys dat die reaksie van die kerk op modernisme, in die algemeen, tweevoudig was:
Die eerste reaksie was dat die kerk sou voortgaan om verlossing in tradisionele terme te verstaan deur die uitdagings van die Verligting te ignoreer. ’n Sterk dualistiese onderskeid tussen liggaam en siel sou hier gehandhaaf word. Verlossing het slegs met die siel te doen en is suiwer geestelik en ander-wêrelds. Dit het niks met sosio-politieke realiteite te doen nie; die verandering van sosiale strukture is daarom bloot opsioneel.

Die tweede reaksie is ’n poging om die impak van modernisme, onder meer die bogenoemde verstaan van verlossing, ernstig te neem. Die siening dat verlossing deur die plaasvervangende sterwe van Jesus teweeg gebring is, word hier verwerp. Jesus is eerder as die ideale mens, die perfekte navolgenswaardige voorbeeld, of ’n morele Onderwyser beskou. Nie die persoon van Jesus staan in die sentrum nie, maar die saak van Jesus; die ideaal, nie die Een wat die ideaal beliggaam nie; die onderwysing, nie Onderwyser nie; die koninkryk van God, maar sonder die Koning (Bosch, 1989:145).

Hiervolgens, wys Bosch (1989:145), is sonde by uitstek as onkunde gedefinieer. Mense moes slegs ingelig word oor sake in hulle belang. Die Westerse Christelike sending was dus die groot opvoeder wat verlossing aan die oningeligtes oorgedra het. Hierdie verlossing is toenemend in hierdie-wêreldse terme verstaan. Die bonatuurlike was ontken en deur professionalisme, effektiwiteit, wetenskaplike ontwerp en vaardigheid vervang. Die heerskappy van God was ’n kwessie van tegniek en beplanning, eerder as geestelike toewyding. Die sleutelkonsepte in so ’n optimistiese siening was natuurlike vooruitgang en sosiale ontwikkeling (Bosch, 1998:146).

Die apostelêre verstaan van sending moes plek maak vir ’n groter diakonale oriëntasie. In hierdie tyd verklaar Johannes Hoekendijk dat die doel van sending nie ewige saligheid vir die siel nie, maar *shalom* beteken. Hiermee het hy ’n teo-politiese betekenis aan *shalom* geheg wat veel meer omvattend as die term, verlossing was (Bosch, 1989:146).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

’n Waterskeidende konferensie rakende die saak van die kontekstuele aard van verlossing, was die1966 konsultasie oor *Kerk en Samelewing* in Genève. Bosch (1989:146) dui aan hoe daar vir die eerste keer ’n fundamentele onderskeid tussen die “tegnologiese humaniste” en die “revolusionêre humaniste” getref is. Die twee kampvegters vir die twee standpunte, Emmanuel Mesthene en Richard Shayull, was dit egter eens: hierdie wêreld is die hoofarena vir God se werksaamheid en die enigste plek waar verlossing kan plaasvind.

Die volgende byeenkoms van die WRK (Uppsala, 1968) was tot ’n groot mate ’n poging om hierdie twee standpunte met mekaar te versoen. Dit was ook nie vreemd dat die tema van die volgende byeenkoms van die *Conference on World Mission and Evangelism* (CWME) (Bangkok, 1973) “Salvation Today” (Bosch, 1989: 147) geheet het nie. Daar moes vir eens en altyd bepaal word wat met verlossing verstaan word. Die gees van die konferensie kom na vore in die wyse waarop verlossing uitsluitlik in hierdie-wêreldse terme gedefinieer is. Die tweede deel van die konferensie het verlossing in vier dimensies omskryf, naamlik: 1) ekonomiese geregtigheid teen uitbuiting; 2) menswaardigheid teen onderdrukking; 3) solidariteit teen vervreemding; en 4) hoop teen wanhoop in persoonlike lewe. In die proses van verlossing, is daar aangevoer, moet slegs hierdie vier dimensies met mekaar in verband gebring word (Bosch, 1989:147). Na die tweede Vatikaanse Konsilie het die slagspreuk: “om die tekens van die tye te lees”, algemeen geraak in die kerk se denke oor haar betrokkenheid in die wêreld. Ook in Protestantisme is al sterker geglo dat God nie slegs in die kerk aan die werk is nie, maar ook in die strukture van die samelewing buite die kerk. Die implikasie is dat verlossing nie slegs in godsdienstige of kerklike terme verstaan word nie, maar ook vir wat elders gebeur. ’n Wyer interpretasie van verlossing het die lig gesien.

4.2.4 Krisis in die moderne verstaan van verlossing

Modernisme het ongetwyfeld ’n tweeledige vorm van dualisme ten opsigte van die konsep van verlossing tot gevolg gehad. Enersyds het die skuif van die fokus na positivisme en empiriese navorsing en die opkoms van tegnologie veroorsaak dat verlossing tot wetenskaplik verklaarbare en menslik uitvoerbare tegniek en etiek gereduseer is (Bosch, 1979:217). Andersyds het ’n reaksie teen enige invloed vanuit die wetenskap of tegnologie gelei tot ’n bonatuurlike interpretasie van verlossing waarvolgens daar van hierdie aarde ontsnap moet word. Hierdie dualistiese siening van verlossing het die kerk in ’n krisis gedompel in terme van haar spiritualiteit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bosch (1989:148) wys dat die sewentiger en tagtigerjare van die vorige eeu deur ’n sterk opwelling van fundamentalisme en charismatiese groeperinge, wat in die meeste gevalle verlossing – soms met aggressie – in ander-wêreldse en eskatologiese kategorieë beskryf het, gekenmerk kan word. J.J. Kritzinger (1990:141) sluit hierby aan as hy ook hierdie, wat hy piëtistiese tendense noem, in die NG Kerk in dieselfde tydperk bespeur. Grondliggend tot hierdie tendens, wys hy, is enersyds die klem op individualisme wat te doen het met die eensydige klem op persoonlike piëteit en geloofsoortuiging en andersyds die klem op die siel en die lewe hierna, waarin die gevaar opgesluit lê dat die holistiese dimensie van verlossing en die waarde van die hede verlore kan raak. Aan die ander kant was die horisontale beskouing van verlossing deurspek met inkonsekwenthede – op beide teologiese en praktiese vlakke.

Bosch (1989:150) som sy kritiek teen die moderne beskouing van verlossing op deur te sê:

> “Salvation and wellbeing, even if they are very closely interlocked, do not coincide completely. Unless we distinguish between salvation and wellbeing, salvation exhausts itself in earthly happiness. The Christian faith is a critical factor, however, the reign of God a critical category, and the Christian gospel not identical with the agenda of modern emancipation and liberation movements. A completely ‘secularised’ church has little to offer the world.”

Hiermee het hy gepoog om ’n geïntegreerde spiritualiteit, waar nie een van die pole ten koste van die ander verabsoluteer word nie, maar in spanning met mekaar gehou word, voor te staan as ’n bybelse siening van spiritualiteit.

4.2.5 Samevatting

’n Kort historiese oorsig oor die verstaan van verlossing in die negentiende-eeuse Protestantse sending het gewys hoe dualisme tot die kern van die moderne soteriologie gevestig is. Met die oog daarop om die konsep van verlossing vanuit ’n bybelse perspektief te ontgin, word voorts gekyk na die beskrywing van verlossing deur teoloë uit die geskiedenis van die kerk en die gereformeerde tradisie wat krities bewus is van die impak van modernisme op ons teologiese denke.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 ’n Perspektief op verlossing: Johannes Calvyn[58]

Calvyn het die konsekwensies van God se heerskappy oor die wêreld vir die menslike samelewing en die skepping bedink (Berkhof & De Jong, 1973:165). Calvyn het hom, meer as Luther, besig gehou met die verlossing, nie net van die mens nie, maar van die ganse skepping. Die hele lewe moet onder beslag van die heiliging kom, het Calvyn deurgaans beklemtoon.

Hierdie aksente word verder uitgewerk deur eerstens die verhouding tussen skepping en verlossing in Calvyn se denke te ondersoek. Daarna word aandag geskenk aan Calvyn se waardering van die natuurlike wêreld as teater van God se heerlikheid – waarvoor die mens in groot verwondering gebring word. Calvyn se siening van die toekomstige lewe en die hemel word daarna onder bespreking gebring waarna afgesluit word met ’n kort bespreking van Calvyn se verstaan van die sakramente.

4.3.1 Skepping en verlossing

Calvyn sit Athanasius[59] se verstaan van die konsep van verlossing uit die vroeë kerk voort deur klem te lê op die noue band tussen skepping en verlossing in. Edwards[60] (2011:25) toon aan dat die verhouding tussen skepping en verlossing sentraal tot alles in Athanasius se teologie staan; dat daar ’n innerlike konneksie tussen die leer van die skepping (wat as God se kreatiewe daad, *creatio*, verstaan word) en die leer van verlossing is, omdat die Woord van die skepping ook die Woord van verlossing is. Daar is ook ’n verbintenis tussen verlossing en die skepping (wat as die geskape entiteit, *creatura*, verstaan word) omdat die Woord liggaamlike bestaan in ’n wêreld van skepsele omhels en hierdie wêreld van binne

58 Johannes Calvyn, of soos sy oorspronklike Franse naam lui: Jean Cauvin, is op 10 Julie 1509 in Noyon (Noord-Frankryk) gebore. Sy vader was ’n amptenaar vir die biskop en sy moeder het vroeg gesterf. Sy opvoeding bring hom vroeg reeds in adellike kringe. Hy wou ’n priester word en begin sy studies in 1523 in Parys. Op versoek van sy vader verander hy sy studierigting in 1528 na die regswetenskap. Na ’n bekeringservaring rondom 1533 begeer hy om sy kennis in diens van die evangelie te stel. In sy vervolging, weens sy siening van die evangelie, vlug hy en skryf sy boek: Institusie van die Christelike godsdiens wat in 1536 te Basel verskyn. Hierdie skryfwerk sou later die wêreldberoemde dogmatiek van die gereformeerde protestantisme word. Op reis deur Genéve ontbied die plaaslike predikant, Guillaume Farel, hom om sy medewerker in die hervorming van die stad te wees. Te midde van die stadsraad se oorheersende teenkanting teen Calvyn se inisiatiewe, ontvang hy ’n versoek van Martin Bucer om predikant van ’n klein Franse vlugtelinggemeente in Strassburg te word. Hier neem die erediens ’n gereformeerde vorm aan en skryf Calvyn talle kommentare op die Bybel. Hy tree in 1540 in die huwelik met Idelette de Bure. Hy word met die Duitse reformasie bekend en sien ook die leemtes daarvan raak. Calvyn word genooi om terug te keer na Genéve waar hy hard werk aan die Kerkorde en Kategismus vir geloofsonderrig. ’n Tydperk volg waarin Calvyn se mag toeneem en hy ’n groot invloed op die politiek het wat gelei het tot die vestiging van ’n teokratiese lewensorde, akademiese instelling en welvaart in Genéve. Sy invloed bring hom in kontak met hooggeplaastes en hervormers regoor Europa, Swede en Engeland. “Genéve heeft de loop der wereldgeschiedenis veranderd.” (Berkhof & De Jong, 1973:175) Calvyn sterf op 27 Mei 1564.

59 Athanasius (296-373) is in Aleksandrië gebore, waar hy as diaken, priester en biskop gedien het. Hy het as diaken die Niceaanse Konsilie in 325 bygewoon waartydens die sieninge van Arius, priester van Aleksandrië verwerp is. Op 30-jarige ouderdom het Athanasius in 328 die biskop van Aleksandrië geword. Vanuit ’n sterk verdediging van pro-Niceaanse teologie, was hy voortdurend in stryd met Ariaanse invloede (Berkhof & De Jong, 1973:62). Athanasius was vir 46 jaar biskop van Aleksandrië waarvan hy 17 jaar in vyf periodes van ballingskap spandeer het. Hy was ’n sterk voorstander van die Niceaanse leerstelling dat die Woord wat in Jesus van Nasaret vlees geword het, volledig en ewig goddelik is (Edwards, 2011:25). Athanasius dra uit die vroeë kerk by tot ’n meer geïntegreerde spiritualiteit in die gemeente deur die ganse skepping, nie net die mens (en sy/haar siel) nie, as deel van God se verlossingswerk te sien. God se skeppingswoord, wat sy verlossingswoord is, dra by tot die besef van God se Woord wat deur die dood en opstanding van Christus ons liggaamlike bestaan transformeer.

60 Denis Edward is ’n Senior Lektor in Sistematiese Teologie aan die Teologiese skool van die Flinders Universiteit in Adelaide, Australië.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

transformeer. Calvyn toon in Boek I.6.1 van sy *Institusies* dat al die kennis van God die Skepper nutteloos is sonder geloof in die Vader van Jesus Christus ons Verlosser (Conradie, 2011b:162). Calvyn plaas verlossing in ’n narratiewe volgorde, naamlik: skepping, sondeval, verlossing.

Dit blyk dat Calvyn skepping en verlossing in kreatiewe spanning met mekaar hou (Conradie, 2011b:163). Daarom lê die problematiek ten diepste opgesluit in die vraag wat die verband tussen kennis van God as Skepper en God as Verlosser is. Is dit twee verskillende vorme van kennis van God – as Skepper en as Verlosser? Is kennis van een van die twee voorwaardelik vir kennis van die ander? Bly die kennis van God as Skepper en God as Verlosser in ’n dialektiese verhouding met mekaar? Of is die kennis van God as Skepper en God as Verlosser merkbaar ineengeweef met mekaar, naamlik ’n God van genade en nie slegs van soewereiniteit en geregtigheid nie (Conradie, 2011b:164)? Conradie (2011b:165 ev) beklemtoon Calvyn se siening dat daar geen kennis van die wêreld as skepping van God kan wees sonder enige ervaringe van God as Verlosser nie, en omgekeerd: ons kan nie weet dat verlossing die werk van God is sonder enige vooraf ervaring van ’n Goddelike wese (deur refleksie oor dit wat in die skepping is) nie.

Calvyn se sieninge van beide skepping en verlossing beklemtoon

> “the divine call to believers to transform the world so that human dominion over history and the created order receives a powerful theological validation and unleashes an ethical dynamism that could indeed eventually transform Western societies” (Conradie, 2011b:166).

Hierdie beklemtoning is gebore uit die oortuiging dat ons, soos ook die wêreld, nie meer aan onsself nie, maar aan God behoort (Conradie, 2011b:166). Voorts dra Calvyn se siening rondom die hemel ’n betekenisvolle bydrae tot die gedagte van herskepping (*re-creatio*). Calvyn voer aan dat die hemel eerder ’n dimensie van God se skepping is as ’n plek waarheen die verlossing van die aardse tragedie lei: “It forms the culmination point of both God’s work of creation and of salvation.” (Conradie, 2011b:166.) Hiermee beklemtoon hy hiérdie wêreld as die ruimte waar God sy verlossingswerke uitvoer en sy heerlikheid sigbaar maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.2 Die lewe wat God geskep het

Calvyn beklemtoon die noodsaaklikheid van die bepeinsing van die natuur met die oog op verwondering van die skoonheid, heerlikheid en grootsheid van God wat deur die wêreld gemanifesteer word. Hierdie verwondering van God se werke, meen Calvyn (aangehaal deur Conradie, 2011b:167), stuur ons nie weg van God se openbaring in Jesus Christus nie. Ons kennis van God in en deur Christus, laat ons die werke van God sien – wat weer die kennis van God in Christus ondersteun en bevestig. Die Woord van God vervang nie ons verwondering van die natuur nie, maar voorsien ons van ’n bril om juis in verwondering voor God se heerlikheid, wat in hiérdie wêreld sigbaar word, te kan staan. Conradie (2011b:168) beskryf dit aan die hand van ’n hermeneutiese spiraal wat vanuit die bewondering van die hemele daarbo lei tot kennis van God in Christus, sodat daar gereageer kan word met aanbidding en verheerliking van die Skepper. God se selfopenbaring in Christus word die bril waardeur God se teenwoordigheid en werke bespeur word. Sonder bewondering van die hemele het ons geen verstaan van God nie; sonder God se openbaring in Jesus Christus het ons geen duidelikheid oor God se identiteit nie en geen toegang tot God se weg tot verlossing nie. “It is crucial to recognise that Calvin’s theology of God’s redemptive work in Jesus Christ thus relies on such a view of divine action within and upon the cosmos, especially God’s work of creation, ongoing creation and providence.” (Conradie, 2011b:171.)

4.3.3 Hemel en eskatologie: Die toekomstige lewe

Dit is volgens Calvyn nodig om ’n gesindheid van eerlike beskouing van hierdie wêreld te hê, met begrip vir die broosheid en gebrokenheid daarvan, maar sonder ’n gesindheid van afsku teenoor alles wat aards, liggaamlik en materieel is (Conradie, 2011b:172).

Wanneer Calvyn oor die eindtyd (*parousia*) en die finale oordeel praat, beklemtoon hy dat Christus weer gaan kom “to restore all things to their former condition [*in integrum*]” (Conradie, 2011b:173). Die finale oordeel is daarom nie as verdoemend geïnterpreteer nie, maar as die finale restourasie (*mishpat*) van die wêreldse orde wat deur Christus geïnisieer is, waar God alleen regeer sodat alles in spontane harmonie sal wees (Conradie, 2011b:173-174). Daarom is daar verwysings in Calvyn se *oeuvre* dat die hele geskape orde geheilig, geklee met God se heerlikheid, getransformeer, maar nie vernietig sal word nie (Conradie, 2011b:174). Hy verwerp dus enige denke waardeur alles wat sigbaar is uiteindelik as waardeloos afgemaak word. Op grond van tekste soos 1 Korintiërs 15:53[61]; 2 Petrus 3:10-

61 “Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13[62] en 1 Korintiërs 15:28[63], wys Calvyn, sal God daarom nie sy eie skepping verwerp nie, “but will renovate it so that the corruptions will be melted by fire” (Schreiner, aangehaal deur Conradie, 2011b:175). Calvyn volg dus die tradisie van Irenaeus wat leer dat “God is reclaiming, renewing and reconstituting or ‘recapitulating’ the whole of history” (Conradie, 2011b:175). Die volbrenging sal dus nie plaasvind deur vernietiging en verdelging nie, maar deur verandering, reiniging en restourasie. Alhoewel Christus die nuwe orde aangekondig het, moet dit nog volbring word. Hierin is die kern van Calvyn se soteriologie geleë.

Conradie (2011b:175) verwys na Calvyn se klem op die betekenis van Christelike hoop teen die agtergrond van die ware tuiste by die Vader in die hemel. Hy wys dat Calvyn nie daarmee ’n vlug uit die wêreld aanmoedig nie, maar ons vermaan om waaksaam te bly op die vyand se terrein, om met integriteit en lojaal aan God die lewe van die hemel in hierdie wêreld te leef. Christene is dus op die lewe in hierdie wêreld gerig totdat die tyd kom waar God direk sal heers. Dit blyk dus duidelik dat Calvyn ’n lewe tussen die tye deur aktivisme kenmerk:

> “The elect are turned toward creation for the good of the neighbour, the upbuilding of the church, and the restoration of society. Concepts of order, stewardship, service, charity, equity, and justice governed Calvin’s ethic and demonstrate the high valuation he placed on the active, ordered, and sanctified activity of Christian life.” (Schreiner, aangehaal deur Conradie, 2011b:175.)

4.3.4 Hemel en sakramentele teologie: Lewe tussen die tye

Vir Calvyn is die sakramente die manier waarop Christus, deur die werking van die Heilige Gees vir ons teenwoordig word en waardeur God sy genade uit die hemel op ons neerstort (Conradie, 2011b:176). Die doel van die sakramente is om die gelowiges in hulle geloof te versterk totdat Christus terugkeer. Calvyn noop ons om nie vas te kyk teen die aardse elemente van die sakramente nie, maar om in geloof op te kyk na die Here en te sien waarheen die tekens wys. Dit, meen Conradie (2011b:178), bied aan ons ’n goeie idee van Calvyn se verstaan van verlossing as hy as volg konkludeer:

> “Salvation is a matter of union with Jesus Christ on the basis of justification and regeneration. This union is symbolised through the participation in the body of Christ. In

62 “Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; inteendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is. In elk geval, of dit ek is of hulle – dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het. As ons dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek is, hoe kan party van julle nog beweer dat daar geen opstanding van die dooies is nie? As daar geen opstanding van die dooies is nie, beteken dit dat Christus ook nie opgewek is nie.”

63 “Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> this earthly life such union implies the sanctification of all of life (mediated though the Holy Scripture and the holy symbols (water, bread and wine)).”

Dit beteken dat almal wat geregverdig en geheilig is deel kan hê in die hoop van die opstanding. Dit is inderdaad dit wat materieel, liggaamlik en aards is wat opgeneem sal word na Christus waar Hy in die hemel is (Conradie, 2011b:178).

4.3.5 Samevatting

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat Calvyn se verstaan van verlossing ingebed lê in God se aktiewe en voortgaande werksaamheid van skepping en herstel van hierdie geskape wêreld. Calvyn handhaaf die spanning tussen hemel en aarde sonder om dit op dualistiese wyse teenoor mekaar te stel. Verlossing is God se daad van restourasie van sy ganse skepping wat met Christus se wederkoms volbring sal word. Hierdeur word gelowiges aangemoedig om tekens van hierdie hoop op volbrenging op te rig. Gelowiges word deur die sakramente nie slegs herinner en gerig op God se verlossingswerk nie, maar ook daarvan deel gemaak. Calvyn het ’n holistiese verlossingsbegrip met geen ruimte vir dualisme nie. Die skepping en verlossing vorm ’n dialektiese eenheid waarin albei in kreatiewe spanning met mekaar, maar nie afsonderlik van mekaar nie, staan.

Waar die gemeente God se aktiewe werksaamheid in die herstel van sy skepping raaksien, en hulle eenheid met die Verlosser in die sakramente beleef, word hulle deur die werk van die Heilige Gees meegeneem as karakters in die toneel van die herskepping. So ’n gemeente is aktivisties in die uitleef en sigbaarmaking van die hemel in hierdie wêreld. Die hemel is nou nie meer ’n plek waarheen ontsnap moet word – uit die afskuwelike wêreld nie, maar ’n nuwe dimensie van hierdie wêreld deur die aktiewe deelname van die kerk van Christus in sy herskeppingswerk daarin. Calvyn help ons om ’n spiritualiteit te ontwikkel waarin die skepping, met alle aspekte en dimensies daarvan, as deel van God se verlossingswerk gesien en waardeer word. Hiervolgens sal die gemeente begelei kan word tot ’n nuwe waardering vir die geskape wêreld as die ruimte waarin God se verlossingswerk plaasvind – en waaraan die gemeente kan deelneem. Teenoor ’n dualistiese spiritualiteit sal dit die gemeente tot ’n meer geïntegreerde spiritualiteit begelei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.4 ’n Perspektief op verlossing: A A van Ruler[64]

Conradie (2010b:24) dig een van die beste beskrywings, ten minste vanuit die gereformeerde tradisie, van die verhouding tussen skepping en verlossing, aan Arnold van Ruler[65] toe en beskryf die vier wyses waarop hy dit verstaan. Hierby sal kortliks stilgestaan word. Voorts sal gekyk word na Van Ruler se perspektief op vreugde as kernmotief van God se skepping asook na die skepping as sleutel tot verlossing.

4.4.1 Skepping en Verlossing

Conradie (2010b:24) omskryf Van Ruler se viervoudige tipologie van natuur en genade as volg: **Eerstens** is daar die Anabaptistiese verstaan van ’n nuwe skepping (*nova creatio*) wat meen dat verlossing ’n totaal nuwe realiteit skep. Aangesien die ou paar skoene opgedra is, kan dit slegs weggegooi en met splinternuwe skoene vervang word. **Tweedens** is daar die Rooms Katolieke verstaan, naamlik dat die natuur deur verlossing verhoog word. Hiervolgens moet die natuur deur genade aangevul word om ’n hoër realiteit te skep waarvoor die skepping van altyd af bestem was. Natuur in sigself is dus ongenoegsaam en moet na iets hoër, iets minder beperk, iets meer geestelik en meer goddelik verhef word. **Derdens** is daar die Lutherse siening van “predikasie” waarvolgens verstaan word dat die wêreld sondig is en bly, selfs al ontvang dit die verkondiging (*praedicatio*) dat God nietemin die sondige wêreld liefhet. Gevolglik is die predikasie (preekstoel) heilig en Christelik, maar die wêreld bly wat dit is, naamlik sondig, gewoon en profaan. **Vierdens** beklemtoon die Calvinistiese siening die Lutherse beskouing, naamlik dat elke aspek van die lewe aan God se wil, soos dit in God se wet uitgedruk word, gereoriënteer moet word. Sondaars bly steeds sondaars en die wêreld bly wat dit is, maar sondaars is beide geregverdig én geheilig. Conradie (2010b:24) voer aan dat Van Ruler die vierde posisie as die enigste gepaste verstaan van verlossing aanvaar. Hy vra egter na die impak van menslike sonde op God se skepping (*creatura*) en verduidelik dit aan die hand van Van Ruler (Conradie, 2010b:25).

Van Ruler (aangehaal deur Conradie, 2010b:25) wys hoe die verhouding tussen skepping en verlossing ineengeweef is met ’n reeks ander verhoudinge, byvoorbeeld tussen die maaltyd tuis en die nagmaal; tussen staat en kerk; tussen kultuur en evangelie; tussen mensdom en Christendom; en tussen filosofie en teologie. Die kernvraag by Van Ruler is wat die

64 Arnold Albert van Ruler is op 10 Desember 1908 in Apeldoorn, Nederland, gebore. Nadat hy aan die Gimnasium van Apeldoorn en die Universiteit van Groningen (Rijksuniversiteit Groningen), gegradueer het, het hy predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk geword. Hy het by twee gemeentes, Kubbard en Hilversum gedien. Na WOII het hy professor aan die Universiteit van Utrecht, Teologiefakulteit (Rijksuniversiteit Utrecht, faculteit van Godgeleerdheid) geword (1947). Hy het vele boeke en artikels deur sy lewe gepubliseer. In 1970 is Van Ruler op 62-jarige ouderdom oorlede.

65 Conradie (2010b:24) verwys na ’n lesing wat Van Ruler op 9 November 1958 gelewer het en later in sy Verzamelde Werken (Volume 3) opgeneem is, waarin hy hierdie verhouding kortliks uitspel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhouding tussen soteriologie en ontologie is. Die gevaar wat hy uitspel is dat daar maklik soteriologiese antwoorde op ontologiese vrae gegee kan word – wat tot Gnostiese verdraaiing van die evangelie kan lei. Wanneer Van Ruler oor die impak van menslike sonde op God se skepping (*creatura*) nadink, neem hy sy vertrekpunt by die klassieke gereformeerde posisie. Hiervolgens word verlossing verstaan as ter wille van die skepping (*creatura*), sodat dit weer goed en herstel kan word. Verlossing kom nie in plek van die skepping (beide *creatio* en *creatura*) nie, dit verhoog ook nie die skepping nie, maar word as herskepping verstaan. Die menswording van Christus was primêr noodsaaklik as gevolg van die realiteit van sonde. Sonde word hoofsaaklik as skuld gesien en daarom lê die wortels van verlossing in versoening, te midde van vervreemding. Wanneer skuld vergewe word, is versoening moontlik en kan die skepping weer goed wees. Daarom impliseer verlossing die heiligmaking van die ganse geskape werklikheid. Deur Christus kan God se skepping met vreugde waardeer word. Daarom sê Van Ruler: “Joy is perhaps the most basic Christian attitude towards life, precisely because it indicates that creation was the outcome of God’s will and the object of God’s desire.” (Conradie, 2010b:26.) Aangesien hierdie vreugdevolle bedoeling deur sonde geskend is, het God se verlossingsdade noodsaaklik geword. Daarom is die betekenis van ons lewens, volgens Van Ruler, nie bloot om uit genade te leef nie, maar dat ons vreugde in God en Hy vreugde in ons kan vind.

4.4.2 Verlossing as *re-creatio*

Van Ruler (aangehaal deur Conradie, 2010b:26) beklemtoon dat dit noodsaaklik is om nie net die skepping vanuit die perspektief van die verlossing te beskou nie, maar ook andersom: die verlossing moet vanuit die perspektief van die skepping verstaan word. Van Ruler wys dat daar deur die tye op tipiese wyse óf in die rigting van beklemtoning van verlossing, ten koste van die skepping (wat tot Gnostisisme lei) beweeg is, óf dat die klem sterker op die skepping, ten koste van verlossing (wat tot Liberalisme lei), geplaas is (Conradie, 2010b:27). Van Ruler gebruik die term herskepping (*re-creatio*) om hierdie spanning te verwoord. Hiervolgens gaan dit vir Van Ruler nie slegs oor die restourasie van die skepping nie, maar ’n veel meer uitgebreide verstaan van herskepping waarin daar inderdaad ruimte vir volbrenging en vervulling van die skepping is, en nie slegs verhoging daarvan nie (Conradie, 2010b:27).

Indien die primêre probleem in terme van menslike sondigheid, die mens se skuld voor God is en verlossing daarom nodig is om dit deur vergifnis en versoening aan te spreek, is dit, volgens Van Ruler, inderdaad ook die sleutel tot die verlossing van die hele skepping waarin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die herstel van die vreugdevolle gemeenskap tussen God en sy skepping sentraal staan (Conradie, 2010b:28).

4.4.3 Samevatting

In sy beskrywing van die verhouding tussen skepping en verlossing steun Van Ruler Calvyn se verstaan van God se verlossingswerk in sy beklemtoning van die waarde van die ganse skepping, waarvan menslike verhoudinge met God, mekaar en die skepping deel is, as die ruimte vir God se heerlikheid om sigbaar te word. Van Ruler gebruik die konsep van herskepping om God se verlossingswerk van sy skepping te beskryf, waartoe God ook die kerk roep om aan deel te neem. Van Ruler se siening van verlossing maak ’n reuse bydrae tot die vestiging van ’n geïntegreerde spiritualiteit in die gemeente. Hiervolgens sal die eensydige klem, enersyds om verlossing as ontsnapping uit hierdie wêreld te sien, en andersyds om verlossing as bloot in terme van hierdie wêreld te verstaan, aan die kaak gestel word.

4.5 ’n Perspektief op verlossing: David Bosch[66]

Bosch (1989:139) wys hoe die tema van verlossing in wêreldgodsdienste as onteenseglik sentraal beskou word. Die oortuiging dat God beslissend in en deur Jesus Christus (die Verlosser) vir almal verlossing gebring het, staan ook sentraal in die Christelike geloof.

Die term verlossing lê eweneens ten grondslag van die verstaan van evangelisasie en sending (mission) (Kritzinger, J.J., 1990:143). In die lig hiervan word meer breedvoerig aandag gegee aan Bosch se beskrywing van verlossing as sentraal in die roeping van die gemeente – waarin haar spiritualiteit uitgeleef en sigbaar word. Daar word begin deur Bosch se siening oor die verhouding tussen verlossing en sending te bespreek waarin die kompleksiteit van klemverskille tussen die konsepte van evangelisasie en sending ondervang word. Bosch se voorstel vir ’n omvattende benadering tot verlossing word beredeneer vanuit die Skriftuurlike begronding wat hy daaraan bied. Ten slotte word daar aandag gegee aan Bosch se omskrywing van die missionêre taak van die kerk as die

66 David Jacobus Bosch is op 13 Desember 1929 in Kuruman gebore en in ’n Afrikanerhuis grootgemaak. In 1948 begin hy sy studie aan die Universiteit van Pretoria waar hy aanvanklik inskryf vir Onderwys. Deur sy betrokkenheid by die Christen Studentevereniging, waar hy Swartmense leer ken, ontvang Bosch die roeping om in sendingwerk betrokke te raak. Hy verander sy studierigting na Teologie en gradueer met ’n BA (Teologie) en MA (Tale: Afrikaans, Nederlands en Duits). Hy sit sy doktorale studie aan die Universiteit van Basel in Switserland voort waar hy veral meer ekumeniese blootstelling kry. In 1957 begin Bosch ’n dekade van werk as sendeling van die NG Kerk en plant hy kerke in die Transkei. In 1967 begin hy by die NG Kerk se teologiese skool in Transkei as dosent in kerkgeskiedenis optree. Hier begin hy oor missiologie skryf. In 1971 word Bosch aangestel as Professor in Missiologie aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) in Pretoria, wat op daardie stadium Suid-Afrika se enigste veelrassige universiteit was. Hy het hard gewerk om vanuit die geledere van die NG Kerk apartheid teen te staan as teken van die koninkryk van God. Hy het op internasionale gebied by verskeie kongresse opgetree terwyl hy ook op die WRK gedien het. Hy sterf op 62-jarige ouderdom in ’n motorongeluk. Bosch het meer as 150 teologiese artikels en ses boeke, waarvan "Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission" (1991) een was wat tot vandag toe wêreldwye erkenning kry.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bemiddeling van ’n integrale, omvattende verlossing waarvan die fokus die koninkryk van God is.

4.5.1 Verlossing en sending

Bosch se kortste definisie van sending is in sy boek, *Witness to the world*, opgeteken waarna dit telkens in ander publikasies herhaal is, naamlik: “Mission is the total task which God has sent the Church for the salvation of the world.” (Bosch, 1980:17.) Hiermee verbind hy sending en die verlossing van die wêreld. Die verkondiging van die verlossing, evangelisasie, is deur Bosch (1979:19) as ’n “wesenlike dimensie van sending”[67] beskou.

Evangelisasie, skryf Bosch (1984:170),

> “is the core, heart or center of mission; it consists in the proclamation of salvation in Christ to non-believers, in announcing forgiveness of sins, in calling people to repentance and faith in Christ, in inviting them to become living members of Christ’s earthly community, and to begin a life in the power of the Holy Spirit”.

Die vraag is wat Bosch met die verlossing van die wêreld bedoel.

4.5.2 Kritiek teen “Evangelicals”

Ten spyte van positiewe elemente in die Westerse verstaan van verlossing, wys Bosch (1989:150) daarop dat “serious objections have to be raised against the traditional perspectives on salvation”. Hy wys in die eerste plek daarop dat die betekenis van verlossing op ’n gevaarlike wyse vereng is, asof dit bloot na mense se geestelike behoeftes en persoonlike probleme sou verwys; asof die doel van sending slegs sou wees om mense vir die terugkeer van Christus en op die ewigheid voor te berei; asof verlossing slegs die vergifnis van sonde beteken – ’n ontsnapping uit die oordeel van God en die ontmoeting van die individuele siel met God; asof sending mense bloot moet voorberei vir hulle hemelse bestemming; asof verlossing opgesom sou kon word as bevryding uit hierdie wêreld uit – wat slegs ’n realiteit word die oomblik wanneer die dood intree, die siel ontsnap en na die werklike tuiste in die hemel verhuis.

Tweedens wys Bosch (1989:151) dat die “evangelical” benadering tot ’n skerp onderskeid tussen skepping en herskepping, daarom ook tussen skepping en welsyn lei. So ’n benadering, meen hy, het altyd ’n absolute dualisme en kontras tussen die geestelike en

67 Vergelyk ook J.J. Kritzinger (1990:146) wat verder op hierdie standpunt uitbrei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fisiese, hemel en aarde, ewige en tydelike, godsdiens en politiek, verlossing en menslikheid tot gevolg. Bosch (1979:202) wys dat Christus in hierdie Evangeliese kringe slegs as Heer van die kerk gesien is, en nie ook as Heer van die kosmos nie. Die evangelie, skryf hy verder, is in terme van ’n Griekse verlossingsreligie verstaan waarvolgens dit “om verlossing uit die aarde gegaan het, in plaas van die vernuwing van die aarde” (Bosch, 1979:202). Heiligmaking is as onttrekking van alles wat wêrelds is verstaan terwyl verlossing as die vergewing van persoonlike sondes verstaan is. Waterdigte onderskeid tussen die leerstellings van die skepping en verlossing, meen Bosch (1989:151), kan nie stand hou nie. Bosch spreek homself ondubbelsinnig uit teen hierdie tipe vroomheid en beskryf dit as “’n onbybelse eensydigheid en ’n onegte Christendom”. Hy beklemtoon dat hierdie wêreld God se skepping – oppad na die volbrenging daarvan is en “(i)n our mission we do not only encounter a world which has been alienated from God because of sin, but also a world, a humanity, which God loves” (Bosch, 1989:151). Christus is nie net Hoof van die individuele gelowige of van die kerk nie, maar van die ganse kosmos. Daarom, meen hy, is enige leer van twee ryke in konflik met die hart van die evangelie en is verlossing nooit ’n verlossing uit hierdie wêreld (*salvus e mondo*) nie, maar altyd verlossing van hierdie wêreld (*salus mundi*). Verlossing in Christus is verlossing in die konteks van die menslike samelewing op reis na ’n heel en geneesde wêreld, meen Bosch (1989:151). Die kerk se besorgdheid oor verlossing het dus ’n universele dimensie en, daarmee saam ’n fisiese en politieke dimensie.

In die derde plek spreek Bosch (1989:151) sy kritiek uit teenoor die “evangelical” interpretasie van verlossing tot die mate waarin dit ’n neutraliteit ten opsigte van die samelewing voorhou. Sodanig word sending tot die kommunikasie van ’n godsdienstige boodskap beperk, waarvan die beginsels as ’n opsionele tweede stap in die samelewing toegepas kan word. Dit is ’n boodskap waarin mense tot bekering tot God opgeroep word, sonder om terselfdertyd die noodsaaklikheid van mense se versoening met mekaar aan te spreek. Die betrokkenheid van mense by die eksistensiële nood van ander is dan hoogstens ’n etiese gevolg van die persoon se geloof en nie ’n uitdrukking van daardie geloof nie. Die gevolg hiervan, wys Bosch (1989:151), is dat die klem op die verlossing eendag, mense in effek van mekaar skei en vervreem en sodanig krediet verleen aan die siening dat godsdiens die opium van die volk is. In sy verstaan van verlossing, meen Bosch (1989:151), word die mens met geen ander keuse gelaat nie as om sterk stelling in die samelewing, tot voordeel van die armes en onderdruktes, in te neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5.3 ’n Skriftuurlike begronding van verlossing

Bosch (1989:151) voer aan dat daar ernstig nuut oor die interpretasie van verlossing gereflekteer behoort te word. Bosch (1979:218) gebruik die Bybel as normatief vir sy denke oor verlossing en verklaar dat die verlossingsbegrip nie op “eiesinnige manier” gewysig mag word nie. Hy verwys na enkele Bybelse grepe op verlossing vanuit beide die Ou- en Nuwe Testament.

Vir Israel, wys Bosch (1989:152), het verlossing in die mees intieme verhouding met hulle geloof in God as Skepper gestaan. Skepping, as sodanig, is God se eerste verlossingsdaad. God het sy verlossing veral in Israel se bevryding van slawerny in Egipte bewys. Verlossing het met hierdie aarde te doen. Verlossing is *shalom*: vrede, sekuriteit, oorvloedige oes, ’n groot familie, ’n goeie koning, gesonde interpersoonlike verhoudings, sosiale geregtigheid en ’n lang lewe. Geen van hierdie aspekte van verlossing staan egter in isolasie van Israel se verhouding met Jahwe nie. Israel staan, na alles, in ’n verbondsverhouding met God: Die Tora was aan Israel toevertrou. Godsdiens en samelewing oorvleuel. Verlossing is omvattend, maar die reikwydte daarvan is hoofsaaklik lewe op aarde.

Die ervaring van die Babiloniese ballingskap lei tot ’n verdiepte ervaring van beide ongeluk en verlossing. Dit is veral in Deutero-Jesaja waar verlossing met God se reddende geregtigheid, sowel as hoop op ’n nuwe skepping verbind is. Daar is dus ’n duidelike eskatologiese dimensie bygevoeg. In hulle harde, vreugdelose bestaan, leer Israel om die toekoms in te kyk, ook die toekoms anderkant die dood, selfs tot by die opstanding van die dooies en ’n nuwe lewe saam met God. Dit beteken egter nie dat verlossing se aardse karakter verlore gaan nie. Daarom beklemtoon Bosch (1989:152): “*Shalom* will return to this *earth*; the lion and the lamb will lie down together.”

In Jesus se bediening noem Hy hierdie toestand van verlossing of shalom die koninkryk van God (*basileia tou Theou*). Hierdie heerskappy is beide in die hede en in die toekoms. Bo alles is dit onlosmaaklik met die Persoon van Jesus verbind. Hy bemiddel ook nie slegs die verlossing nie, Hy is verlossing, die heerskappy/koninkryk van God in persoon, die *autobasileia* (Origenes). Verlossing het tot werklikheid gekom in Jesus se aardse lewe, sy prediking en genesing, sy uitspraak van vergifnis van sonde en sy medelydende identifisering met uitgeworpenes en onderdruktes. Bosch (1989:152) wys hoe hierdie verstaan van verlossing die ervaring van bevryding van sonde en dood, die insluiting in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap van gelowiges (*koinonia*), die vestiging van vrede en die deelname in geregtigheidswerk in die koninkryk van God omvat.

Al hierdie dimensies, voer Bosch (1989:152) aan, is tegelykertyd sosiaal en persoonlik, sekulêr en godsdienstig. Tog is daar verskillende nuanses by die onderskeie Nuwe Testamentiese skrywers wat oor verlossing geskryf het. Bosch (1989:152) verwys na Lukas en Paulus en voer aan dat verlossing die dominante tema by Lukas is. Eerstens gebruik Lukas verlossingstaal in verwysing na ’n wye spektrum van menslike omstandighede: die beëindiging van armoede, diskriminasie, siekte, duiwelbesetenheid en sonde. In die tweede plek is verlossing vir Lukas, bo alles, iets wat in hierdie lewe, vandag realiseer (vergelyk Jesus se uitsprake in Lukas 4:21[68]; 19:9[69]; 23:43[70]). Bosch (1989:153) som dit soos volg op: “In Luke, salvation is *present* salvation.”

Bosch (1979:218) verwys ook na die Evangelies se gebruik van die werkwoord: *sozein* (Grieks), wat verlos of red beteken, maar ook vir genees gebruik word. Hy meen egter die “primêre gebruik van *sozein* in die Nuwe Testament … is nie ‘genees’ nie, maar die totale verandering van die mens in sy (sic) verhoudinge, sy (sic) opname in ’n nuwe gemeenskap, die vergiffenis van sy (sic) sonde en sy (sic) ewige vryspraak” (Bosch, 1979:219).

By Paulus, wys Bosch (1989:153), lê die klem elders. Hy plaas ’n groter klem op die inchoatiewe aard van verlossing: dit begin slegs in hierdie lewe. Verlossing is ’n proses wat begin is deur ’n ontmoeting met die lewende Christus; werklike, volledige verlossing is nog uitstaande[71]. Die Heilige Gees is slegs God se eerste gawe (Romeine 8:23[72]). Ons is in hoop gered (Romeine 8:24[73]). Verlossing, ’n sleutelkonsep by Paulus, geskied inderdaad hier en nou. Paulus verwys gewoonlik na verlossing in die toekomende tyd[74]. Bosch (1989:153) toon aan dat hierdie nuanses met Paulus se apokaliptiese denke te doen het waarmee hy wil beklemtoon dat die omvattende verlossing vir die komende triomf van God gereserveer is. In die hede wag Paulus op Jesus Christus as Verlosser[75]. Nêrens, meen

68 “Toe begin Hy hulle toespreek: “Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul.”

69 “Daarop sê Jesus: “Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham.

70 “Jesus antwoord hom: “Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”

71 Volgens Bosch (1979:219) gebruik Paulus twee verwante woorde vir verlossing, te wete apolutrosis en soteria, alhoewel eersgenoemde “eerder die eskatologiese karakter van die heil na vore bring”.

72 “En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry.”

73 “Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien?”

74Vergelyk Romeine 5:10: “Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word.”

75 Vergelyk Filippense 3:20: “Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bosch (1989:153), het Paulus hierdie grondliggende vernuwing so sterk uitgedruk as in die woorde van 2 Korintiërs 5:17[76] nie. Verlossing in die hede het sosiale en politieke betekenis. Bosch som dit goed op as hy sê: “The coming triumph of God already casts its rays into our present world, and while it beckons us towards comprehensive salvation, it inspires us to let this salvation become a reality here and now, in the structures of society.” (Bosch, 1989:153.)

4.5.4 Integrale of omvattende verlossing

Bosch (1989:153) wys hoe die Bybelse getuienis die ontoereikendheid van ’n gereduseerde verstaan van verlossing ontbloot. Bosch (1989:153) voer dan oortuigend aan dat ’n interpretasie van verlossing wat vanuit ’n omvattende Christologiese raamwerk verstaan word, noodsaaklik is. Hiervolgens word die totale Christus (*totus Christus*) – sy inkarnasie, aardse lewe, dood, opstanding, en *parousia* – onontbeerlik vir die verstaan van verlossing. Al hierdie Christologiese elemente gesamentlik vorm die praksis van Jesus, die Een wat verlossing beide ingestel het en vir ons van ’n model voorsien het om na te streef.

Dit maak daarom sin dat die bemiddeling van ’n omvattende, integrale, totale of universele verlossing gesien behoort te word as die doel van die kerk se missionêre taak in haar strewe om enige vorm van dualisme (in die tradisionele en meer resente modelle) te oorkom. Bosch (1989:154) sê daarom: “(W)e should find a way beyond every schizophrenic position and minister to people in their *total* need, that we should involve individual *as well as* society, soul *and* body present and future in our ministry of salvation.” Verlossing “is nie slegs vir die siel bedoel nie, maar vir die hele mens, nie slegs vir die enkeling nie, maar vir die hele samelewing” (Bosch, 1979:212). J.N.J. Kritzinger (1990:40) omskryf Bosch se omvattende benadering tot verlossing onder die tema: “holistiese bevryding” waarin hy die onskeibare verbintenis tussen die bekering van individue (persoonlike dimensie) en die opbou van die kerk as messiaanse gemeenskap (ekklesiale dimensie), en die stryd vir geregtigheid in die gemeenskap (sosiale dimensie) bevestig.[77] Om sy standpunt jeens die gelyke belang van hierdie dimensies vir Bosch te bevestig, haal J.J. Kritzinger (1990:146) hom aan waar hy sê:

> “(S)ince they are equally important we should never prioritise. We may also say that they are so intimately intertwined that it would be futile to try to unravel them… The

76 “Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”

77 J.N.J. Kritzinger (1990:40) voeg ’n belangrike opmerking hierby as hy sê: “The church should not be seen as the ‘haves’ who confront the ‘have-nots’ with salvation or liberation. The church itself needs to be constantly re-evangelised and converted”.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

relationship… was more than one of mere partnership. A more appropriate metaphor would be that of marriage.”[78]

Die verskeie dimensies van verlossing is nie alternatiewe vir mekaar nie, maar verteenwoordig verskeie dimensies van ’n omvattende verlossingsbegrip.

4.5.5 Bemiddeling van verlossing: die missionêre taak van die kerk

Om as Christene in omstandighede van armoede, siekte, kriminaliteit en sosiale chaos verandering te bring, meen Bosch, is om verlossing te bemiddel. Dit word duidelik as hy sê: “Precisely because our concern is *salvation* we may no longer regard ourselves or others as prisoners of an omnipotent fate; in its mission the Church constitutes a resistance movement against every manifestation of fatalism and quietism.” (1989:154.) J.J. Kritzinger beklemtoon Bosch se siening van die kontekstuele aard van die kerk se missionêre taak waaraan die verstaan van verlossing ten grondslag lê deur te sê die kerk se taak is “to incarnate the gospel in time… The shape of mission is to a large extent formed by local needs and challenges. The local ‘bad news’ forms the background for the ‘good news’” (1990:148).

Daarbenewens, voer Bosch aan, behoort daar ook voortdurend krities gedink te word oor teorieë van menslike selfverlossing. Finale verlossing sal nooit in die hande van mense, selfs Christene, lê nie. Christene se eskatologiese visie van verlossing sal nooit in hierdie geskiedenis gerealiseer word nie, daarom kan Christene ook nooit enige projek met die volledige heerskappy van God vestig nie. “We are, at best, erecting bridgeheads for the reign of God.” (Bosch, 1989:154.) Daar behoort vasgehou te word aan die transendente karakter van verlossing, sowel as die noodsaaklikheid om mense tot geloof in God deur Christus op te roep[79]. God se koninkryk kom, volgens Bosch (1989:154), nie anders as langs die pad van bekering en persoonlike geloofsverbintenis nie. In die hart van Bosch se verstaan van die missionêre taak van die kerk, bevestig Livingston (1990:16), is die dringendheid om die evangelie van verlossing aan die hele wêreld te verkondig. Die kerk as versoende en versoenende gemeenskap, sê hy, is geroep om die goeie nuus te verkondig en te beliggaam. Sy is geroep om die duursame verlossingsliefde van God in Christus in haar eie bestaan en aktiwiteite uit te leef. Die manier waarop hierdie boodskap in die konteks van Suid-Afrika vandag, volgens Bosch uitgedruk behoort te word, wys Livingston (1990:16),

78 Bosch, David, J. 1986. Evangelism: Theological currents and cross-currents of our time, in: The relevance of evangelism in South Africa today, 39-50. Johannesburg: SACC

79 J.N.J. Kritzinger (1990:41) ontbloot die kompleksiteit van hierdie argument deur te noem dat bekering verskillende betekenisse vir verskillende mense in verskillende kontekste het. Om van bekering te praat asof dit ’n universele betekenis het, is misleidend. In Suid-Afrika sou daar tussen bekering van witmense en swartmense (konteks van rassisme) onderskei kon word, so ook tussen die bekering van rykes en armes (konteks van kapitalisme) en tussen die bekering van mans en vroue (konteks van patriargie) .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is vir die Nederduits Gereformeerde familie van kerke om onverpoosd te streef na sigbare en strukturele eenheid oor rassegrense heen.

Bosch (1989:154) beklemtoon dat die integrale karakter van verlossing die kerk sal noop om ’n oorkoepelende verstaan van haar missie aan te neem en voer aan dat die kerk se missie so koherent, breed en diep is as wat die behoeftes en nood van die menslike bestaan is. Die kerk se missie vra ’n voortdurende dialoog tussen God wat sy verlossing aan die wêreld skenk en die wêreld wat na daardie verlossing smag en terselfdertyd vasgevang is in alle soorte van boosheid. Dit behels die verkondiging in woord en daad dat Christus ter wille van die wêreld gesterf en opgestaan het, dat Hy leef om mense se lewens te transformeer[80] en om die dood te oorwin. J.N.J. Kritzinger (1990:35) verwys na Bosch se verstaan van die missionêre taak van die kerk en beklemtoon dat bekering nie slegs by die “objekte” van verkondiging moet plaasvind nie, maar ook by die predikers self[81]. J.J. Kritzinger (1990:148) verwys in terme hiervan na die gesindheid van ’n slaaf as maatstaf vir ware missionêre outentisiteit[82].

Die spanning tussen die alreeds en die nog nie van die koninkryk van God, tussen die verlossingsindikatief (verlossing is reeds ’n realiteit) en die verlossingsubjunktief (omvattende verlossing moet nog volledig plaasvind), bring die verlossingsimperatief (word betrokke in die bediening van verlossing!) na vore. Hulle wat weet dat God eendag die trane sal afdroog, sal nie die trane van hulle wat nou ly en onderdruk word met gelatenheid aanvaar nie. Enige iemand wat weet dat daar eendag geen siekte meer gaan wees nie, kan en moet die oorwinning van siekte in individue en samelewings nou reeds aktief antisipeer. Enige iemand wat weet dat die vyand van God en die mensdom verslaan sal word, sal hom nou reeds teenstaan in sy sameswering teen familie en samelewing. Dit, meen Bosch (1989:154), het alles met verlossing te doen.

4.5.6 Samevatting

Bosch beklemtoon deurgaans die soteriologiese motief as sentraal tot die kerk se missionêre praktyk en neem sy vertrekpunt vanuit die stelling dat die wyse waarop verlossing verstaan word bepalend is vir die manier waarop die kerk haar roeping verstaan en uitleef of, anders

80 Vergelyk Romeine 8:2 “Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en dood”.

81 Hier is die bekering van die evangelis in Petrus se besoek aan Cornelius ’n goeie voorbeeld en verwys J.N.J. Kritzinger (1990: 35) hoe sendelinge goue geleenthede gemis het deur nie sensitief of waagmoedig genoeg was om sulke bekerings te ondergaan nie.

82 Hier wys J.J. Kritzinger op die kerk se roeping as getuienis waarin sy nie haarself voorop stel nie, maar die koninkryk van God verkondig. Dit is met ware nederigheid dat die kerk mense in die huishouding van God innooi. Hierin is daar geen plek vir paternalisme of imperialisme nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gestel, haar spiritualiteit. Hy wys enersyds die Griekse idee van dualisme en die onsterflikheid van die siel en andersyds die Westerse individualistiese en bonatuurlike aard van verlossing af as ’n verskraalde definisie van verlossing wat tot enggedefinieerde kerklike aktiwiteite en spiritualiteit lei. Hy staan ook krities teenoor die optimistiese siening van die moderne tydperk waarin die heerskappy van God grootliks ontken is en beklemtoon die veelsydigheid van verlossing met die koninkryk van God as verwysingspunt vir die verstaan daarvan. Hierdeur onderskei hy die evangelie van die agenda van liberale moderne bewegings. Hy skerm konsekwent teen die reduksie van die evangelie, enersyds as ’n ontvlugting uit die wêreld, en andersyds as blote sosiaal etiese program. Bosch beklemtoon dat hierdie wêreld, die een wat God geskep het en liefhet die fokuspunt van sy verlossingswerk is. Die verlossing is dus nie ’n verlossing uit hierdie wêreld nie, maar ’n verlossing van hierdie ganse kosmos. Daarmee vestig Bosch sy standpunt van ’n omvattende of integrale benadering tot verlossing en die kerk se roeping om sodanige verlossing te bemiddel en te beliggaam. Hiermee kan met gemak afgelei word dat Bosch sou pleit vir ’n geïntegreerde spiritualiteit waarin ’n integrale benadering tot verlossing in ’n missionêre bedieningsmodus beliggaam sou word. Die kerk se roeping is om aan God se missie in die vestiging van sy koninkryk deel te neem.

4.6 ’n Perspektief op verlossing: Klaus Nürnberger[83]

Nürnberger neem sy vertrekpunt by die sentraliteit van soteriologie in die teologie. Hierdie vertrekpunt word beredeneer deur te verwys na sy beskrywing van verlossing as allesomvattende vrede – wat soos ’n goue draad die Bybelse narratief loop. Die tendens van individualistiese ontsnapping word bespreek waarna ’n kykie na Nürnberger se oortuiging dat die siening van wie God is bepalend is vir die verstaan van verlossing aan die beurt kom. Daar word verder na verlossing as genadegawe, waardeur die gelowige in God se werk betrokke gemaak word, asook na die kerk se missionêre taak, verwys. Ten slotte word Nürnberger se beskouing van die Woord van God as verlossingsdaad beskryf en word ’n kort bespreking aan die onderskeid tussen die horisontale en vertikale benaderings tot verlossing gewy.

83 Nürnberger is ’n ekumeniese teoloog in Suid-Afrika uit ’n Lutherse agtergrond wat veral in tradisionele Afrika-spiritualiteit en die konsekwensie wat dit in ’n moderne samelewing op sosiale vlak het, belangstel. Van geboorte af seun van ’n boer en as landbou-ekonoom opgelei met die graad BSc(Agric) aan die Universiteit van Pretoria agter sy naam. Geroepe tot sending, onderbreek hy sy loopbaan in 1958 om in Duitsland Teologie te gaan studeer by die Universiteite van Hamburg, Göttingen, Tübingen, Münster en Marburg, sowel as by die Ekumeniese Instituut te Bossey (Switserland). Na sy opleiding as Lutherse predikant verkry hy ook sy doktorale graad in Sistematiese Teologie aan die Universiteit van Marburg. Hy dien vanaf 1968 tot 1979 as predikant van die Evangeliese Lutherse Kerk in Suider Africa, onder toesig van die Berlynse Sendinggenootskap. Daarna word hy as dosent in Sistematiese Teologie en Teologiese Etiek aan die Lutherse Teologiese Kollege in Natal aangestel. In 1978 behaal hy sy tweede doktorsgraad in Teologiese Etiek aan die Unisa waar hy dan vanaf 1980 tot 1989 as Professor optree. Hy sluit sy akademiese loopbaan af as professor in Sistematiese Teologie en Teologiese Etiek aan die Universiteit van Natal (nou Universiteit van KwaZulu-Natal) in Pietermaritzburg. Talle artikels en boeke het uit die pen van Nürnberger verskyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.6.1 Soteriologie as basis van teologie

Nürnberger benader die tema van verlossing vanuit sy eie frustrasie “with evangelical theology, with liberation theology and with the seeming impossibility to get the message of the Bible across in a situation of social conflict” (Nürnberger, 1990:206). Hy vra na die spesifieke betekenis van die verlossing wat die evangelie beloof en neem sy vertrekpunt by die aanname dat soteriologie die wortel van alle egte teologie is. Daar is volgens hom geen teologiese taak wat belangriker is as die herdefiniëring van die soteriologiese basis van teologie, insluitend missionêre teologie, nie. Alhoewel hierdie stelling in 1990 gemaak is, is dit inderdaad steeds die geval.

4.6.2 Allesomvattende vrede

Nürnberger neem sy vertrekpunt vanuit ’n allesomvattende verstaan van verlossing en sê dus: “The goal of ‘salvation’ is comprehensive wellbeing in peace with God, who is the Source and Criterion of the whole of reality, and therefore also in peace with a pacified natural and human reality.” (1990:206.) Die Ou Testament noem hierdie toestand van oorkoepelende welsyn *shalom*, terwyl die Nuwe Testament daarna verwys as *soteria* of die koninkryk van God. Indien dit waar is, wys Nürnberger (1990:206), moet die daad van verlossing as ’n goddelike respons op spesifieke menslike behoeftes – die ervaring van gebrek aan menslike welsyn – gedefinieer word. Daarom, meen hy, sluit God se verlossingsdade nie menslike aktiwiteite van bevryding uit nie, maar in, alhoewel dit méér is as die menslike dade. Omdat verlossing in die Nuwe Testament ’n eskatologiese konsep is, is die mens se aandeel in God se aksie van verlossing nie meer nie, maar ook niks minder nie as ’n antisipasie van die eskatologiese koninkryk (Nürnberger, 1990:206).

Nürnberger (1990:206) wys verder dat *shalom* en *soteria* sekulêre konsepte is wat die transformasie van ’n situasie van gevaar en nood na ’n situasie van veiligheid en welsyn uitdruk. Hierdie aardse, menslike betekenis van hierdie begrippe is noodsaaklik vir ons om nie in “pseudo-spiritual irrelevancies” (Nürnberger, 1990:206) in ons verstaan van verlossing te verval nie. Hiermee wil hy beklemtoon dat dit wat nie eksistensieel relevant is nie, ook nie spiritueel outentiek is nie. Daarom beskryf hy die doel van alle verlossingswerkinge as die herstel van mense na veiligheid en welsyn. In ’n omvattende verstaan van welsyn is enige spesifieke nood ’n aantasting van die totale welsyn of welstand. Daarom, volg sy argument, is die spesifieke dryfkrag van ’n spesifieke verlossingsaksie ’n reaksie op ’n spesifieke en konkrete nood of behoefte: “Redemption, salvation and deliverance are concepts which only make sense if they are defined as responses to real needs.” (Nürnberger, 1990:207.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.6.3 Die Skrif en verlossing

Hierdie spesifieke, kontekstuele aard van verlossing word deur Nürnberger (1990:207) verder belig as hy illustreer hoe dit deurgaans die patroon van verlossing in die Bybel is. Vir Abraham kom verlossing in die vorm van God se voorsiening van ’n nageslag, vir die Israeliete in slawerny in Egipte kom verlossing in die vorm van die eksodus, manna en kwartels kom as verlossing vir hongersnood in die woestyn, die inname van Kanaän kom as verlossing vir die nomadiese volk, wanneer die volk deur omliggende volkere onderdruk word, kom verlossing in die persoon van ’n militêre leier en later ’n koning, wanneer Dawid deur Saul vervolg word, gee Jahwe Saul se kroon aan Dawid en die volk in ballingskap keer terug na Jerusalem en ervaar so verlossing van hulle nood. Die Psalms spreek ook deurgaans van Jahwe se verlossende betrokkenheid by hulle wat in nood verkeer. Jesus gaan in hierdie tradisie voort. Hy word as die Verlosser (*Soter*) gesien omdat Hy die nood van mense aanspreek – presies in die vorm waarin dit na vore kom. Hy maak siekes gesond, genees kreupeles, bevry onderdruktes, bied skuiling vir verstotelinge, gee hoop vir hopeloses, is ’n leier vir hulle wat soos skape sonder ’n herder is, gee sin aan verwardes en bied vergifnis waar skuld in die pad staan[84]. In die lig hiervan is dit vir Nürnberger (1990:208) verstommend hoe vergifnis van sonde die sentrale en eksklusiewe inhoud van verlossing in die Westerse teologie geword het. Dit het gewoonte geword om verlossing en welsyn van mekaar te onderskei. Verlossing, wys hy, is gereduseer tot die motief van die regverdiging van die sondaar wat na die sentrum van die teologiese sisteem geneem is; welsyn is ten diepste afgewater tot ’n etiese konsekwensie van die evangelie. Daar moet goed gedoen word uit dankbaarheid vir God se vergewing van sonde. “It is incredible…” sê Nürnberger “…if you think of it, that in this version the reasons for doing good are not linked to the concrete needs of the people involved, nor to God’s redemptive intentions in this regard.” (1990:208.)

4.6.4 Die behoefte aan ontsnapping

Die individualistiese neiging om ’n persoonlike Verlosser te vind, meen Nürnberger (1990:208), verteenwoordig ’n geestelike ontsnapping van ’n situasie waar die aanvraag vir publieke verantwoordelikheid ondraaglik begin word het. Hy koppel die opkoms van pinkster- en charismatiese groepe direk of indirek aan hierdie behoeftes van ontsnapping. Hiermee

84 Nürnberger (1990:208) vestig die aandag daarop dat daar slegs een opgetekende instansie is waar Jesus sonde vergewe het, naamlik die verlamde. Hy wys daarop dat die diepste probleem van hierdie man was dat hy geglo het dat hy verlam was as gevolg van sy sonde. Vergifnis was dus noodsaaklik voordat herstel van sy gesondheid kon plaasvind. In geen ander geval speel vergifnis ’n rol in dit wat Jesus gedoen het nie. Daar is geen verwysing na vergifnis in die Evangelie van Johannes nie en by Paulus kom dit slegs twee maal voor, waarvan een ’n aanhaling is. Paulus se teologie sentreer rondom God se regverdigheid – wat direk met ’n omvattende welsyn (sedaqah/shalom) verbind kan word. Die motief van versoening met God kom drie maal in Paulus se briewe voor, terwyl die motief van vergifnis slegs twee maal in die Deutero-Pauliniese briewe voorkom, en wel in die formaat: Vergewe, want God het julle vergewe!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word vrede met God nie misken as Bybelse konsep van verlossing nie. Nürnberger (1990:209) beklemtoon dat ’n persoonlike verhouding met God in Christus inderdaad grondliggend is vir Bybelse geloof. Die punt wat hy egter maak is dat vrede met God, vrede met die Bron van die beleefde realiteit is, wat daarom, per definisie, vrede – ten minste in antisipasie – met ’n “pacified” realiteit is. Daarom, bevestig hy, kan daar geen vrede met God, sonder vrede met hierdie realiteit wees nie. Die versekerde vrede met God, soos wat dit in die evangelie verkondig is, is identies met die belofte van omvattende vrede binne die totale konteks waarbinne die mens leef. Daarbenewens, voeg Nürnberger by, is die persoonlike verhouding met Christus die antisiperende deelname in die getransformeerde lewe van die opgestane Christus: “The peace with God in Christ which we can enjoy now, is the anticipation of eschatological wholeness in communion with God. If not, it is a fraud.” (Nürnberger, 1990:209.) Dit is die abstrahering van hierdie vrede in ’n geïdealiseerde persoonlike verhouding met ’n wêreldlose God[85] wat mense op die dwaalspoor geplaas het. Nürnberger beklemtoon dat daar geen sodanige God is nie, behalwe in ons verbeelding. Verlossing wat nie met ’n menslike[86] behoefte of nood verband hou nie, is daarom ’n leë konsep en dus irrelevant. Versoening met God impliseer ’n nuwe verhouding met die realiteit – spesifiek met die sosiale konteks waarbinne mense hulleself bevind. Daarom meen Nürnberger: “A God who hovers above reality is a figment of the imagination.” (1990:213.)

4.6.5 Die verstaan van God en verlossing

Die wyse waarop God verstaan word, is grondliggend vir die verstaan van verlossing as die werk van God in die wêreld. Nürnberger (1990:213) wys dat ’n tipies Bybelse siening van God dié is van Jahwe, God van Israel, Vader van Jesus Christus. Dit is hierdie God wat in die geskiedenis ’n reeks verlossingsdade aan Israel en die kerk bewys het. Vanuit hierdie ervaringe verkondig die Bybelse boodskap die Bron van die realiteit as ’n persoonlike God, gekenmerk deur ongetwyfelde, aktiewe en omvattende liefde vir sy skeppingswerke. Daarom sê Nürnberger: “The most characteristic statement of the biblical faith is that *God is for us and with us and not against us*, and that this benevolence of God is reliable, comprehensive and active. We call this postulate the gospel, the good news.” (Nürnberger1990:213.) God stel ’n doel vir sy verlossingswerke, naamlik: die volledige transformasie van die realiteit[87],

85 Dit is die eeue-oue dwaalleer van Doketisme waarvolgens God se mensheid en sy besorgdheid oor sy geskape werklikheid, ontken word. Met so ’n verstaan van God raak die evangelie irrelevant vir enige konteks.

86 In hierdie artikel maak Nürnberger niks van die nood en behoefte aan heling van die res van die skepping – behalwe die mens nie. Dit is noodsaaklik dat daardie aspekte verder ontgin behoort te word om te verhoed dat die mens uitgesonder word as die enigste party of skepping wat by God se verlossingswerk ingesluit word.

87 Nürnberger (1990:214) verwys na die realiteit van gebrokenheid, stryd, magteloosheid, siekte, dood, uitbuiting, onderdrukking, ensovoorts en som dit op as “inauthenticity of reality”. Dít, sê hy, “is not only a matter of personal sin which craves for a salved conscience. It is the negative counterpart to comprehensive cosmic wellbeing, which is the goal of divine salvation as the biblical faith understands it” (1990:214).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

insluitend die mens, na ’n toestand van omvattende welsyn. Boonop laat hy ons toe om hierdie doel hier en nou, in die krag van die Gees, te antisipeer (Nürnberger, 1990:213).

4.6.6 Verlossing as genadegawe

Nürnberger (1990:215) verduidelik dat God deur menslike dade verlossend optree. Geloof is daarom nie ’n passiewe gesindheid teenoor die realiteit nie, maar ’n dinamiese transformerende krag. Nürnberger volg die spoor van Paulus, Luther en Calvyn wat beklemtoon dat verlossing nooit die mens se toedoen is nie, maar suiwer ’n gawe van God is (*sola gratia*), en noem dat dit van die onderskeid tussen wet (opdrag) en evangelie (genadegawe) ontleen is. By die wet is dit die mens wat aktief is en God wat ontvang, terwyl dit by die evangelie God is wat aktief is en die mens wat ontvang. Nürnberger wys dat ’n mens nie verlei moet word deur te dink dat hierdie “ontvang” passief van aard is nie. Hy meen dat ontvang in sigself ’n aktiwiteit is, alhoewel dit ’n aktiwiteit is wat deur die gawe in beweging gebring is. Die gawe, in hierdie geval, is “the activating dynamic of God’s redemptive love” (Nürnberger, 1990:215). Hierdie gawe van God is nie ’n liefdevolle, maar statiese gesindheid wat geen verdere konsekwensies het nie, maar dit is “the determined force of his creative and redemptive activity” (Nürnberger, 1990:215). Om God se kreatiewe en verlossende aktiwiteit te ontvang, beteken om betrokke te wees in sy verlossingsaktiwiteit. God se aksie maak dus nie menslike aksie oorbodig nie. Inteendeel, dit maak menslike aksie moontlik en noodsaaklik. God se aktiwiteit neem nie menslike verantwoordelikheid weg nie; inteendeel, dit verhoog menslike verantwoordelikheid. God se inisiatief smoor nie menslike inisiatief nie; inteendeel, dit bring menslike inisiatief in beweging. God verslaaf nie die mens nie; inteendeel, Hy bevry en bemagtig die mens[88]. In gemeenskap met God neem die mens deel aan God se verlossingswerk (Nürnberger, 1990:216).

4.6.7 Die taak van die kerk

Teen hierdie agtergrond beskryf Nürnberger (1990:216) die kerk se missionêre taak as die betrokkenheid in God se verlossingswerk. Aangesien hierdie betrokkenheid in God se kreatiewe werk, liefde en omvattende visie, onvolmaak is, herinner Nürnberger dat dit “remains a humble but stubbornly active anticipation of the eschatological salvation” (Nürnberger, 1990:216). Hierdie deelname word gerig deur die doel van die omvattende welsyn in gemeenskap met God en vind die opdrag daarvan by die spesifieke behoeftes van

88 Nürnberger beklemtoon dat dit nie ’n sinergistiese standpunt is waarvolgens God en die mens gesamentlik vir die mens se verlossing verantwoordelikheid neem nie. “No, …” sê hy, “… God is solely responsible. But because he is acting through humans, these humans are also, though not solely and completely, responsible” (1990:215).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die mense aan wie diens gelewer word. Dit is verder bewus van die transendente dimensie van die konkrete behoeftes, met ander woorde, dit plaas die volle spektrum van menslike behoeftes in die konteks van wat die realiteit as geheel in die oë van die Here behoort te wees. Dit is ook bewus van die onvolmaakte en tydelike aard van alle verlossingswerk in hierdie wêreld (Nürnberger, 1990:216).

4.6.8 Die rol van die Woord

Nürnberger (1990:216) bevestig voorts die Bybelse geloof dat God kragdadig deur sy Woord werk wat, volgens hom, beteken dat die Woord die kommunikatiewe krag van God is wat die mens in die dinamiese verlossingswerk van God insluit. Daarom is die Woord van God primêr ’n “enacted” Woord (Nürnberger, 1990:216), of dit is plein teorie. Mense het geen manier waarop hulle God se aanvaarding kan ervaar, buiten deur menslike aanvaarding nie. Dit, meen Nürnberger (1990:216), is waar vir alle aspekte van God se verlossingswerk. God se sorg word deur menslike sorg beliggaam en bemiddel, alhoewel God se sorg oneindig meer as menslike sorg beteken. Aan die ander kant bly menslike sorg bloot menslike sorg as daar nie besef word dat daardie menslike versorgingsdaad ’n deelname in God se versorgingswerk is nie[89]. Dit bring Nürnberger by sy konklusie dat die Woord van God ’n verlossingsdaad, of verlossingsgebeure is wat as God se verlossingswerk geïnterpreteer word. In hierdie lig is die teks niks anders nie as die interpretasie van historiese gebeure en dien dit as die verstaan van die verlossingswerk van God. Die hermeneutiese taak is om die kontinuïteit tussen dit wat die teks gedoen het en dit wat dit nou doen te bepaal. Hierdie taak is belangrik omdat daar distorsies kan wees wat die betekenis van God se verlossing ernstig kan aantas.

Die verstaan van die Woord van God as die interpretasie van God se verlossingswerk, wys Nürnberger (1990:217), staan radikaal teenoor die idee dat God se Woord vlees moet word, toegepas moet word, of uitgeleef moet word. Hierdie idee veronderstel dat die Woord van God in essensie ’n geestelike saak is, wat êrens in ’n liggaamlose, tydlose, gemeenskaplose hemel gelokaliseer is vanwaar dit moet neerdaal om in hierdie wêreld vorm te vind. Volgens hierdie verstaan moet die Woord eers gepreek word, en dan – indien gelukkig – sal dit vrug dra in mense se dade. Dit, meen Nürnberger, is Griekse idealistiese denke, nie Hebreeuse dinamiese geloof nie: “It is, once again, docetism.” (Nürnberger, 1990:217.) Die Evangelie van Johannes, met die beeld van die Woord wat vlees word, is ’n desperate poging om

89 Nürnberger beklemtoon dat “God’s transcendence includes our immanence and is not something alongside or entirely beyond it. Otherwise it lacks all evidence. It is nothing but an idea” (1990:217).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doketisme te oorkom. Met sy inkarnasieteologie het die outeur gepoog om deur die Hellenistiese denkpatrone (vir wie alles wat eg en outentiek is, suiwer geestelik is) terwyl alles wat liggaamlik, sosiaal of histories is, bloot as insidenteel, selfs onwerklik is, te breek. Nürnberger (1990:218) wys dat die inkarnasie (vleesgeworde Woord) die waarde (*dignitas*) van die materiële en historiese herstel. Daarom is dit nie vreemd nie dat Nürnberger waarsku: “The present danger is that, reading John’s gospel, we take the thought pattern which he tried to break, as the truth he wanted to convey and thereby ‘re-docetise’ his thought!” (Nürnberger, 1990:218.)

4.6.9 Die horisontale én vertikale

In sy benadering tot die soteriologie, ontmasker Nürnberger (1990:218) die populêre onderskeid tussen die horisontale verhoudinge (mense onderling) en vertikale verhoudinge (mens tot God). Teologies gesproke, meen hy, kan nie platonies van God gepraat word as “daarbo” nie. Die platoniese god is ’n abstrahering van die tydlose en statiese idee van die goeie, die ware en die mooi van die konkrete historiese realiteit. In teenstelling hiermee is die Bybelse God die dinamiese krag in die beleefde realiteit. Hy is oral om ons. Boonop is die Bybelse God die aktiewe krag van verlossing in hierdie wêreld. Die mens se verhouding met God is dus nie vertikaal nie, maar horisontaal – met God by ons, om ons. God kan nie van bo, soos ’n baas, regeer nie. Mense plaas, sosiologies gesproke, mekaar eerder bo en onder ander. God, daarteenoor, beweeg doelbewus in solidariteit met die uitgeworpenes langs hulle in – juis om hulle daaruit te lei[90]. Nürnberger (1990:218) voeg hierby dat God mense met Hom meeneem om aan sy verlossingswerke deel te neem – wat beteken dat dit God is wat vertikale verhoudings horisontaliseer: “To relate to God, therefore, is not only to look for him in the horizontal dimension, but to actively horizontalise vertical relationships.” (Nürnberger, 1990:218.)

Nürnberger verwys na die talle voorbeelde van “severe deficiencies in comprehensive wellbeing” (Nürnberger, 1990:218), soos onderdrukking, diskriminasie, verlies van menswaardigheid en lyding en vra wie dit sal waag om te twyfel dat die Bybelse God nie net ’n sterk afkeur daarin het nie, maar ook vasberade is om die wêreld daarvan te verlos deur dit met wortel en tak uit te roei. Nürnberger beklemtoon daarom: “Where we are truly reconciled with God, the Source of reality, we will be reconciled with the whole of reality, including our neighbors.” (Nürnberger, 1990:218.)

90 Vergelyk 2 Korintiërs 8:9 “Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.6.10 Samevatting

Soos Bosch, vind Nürnberger die begronding van die missionêre taak van die kerk in die soteriologie. Die doel van verlossing is volgens hom die omvattende welsyn in vrede (*shalom*) met God en die ganse skepping – antisiperend van die eskatologiese koninkryk. Hierdie verlossing maak slegs sin indien dit ’n reaksie op werklike nood is. Nürnberger spreek sterk kritiek uit teen enige vorm van verabsolutering en verindividualisering van vergifnis van persoonlike sonde as eksklusiewe inhoud van verlossing. Vrede met God kan volgens hom nooit van vrede met die bestaansrealiteite geskei word nie. Eweneens is die wyse waarop God verstaan word ook vir Nürnberger bepalend vir die verstaan van God se verlossingswerk in die wêreld. Hy beklemtoon dat God nie buite-om mense werksaam is nie, maar juis mense insluit en deel maak van sy verlossingswerke, wat hy die uitdagende betrokkenheid in God se verlossingswerke noem. Hierdeur ontmasker Nürnberger die populêre onderskeid tussen die mens se horisontale en vertikale verhoudinge as dualisties en onbybels.

Nürnberger se klem op die oorkoepelende of omvattende aard van verlossing dra by tot die vestiging van ’n geïntegreerde spiritualiteit in die gemeente. Dit is ’n spiritualiteit waarin die gemeente aangemoedig word om hulle ganse lewens as deel van God se verlossingswerk in hierdie wêreld te sien.

4.7 ’n Perspektief op verlossing: Ernst Conradie[91]

Conradie se besondere bydrae lê op die terrein van skeppingsteologie waarbinne hy sy verstaan van verlossing hanteer. Hier sal dus aandag geskenk word aan die verstaan van verlossing vanuit sy onderskeid tussen die konsepte van *creatio* en *creatura*, die valse onderskeid tussen mens en skepping wat deur die Skolastiek geskep is en die grondwaarheid dat God die Skepper is. Ten slotte sal die kerk se deelname aan die *missio Dei* bespreek word.

4.7.1 *Creatio* en *creatura*

Conradie (2011a:2) sorg vir ’n deurbraak in die verstaan van verlossing as hy die linguistiese onderskeid tussen skepping as die daad van God se skeppingswerk (*creatio*) en skepping as

91 Ernst Conradie is in 1962 gebore en studeer aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy in 1992 sy doktorsgraad in Teologie behaal. Hy word in 1993 by die Universiteit van die Wes-Kaap as dosent in Sistematiese Teologie in die Departement van Godsdiens en teologie aangestel. Hy neem deel aan verskeie internasionale konferensies en het beurse ontvang vir navorsing aan die Universiteite van Utrecht, Oxford, Berkeley, Heidelberg, Princeton en Amsterdam. Hy dien verder as sameroeper van die bestuurskomitee van ’n internasionale navorsingsprojek: “Christian Faith and the Earth”. Uit sy pen vloei daar ook vele artikels en boeke, meestal oor ekologiese teologie, en hy dien tans as die sekretaris van die Teologiese Vereniging van Suid-Afrika. In 2007 ontvang Conradie die Andrew Murray prys vir teologiese publikasies in Afrikaans vir sy boek: Waar op dees aarde vind mens God?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die produk of uitkoms van God se werk (*creatura*) uitspel. Conradie (2010a:387) betoog vir ’n standpunt ten opsigte van verlossing waarin die skepping, as *creatura*, in die hart van, en nie net ’n dimensie van, die kerk se missionêre taak is nie. Conradie (2011a:2) dui daarom op die noodsaaklikheid van die Christelike diskoers om oor die vraag te besin of verlossing as verlossing uit die skepping (wat aanneem dat die skepping slegs na nie-menslike skepsele verwys), of die verlossing van die skepping, verstaan behoort te word. Daarbenewens, meen hy, moet die kerk se posisie in die wêreld – as deel van God se skepping – beredeneer word vir die verstaan van die missie van die kerk, ten einde by te dra tot die welsyn van die skepping (weer eens as *creatura* verstaan). Die materiële aard van die (verlossing-) simbole van water, brood en wyn, wys Conradie (2011a:2), roep om teologiese refleksie oor die wyse waarop Christelike rituele wat verlossing verkondig in die skepping (as *creatura*) ingebed is. Christelike verlossing en hoop het inderdaad ’n kosmiese dimensie wat relevant is tot die ganse skepping (as *creatura*) van God. Teen die agtergrond van verskeie vorme van dualisme, vra Conradie dus na die verhouding tussen verlossing en *creatura*.

4.7.2 Skolastiek

Conradie (2010a:389) wys hoe die Middeleeuse skolastieke verstaan van teologie die verhouding tussen God, mens en wêreld verduidelik het. ’n Missiologiese model is geskep waarvolgens die wêreld as heidene, nie-Christene, die staat, burgerlike samelewing, bose magte, die behoeftes van die armes en onderdruktes, ensovoorts gesien is. Terselfdertyd is die mensdom, Christene, die kerk, die ware toegewydes, geroepenes deur God, beskaafde Westerlinge en positiewe magte, as die agente van sending gesien. Die kerk, in hierdie denkraamwerk, is God se primêre instrument in die bring van verlossing na die wêreld. Hierdie siening, wys Conradie (2010a:390), het tot die probleem van vervreemding van die mensdom van die res van die skepping gelei: “Christianity, in particular, has been guilty of instigating, reinforcing and legitimising this alienation of human beings from the rest of the earth community.” (Conradie, 2010a:390.) Hy meen dat Christenskap met ander-wêreldse belange besig was wat nie ’n sin van behoort hier op aarde gekweek het nie. Maniere waarop hierdie verstaan manifesteer, is a) ’n teologiese klem op die absolute transendensie van God, b) ’n antropologiese klem op mense as deurgangers hier op aarde, c) ’n soteriologie wat op mense se verlossing uit die wêreld, in plaas van die verlossing van die hele aarde, klem plaas, en d) ’n eskatologiese fassinasie met ’n hemelse hierna waarin ontliggaamde siele in die teenwoordigheid van God sal lewe (Conradie, 2010a:390).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

’n Beeld wat Conradie (2010a:390) gebruik om hierdie vervreemding goed uit te beeld, is dié van ’n reddingspoging om passasiers van ’n brandende skip te red: Die passasiers (mensdom) is met ’n tou (Jesus), wat uit ’n helikopter (Heilige Gees) hang, van die brandende skip (die aarde) na ’n plek van veiligheid (die hemel) gered. In terme van hierdie beeld, wys Conradie (2010a:390), is daar min hoop vir die brandende skip self – terwyl die kosmiese dimensie van God se verlossing inderdaad ’n liefde vir die brandende skip (*creatio*) self impliseer. Hiermee wil Conradie dit duidelik stel dat mense vir te lank aan hulleself as apart, of los van die natuur, gedink het, wat tot vervreemding[92] tussen mens en natuur gelei het.

4.7.3 *Missio Dei*

Die bemiddeling van verlossing, verduidelik Conradie (2010a:391), kan slegs plaasvind vanuit die perspektief dat die mens deel is van die ganse skepping wat onderhewig is aan God se verlossingswerk. Die skepping kan dus nie die ontvangers van die mens se skeppingsaksies wees nie, aangesien die mens deel vorm van God se skepping (*creatura*). Met dit as basis kan die mens slegs die welsyn van die skepping (*creatura*), waarvan die mens deel is, bevorder. Daarom, meen Conradie (2010a:391), “it would be clumsy to describe such human agency as ‘mission’ in the sense of ‘being sent to’...However, since this world describe an internal event, it would not so much be a matter of ‘sending’ but of ‘emerging’ or ‘becoming’”.

Sending kan nie as die taak van die kerk of enige ander menslike agentskap gesien word nie, maar as God se missie (*missio Dei*). Daarom, konkludeer Conradie (2010a:392), is die daad van God se skeppingsaktiwiteit die kern van God se verlossingswerk. Hy beskryf God se verlossingswerk as die volle spektrum van God se dade en meen dat God se werk nie tot enige van die “hoofstukke” daarvan gereduseer kan word nie. Daarom waarsku Conradie (2010a: 393) dat enige nadenke oor die missionêre taak van die kerk moet waak teen die reduksie van God se sending na die sending van die kerk.

Indien sending as niks minder nie as God se totale werksaamheid (*missio Dei*) beskou word, word die asimmetrie tussen die missionêre taak van die kerk en God se missie beklemtoon. God se verlossingswerk kan nie tot menslike getuienis of sending gereduseer word nie.

92 Rasmussen, in Conradie (2010a:391), gebruik die term: ekologiese apartheid waarmee die mens se afgesonderdheid van die ekosisteem waarin hulle leef, beskryf word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die herbesinning van die idee van *missio Dei*, wys Conradie (2010a:394), bring ’n ander alternatief na vore, naamlik om die skepping as die produk van God se werk (*creatura*), waarvan die mens deel is, te verstaan. So, meen hy, kan volgehou word dat die welsyn van God se geliefde skepping (*creatura*) in die hart van God se missie na die wêreld lê. Conradie (2010a:394) verwys na die Nederlandse teoloog, Arnold van Ruler, wat die kern van hierdie gedagte vasgevang het deur te wys dat “God’s acts of salvation is not about the Savior, or about salvation itself, or about being saved (the ‘saved-ness’ of being) but about the being of the saved”. Conradie (2010a:394) verwoord dit in antroposentriese terme deur te sê dat Christelike verkondiging nie daarop gemik is om alle mense te nooi om Christene te word nie, maar om te demonstreer dat die Christelike boodskap toelaat dat mense (weer) mense kan word.

Met die klem op die welsyn van God se skepping, wys Conradie (2010a:394) op voetspoor van Van Ruler, dat God se skeppingsdade, onderhouding, voorsiening, verlossing, formasie, missie en vervulling op die welsyn van die skepping, meer nog, op die gemeenskap tussen Skepper en skepping gerig is, wat in die Sabbat en in die fees van die Lam wat geslag is tot uiting kom. Indien God se groot dade onder die rubriek van God se sending gesorteer kan word, sluit Conradie (2010a:394) sy argument af, kan gesê word dat skepping in die hart van God se verlossingswerk lê.

4.7.4 Samevatting

Conradie radikaliseer God se trou aan sy skepping as *creatura*. Verlossing is volgens hom opgesluit in God se missie, sy skepping – beide die daad van sy skeppingswerke (*creatio*) en die resultaat van sy skeppingswerke (*creatura*) waardeur Hy sy trou aan sy skepping bewys. Verlossing is dus God se gerigtheid op sy ganse skepping – waarvan die mens deel is. God se verlossingswerk is veel meer as die kerk se missie. Die kerk beliggaam God se verlossing deur die welsyn van die skepping te verbeter deur niks meer te doen as om te deel in die *missio Dei* nie.

Conradie betoog vanuit die verhouding tussen skepping (as beide *creatio* en *creatura*) en verlossing teen ’n reduksionistiese verstaan van verlossing en die kerk se missionêre aktiwiteit. Die gemeente kan in besonder hierby baat deur God as Skepper en Onderhouer van die ganse skepping, waarvan die mens deel is, te herontdek. Die gemeente sal hierdeur afwyk van die siening dat sy ’n taak het asof sy buite of los staan van die skepping waarop God se verlossingswerk gerig is. Daarteenoor sal sy deelnemers van God se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verlossingswerk wees op 'n manier waarop sy haarself altyd as deel van God se verlossingsvisier sal sien. Dit behoort 'n dimensie van nederigheid en afhanklikheid, sowel as een van selfondersoek en transformasie in die gemeente se missionêre aktiwiteit te bring. God se missie, en nie meer die gemeente se visie nie, sal nou die fokus van haar identiteit, roeping en spiritualiteit word.

4.8 'n Perspektief op verlossing: N.T. Wright[93]

In sy boek, *Surprised by hope* (2008*)*, gee N.T. Wright 'n vars benadering tot die verstaan van verlossing, die hemel, die opstanding en die roeping van die kerk om hoop in hierdie wêreld te bring – soos Jesus ons leer om te bid: "Laat u koninkryk kom, in die hemel, so ook op die aarde". Daar sal vervolgens 'n kort oorsig oor hierdie begrippe vanuit Wright se oogpunt gegee word ten einde die afdeling oor 'n teologie van verlossing af te sluit.

4.8.1 Hoop

Wright begin deur te vra watter hoop daar vir gemeenskappe is wat alles, ook alle hoop, verloor het. Hy behandel twee vrae wat in essensie saamhoort, naamlik: "Wat is werklike Christelike hoop?" en "Watter hoop is daar vir verandering, herstel, transformasie en nuwe moontlikhede in die wêreld vir die hede?" (2008:5.) Solank Christelike hoop in terme van "hemel toe gaan" verstaan word, met verlossing in essensie weg van die wêreld, meen Wright (2008:5) is daar geen verband tussen die twee vrae nie. As Christelike hoop egter vir God se nuwe skepping is, vir 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, en as hoop reeds in Jesus van Nasaret tot lewe gekom het, word die twee vrae as 'n hegte eenheid gesien.

4.8.2 Dood

Die dood, sê Wright (2008:15), is die groot vyand, maar dit is oorwin en sal ten einde totaal oorwin word. Die Nuwe Testament verkondig dat die dood nie bloot herbeskryf word nie, maar dat dit totaal verslaan is. God laat nie die dood toe om die laaste woord oor ons te spreek nie. As die finale toekomsbelofte bloot is dat onsterflike siele hulle sterflike liggame agterlaat, heers die dood steeds – aangesien dit nie 'n beskrywing van oorwinning oor die dood is nie, maar van die dood self. As 'n persoon na die dood 'n ontliggaamde bestaan het, is dood steeds nie oorwin nie, dit bly in takt, maar is slegs herbeskryf. Die pole waartussen

93 Nicholas Thomas Wright is op 1 Desember 1948 te Northumberland gebore. Hy studeer Teologie met die oog op die bediening in die Anglikaanse Kerk en behaal sy MA-graad in 1995 en DPhil aan die Universiteit van Oxford in 1981. Hy spesialiseer in Nuwe Testamentiese studie en beklee verskeie doseerposte aan die Universiteite van Cambridge, McGill en Oxford. Vanaf 2003 tot 2010 is hy Biskop van Durham vir die sogenaamde Church of England. Hy is speel 'n leidende rol in Nuwe Testamentiese studies in die wêreld en beklee daarna die posisie van hoof van Nuwe Testament en Vroeë Christendom aan die Universiteit van St. Andrews in Skotland. Hy spits hom toe op akademie, skryfwerk en uitsaaiwerk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hieroor gedink word, strek van die eenkant waar die dood wel die vyand is, maar ten volle oorwin sal word tot die ander kant waar die dood as ’n vriend beskou word wat ons na ’n beter plek neem.

4.8.3 Hemel

Terwyl daar tradisioneel verkondig word dat Christenskap oor die hemel daarbo – waarheen gereddes gaan, en die hel daaronder – waarheen ongereddes gaan, word daar weinig min in die Bybel van “hemel toe gaan” of “na-doodse hel” gepraat. Die Nuwe Testament praat egter nie van die koninkryk van God in terme van ’n na-doodse bestemming nie; ook nie van ons ontsnap uit hierdie wêreld na ’n ander nie, maar in terme van God se soewereine heerskappy op aarde soos in die hemel. Dit gaan oor die hemelse dimensie van die huidige lewe. “Heaven, in the Bible, is not a future destiny but the other, hidden, dimension of our ordinary life – God’s dimension, if you like.” (Wright, 2008:19.) Die prentjie van die eindtye wat in Openbaring geskets word, is nie een van verloste siele wat na ’n ontliggaamde hemel oppad is nie, maar eerder die nuwe Jerusalem wat vanuit die hemel aarde toe kom en die twee in ’n ewige eenheid saambind. Die gebruik van die hemel as die finale bestemming behoort vervang te word met die opstanding, nuwe aarde en nuwe hemel (Wright, 2008:21).

4.8.4 Opstanding

Vir Wright (2008:23) is Jesus se opstanding die beginpunt van hoop vir die wêreld en die kern van God se verlossingswerk. Paasfees is die inbreek van hoop vanuit die toekoms in hierdie wêreld. Jesus het opgestaan, Hy heers as die Messias, God se nuwe skepping het aangebreek – en ons, sy volgelinge het ’n werk om te doen. Ons moet as sy gesante optree, sy heerskappy aan die hele wêreld verkondig, en sy koninkryk op aarde, soos in die hemel, laat kom. Jesus se opstanding is aan die finale opstanding van al God se kinders verbind. Die finale verlossing sal plaasvind wanneer hemel en aarde mekaar ontmoet met Jesus se wederkoms (*parousia*). Paasfees behoort daarom die sentrale plek van die Christelike lewe in te neem. Die opstanding van Christus word dikwels tot die rant geskuif waarmee die hoop vir die opstanding van die dooies verdwyn. Godsdiens raak opium waar dit op platoniese wyse die fisiese en skeppingsmatige degradeer as skadu’s van die skepping wat met die dood agtergelaat sal word. As sulks is daar geen noodsaak om die huidige lewe te verbeter – as dit in elk geval binnekort agtergelaat sal word nie. In teenstelling hiermee gee die opstandingsleer, as deel van die leer van die herskepping, meer waarde aan ons fisiese en huidige geskapenheid. Daar is dus in beide klassieke Judaïsme en Christendom ’n kontinuïteit en diskontinuïteit tussen die hede en die toekoms met die gevolg dat ons optrede

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die hede van enorme belang is. Paulus sien die toekomstige opstanding as ’n motivering vir die goeie behandeling van ons liggame in die hede (1 Korintiërs 6:14[94]). Opstandingsgeloof gaan gepaard met God se geregtigheid en God as die goeie Skepper en bring sterk opposisie teen onreg in die wêreld na vore (Wright, 2008:27).

Die opstanding van Jesus kondig die begin van die nuwe skepping reg in die middel van die ou wêreld aan. Dit is die beginpunt van ’n nuwe wêreld, nie slegs ’n weg tot saligheid nie. Die opstanding maak die vensters van die hart oop om te sien wat moontlik is in God se wêreld – van nuwe skepping – waarin liefde (*agape*) heers. Daarom is die opstanding nie slegs ’n vreemde verskynsel in die eerste eeu nie, maar ’n saak vir die herontdekking van hoop in die een-en-twintigste eeu. Dit gee geboorte aan ’n wêreldbeeld waarin die magtiges, rykes en gewetenloses nie die laaste woord spreek nie. Die opstanding van Jesus maak dit moontlik om die wêreld te transformeer. Dit is die hart van God se verlossingswerk.

Daar heers ’n verstaan by Christene dat die wêreld bloot ’n plek is waardeur jy moet gaan oppad na jou eintlike bestemming. Dit dra ’n Gnostiese dwaling waarvolgens die geskape werklikheid eintlik irrelevant, onbelangrik, donker en boos is, waarvan ons onsterflike siele moet ontsnap na ons werklike bestemming – die hemel. Met hierdie dualistiese siening word tekste soos Romeine 8:18-25[95] en Openbaring 21-22 uitgeskuif asof dit nie bestaan nie. Hierteenoor is die bevestiging in die Woord dat dit wat die Skeppergod in Christus gedoen het – met die hoogtepunt in die opstanding – is wat Hy ook vir die hele wêreld (die ganse kosmos en geskiedenis) bedoel het. Hierin lê die Christelike hoop.

4.8.5 Sonde en verlossing

Sondigheid of boosheid is, volgens Wright (2008:53), nie as gevolg van geskapenheid nie, maar in die rebelse afgodery waardeur mense ander elemente van die geskape wêreld, eerder as die God wat dit alles goed geskape het, aanbid. Die gevolg is dat die kosmos uit ritme is. In plaas daarvan dat mense God se wyse mede-bestuurders van sy skepping is, ignoreer hulle die Skepper en wil hulle iets minder veeleisend aanbid – iets wat aan hulle die ervaring van mag of plesier gee. Die resultaat is die dood.

---

94 “God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek.”

95 “Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie. Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry. Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verlossing is God se plan om sy goeie skepping te herstel. Verlossing is nie die verwerping van dit wat daar is, en die oor-begin van alles nie, maar die bevryding van dit wat verslaaf geword het. Omdat boosheid nie geskapenheid is nie, maar rebellie deur die mens, beteken die verslawing ook nie die beliggaming waarvan die siel gered moet word nie. Die verslawing behels sonde waarvoor daar verlossing nodig is – nie net deur die siel te red nie, maar deur ’n nuwe beliggaamde lewe (Wright, 2008:96). Verlossing gaan dus nie daaroor om die skepping net beter te maak nie, ook nie om siele[96] uit die bose wêreld te red nie. Dit is die herskepping van die skepping – deur met die boosheid wat dit ontsier af te reken. Hierdie herskeppingswerk is die werk van dieselfde God, in Christus, deur wie dit in die eerste plek tot stand gekom het. Christelike hoop het dus ’n kosmiese dimensie. Verlossing gaan juis oor die hele mens – nie slegs die mens se siel nie; oor die hede – nie slegs die toekoms nie; en oor wat God deur ons in die ganse wêreld, in al haar dimensies, doen – nie wat Hy slegs in en vir ons doen nie.

Alle vorme van dualisme en Gnostiek, waarvolgens die Christen as ’n siel hemel toe gaan om sy/haar Skepper daar te ontmoet, word verwerp deur die Skrifgetuies (Filippense 3; Efesiërs 1:10) wat getuig dat dit nie ons is wat hemel toe gaan nie, maar dat die hemel aarde toe kom, dat die kerk self die hemelse Jerusalem is wat aarde toe kom. Ver verwyderd van die siening dat verlostes in die wolke sit en harp speel, is die verloste kinders van God sy agente in sy nuwe skepping van liefde waardeur nuwe dinge moontlik word. Wat die skepping dus nodig het, is nie evolusionêre verbetering of verwerping nie, maar eerder verlossing en vernuwing. Dit is beide beloof en gewaarborg deur die opstanding van Jesus uit die dood.

4.8.6 Opstandingslewe

Die opstandingslewe is die lewe na die lewe (in watter vorm dit ookal plaasvind) na die dood. Die hemel is ’n manier om oor die rykdom van God se teenwoordigheid te praat (Wright, 2008:183). Afgelei daarvan is hemel dus die plek waar God se doel vir die toekoms opgesluit lê. Die belangrike vraag is dus nie wat van ons word na die dood nie. Die belangrike en sentrale vraag is eerder dié van God se doel van verlossing en herskepping vir die hele wêreld, die hele kosmos. Die bestemming van die mens word binne hierdie konteks verstaan. Die punt daarvan om nou verlos of gered te wees is sodat ons kan deelneem in die

96 Alhoewel die woord “siel” skaars in die Nuwe Testament gebruik word, verwys dit in die Hebreeuse en Aramese agtergrond daarvan nie na ’n ontliggaamde entiteit in ’n uiterlike dop van verganklike liggaam versteek nie, maar na ’n hele persoon of persoonlikheid wat deur God aangespreek word. Die idee van ’n onsterflike siel vind min bybelse ondersteuning.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot prentjie van God se herskeppingswerk op aarde. Die vraag is dus hoe ons as mense bydra tot die herstel van die skepping – as medewerkers van God. Wright (2008:185) stel die vraag as volg:

> “(A)re you going to worship the creator God and discover thereby what it means to become fully and gloriously human, reflecting his powerful, healing, transformative love into the world? Or are you going to worship the world as it is, boosting your corruptible humanness by gaining power or pleasure from forces within the world but merely contributing thereby to your own dehumanisation and the further corruption of the world itself?.”

Die fokus is op die wyse waarop God sy skepping deur mense hernu en in die proses daardie mense self ook red, maar nie as die eintlike en enigste doel daarvan nie.

4.8.7 Koninkryk van God

Die koninkryk van God gaan oor die heerskappy van God in hierdie wêreld. Die opgestane Jesus en die Heilige Gees wil ons nie van die aarde af wegneem nie, maar agente van transformasie in hierdie wêreld maak. So kom die koninkryk van God in hemel en ook op aarde. Dit is waar die magte van die bose oorwin en verslaan is en die nuwe skepping ontstaan het en die volgelinge van Jesus opgeroep en toegerus is om daardie oorwinning en daardie nuwe skepping in werklikheid te bring.

4.8.8 Samevatting

Wright som tot ’n groot mate die algemene siening in die gereformeerde verstaan van verlossing baie goed op met veral verhelderende gedagtes rondom die eskatologie. Die klem op die hemel wat uit die toekoms in hierdie wêreld inbreek om verlossing ’n hierdie-wêreldse gebeure te maak, dien eweneens om die kerk van ’n sogenaamde ontsnappingsteologie te bewaar en ook op te roep tot betrokkenheid in die beliggaming van God se heerlikheid op alle terreine van hierdie lewe. Dit is noodsaaklik dat hierdie teologie beslag vind in die missionêre praksis en spiritualiteit van die gemeente.

Wright help die gemeente om vanuit die opstanding – en die moontlikhede wat dit vir hierdie wêreld inhou – te leef op ’n manier waarop God se herskeppingswerk sigbaar word. Die gemeente word hierdeur aangespoor om in die gewone dinge van elke dag vensters op God se koninkryk te wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.9 Slot

Die navorser vra na die verband tussen die gemeente se konteks, haar siening van verlossing en haar spiritualiteit en hoe dit ’n teologiese raamwerk bied wat die gemeente na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit kan begelei. In hierdie afdeling is die konsep van verlossing, wat as bepalend vir die vorming van ’n gemeente se spiritualiteit gesien word, bespreek. Vanuit die bespreking van die konsep van verlossing, soos dit deur verskeie gereformeerde teoloë geïnterpreteer en beskryf is, kan daar met veiligheid ’n teologiese raamwerk gebied word op grond waarvan die gemeente nader aan ’n geïntegreerde spiritualiteit begelei kan word. Die volgende elemente het deurgaans na vore gekom en kan as die boustene van sodanige teologiese raamwerk dien.

4.9.1 Dit is ondenkbaar om verlossing tot die individu en sy/haar persoonlike verhouding met God te beperk. Mense leef interafhanklik en in ’n web van intermenslike verhoudings. Sosiale verskynsels van haat, ongeregtigheid, onderdrukking, oorlog en ander vorme van geweld is manifestasies van die bose. ’n Besorgdheid oor menslikheid, die oorwinning van hongersnood, siekte en sinneloosheid is deel van die verlossing wat Christus gebring het en waarvoor mense hoop en werk.

4.9.2 Die koninkryk van God behoort die verwysingspunt van enige nadenke oor verlossing te wees – en dat hierdie heerskappy ook reeds ’n realiteit op aarde behoort te wees. Daar word immers gebid: “Laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, in die hemel, so ook op die aarde.”[97] Verlossing word dus inderdaad op aarde gerealiseer, in die geskiedenis, in die hier en nou. Die aarde is die lokus van die Christen se roeping en heiligmaking.

4.9.3 Die tradisionele verskraling van verlossing tot die individu dui op ’n sterk antroposentrisme. Ten spyte van die kerk se klem op God wat die bron van alles is, is dit vroom individue wat hulleself besig hou met hulle eie verlossing en vir Christus in die rol plaas van die Een wat verlore siele moet red. Christologie is ondergeskik aan soteriologie geplaas. Eintlik staan die mens hier in die sentrum.

4.9.4 Daar is ’n onlosmaakbare verbintenis tussen skepping (*creatio* én *creatura*) en verlossing. God se verlossingswerk begin met sy skeppingswerk en word in sy herskeppingswerk in hierdie wêreld voortgesit. So is hierdie wêreld, die ganse skepping, wat op verskeie maniere in werklike nood verkeer, die ruimte waar God sy verlossingswerk uitvoer deur sy heerlikheid sigbaar te maak in herstelde verhoudings. Verlossing neem dus elke greintjie van die ganse skepping ernstig op – en sluit dit in. Verlossing is God se liefdevolle gerigtheid op die ganse skepping – waarvan die mens deel is.

97 Matteus 6:10

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.9.5 Soos wat die kerk die ontvanger is van God se verlossingswerk in Christus, word sy ook deur die Heilige Gees toegerus en gestuur om deelagtig aan die herskeppingswerk van God te wees (*missio Dei*).

4.9.6 Die hemel is nie ’n ander plek waarheen die mens moet “verhuis” of “a pie in the sky when you die” nie, maar die dimensie van hierdie wêreld waar volmaakte toekomstige heerlikheid nou reeds deurbreek – waar God se heerlikheid konkreet sigbaar word. Die opstanding van Jesus kondig die begin van die nuwe skepping reg in die middel van die ou wêreld aan. Hierin lê die hoop vir die wêreld, verlossing, opgesluit.

4.9.7 Bybelse verlossing is allesomvattend of oorkoepelend – juis teenoor die dualistiese wêreldbeskouing waarvolgens tussen geestelike en nie-geestelike dinge onderskei word. Daarom beteken verlossing nie om uit die “bose wêreld” te ontsnap nie, maar die herskepping van die gebroke wêreld.

4.9.8 So ’n oorkoepelende verstaan van God se verlossingswerk roep die kerk op tot ’n spiritualiteit waarin daar nie uit die skepping ontsnap word nie, ook nie deur die (beperkte) kennis van die skepping vasgevang word nie, maar waar hierdie twee pole in spanning gehou word deur gelowige gemeenskappe wat met ’n protokol van nederigheid (Conradie se term) leef vanuit ’n roepingsbesef om nederige, maar besliste en gefokusde deelnemers in God se herskeppingswerk in hierdie wêreld te wees.

4.10 Die verband tussen verlossing, missionêre teologie en geïntegreerde spiritualiteit

Vanuit die verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit poog die navorser om ’n teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit te bied waarvolgens die gemeente sinvol in die wêreld kan leef. In die voorafgaande afdeling is die konsep van verlossing vanuit ’n gereformeerde raamwerk, ten diepste as ’n uitdrukking van die koninkryk van God, God se omvattende heil vir sy ganse skepping, beskryf. In hierdie afdeling word missionêre teologie as teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit voorgehou, waarbinne hierdie verlossingsbegrip opgeneem word. Hier sal gekyk word na die aard van die verband tussen die missionêre teologie en verlossing as begronding vir ’n geïntegreerde spiritualiteit vir die gemeente.

4.10.1 Missionêre teologie

Die vertolking van verlossing as die veelkantige en oorkoepelende heil van Christus vir die ganse skepping behoort die teologiese basis te wees van ’n missionêre teologie waarvolgens die gemeente haar bediening inrig en haar spiritualiteit gevorm word. In die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuwe missionêre era word gemeentes en die kerk deur God se missie (*missio Dei*) getransformeer (Bosch, 1991:370; Frost & Hirsch, 2003:7,18). Dit beteken die kerk word uitgedaag om haar identiteit nuut te verstaan in terme daarvan dat sy geroep, versamel, in die Woord en sakrament gesentreer en in die missie van God na die daaglikse lewe, oor grense heen, met die bybelse boodskap van verlossing gestuur word (Keifert, 2006:37). Newbigin (1995:90) vra daarom tereg: “What are the actions by which the believing community will fulfill God’s purpose for it as the community chosen, called, and sent with a view to the salvation of the world?” Guder (2000:182) verwoord die uitdaging om die institusionele kerk te transformeer as om diensbaar aan God se missie te wees.

’n Missionêre bedieningstyl hoort tot die wese van die gemeente waar die fokus nie op haar eie belange en instandhouding is nie, maar op die koninkryk van God, die omvattende heil vir sy ganse skepping. Hierin is die dissipline van geloofsonderskeiding sentraal en vorm dit die basis van ’n missionêre gemeente se spiritualiteit (Keifert, 2006:61). Dit is ’n publieke spiritualiteit wat nie onderskeid tussen “geestelike” sake en “nie-geestelike” sake tref nie (Newbigin, 1995:11; Bosch, 1991:381) en tot uiting kom waar die gemeenskap van gelowiges in die eredienste en publieke lewe optree (Guder, 2000:153). So ’n gemeente is altyd kontra-kultureel in hierdie wêreld in die mate waarop sy Jesus se liefde radikaal uitleef (Guder, 2000:151; Frost & Hirsch, 2003:35,140). Dit bring die navorser by die vraag na die verband tussen verlossing, missionêre teologie en ’n geïntegreerde spiritualiteit.

4.10.2 Missionêre praktyk as die bemiddeling van verlossing

Die teologie en praktyk van missie is altyd direk verbind met die teologie van verlossing (Bosch, 1991:393). In die missionêre paradigma word verlossing nie beperk tot die individu se persoonlike verhouding met God nie, maar die verhouding tussen God en mens word sigbaar in die mens se verhouding met ander mense en die res van die skepping. ’n Holistiese benadering tot verlossing word nagestreef waarin die persone in hulle totale nood bereik word, as individue, sowel as totale samelewings, hulle siele én hulle liggame, in die hede, sowel as in die toekoms. Vir hierdie holistiese siening van verlossing is ’n meer oorkoepelende siening van die kerk se missie as in die verlede noodsaaklik.

4.10.3 Missionêre praktyk as die doen van geregtigheid

Vanuit die missionêre paradigma is daar weer eens ’n kreatiewe spanning tussen die mistieke geestelike dimensie van geloof aan die een kant, en die profetiese sosiale betrokkenheid aan die ander kant. ’n Standpunt word ingeneem vir ’n teologie waarin die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dualisme tussen persoonlike en strukturele verlossing opgehef is. Daarom sê Newbigin (1995:110): “If we acknowledge the God of the Bible, we are committed to struggle for justice in society.” Missie vind dus plaas in die konteks, maar altyd vanuit gehoorsaamheid aan God se roeping en die verbintenis en navolging van Jesus Christus in die doen van geregtigheid.

4.10.4 Missionêre praktyk as evangelisasie

Guder (2000:120) wys dat evangelisasie verstaan moet word as gewortel in die *missio Dei,* “...shaped by God’s actions in history, faithful to the gospel, and at the heart of ministry”. Hiermee wil hy klem plaas op die omvattende aard van die evangelie van verlossing as alternatief tot die siening van die dualisme waarin die klem op die persoonlike verlossing van die individuele siel geplaas is. Hy beskryf evangelisasie as ’n bestaanswyse van die Christen. Daarom is Christelike bestaan ’n bestaan met ’n roeping om die koninkryk van God te dien. “The call to Christ must be a call to mission.” (Guder, 2000:136.) Evangelisasie is slegs moontlik as die kerk (wat evangeliseer) ’n sigbare getuie van Christelike geloof is met ’n leefwyse wat Christenskap uitstraal. “The medium is the message.” (Bosch, 1991:414; Frost & Hirsch 2003:146 ev.) Die oproep tot bekering begin dus by hulle wat die uitnodiging tot bekering bring. Evangelisasie is daarom die oproep aan mense tot ’n missionêre leefwyse.

4.10.5 Missionêre praktyk as kontekstualisering

In kort beskryf Frost & Hirsch kontekstualisering as “presenting Christianity in such a way that it meets people’s deepest needs and penetrates their worldviews, thus allowing them to follow Christ and remain in their own cultures” (1991:83). Bosch (1991:423) voer aan dat alle teologie kontekstueel is aangesien die ganse konteks in spel kom wanneer ’n Bybelse teks geïnterpreteer word. In hierdie teologie word die geskiedenis as die arena van God se aktiwiteit verstaan en word die kerk geroep om die “tekens van die tye te lees” en te interpreteer sodat daar missionêr daarop gereageer kan word (Bosch, 1991:428; Newbigin 1995:37).

In hulle bespreking van die “medium as the message”, merk Frost & Hirsch (2003:153) tereg op dat die sending en die konteks die keuse en aard van die middele, in diens van die boodskap, bepaal, en nie andersom nie. Die verkondiging van God se heerskappy oor alles vra na dus ’n interpretasie van wat in die wêreld gebeur. Die vraag is weer eens: “Hoe moet God se werksaamheid in die geskiedenis geïnterpreteer word en die kerk haar tot deelname daarin verbind?” Guder (2000:180) sluit hierby aan as hy sê dat God, veral deur sy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

menswording, die agenda vir die kerk bepaal. Die vraag vir ’n missionêre kerk is dus altyd: “Wat is goeie nuus vir hierdie mense in hierdie konteks?” “Hoe moet die kerk vir hierdie mense, wat met hierdie sake voor God worstel, lyk?” (Frost & Hirsch, 2003:63.) Verder moet die missionêre kerk haar taal, aanbiddingstyl, simbole, rituele en gesamentlike lewe op so ’n manier kontekstualiseer dat dit sensitief is teenoor en ’n impak het in ’n spesifieke kulturele konteks (Frost & Hirsch, 2003:81).

4.10.6 Missionêre praktyk as bevryding

Bosch (1991:447) beklemtoon weer eens die noodsaaklikheid dat die dualistiese denke, waar liggaam en siel, wêreld en kerk, die hiernamaals en hede van mekaar geskei word, getransformeer behoort te word na ’n visie vir ’n allesomvattende geloof, hoop en liefde in die triomf van God se genade wat Hy nou in ons wêreld laat inskyn. Newbigin (1995:95) sluit hierby aan as hy aanvoer dat die teologie van bevryding as uitgangspunt aanvaar dat daar nie twee geskiedenisse, naamlik ’n heilige/godsdienstige en ’n aardse geskiedenis is nie, maar slegs een en dat “the history of salvation is the very heart of human history”.

4.10.7 Missionêre praktyk as inkulturasie

In die missionêre paradigma word die pluraliteit van kulture gerespekteer waarbinne ’n pluraliteit van teologieë ontwikkel. Vir hierdie paradigma moet die Christelike geloof in elke kultuur nuut bedink, geformuleer en uitgeleef word. Bosch (1991:452-455) gee ’n beskrywing van inkulturasie in die missionêre paradigma waarin hy beklemtoon dat die twee primêre agente die Heilige Gees en die plaaslike gemeenskap is. Hierin is die kerk nie indringers met al die antwoorde nie, maar leerders in ’n lewe saam met mekaar. Geloof kry die geleentheid om in elke nuwe kultuur waar Christus ervaar en geken word ’n unieke geskiedenis te begin. Daar is ’n gelyktydige inkulturasie van Christenskap en verchristeliking van die kultuur. Newbigin (1995:148-150) daag die kerk uit tot voortgaande kritiek oor die wyse waarin die kerk in enige kultuur tot daardie kultuur verbind is as hy sê: “We need the witness of Christians of other cultures to correct our culturally conditioned understanding of Scripture.” (Newbigin, 1995:150.) Frost & Hirsch (2003:16) meen dat die missionêre kerk in staat moet wees om op ’n betekenisvolle wyse met die kultuur in interaksie te wees sonder om daardeur aan die neus gelei te word.

4.10.8 Missionêre praktyk as die getuienis van eenheid

Christelike sending kan slegs Christelik wees en van verlossing getuig indien dit vanuit die een ekumeniese kerk van Christus gebore is. Christene getuig as eenheid waar hulle vanuit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die *missio Dei* dien (Bosch, 1991:464). Eenheid is nie ’n opsionele ekstra nie, maar ’n gegewe, ’n opdrag: “Wees een!” (Johannes 17:21,22). Daarom is gebrek aan eenheid ’n sonde waarvan die kerk moet wegdraai en tot bekering moet kom om geloofwaardig in die wêreld te getuig.

4.10.9 Missionêre praktyk as die bediening van al die kinders van God

Vanuit die missionêre paradigma is alle gelowiges die “operational basis from which the *missio Dei* proceeds” (Bosch, 1991:472). Die Heilige Gees is aan alle gelowiges, nie slegs aan ’n uitgesoekte groep, gegee nie. “The clergy, then, come from the community, guide it, and act in Christ’s name” (Moltmann, aangehaal deur Bosch, 1991:472), want dit is die hele gemeenskap van gelowiges wat die primêre draers van die missie is. Frost & Hirsch (2003:165 ev) ondersteun die roeping van alle Christene as bedienaars van die evangelie op grond van Efesiërs 4:1-16 waar daar sprake is van apostels, profete, evangeliste, pastors en leraars – elk met ’n unieke funksie, maar wat as eenheid, op gelyke vlak saamwerk tot die toerusting van die gelowiges vir hulle bedieningstaak en vir die opbou van die liggaam.

4.10.10 Missionêre praktyk as getuienis teenoor mense van ander gelowe

Newbigin (1995:183) voer aan dat die Triniteit die ware grammatika bied vir die dialoog met persone van ander gelowe. Dit roep die kerk tot nederigheid, ’n “bold humility – or a humble boldness” (Bosch, 1991:489), want die kerk ken ten dele, maar sy ken wel. Hierdie getuienis is egter nooit as regters nie, maar as getuies; nie as soldate nie, maar as draers van vrede; nie as verkoopsagente nie, maar as ambassadeurs van die dienende Here (Bosch, 1991:489). Guder sluit hierby aan vanuit die verstaan dat die wyse waarop Christene van ander (gelowe) verskil die boodskap van Christenskap dra as hy sê: “Disagreeing Christianity is one of the most powerful forms of incarnational witness the church can practice.” (Guder, 2000:165.) Hier behoort die gemeente ’n spiritualiteit van dialoog te ontwikkel.

4.10.11 Missionêre praktyk as teologie van verlossing

In die missionêre paradigma word sending as behorende tot die essensie van die wese van die kerk beskou waarin ’n omvattende verstaan van verlossing van die wêreld beliggaam word. Die kerk staan nie teenoor die wêreld nie, maar is gestuurdes in die wêreld ter wille van die wêreld. Die wêreld is die ruimte vir die kerk se roeping van verlossing – in navolging van Christus. Sending is nie meer ’n blote aktiwiteit van die kerk nie, maar ’n uitdrukking van die wese van die kerk (Bosch, 1991:493). Die kerk van Christus is ’n verloste gemeenskap

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat die verlossingswerk van Christus in die wêreld vertoon in die manier waarop sy, in haar konteks, kerk is.

4.10.12 Missionêre praktyk as aksie in hoop

God het Homself as die aktiewe God in die verloop van die geskiedenis bekend gemaak – die God wat primêr verlossend in die geskiedenis handel. Die eskatologie van die missionêre paradigma wil daarom beide die toekomsgerigte (nog nie), sowel as die gerigtheid op die hede (alreeds) in ’n kreatiewe spanning hou. Christelike hoop word dus verstaan, nie vanuit die wanhoop van die hede nie, maar vanuit die ervaringe van die verlede en die beloftes uit die toekoms.

Vanuit die opstanding van Christus raak die kerk betrokke in die dringendheid van die nood in die wêreld. In hierdie sin is eskatologie besig om hier en nou plaas te vind. Die wêreld staan nou nie meer in die pad van God se toekoms nie, maar dit is juis die uitdaging vir die kerk om tekens van die koninkryk hier, in hierdie wêreld op te rig. Daarom, sê Bosch (1991:509), verras God ons. Hy is altyd voor ons. Sy komende triomf roep ons altyd op om Hom te volg. Die hoop kom uit die toekoms uit. Dit is God wat alles nuut sal maak (Openbaring 21:5[98]). Die triomf bly God se geskenk aan sy skepping. “If we turn off the lighthouse of eschatology we can only grope in darkness and despair.” (Bosch, 1991:509.)

Hierdie hoop roep die kerk op tot aksie en ontevredenheid met die *status quo*. Terwyl evangelisasie as “hoop in aksie” beskryf kan word, is die oorkoepelende sending in die konteks van eskatologiese verwagting beter beskryf as “aksie in hoop”. Dan beklemtoon Bosch (1991:510): “(W)e must define our mission – with due humility – as participation in the *missio Dei*. Witnessing the gospel of present salvation and future hope we then identify with the awesome birth pangs of God’s new creation.” Dit is aan die kerk gegee, nie om te begrawe of ter wille van hulleself te gebruik nie, maar sodat die waarheid daarvan deur die kerk aan al die nasies bekend gemaak kan word. Die kerk se missie, word altyd deur die drie-enige God gestuur en gedra, daarom is dit ’n aksie in hoop.

4.10.13 Samevatting

Dit het uit hierdie hoofstuk duidelik geword dat ’n geïntegreerde spiritualiteit by ’n gemeente die resultaat is van ’n missionêre teologie, wat op sy beurt in die verstaan van die verlossingswerk van God in Christus, begrond is. Dit het duidelik geword hoe ’n

98 “Toe sê Hy wat op die troon sit: ‘Kyk, Ek maak alles nuut.’ En daarna sê Hy: ‘Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.’”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorkoepelende of omvattende verstaan van verlossing die onderbou van missionêre teologie vorm wat tot uiting kom in ‘n spiritualiteit wat gekenmerk word deur ’n geïntegreerdheid van die totale lewe wat aan die verlossingswerk in Christus onderhewig is, geregtigheid, liefdevolle verhoudings, sensitief vir die kontekste waarheen die gemeente gestuur word, respek vir kulture waarin die gemeente geroep word om sout en lig te wees, die eenheid van die liggaam van Christus, liefdevolle dialoog met ander gelowe en ‘n aksie in hoop.

4.11 Slot

Die navorser se vertrekpunt vir hierdie studie is dat die konsep van verlossing ten grondslag van die gemeente se identiteit en spiritualiteit lê. Die navorsing ondersoek die verband tussen die gemeente se konteks, haar spiritualiteit en haar oorwegende verlossingsbegrip. In die normatiewe taak van praktiese teologie, waarop in hierdie hoofstuk gefokus is, is die konsep van verlossing, vanuit ’n gereformeerde raamwerk bespreek. Die doel van die bespreking was om ’n teologiese raamwerk, vanuit hierdie verstaan van verlossing, vir ’n geïntegreerde spiritualiteit te bied waarvolgens die gemeente sinvol in die wêreld kan leef. Teoloë, vanaf die vroeë kerk en prominent in die gereformeerde teologiese tradisie, se verstaan van die konsep van verlossing het ’n teologiese raamwerk gebied waarbinne die gemeente haar roeping behoort te verstaan en vervul. Hierdie verstaan van verlossing het vele interpretasies van verlossing as dualisties (ontsnapping of reduksionisties), ontmasker. ’n Omvattende, veeldimensionele verstaan van verlossing, daarteenoor, is deurgaans, in die denke van al die teoloë ter bespreking, as ’n Bybels verantwoordbare siening van verlossing weergegee. Daar is ’n uiteensetting van die verband tussen hierdie omvattende verstaan van verlossing en die aard van die missionêre roeping van die kerk gegee. In die lig hiervan is aangedui hoe ’n geïntegreerde spiritualiteit die resultaat is van ’n missionêre teologie, wat op ’n oorkoepelende of omvattende verstaan van verlossing gebou is. Dit is noodsaaklik dat die gemeente begelei behoort te word om ’n *omvattende* verstaan van *verlossing* te beliggaam – om ’n *geïntegreerde spiritualiteit* te ontwikkel en uit te leef. In die volgende hoofstuk word die bevindinge van die ondersoek na die makrokonteks (hoofstuk 3) asook die teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit (hoofstuk 4) *toegepas* in die konteks van die plaaslike gemeente.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5: Strategie vir transformasie

5.1 Inleiding

Die navorser ondersoek die verband tussen die gemeente se konteks, haar heersende verlossingsbegrip en haar spiritualiteit. In die lig van hierdie verband poog die navorser om ’n teologiese raamwerk te bied waarbinne die gemeente tot ’n meer geïntegreerde spiritualiteit kan groei. Die konteks van die gemeente is in hoofstukke 2 (beskrywende taak van praktiese teologie) en 3 (hermeneutiese taak van praktiese teologie) in oënskou geneem waarna die konsep van verlossing in hoofstuk 4 (normatiewe taak van praktiese teologie) bespreek is. In die hierdie hoofstuk kom die pragmatiese taak van praktiese teologie, volgens Osmer, aan die beurt. Hiervolgens word, in die lig van die inligting en kennis van die vorige drie take, na die toepassing daarvan vir die gemeente gevra. ’n Strategie vir transformasie word, in die lig van die teologiese raamwerk wat deur die gereformeerde verstaan van verlossing daargestel is, voorgestel om die gemeente tot ’n geïntegreerde spiritualiteit, waarmee sy sinvol in die samelewing kan leef, te begelei.

Uit die voorafgaande literatuurstudie is dit duidelik dat die beliggaming van God se oorkoepelende verlossingswerk, ofskoon in velerlei gestaltes, ten grondslag van die kerk se missionêre roeping en wese lê. Soos vroeër reeds genoem, is die bedieningspraktyk altyd direk verbind met die teologie van verlossing en word dit sigbaar in die gemeente se spiritualiteit (Bosch, 1991:393). Die manier waarop verlossing verstaan word, is daarom sentraal ten opsigte van die gemeente se spiritualiteit waar dit gaan oor mense se belewenis van God, hulle verlossing en hulle lewe voor die aangesig van God. Daar kan met veiligheid gesê word dat gelowiges se verstaan van verlossing hulle spiritualiteit bepaal – en derhalwe die aard van die gemeente se missionêre praktyk vorm en rig.

Vanuit die beskrywende deel van hierdie studie het dit duidelik geblyk hoe die gemeente, as deel van die kerk in die Westerse wêreld, in ’n oorwegend dualistiese wêreldbeskouing opgeneem is en sterk deur ’n individualistiese kultuur beïnvloed is wat ’n wesenlike merk op die spiritualiteit van die gemeente gelaat het. Daar is ook aangetoon dat die gemeente verskeie prosesse van selfondersoek deurgegaan het waarin sy opnuut haar identiteit en roeping ontdek het. Hierin het dit duidelik geword dat die Heilige Gees die gemeente op ’n pad gestuur het waarin sy voortdurend haar roeping in die konteks moet onderskei. Dit het die gemeente reeds op die spoor van ’n geïntegreerde spiritualiteit geplaas.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk word ’n strategie bedink waarvolgens die gemeente verder begelei kan word na ’n geïntegreerde spiritualiteit met ’n omvattende of oorkoepelende verstaan van verlossing wat ten grondslag van ’n missionêre gemeente lê. Dit is nodig om te onthou dat sodanige strategie verskillende aspekte behels, maar as een bedieningsmodus gesien moet word. Hiervoor is spesifieke missionêre leierskap nodig. Die bespreking van ’n missionêre strategie sal daarom voorafgegaan word deur ’n bespreking van missionêre leierskap en die kerntaak daarvan, naamlik geloofsonderskeiding. Daar sal ten slotte aan spesifieke uitdagings vir leierskap in so ’n transisieperiode aandag geskenk word.

5.2 Missionêre leierskap

In die proses van missionêre transformasie, waarin die groei na ’n geïntegreerde spiritualiteit sentraal staan, gaan leierskap primêr oor die kapasiteit om die kultuur van die gemeente te skuif[99]. Wat ons nodig het, sê Roxburgh (2005:184), is “a new imagination about being church in, for, and with the local neighborhoods and communities”. Hiervoor, sê Roxburgh (2005:145), het missionêre leiers vaardighede nodig om ruimtes en geleenthede te skep (“cultivate”) waarbinne God se kinders ’n missionêre lewenswyse aanneem deur aan te sluit by die plekke waar hulle God reeds in die samelewing rondom hulle sien werk. Hieronder word verstaan dat God se kinders die plek is waar die Gees van God spesifiek aan die werk is en waaruit God se toekoms gebore word. Die leierskapstyl wat hierdie proses kultiveer, meen Roxburgh (2005:145), “communicates a confidence that in the midst of the liminal, the Spirit is at work forming the future to which God is calling us”. ’n Belangrike aspek van die kultuurskuif is die bewusmaking van die dwaling van dualisme en kultuur van individualisme wat diep in ons spiritualiteit gebed lê en die vestiging van die teologiese gronde vir ’n geïntegreerde spiritualiteit, veral deur die konsep van verlossing te verbreed.

Roxburgh (2005:150-155) verwys na Laurence Miller se teorie van toepaslike leierskap in die verskillende siklusse van organisasies en sy oortuiging dat ’n organisasie nie deur slegs een leierskapsrol (*sola pastora*) gelei behoort te word nie, maar dat ’n sinergistiese leierskapstyl gevolg moet word om die gemeente se missionêre vitaliteit te laat ontluik. Hy omskryf die sinergis as die rol van ’n abdy, “a leader with the capacity to unify diverse and divergent leadership styles around a common sense of missional vision for a specific community” (2005:155). So ’n leier inkorporeer verskillende leierskapsgawes en –style op ’n gelyke en ewe belangrike vlak. Afhangende van die situasie, word elkeen, met hulle unieke

99 Tydens ’n klasbespreking in Johannesburg, Junie 2010, is genoem dat ’n gemeente se kultuur geskuif word waar 20% van die gereelde kerkgangers geskuif het. Hierdie skuiwe word meegebring deur prediking, kleingroepe en persoonlike modellering.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vaardighede gebruik sodat die leierskapstyl daarom situasioneel en gedeel is. Die leierspan geniet die volle voordele van die onderskeie vaardighede[100]. Robinson (2003:122) sluit hierby aan as hy die belangrikheid van selfdifferensiasie by leiers uitwys, op grond waarvan ’n leier weet waar sy/haar sterk- en swakpunte lê.

Robinson (2003:124) gaan ook voort deur op die gereformeerde siening van die bediening van ’n bevestigde leraar te wys waarvolgens hy/sy verantwoordelik is vir die toerusting van die gelowiges vir hulle bediening. Die bediening van die gelowiges is om, deur hulle beroepe en lewens, Christus in die wêreld te verteenwoordig.

Opsommend kan van missionêre leierskap gesê word dat dit ten diepste gesetel moet wees in ’n opregte liefde vir die gemeente waarin die leiers ’n geïntegreerde spiritualiteit modelleer. Hierin speel die geloofsdissipline van geloofsonderskeiding die kernrol.

5.3 Geloofsonderskeiding

Bogenoemde vaardighede moet ingespan word ten einde ’n strategie te inisieer en te bestuur waarvolgens die gemeente op weg geneem kan word na ’n verstaan en uitleef van ’n geïntegreerde spiritualiteit. Sodanige strategie vind binne die raamwerk van geloofsonderskeiding plaas. Hierdie raamwerk, met die spesifieke leierskapsuitdagings wat daarmee gepaardgaan, sal vervolgens bespreek word.

5.3.1 Inleiding en raamwerk

In geloofsonderskeiding is die kernvraag: “Waarmee is God in die wêreld besig en waar en hoe nooi Hy die gemeente om daarby aan te sluit?” Die vraag behels ’n ondersoek na die essensie van die bediening, as reaksie op en voortsetting van God se verlossingswerk in die bepaalde tyd en konteks waarin die gemeente haarself bevind asook die rol wat die gemeenteleierskap in die ontluiking van die gemeente se identiteit en roeping speel.

Geloofsonderskeiding is daarom die besluitnemingsproses waarvolgens God se wil vir ’n bepaalde gemeente of saak onderskei word, wat vir Hom goed en aanneemlik is (Romeine 12:2). Die uitdaging is om die Heilige Gees te vertrou om gelowiges wat saam na God se wil soek, in die waarheid te lei. Dit behels ’n besluitnemingsproses in die ruimte van ’n oop

100 Roxburgh (2005:163 ev) onderskei tussen die leier as digter (poet), wat die ruimte skep “that will give voice and meaning to the events that seem to be determining people’s lives”; die leier as profeet wie se werk en begeerte dit is om die gemeente weer die Woord van God te laat ontdek, sodat hulle lewens daarvolgens verander word; die leier as apostel wat die vaardighede het om dit wat die digter en die profeet sê, in dade oor te sit en om mense in die missio Dei in te lei; en die leier as pastor/onderwyser wat lidmate pastoraal begelei en onderrig/toerus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesprek en interaksie tussen gelowiges onderling, gesprek met die Christelike tradisie asook om te luister na die Woord van God op ’n manier “that articulates and correlates with listening, hearing, testing, planning, and obeying together in the power of the Holy Spirit” (Guder, 1998:173). Marais (2007:27) verwys na die transformerende effek wat luister, as sentrale aktiwiteit in geloofsonderskeiding, tot gevolg het, waar daar geluister word na God, na mekaar en na die wêreld. Alle deelnemers se gawes, waarvan ’n verskeidenheid noodsaaklik is, word op gelyke vlak erken en ontvang as ’n manier om beter, met meer fasette van die saak belig, te onderskei. Verskeidenheid van menings en selfs konflik word ingespan om die gesprek van eerlike en opregte soeke na die waarheid te verryk. Dit is egter nie ons wat hard moet werk om God se koninkryk te laat kom nie. Daar moet stilgeraak word in die teenwoordigheid van die Heilige Gees, sodat gehoor en gesien kan word hoe Hy werk aan die koms van sy koninkryk (Marais, 2007:33).

In plaas van outokratiese of selfs demokratiese besluitnemingstyl, neem gelowiges besluite in ’n pneumokratiese (onder die leiding van die Heilige Gees) styl. Pneumokratiese onderskeiding, om oor en oor by die Gees te hoor totdat die Gees ’n oortuiging gebring het, is essensieel. ’n Finale besluit word nie voortydig en haastig geneem nie, maar die belangrikheid word besef om in stilte en gebed op die Gees te wag. Na so ’n deelnemende proses van dialoog, kritiese refleksie, wedersydse respek en vertroue, verbind lede hulleself daartoe om hulle by die gevolge van die besluit te berus. Geloofsonderskeiding vra uitsluitlik die vraag na die waarheid oor God. Daar kan uiteindelik met oortuiging getuig word dat God se wil vir die bepaalde saak gesoek en onderskei is. Dit daag die kerkraad en gemeente uit oor die wyse waarop hulle belangrike besluite maak sodat daar getuig kan word: Ons en die Heilige Gees het besluit.

Geloofsonderskeiding gaan dus ten diepste oor vrae oor wie God is en waarmee Hy besig is. Gemeenteleiers wat op soek is na God se droom vir die gemeente in die bepaalde tyd en konteks, kan nooit ophou vra na die waarheid aangaande God nie. Dit behels ’n proses van “luister en wéér luister na God en na mekaar, totdat die Gees ’n oortuiging onder ons laat groei…om sáám te luister, en die geduld aan die dag te lê om sáám, luisterend, op die Here te wag” (Marais, 2007:35). Voorbeelde van God-vrae is: Wie is God? Waarmee is God besig? Hoe is God sigbaar werksaam in ons konteks? Wat is God besig om vir ons te sê? Hoe kan ons as gemeente, met die gawes wat ons het, gelowig met God meewerk in ons konteks? Marais (2007:52) wys hoe geloofsonderskeiding juis is “om te verstaan dat God

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur sy Gees op ’n spesifieke plek, op ’n spesifieke tydstip ’n spesifieke visie vir sy gemeente het”.

Bykomend hiertoe stel Roxburgh (2005:91) voor dat lidmate begelei moet word om patrone, gewoontes en waardes wat in ’n vorige tyd aangeleer is af te leer, en die primêre narratiewe en tradisies van die Christelike lewe te herbesoek. Dit bring dialoog met ander en die Skrif na vore oor waarmee God in die konteks besig is. Dit bied ook ’n wenk oor wat God se doel vir ons tyd en konteks is en hoe ons daarby kan aansluit. In hierdie proses, meen Roxburgh (2005:93), moet leiers die volgende vaardighede ontwikkel:

- Om op transisie (intern), en nie slegs verandering (ekstern) te fokus nie, deur te leer hoe mense op onvoorspelbare verandering (“discontinuous change”) reageer.
- Om mense se diepste ervaringe van verlies en verandering met die kernverhale en tradisies van die Bybel te konnekteer – wat die ruimte skep waarin mense hulleself as God se betroubare kinders kan indink.
- Om ruimtes vir gesprek te kultiveer waarin a) en b) kan plaasvind.

’n Goeie manier om hierdie wenke van Roxburgh te implementeer, blyk die hou van gemeentebyeenkomste te wees waarin daar veilige ruimtes vir luister en dialoog, met die Bybel as vertrekpunt, geskep word. Genoemde missionêre leierskapseienskappe sal hier deurslaggewend wees.

5.3.2 Geloofsvorming as basis vir geloofsonderskeiding

Die taak van geloofsonderskeiding is slegs moontlik binne ’n geloofsraamwerk. Hiervoor is geloofsvorming essensieel. Wilhoit (2008:15) beklemtoon dat geloofsvorming die kernsaak van die kerk is: “Spiritual formation is the task of the church. Period.” Geloofsvorming lê in die hart van die bestaan en doel van die kerk. Die uitgangspunt vir geloofsonderskeiding in die gemeente is dus ’n geloofsbasis wat deur die beoefening van geloofspraktyke of geloofsdissiplines gevorm en verdiep word. Met die oog op die leierskap se rol van geloofsonderskeiding, word hier aandag gegee aan die geloofsbasis wat ten grondslag daarvan lê. Die basis waarvandaan ’n gemeente gelei word om haar identiteit en roeping te verstaan, is nie meer inligting en kennis oor God nie, maar ’n lewe tot verheerliking van God wat in die wêreld werksaam is, want “all life is, or can be, worship” (Peterson, 2005:3). Die gevaar is dat ons kennis van God van ons lewenswyse geskei word. So sou ’n gelowige se verlossing niks te doen hê met sy/haar gewone en werklike lewe nie. Daarom is die uitdaging om met dit wat gelowiges van God weet en glo te leef. Willard (1988:28) spandeer ’n hoofstuk om te verduidelik dat verlossing ’n lewenswyse is en vra die kritiese vraag wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook deur die gemeente se leierskap gevra behoort te word, naamlik: “Why is it that we look upon our salvation as a moment that began our religious life instead of the daily life we receive from God?” (Willard, 1988:28.) Peterson (2005:6) stel dit anders: “It is the thoughtful and obedient cultivation of life as worship on our knees before God the Father, of life as sacrifice on our feet following God the Son, and of life as love embracing and being embraced by the community of God the Spirit.” God is uitsluitlik God in verhouding en ons kan slegs as sodanig vanuit, of in reaksie op sy liefde leef. Christelike spiritualiteit is dus nie op kennis van (“knowledge”) God nie, maar op die ken van (“knowing”) God gegrond (Wilhoit, 2008:18). Ons persepsies van God en die kerk moet dus uitgedaag word sodat die basis waarvandaan ons bediening gevoer word, eerder geloofgefokusde as mensgefokusde denkkonstrukte sal wees. Die geloofsvrae waarmee die leierskap hulleself moet besig hou, bly dus: Wie is God, wie is die kerk en wat is die kerk se roeping.

Willard (1988:28) meen dat die uitdaging rondom bogenoemde persepsies en geloofsvrae by die rol wat ons liggame in ons geloofslewe speel, begin. Daarom, meen hy, is die aanleer en beoefening van geloofsdissiplines of geloofspraktyke noodsaaklik. Deur hierdie praktyke word volgelinge van Christus se lewens gevorm deur Christus se lewenswyse van afsondering, vas, gebed en diens – spesifiek, meen Willard (1988:29), omdat Jesus ’n liggaam, net soos ons, gehad het. Wilhoit sluit hierby aan as hy beklemtoon dat Christelike spiritualiteit nie die aflegging van ons mens-wees (“humanness”), soos dit dikwels deur dualistiese spiritualiteit vereis word, beteken nie: “It does not make us less human but more human.” (Wilhoit, 2008:18.) Sonder beliggaming, wys Willard (1998:30), is werklike navolging van Christus onmoontlik. Dit is juis hierdie waardering van die liggaam en die implikasies daarvan vir die teologie wat vir lank afwesig was in oorheersende beskouings van verlossing[101] en vandag steeds diep in die harte en gedagtes van baie gelowiges, wat meen dat liggaamlikheid eintlik ’n belemmering vir hulle geestelikheid en verlossing is, gesetel is. Die uitdaging is dus in hierdie geval “to make clear how and why the use of our body for positive spiritual end is a large part of our share in the process of redemption” (Willard, 1988:30). Dit is immers met ons liggame wat ons die nuwe lewe ontvang wanneer ons die koninkryk van God deelagtig word. As verlossing ons lewens affekteer, kan dit slegs gebeur deur ons liggame te affekteer; as ons aan God se koninkryk deelneem, kan dit slegs deur ons liggaamlike aksies gebeur (Willard, 1988:31). Willard som dit so op: “To withhold our bodies from religion is to exclude religion from our lives.” (Willard, 1988:31.)

101 Vergelyk die bespreking van doketisme in hoofstuk 4 waarvolgens Christus nie werklik ’n liggaam sou hê nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daarom is spiritualiteit nie van die liggaamlike en stoflike wêreld verwyder nie, en ook nie daarbo verhewe nie, maar juis een honderd persent beliggaam – hier en nou in hierdie fisiese en materiële wêreld. Wilhoit (2008:18) beklemtoon hierdie siening deur te noem dat Christelike spiritualiteit juis gaan oor die "sharing of the goodness of God's love with others and in care for his creation". Christenskap kan dus nie van hierdie wêreld of kosmos vervreem wees nie, so ook nie enige iets wat deur die kerk gedoen word nie. Christelike spiritualiteit behels die betrokkenheid van die kerk in God se koninkryksplan van restourasie van sy skepping in geheel. Die manier waarop dikwels gesê word dat ons geloof na die werkplek of na ons huise geneem moet word, verklap die oorheersende denke, naamlik dat geloof nie deel van die gewone lewe gesien word nie, maar daarheen geneem moet word. Willard stel dit sterk as hy sê: "(W)e must cut to the root of the poisonous assumption that normal acts are excluded from our life in God." (Willard, 1988:32.) Hiervoor is dit essensieel dat daar niks minder gedoen behoort te word nie as om die Christelike konsep van verlossing radikaal te herbedink[102] (Willard, 1988:33), soos in hoofstuk 4 van hierdie studie gepoog is, in terme van die liggaamlike, fisiese en materiële omvattendheid daarvan. Alhoewel die dissiplines geestelik is, en nooit van interaksie met God losgedink kan word nie, sluit dit nooit ons liggame uit nie (Willard, 1988:40).

Wilhoit (2008:18) voeg hierby die belangrike punt dat feesviering ("celebration") en gemeenskap ("community") twee onmiskenbare tekens van volwasse Christelike spiritualiteit is wat grondliggend aan die proses van geloofsvorming in 'n gemeente plaasvind. Geloofsvorming, beklemtoon Wilhoit (2008:23), is intensioneel, gemeenskaplik, vereis ons betrokkenheid, word deur die Heilige Gees bewerkstellig, is tot verheerliking van God en tot diens van ander, en vind die doel en wyse daarvan in Christus. Dit is opvallend dat Wilhoit (2008:33) noem dat 'n proefneming bewys het hoe mense wat hulleself aan 'n pad van geloofsvorming, waarvan die beoefening van geloofsgewoontes soos gebed, vergifnis en Skriflesing deel is, verbind, baie meer besorg is oor die verbetering van die samelewing. "They're more tolerant of other people. They are more involved in charitable activities. And they're far, far happier than the rest." (Wilhoit, 2008:33.)

Die uitdaging is om baie bewustelik en intensioneel 'n patroon van geloofsvorming, as basis vir geloofsonderskeiding, wat met bogenoemde verstaan van geloof en verlossing rekening hou, in die gemeente te vestig. Hier is nie net die prediking en liturgie belangrik vir die kommunikasie daarvan nie, maar veral ook die modellering van die leierskap van 'n

102Hier word spesifiek verwys na die dominante tendens waarin verlossing bloot as vergifnis van sonde beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geïntegreerde spiritualiteit. Die gerigtheid op die nood van die samelewing – op ’n wyse waardeur die gemeente se geloof (en spiritualiteit) uitgedaag word – speel ’n deurslaggewende rol in hierdie geloofsvormingsproses. Hierdie geloofsvormingsdissiplines lê enersyds ten grondslag van die taak van missionêre leierskap, naamlik geloofsonderskeiding en bied andersyds die raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit by die gemeente.

5.3.3 Geloofsonderskeiding as dans met die Triniteit

Soos reeds genoem is die kernvrae in die proses van geloofsonderskeiding: Wie is God?, Wie is die kerk? en Wat is die kerk se roeping? Op Bosch se spoor, sien Guder (1998:81) die kerk as liggaam van mense wat op ’n missie gestuur is, teenoor die siening van die kerk as plek. Hiervolgens is daar ’n skuif van kerk-gesentreerdheid (ekklesiosentries), waarvolgens die kerk self die karakter van haar werk bepaal, na God-gesentreerdheid (teosentries), waar die werk van God (*missio Dei*) die fondasie vir die identiteit en roeping van die kerk lê. Die kerk moet haarself dus in die eerste instansie as ’n gemeenskap deur God gestuur, verstaan. “Mission is not something the church does, a part of its total program. No, the church is essential missional, for the calling and sending action of God forms its identity.” (Guder, 1998:82.) Dit is die teologiese vertrekpunt en raamwerk vir ’n proses van geloofsonderskeiding.

In hierdie verband is dit belangrik om die implikasies van die drie-eenheid van God vir kerkwees (ekklesiologie) te begryp. Die aard van die verhouding tussen die drie Persone van die drie-eenheid is dié van ’n onlosmaakbare, misterieuse gemeenskap met mekaar. Peterson (2005:44) beskryf, in navolging van die Griekse teoloë, die trinitariese verhouding as ’n dans (Grieks: *perichoresis*). Die kerk dra die stempel van hierdie ewige en misterieuse gemeenskap en reflekteer die wedersydse gestuurdheid daarvan. Guder (1998:83) stel dit duidelik: “This mutuality in sending or 'interprocession', if we may call it that, marks the divine communion as a communion of mission, and this in turn leaves its mark on the church.” Peterson (2005:45) sluit daarby aan as hy sê: “Trinity is the most comprehensive and integrative framework that we have for understanding and participating in the Christian life.” Ons spiritualiteit, die manier wat ons lewe, is dus ’n direkte uitvloeisel van die werk van God as Hy in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees skep, verlos en seën. Geloofsonderskeiding is juis om hierdie misterieuse werksaamheid van die Triniteit te bespeur en daarvan deel te word. Vanuit die apostoliese aard van die kerk verteenwoordig sy Christus in die wêreld (Guder, 1998:83) en laat die Triniteit ons op God se terme,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

trinitariese terme, deelneem (saamdans) aan sy werk in ons dag-tot-dag lewe (Peterson, 2005:45). Dit is juis vanuit die deelname in die Triniteit, teenoor om bloot toeskouers van die Triniteit te wees, dat ons betrokke word by sy werk in die skepping, die verlossing en die gemeenskap. Wanneer ons in verhouding met God staan, neem ons implisiet ook deel aan die lewe van God in die wêreld. Dit is ’n groot skuif weg van die bedieningswyse waar ons beplanning en vaardighede voorop gestel word. Die Triniteit bevry ons lewens en bedieninge om op God se verrassende teenwoordigheid te reageer en gee ons ’n teologiese taal waarmee ons ons ware identiteit as beeld van God, eerder as dit wat ons in die spieël sien, kan verstaan en uitleef.

Die begin van die kerklike bediening is dus die erkenning van die verhouding tussen en werk van die Vader, Seun en Gees. As God Homself so persoonlik en interpersoonlik bekendmaak, is die enigste manier waarop God geken en gedien kan word, deur middel van ’n persoonlike reaksie op Hom. Dit help ons om te verstaan dat die bediening nie in die eerste plek oor programme en projekte gaan nie, en ook nie om God in isolasie te aanbid nie. “Trinity insists that God is not an idea or a force or a private experience but personal and known only in personal response and engagement.” (Peterson, 2005:46.) God is nou nie (meer) ’n verbruiksartikel wat ons tot ons voordeel kan gebruik om aan ons behoeftes en verwagtinge te voldoen nie. “In dealing with God, we are dealing in mystery, in what we do not know, what we cannot control or deal with on our terms.” (Peterson, 2005:46.) Daarom dat die eerbied en verwondering vir God as die Een wat altyd teenwoordig is en ons na ’n wêreld groter as onsself nooi, die beginpunt van ons bediening en lewens behoort te wees.

5.3.4 Lewe voor die aangesig van God

Ons word genooi om geloofsonderskeidend in hierdie wêreld, met die volheid wat God gee, voor die aangesig van God (*coram Deo*), te lewe. Dit sou ons spiritualiteit kon noem (Peterson, 2005:29-30). Om waaksaam en met ’n gesindheid van onderskeiding te lewe, is die voortdurende en noukeurige lees van die Bybel noodsaaklik, terwyl die primêre manier om ingestel te bly op die lewe wat God gee, persoonlike en gesamentlike gebed is. Die fokus van ons spiritualiteit (ons lewe saam met God op die aarde) is Jesus, in Wie ons verlossing, ons totale lewe opgesluit lê en Wie se werk steeds elke dag in die wêreld waarin ons leef sigbaar is. Hierdie spiritualiteit help ons om te ontdek wie ons werklik is: mense in verhouding: totale, heel mense wat deur God geskep, deur God in stand gehou, deur God geseën en deur God gebruik is. Die manier waarop ons met ons ganse bestaan hierop reageer, beskryf Peterson as “fear-of-the-Lord” waar hy vra: “How do we go about living

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

appropriately in this world that has been revealed to us in Jesus Christ?" (2005:40.) Hiermee is dit nie ons, wie ons is en wat ons doen, wat sentrale fokus geniet nie, maar wie God is en wat Hy doen. Peterson lê weer eens klem op gebed en gesamentlike aanbidding as die manier waarop hierdie fokus gekweek word, en sê treffend: "The moment we find ourselves unexpectedly in the presence of the sacred, our first response is to stop in silence. We do nothing. We say nothing…Plunged into mystery we become still, we fall silent, all our senses alert. This is the fear-of-the-Lord." (Peterson, 2005:41.)

5.3.5 Die koninkryk van God

Vir lank is die rol van die kerk gesien as die opbou en uitbou van die koninkryk van God. Hiervolgens is die koninkryk van God vasgevang in sosiale projekte wat die kerk moet verrig, of moet die kerk toesien dat die koninkryk van God 'n groter ontvangs geniet. Die Nuwe Testament verwys egter nêrens op hierdie manier na die koninkryk van God nie (Guder, 1998:93 ev) terwyl dit wel die taal van ontvang (Lukas 18:17,29-30[103]) en ingaan (Lukas 18:24-25[104]) in verband daarmee gebruik. Hierdie terme dui op die "appropriate way for a community to live when it has been captured by the presence of God's reign" (Guder, 1998:94). In die lig hiervan is geloofsonderskeiding die deelword van die koninkryk van God. Die koninkryk van God kan nie deur die inspanning van die mens gevestig word nie, dit kan maar bloot as geskenk van God ontvang word (Lukas 12:32[105]; Markus 10:14[106]) of binnegegaan word as die ruimte waartoe ons deur God genooi word (Matteus 5:19[107]). Dus is die koninkryk van God nie iets wat ons bereik, vestig of vergroot nie, maar wat ontvang en binnegegaan; en geneem of verwerp kan word. Die keuse om dit te ontvang of binne te gaan, veronderstel die wegdraai van ander lojaliteite en die vestiging van al jou hoop op die ware God[108]. Hierdie is die nederige beginpunt van enige gemeentelike bediening: die Heilige Gees wat Jesus se uitnodiging aan ons rig om die koninkryk van God te ontvang en daar in te gaan. Dit is die begin van geloofsonderskeiding. Die bediening begin by die dissipline om te vra hoe ons die koninkryk van God kan binnegaan en hoe ons dit as deel

---

103 "Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie." En Jesus antwoord: "Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van die koninkryk van God afgesien het van huis of vrou of broers of ouers of kinders nie, of hy ontvang in hierdie tyd al baiekeer soveel terug, en in die tyd wat kom, die ewige lewe."

104 Toe Jesus sien dat hy teleurgesteld is, sê Hy: "Hoe moeilik is dit tog vir mense wat ryk is, om in die koninkryk van God te kom. 25 Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom."

105 "Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee."

106 "Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle."

107 "Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel."

108 1 Tessalonisense 1:9 "Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van ons lewens kan ontvang. In hierdie dissipline is ’n meer gefokusde lewe tussen gelowiges moontlik, wat ook ander kan uitnooi wat by God se uitnodiging ingesluit is. Vir sulke persone wat die uitnodiging aanvaar, tree die kerk as mede-pelgrims op om hulle met hulle toetrede tot die koninkryk van God te begelei (Guder, 1998:97).

Dit help verder as gemeenteleiers onthou dat die koninkryk van God iets anders is as wie of wat ons is en dat dit nooit deur ons gevange geneem kan word of besit kan word op ’n manier wat dit deur ons beheer word nie (Guder, 1998:97 ev). Die verhouding tussen kerk en koninkryk van God moet dus goed verstaan word as twee aparte entiteite terwyl dit tog ook intiem met mekaar verbind is. Guder (1998:98) beskryf in die lig hiervan die kerk as “the offspring of the divine reign. It is its fruit, and therefore its evidence”. Die kerk ontstaan vanuit die koninkryk van God en word daarheen getrek, is daarop gerig. Daarom kan die koninkryk van God ook nie van die kerk losgemaak word nie. Die kerk bestaan juis uit hulle wat die koninkryk van God ontvang en daar ingaan. Op ’n ander manier gestel: die kerk verteenwoordig die koninkryk van God in die sin dat die een soos die ander lyk, asook dat die een namens die ander optree. Guder (1998:101 ev) beskryf die kerk as ’n teken en voorsmaak van God se verlossingsdoel met die wêreld. In hierdie sin wys die kerk weg van haarself af na wat God gedoen het en steeds mee besig is en bevestig dat die kerk anders as God se ryk is. Verder is die kerk ’n agent en instrument, God se medewerkers, deur wie sy koninkryk sigbaar gemaak word. Hieroor sê Guder (1998:158) treffend: “(T)he church is to be an imperfect, but perfecting social incarnation of God's inbreaking reign of love and reconciliation, joy and freedom, peace and justice.”

Die manier waarop die kerk die koninkryk in die wêreld sigbaar maak, word ontvou deur die manier waarop Jesus deur God na die wêreld gestuur is. Guder (1998:102 ev) verwys na drie aspekte van Jesus se gestuurdheid waartoe ons genooi word om by aan te sluit. Hy maak in die eerste plek ’n sterk saak daarvoor uit dat die manier waarop die kerk God se koninkryk verteenwoordig, beliggaam word deur as God se gemeenskap in eenheid onder sy heerskappy te leef. Hy verwys onder andere na Jesus se gebed in Johannes 17:21[109], waarin die kerk se liefde en eenheid die waarheid en krag van die evangelie aan die wêreld bekend maak. Waar mense God se kinders sien, het hulle ’n blik op God gekry. Die gemeente se leierskap sal baie moeite moet doen met die vestiging van eensgesindheid en vertroue om ’n ware geloofwaardigheid te weeg te bring en impak te maak. Voorts sal die

109 “Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leierskap besondere moeite moet doen in die meebring van kerkeenheid in die NG Kerk-familie.

Tweedens wys Guder na die dienskneggestalte waarmee Jesus onder die gesag van God se heerskappy geleef het. So is die kerk ook dienskneg van God se passie vir die wêreld. Ons verhouding met die wêreld word bepaal deur Jesus se verhouding met die wêreld, naamlik dié van deernis met hulle in nood. Die lewenswyse van die leierskap moet getuig van ware dissipelskap onder die heerskappy van God waarin die vrugte van bekering en die gawes van die Heilige Gees sigbaar is. Vir ’n gemeente wat spesifiek geroep is vir die nood van die wêreld, is dit die leierskap se uitdaging om hierdie dienskneggestalte aan te leer en voor te leef.

Derdens verwys Guder na Jesus as die Boodskapper van die teenwoordigheid van die koninkryk van God en die implikasies daarvan vir die hoorders. In navolging van Jesus het die kerk ook die rol om die koninkryk met woorde te verkondig. Dit is veral die predikers, maar ook alle gelowiges wat met gepaste en verstaanbare woorde uitdrukking moet gee aan die uitnodiging om die koninkryk te aanvaar of in te gaan.

Missionêre gemeenskappe wat in hulle spiritualiteit die koninkryk van God verteenwoordig, wys Guder (1998:152), “will be intentional about providing the space, time, and the resources for people to unlearn old patterns and learn new ways of living that reveal God's transforming and healing power”. Christenskap kultiveer dus mense om die risiko te loop om op ’n Christelike manier in die wêreld te leef (vergelyk die Bergrede in Matteus 5) en so hoop in die wêreld te vestig. Hiervoor, sê Guder (1998:153), is die vorming van Christelike geloofsgemeenskap nie ’n opsie nie, maar “the very lifestyle and vocation of the church”. Vir hierdie vorming, gaan Guder voort, moet die geloofsgemeenskap ’n lewenslange proses betree waarin geloofspraktyke aangeleer en beoefen moet word, want “the Christian gospel is at once a belief that involves behavior and a behavior that involves belief” (1998:153). Christelike geloofspraktyke, sê hy, is histories, gemeenskaplik, eksperimenteel, en dinamies. Op hierdie dinamiese wyse word ’n geïntegreerde spiritualiteit in die gemeente gevorm wat die koninkryk van God beliggaam. Geloofsonderskeiding behels dus die ontvang van en ingaan by die koninkryk van God waardeur die kerk getransformeer word om God se koninkryk te verteenwoordig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.6 Afhanklikheid van die Heilige Gees

Geloofsonderskeiding en afhanklikheid van die Heilige Gees gaan hand aan hand. Guder (1998:142 ev) wy ’n hoofstuk aan die vorming van gemeenskappe van die Heilige Gees. Aangesien afhanklikheid van die Heilige Gees grondliggend tot die proses van geloofsonderskeiding en dus die onderbou van die missionêre bediening is, behoort die gemeenteleierskap daarin te groei.

Die diepste waarheid van die kerk, as geloofsgemeenskap wat die vrede, geregtigheid en vreugde van God se koninkryk verteenwoordig, is dat die Heilige Gees dit skep en onderhou. Dit is nie deur menslike intensies en pogings gevorm nie, maar deur God se bemagtigende teenwoordigheid. Die Gees van die Here is die lewegewende krag van die kerk. Hy is die gewer van die lewe. Hy is die teenwoordigheid van die transendente God wat vleis aan droë bene gee (Esegiël 37:1-14) en harte van klip verander om weer lewend te word (Esegiël 36:25-28). Dit is die Heilige Gees wat te midde van die gebrokenheid van die lewe geloof in Christus te weeg bring en so nuwe lewe moontlik maak. Dit is die Heilige Gees wat ’n liefdevolle gemeenskap: die gemeenskaplike realiteit van heilige lewe, onderlinge sorg, gesamentlike aanbidding en ’n lewe van opofferende diens vestig. Die gemeente is ’n gemeenskap wat die vrug van die Gees dra, en daarom in hulle karakter God se beeld vertoon.

5.3.7 Geloofsdissiplines

Geloofsdissiplines is die praktyke van die Christelike geloof wat geloofsgemeenskappe nodig het om dieper in hulle geloof te groei – nie ter wille van ’n sterker geloof nie, maar ter wille daarvan om nader te groei aan hulle identiteit en roeping in Christus [110]. Geloofsonderskeiding word deur die herhalende en voortdurende beoefening van geloofspraktyke, wat ook geloofsdissiplines genoem kan word, gekweek. Vir die bedieningspraktyk beteken dit dat geloofspraktyke (byvoorbeeld gebed, die sakramente, die lees en bestudering van die Bybel, die beoefening van gasvryheid en die bediening van versoening) nooit in isolasie of individualisties beoefen moet word nie (vergelyk die meervoudstaal wat in die Onse Vader gebed gebruik word), dat dit deelname en betrokkenheid in die gewone lewe vra, en dat daar groei plaasvind deur die transformerende teenwoordigheid van God in die gemeente se lewens, sodat “we more fully and more profoundly manifest our prayer in our lives and our lives in our prayers” (Guder, 1998:158).

110 Foster (1989:3) verwys na die sogenaamde klassieke geloofsdissiplines en behandel hulle onder drie hofies, naamlik: Na binnegekeerde dissiplines (meditasie, gebed, vas en studie), uitwaartse dissiplines (eenvoud, “solitude”, selfvernedering en diens), en korporatiewe dissiplines (skuldbelydenis, aanbidding, begeleiding en feesviering).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geloofsonderskeiding is vanuit verskeie hoeke die vertrekpunt vir die gemeente se groei na deelname in die *missio Dei*. Geloofsonderskeiding vestig ’n bepaalde spiritualiteit van ontlediging en afhanklikheid van die Heilige Gees wat gevorm word deur geloofsdissiplines.

Deur hierdie gewoontes uit te leef, word die kerk meer wat sy geroep is om te wees en getuig sy van haar identiteit en roeping. Leierskap se verantwoordelikheid is om hierdie praktyke, wat van God se sturende teenwoordigheid getuig, in die gemeente te vestig, eerder as om programme te bestuur. Die beoefening van hierdie dissiplines vanuit ’n missionêre benadering sal die gemeente help met die inoefening van ’n geïntegreerde spiritualiteit. Die punt waarheen gewerk moet word, is waar die dissiplines deur die ganse geloofsgemeenskap of gemeente spontaan gevolg word.

5.3.8 Samevatting

Uit bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat spiritualiteit nie ’n meganiese aangeleentheid is wat bloot deur tegniese skuiwe aangeleer of verander word nie. Wanneer daar dus sekere spiritualiteitstendense in die gemeente is wat op ’n dualistiese denkraamwerk gebaseer is, is dit nodig dat daar met groot wysheid leiding gegee word vir die implementering van ’n skuif in die kultuur of denkraamwerk ten einde ’n meer geïntegreerde spiritualiteit in die gemeente te laat groei. Geloofsonderskeiding en die doelbewuste beoefening van geloofsdissiplines binne ’n missionêre raamwerk waar met ’n omvattende verlossingsbegrip gewerk word, blyk die aangewese weg te wees waarlangs ’n gemeente op organiese wyse begelei kan word om ’n geïntegreerde spiritualiteit te kweek. Predikante moet dit allereers modelleer, op grond waarvan ander hulle daarin sal volg.

Vervolgens sal ’n strategie bedink word waarmee die leierskap van die gemeente sodanige kultuurskuif kan implementeer.

5.4 Missionêre strategie

’n Missionêre strategie verwys na ’n proses wat die leierskap kan implementeer om ’n geïntegreerde spiritualiteit in die gemeente, ooreenkomstig haar identiteit en roeping en gebou op ’n omvattende verstaan van verlossing, te kultiveer. Dit is ’n strategie wat nie staties is of liniêr verloop nie, maar organies werk en foute toelaat. Hier word dus nie primêr op die skep van strukture en programme gefokus nie, maar eerder op ’n strategie van beïnvloeding deur die skep van prosesse waarbinne mense van binne tot nuwe oortuigings kom, nuwe taal begin praat, nuwe waardes koester, nuwe gebruike volg en nuwe gewoontes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanleer. Dit is ’n proses van vorming en transformasie – van groei in outentieke en deurleefde lewe as gelowiges voor die aangesig van God en in ’n geloofsgemeenskap in die huidige plek en tyd waar lidmate hulleself daagliks bevind. Aangesien die kultivering van verbeeldingryke ruimtes noodsaaklik is vir hierdie proses om plaas te vind, word daar ook aan die noodsaaklike vereistes van leierskap vir so ’n proses aandag gegee. Dit is ’n holistiese en omvattende proses wat nie tot ’n afdeling van die gemeente beperk kan word nie, maar deur ’n omvattende verlossingsbegrip gevorm word en wat oor tyd moet deursuur tot elke faset en dimensie van die gemeente.

Daar sal vervolgens gekyk word na verskillende dimensies of fasette van ’n missionêre strategie wat in die gemeente gevolg kan word op weg na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit.

5.4.1 Die gemeente as brug

In plaas van bloot tegniese skuiwe, herstrukturering en programaanpassings om in nuwe tye relevant kerk te wees, meen Robinson (2003:12 ev) is ’n verandering van die gemeentekultuur noodsaaklik. Dit behels ’n skuif weg van die gemeente se selfverstaan in terme van haar selfgesentreerde behoeftes en instandhoudingsmentaliteit, na ’n geloof dat sy deur God genooi word om ’n teken, getuienis en voorsmaak van sy koninkryk in hierdie wêreld te wees. Dit behels dus ’n bewustelike skuif in spiritualiteit. Roxburgh (2005:36) verwoord dit goed as hy sê: “We’ve got to discover together how to be God’s people in this strange new land.”

Die vraag waaraan die leierskap hier moet aandag gee, is: Is die gemeentekultuur (taal, gebruike, gewoontes en simbole van die gemeente) en –spiritualiteit relevant[111] tot die konteks waarin sy gemeente is, of is sy op ’n manier gemeente wat konteksloos, in haarself opgeneem, of in ’n andertydse wêreld leef – met taal, gebruike, gewoontes en simbole wat tot ’n ander tyd en konteks hoort, of op ’n dualistiese wyse van die huidige konteks wil ontsnap? Bied die leierskap aan die gemeente die verstaan van God, hulleself en hulle roeping wat hulle help om gelowig, hoopvol en getrou in hulle konteks en tyd, met die unieke uitdagings en probleme daarvan, te kan leef? Dit vra enersyds na die teologie van verlossing, en andersyds na die verpakking van die boodskap van verlossing sodat mense

111 Relevant, nie ten opsigte van die kulturele verwagtinge van die samelewing nie, maar ten opsigte van die roeping in ’n kultuur wat goed verstaan moet word as dit waarin die evangelie kontra-kultureel inslag moet vind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit in die bepaalde tyd en konteks kan hoor en daardeur effektief verander kan word om meer getrou aan God se roeping vir hulle in die wêreld te lewe.

Die uitdaging is dus om nie slegs met een van die twee (inhoud of verpakking) moeite te doen nie, maar om aan albei aandag te gee. Sodra daar op die een - ten koste van die ander - gefokus word, sal die nodige kultuurskuif om in ’n bepaalde konteks getrou gelowig te leef, nie plaasvind nie. Die vraag is dus: Tot watter mate is die gemeente as brug funksioneel om mense in ’n bepaalde konteks, wat as rivier voorgestel kan word, met die evangelie daaroor te begelei? Alhoewel die styl van gemeente-wees so na as moontlik aan die kultuur waarin dit werksaam is moet wees, ter wille daarvan om ’n brug vir die gemeenskap te bied waarin hulle binne hulle konteks die evangelie sinvol kan hoor en uitleef, kan die inhoud van die evangelie wat verkondig word nooit deur daardie kultuur bepaal of gemanipuleer word nie. Die evangelie staan altyd in kontras met die wêreld se kultuur. Daarom het God die kerk geroep om teken, getuienis en voorsmaak van die koninkryk van God te wees wat altyd anders as die onmiddellike omgewing is. Alhoewel die boodskap van die evangelie ten volle beliggaam moet word in die kultuur waarin dit gebring word, word dit steeds primêr deur interaksie met die Skrif bepaal.

5.4.2 Wêreldbeskouing

’n Verdere hoek waaruit ’n missionêre strategie bedink kan word, is die posisionering ten opsigte van die oorheersende wêreldbeskouing wat die gemeente huldig, op die skaal: pre-modern, modern, postmodern. Hoe pas die teologiese vertrekpunte, spiritualiteit en manier van kerk-wees onderliggend tot die bediening, by die heersende wêreldbeskouing? Tot watter mate is die gemeente in diens van ’n uitgediende wêreldbeeld ten einde mense terug te neem na vervloë tye waarin daar meer sekuriteit ervaar is in ’n poging om lidmate veilig te laat voel en hulle te probeer beskerm teen die onsekerhede van die realiteite waarin hulle elke dag moet leef?[112] ’n Spiritualiteit in diens van so ’n wêreldbeskouing sal tipies klinkklare antwoorde op biblisistiese en fundamentalistiese wyse aan soekende lidmate opdis met ’n emosionele komponent waardeur lidmate uit die werklikhede van hierdie wêreld kan ontsnap. Tot watter mate verstaan die leierskap die kompleksiteit van oorgang na ’n postmoderne wêreld, waarin die vorige wêreld gekwyn het, maar die nuwe wêreld nog onbekend is en die uitdagings daaraan verbonde en hou die gemeente daarmee rekening in terme van die denkwyses asook die manier en styl waarop hulle gemeente is? Wat is die

112 Walter Brueggemann, in Roxburgh (2005:84), beskryf die tyd waarin ons leef as: “one in which an old imagined world is lost, although still powerfully cherished. …(T)his transition (is) a troubling place to dwell, but it is exactly where we must dwell. There is no other time or place to which God has called us to live but this one”.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verantwoordelike proses[113] waardeur lidmate aan nuwe wêreldbeelde en denkwyses blootgestel kan word sodat interne verandering kan plaasvind? Watter vaardighede is nodig om lidmate in die transisie te begelei? Terwyl die neiging is om die transisie te vermy, blyk dit belangriker te wees om in die transisie te bly en daar God se stem te hoor. Soos Roxburgh (2005:76) dit kragtig opsom: "We must come to grips with this concept of *Liminality.*" Hoe sal ons op hierdie uitdaging reageer?

Die rol van die leierskap in hierdie verband is om eerstens 'n goeie greep op die kultuur van die gemeente te hê, tweedens hulleself deeglik bewus te maak van die konteks waarin die gemeente geleë is en derdens insig te kweek jeens die ervaring van mense in 'n ongemaklike oorgangstyd. Daarna behoort die leierskap die volgende prosesvrae te vra:

- Hoe (van waar na waar) behoort die spiritualiteit van die gemeente verander te word en watter verandering moet in die gemeente se interne lewe en selfpersepsie plaasvind ten einde gelowig en getrou in die konteks haar roeping as gemeente uit te leef?

Hierop is geen maklike antwoord of oplossing te vind nie. Robinson (2003:13) noem dit aanpasbare verandering en wys dat leer 'n noodsaaklike aspek van so 'n veranderingsproses is. Hier moet toegelaat word dat diepgesetelde oortuigings aangaande identiteit en roeping, waardes en strategieë in 'n nuwe konteks herbesin word.

- Watter strategie moet gevolg word om hierdie skuif in spiritualiteit te weeg te bring?

Robinson (2003:19) wys dat tye van transisie moeilike, maar goeie tye is om leierskap uit te oefen. Aanpasbare verandering[114], meen hy, "draws on our best and deepest spiritual resources. Adaptive challenges are, at their core, spiritual work". Vaardighede is noodsaaklik om die gemeente in tye van onvoorspelbare verandering te begelei om getrou aan haar roeping te wees. Daarom is die strategie vir aanpasbare verandering in 'n gemeente dié van geloofsonderskeiding soos hierbo by 5.3 duidelik uiteengesit is.

5.4.3 Hermeneutiek van verlossing: persoonlike sekerheid teenoor *missio Dei*

In die toenemend individualistiese samelewing waarin ons leef, word God en sy verlossing meer as dikwels vir persoonlike vervulling, -behoeftes en -doelwitte "aangewend". God word op so 'n mate gedomestikeer dat daar kwalik meer van God se doel en wil vir sy skepping

113 Roxburgh (2005:71) wys dat gelowiges genooi word om, vanuit die Bybelse narratief as grondslag vir die Christelike lewe en in die konkrete realiteite van kerk-wees vandag, as God se kinders in ons tyd moet leef. Hoop vir die kerk in onseker oorgangstye, meen hy: "…is not found in methods of retaking the culture and remaking Christian life, nor in adapting the church to match some form of post-modern life; it is found in a readiness to live in the midst of a church that languishes where there are few answers but the possibility of again hearing God's word as it directly addresses us today".

114 Roxburgh (2006:98-102) verwys ook na die belangrikheid van "adaptive change rather than tactical change" en sê die doel is "…to introduce a process that invites people into changing the culture of the congregation, not just programs or organization. …Adaptive change requires us to design a new approach to the challenges we face. …It cannot be done by large-scale plans imposed on people. It is done by initiating all manner of experiments around the edges where people are given permission to try out what they are learning."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(*missio Dei*) en die mens se roeping daarin gepraat kan word. Dit gaan meer oor hoe Hy my raaksien en aan my behoeftes moet voldoen. Die evangelie is grotendeels gereduseer tot persoonlike verlossing ter wille van my sekerheid van die ewige lewe. So het die kerk daarom ook die plek geword waar my behoeftes raakgesien moet word en waar ek gedien moet word. Roxburgh (2005:12) som dit goed op as hy sê: "Our churches have become spiritual food courts for the personal, private, inner needs of expressive individuals." In plek van God, het onsself in die kern van ons geloofsgemeenskappe kom staan.

Die Bybelse narratief is egter dié van God se missie in, deur en ter wille van die wêreld en hoe God mense roep om deel te wees van sy missie na die wêreld – met sy doel om dit (as geheel) in liefde te verlos. Die fokus is dus wat God wil bereik en hoe ons deel daarvan kan wees – en nie hoe God ons moet help om ons agendas te bereik nie. 'n Verantwoordbare hermeneutiek is noodsaaklik om, in lyn met die heilsgeskiedenis, en met die oog op die nuwe aarde, te onderskei wat nou van ons gevra word. Die Bybel bied die narratief waardeur ons op verbeeldingryke wyse betrek word om die huidige toneel, waarvoor daar geen teks is nie, uit te speel. Die vraag is dus tot watter mate vorige bedrywe net oor-gespeel word, in teenstelling met die manier waarop die ander bedrywe die raamwerk bied waarbinne die huidige toneel, getrou aan die narratief en gefokus op die eindtoneel daarvan, kan afspeel.

Die missionêre strategie behoort daarop gefokus te wees om die gemeente te begelei in hulle verstaan van die *missio Dei*. Dit sal 'n doelbewuste verkondiging van 'n holistiese of omvattende benadering tot verlossing behels waarin lidmate tot die besef gebring moet word van die reduksionistiese aard van die fokus op persoonlike verlossing as God se enigste doel met die wêreld. Die veeldimensionele missionêre aard van verlossing, wat in God se missionêre en relasionele hart gesetel is, behoort ontgin te word vir die gemeente se verstaan van haarself en haar roeping.

Die gemeente moet begelei word om nie net die persoonlike verlorenheid as resultaat van sonde te sien, waarvan ons verlos moet word nie, maar ook al die ander letsels van die sonde wat in ons samelewing sigbaar is - en vra: "Hoe kan ons hierin deel van God se genesingswerk en herstelwerk wees?". Bo en behalwe die breuk wat sonde tussen individue en God gebring het[115], het sonde ook meegebring dat verhoudinge tussen mense vertroebel

115 Daar moet onthou word dat God se missie, waar Hy as drie-enige God in verhouding met Homself is en verhoudinge skep, lank voor die sondeval plaasgevind het. Dit is dus nie die sondeval wat God se missie aktiveer nie, maar sy verhoudingsmatigheid. God maak Homself as sodanig in die wêreld – ook buite die kerk – bekend en nooi so die kerk om ook op so 'n wyse in die wêreld te leef dat God se herstelwerk in en deur hulle sigbaar word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en versuur, dat groepe, rasse en klasse in vyandskap leef, dat die natuur uitgebuit en uitgewis word en dat mense met hulleself worstel. Wat is God se skeppingsdoel vir al hierdie vorme van gebrokenheid en hoe kan die gemeente – met haar gawes en vaardighede – deel wees van God se herstelwerk in die wêreld? Dit is belangrik dat die gemeente haar roeping in die lig van hierdie vrae herontdek.

5.4.4 Kultivering van missionêre verbeelding

Die missionêre strategie van die leierskap, ten einde gelowiges in ’n gemeente te mobiliseer om daaglikse agente van herstel in ’n gebroke wêreld te wees, word deur Roxburgh (2006:29) as die “cultivation of an environment that releases the missional imagination of God’s ordinary people” beskryf. Hy gaan voort deur te noem dat kultivering tyd neem, deur sekere ritmes en siklusse gaan en nie gejaag of geforseer kan word nie. Boonop verg dit nuwe gewoontes, vaardighede, oortuigings en gesindhede. Roxburgh (2006:31 ev) skets vier belangrike elemente wat in so ’n proses van kultivering betrokke is:

a) Die kultivering van bewustheid en verstaan van dit waarmee God besig is onder die lidmate en van hoe die gemeente haarself as die kern van God se werksaamhede kan indink.

b) Die kultivering van eksperimentele netwerke deur informele groepe wat saam leer hoe om met nuwe idees rondom gemeenskapsbetrokkenheid, Bybellees, en maniere van onderlinge kommunikasie te eksperimenteer. Hierdie groepe word genooi om God se voorkeurtoekoms te verbeel en te glo dat die Gees van God by hulle is, om sodoende tot die oortuiging te kom dat ’n gemeente alles het wat nodig is om te onderskei wat God in en deur hulle wil doen.

c) Kultiveer nuwe maniere om met die Skrif besig te wees deur die dissipline van Woon in die Woord aan te leer. Hier word ’n nuwe manier geleer om na God en mekaar te luister.

d) Kultiveer nuwe gebruike, gewoontes en waardes. Dit gaan nie primêr oor die aanleer van ’n tegniek of ’n program nie, maar oor die vorming/transformasie van mense deur die ontginning van die gebruike en gewoontes (geloofsdissiplines) van die Christelike lewe.

Die evangelie is die boodskap van verlossing as antwoord op die totale lewe in die samelewing waar die gelowiges hulle van dag tot dag bevind. Deur die proses van geloofsonderskeiding ontwikkel die gemeente ’n groter bewustheid van hulle roeping in hierdie wêreld. Dit is daarom nie soseer ’n strategie vir groei as wat dit die kultivering en vorming van mense self is nie. Roxburgh (2006:145) beklemtoon: “It is from among the people that the energy and vision for missional life emerge.” Daarom is die belangrikste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leierskapsrol hier om gelowiges te help verstaan dat God se voorkeurtoekoms vir sy kerk onder sy kinders, en dikwels waar dit die minste verwag word, teenwoordig is. Hiervoor is die skep van geleenthede vir deelnemende gesprek, waar mense se lewenservaringe met Bybelse verhale verbind word, noodsaaklik. Verandering kom na vore in die proses van dialoog en eksperimentering. Leiers fokus in tye van transisie op mense se reaksie op die verandering, eerder as op die verandering self, deur te probeer verstaan hoe hulle op die verandering reageer en dialoog met mekaar in die lig van Bybelse narratiewe[116] aanmoedig.

5.4.5 Nuwe geloofsgemeenskap

Aangesien missionêre transformasie, waarbinne die groei na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit sentraal staan, nie oor programme of tegniese aanpassings gaan nie, maar oor transformasie in ’n proses van geloofsonderskeiding, vra dit in die eerste plek bekering en verandering by ons as geloofsgemeenskap. Deel van hierdie verandering is hoe ons na ander kyk en oor hulle dink. Uiteindelik gaan dit nie net oor hoe die gemeente effektief na ander kan uitreik met programme en aktiwiteite nie, maar hoe daar nuwe gemeenskap gestig word tussen die gemeente en die mense na wie die Here die gemeente stuur. Nuwe, diep en egte verhoudinge is die resultaat van die missionêre identiteit en nie ’n reeks programme wat op ’n onpersoonlike vlak aangebied word nie. ’n Missionêre gerigtheid skep nuwe gemeenskap[117].

Op hierdie punt van die missionêre strategie vir die gemeente is dit belangrik om te vra na die missionêre fokus. Soos die lens van ’n kamera is daar verskeie punte van diepte waarop daar gefokus kan word, wat dikwels die missionêre afstand genoem word. Die vraag is wat die spesifieke missionêre fokus vir die gemeente is – waartoe die gemeente geroep is om nuwe gemeenskap te vorm. Anders gestel, kan gevra word: “Hoe breed is die gemeente se brug?” “Wie, in die bepaalde tyd en konteks, word ingesluit by die gerigtheid van die gemeente met wie die gemeente nuwe geloofsgemeenskap moet vorm?” In terme van Hoogland se roeping na die volgende generasie en noodlydendes, is dit nodig om dit verder te omskryf aan die hand van bogenoemde dimensies van missionêre afstand. Dit sal verder bepalend wees vir die aard van geloofsgemeenskap wat daar onderskeidelik sal plaasvind. In die geval is leierskap die resultaat van ’n passie vir beide die evangelie en vir die mense na wie dit geneem moet word.

---

116 Roxburgh (2005:116) wys op die sentrale rol van die Skrif as hy sê: “Scripture is the most powerful source of life formation and imagination in the midst of liminality.”

117 In die verband is die aanhaling van ’n onbekende bron wat tydens klasbesprekings na vore gekom het toepaslik: “You cannot change anybody if you don’t love them. You can only change those whom you love.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4.6 Bedieningstrukture en verhoudinge

Hoogland het ’n basiese bedieningstruktuur waarvolgens alle bedieninge in vier hoofbedieningsareas gegroepeer is. Nuwe bedieninge word taamlik maklik in hierdie struktuur geassimileer nadat die bedieningsbestuur die meriete daarvan in die lig van die gemeentevisie beoordeel het. Die struktuur is ter wille van toerusting en kommunikasie. Die struktuur bied die missionêre raamwerk waarbinne bedieninge werksaam is. So word alle bedieninge met die gemeentevisie belyn. Die bestaan van die struktuur kommunikeer soms beheer, kontrole en hiërargie wat die spontane ontwikkeling van bedieninge en inisiatiewe inhibeer. Spontane bedieninge volg daarom min of meer een van drie roetes:

a) Energie en entoesiasme van lidmate loop dood sodra dit wat hulle geroepe voel om te doen eers by ’n struktuur moet inpas. Die inisiatief is van korte duur nadat die inisieerders die strukturele verantwoordelikhede moet nakom; of

b) Konflik ontstaan tussen die inisieerders en die amptenare oor logistiek en verantwoordelikhede as dit kom by implementering, wat dikwels lei tot terminering van leierskap by daardie bediening, of terminering van die bediening; of

c) Die bedieninge ontstaan langs die gemeente as onafhanklike inisiatiewe waar lidmate outonoom die bedieninge bedryf.

Sodra hierdie bedieninge langs die gemeente se strukture ontstaan, het die gemeenteleierskap geen toesig en beheer meer daaroor nie en kan die leierskap nie hulle invloed verder daar laat geld nie. Dit kan meebring dat hierdie bediening, ten minste ten opsigte van die gemeente se visie, en daarom ook in terme van spiritualiteit, op syspore beland.

Die belangrike vraag aan die leierskap is tot watter mate die strukture van die gemeente aangepas kan word sodat die ontwikkeling van spontane bedieninge daardeur aangemoedig en ondersteun word. Waarna gestreef behoort te word, is die balans tussen die behoud van essensiële strukture en die ruimte vir spontane ontwikkeling van bedieninge. Die konsekwensie vir die leierskap is hoe om toegang tot beïnvloeding te handhaaf. Daar moet ’n strategie in plek wees waarvolgens begaafde mense buite die strukture geïdentifiseer en genader word om in spontane bedieninge betrokke te raak.

Terwyl die geneigdheid by die gemeente is om bedieninge vas te hou en te beheer, moet daar geleer word om bedieninge weg te gee, sonder om invloed daaroor te verloor. Die fyn kuns van verhoudinge is hier deurslaggewend. Daarom moet daar baie moeite gedoen word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met die mense in hierdie spontane bedieninge wat op hulle beurt ’n groot invloed in ander se lewens het.

5.4.7 Sout en lig

’n Missionêre strategie moet verder ondersoek doen na die heersende kerkbegrip van die gemeente. Is die gemeente ’n klub waarin die dienslewering aan alle klublede en die instandhouding van die klub die primêre fokus is? Is die gemeente ’n klub met uitreikaksies waardeur ’n groep klublede sorg dat die gemeente haar verantwoordelikhede na buite nakom? Is die gemeente in haar totaliteit en wese gevorm en gefokus op dit waarmee God in die wêreld besig is en bewus daarvan dat almal, elke dag, in alle situasies genooi word om daarby aan te sluit? Laasgenoemde is die Bybelse kerkbegrip wat, onder andere, deur die metafore van sout en lig uitgebeeld word.

Vir lank kon die gemeente na die enkeles in die uitreikgroepe in die gemeente verwys as diegene wat namens die gemeente na buite werksaam is. Die res moes sorg vir die opbou van die gemeente, die versorging van al haar lede en die instandhouding en bestuur van alles wat nodig was om goed na haar lede om te sien. So het die gemeente hoofsaaklik na haar eie belange omgesien en na binne gekyk, terwyl haar interaksie met die wêreld beperk was. Intussen het die gemeente al geleer dat sending nie een van vele programme van die gemeente is nie, maar dat die kerk vir sending – vir die transformasie van mense en gemeenskappe deur die evangelie – bestaan. Hiermee saam besef lidmate dat elkeen geroep is tot die bediening van die evangelie, om Christus in die wêreld te verteenwoordig, en nie slegs tot die bestuur van die gemeente en predikante se bedieninge nie. Tog lyk dit, sonder dat ’n empiriese studie gedoen is om dit te bewys, asof baie lidmate ’n goeie teoretiese verstaan hiervan het, maar dit steeds nie prakties uitleef nie.

Die strategiese vraag is dus hoe lidmate hierdie skuif[118] kan maak. Robinson (2003:76 ev) onderskei drie noodsaaklike elemente vir hierdie skuif:

a) Die transformasiesiklus

Die weeklikse ervaringe in die eredienste, studiegroepe, leergeleenthede en samekomste van gelowiges transformeer mense van dissipels (volgelinge) tot apostels (gestuurdes) wat met die gawe van die Heilige Gees die wêreld ingestuur word. Die vraag is hoe méér lidmate by hierdie transformerende geleenthede ingeskakel kan word.

b) Die identifisering en bevestiging van gawes en roeping

118 Robinson (2003:73 ev) noem hierdie skuif: “From board culture to ministry culture.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die fokus van die identifisering van gawes is nie die gemeente nie, maar bediening in die alledaagse lewe. Lidmate word gehelp om ’n verband te trek tussen hulle gawes en toepaslike vorme van bedieninge in die gewone, alledaagse lewe. Die vraag is hoe lidmate gemobiliseer kan word om hulle gawes met die oog op hulle daaglikse uitleef van hulle roeping, kan ontdek.

c) Die toerusting en opleiding van mense met die oog op die bediening

Gereformeerdes glo dat die doop die bevestiging tot die bediening is. Die vraag is of daar genoegsame toerusting en opleiding gebied word sodat lidmate hulle bedieninge effektief kan uitleef[119]. Watter ondersteuning word daar vir mense gebied wat hulle gawes wil versterk?

5.4.8 Evaluering van kernmetafore

Huidige metafore van die gemeente dien as barometer van hoe sy haar identiteit en roeping sien vanwaar ’n spiritualiteitstendens geïdentifiseer kan word. Aan die hand daarvan sal moontlikhede bespreek kan word waarvolgens die gemeente tot ’n meer geïntegreerde spiritualiteit begelei kan word.

Die gemeentebelydenis wat as kernmetafoor fungeer is: *PE-Hoogland is ’n rivier wat wyd vloei met lewende water wat God gee (Esegiël 47).* Hieronder word die gemeente se gestuurde identiteit verwoord en verstaan as die natuurlike vloei in die wêreld waar lidmate daagliks leef en werk – met die genesende krag van die opstanding van Jesus wat met ons saamgaan om herstel in ’n gebroke wêreld te bring. Die gemeente sien haarself as gesant van God – sy hande, voete, oë, ore, hande en hart in die wêreld – om daarvan ’n beter plek te maak.

Die sterkpunte van die metafoor lê veral daarin dat die gemeente haarself nie meer as ’n klub beskou wat ter wille van haarself bestaan nie. Verder is die bediening tot ’n groot mate aan die lidmate teruggegee en word daar moeite gedoen met die skep van nuwe gemeenskappe met die mense na wie die Here ons stuur. Lidmate verstaan die noodsaaklikheid om self deur die Gees getransformeer te word, en om transformerend in die gemeenskap te leef. Die metafoor rig die gemeente verder om gasvry teenoor almal te leef en uitnodigend te wees. Die watermetafoor herinner aan die genesende, reinigende en voedingswaarde daarvan wat, in terme van verlossing, ’n kragtige metafoor is. Die gemeente

119 Robinson (2003:84) voer aan dat die gereformeerde insig wat sê: “The ministry of the laity is to represent Christ to and in the world; the ministry of the ordained is to equip the saints for ministry”, in die huidige konteks hertoegepas moet word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is, in die gewone dinge waarmee lidmate daagliks besig is, instrumenteel in die herskepping van God se wêreld.

Die swakpunte van die metafoor is enersyds dat lidmate ’n gebrek aan ervaring van versorging en behoort ervaar. Die klem is op my roeping, op doen, op aksie, terwyl die aanspreek van hulle behoeftes nagelaat word. Andersyds laat dit inisiatief aan lidmate oor wat die gevaar van chaos inhou. Daar is geen “beheer” oor alles wat deur lidmate gedoen word nie met die konsekwensies wat daarmee gepaardgaan. Predikante is ook nie meer so teenwoordig en sigbaar nie – en skep dikwels die gevoel dat lidmate en hulle behoeftes nie as belangrik geag word nie. Die afhanklikheid van die Gees laat die leierskap dikwels op swak plekke, waar hulle in die verlede baie meer seker van sake was, wat dikwels deur die gemeente as rigtingloosheid ervaar word. Hiermee gaan verhoogde vlakke van konflik gepaard. As water slegs na die skoonwassing van sondes verwys, is dit andermaal ’n verskraling van die verlossing wat God bedoel het vir sy ganse skepping.

5.4.9 Missionêre leierskap

’n Strategie vir missionêre transformasie behoort deur missionêre leierskap begelei te word. In die lig van die normatiewe raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit, waarvolgens die konsep van verlossing missionêr en omvattend verstaan word as die deelneem aan die *missio Dei*, staan die leierskap voor bepaalde uitdagings. Die volgende uitdagings behoort deel te vorm van die missionêre strategie soos hierbo bespreek. Geloofsonderskeiding is die basis waarop hierdie uitdagings berus.

a) Die grootste uitdaging is om die oorwegend dualistiese wêreldbeskouing en individualistiese kultuur wat in die gemeente heers, in die gees van outentieke verhoudinge en diensknegleierskap, te skuif na ’n omvattende verstaan van die konsep van verlossing soos dit deur die gereformeerde tradisie vir ons oorgelewer is met ’n spiritualiteit wat daarop gebou is.

b) Die leierskap word verder uitgedaag om die spesifieke konteks waarbinne die gemeente geroep is om heling en herstel te bring, te leer ken en te onderskei wat verlossing prakties in hierdie spesifieke omstandighede beteken, asook hoe die gemeente met God kan meewerk om daar ’n verskil te maak.

c) Verder sal die leierskap voor die uitdaging staan om ’n voortgaande proses te inisieer en te bestuur waarvolgens die gemeentebelydenis, haar identiteit en roeping, binne die raamwerk van God se koninkryk nuut verstaan en gekommunikeer word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

d) Die leierskap sal ook moet vra na die betekenis van die gestuurdheid na die volgende generasie en die noodlydendes in die lig van die verstaan van verlossing wat verkondig word en die gemeenskap wat daardeur gevorm word. Hier sal spesifiek meer aandag aan die ekologiese dimensie van verlossing gegee moet word.

e) Die leierskap is uitgedaag om self ’n proses van transformasie te betree waarbinne waardes wat deur ’n omvattende verstaan van verlossing gevorm word, organies groei en beliggaam word sodat dit die etos van alles wat in die gemeente gedoen word bepaal.

f) Die leierskap is uitgedaag om hoop te kommunikeer: hoop vir ’n beter toekoms in hierdie wêreld, om te werk vir daardie hoop wat op verrassende wyse uit God se toekoms in die hede inbreek. “If we want a mission-shaped church, what we need is a hope-shaped mission.” (Wright, 2008:194.)

g) Die leierskap is uitgedaag om hulle roeping te verstaan as die uitleef van God se koninkryk op aarde ter wille van die verlossing van die hele aarde. Dit behels die doen van gewone dinge – wat die karakter van vrede, vreugde en geregtigheid[120] dra, vanuit die verstaan dat dit dade is wat uit die opstandingslewe spruit.

h) Die leierskap is uitgedaag om die gemeente baie meer bewus te maak van die skepping en kreatiwiteit. Die uitdaging is hoe die huidige skoonheid van die skepping gevier kan word deur middel van kuns, musiek, poësie en ander vorme van estetika. “When art comes to terms with both the wounds of the world and the promise of resurrection and learns how to express and respond to both at once, we will be on the way to a fresh vision, a fresh mission.” (Wright, 2008:224.)

i) Die leierskap is uitgedaag om die geloofsdissiplines aan te leer waardeur hoop op verrassende wyse, vanuit God se toekoms, in hierdie wêreld gevestig kan word. Daar behoort besin te word oor maniere waarop die hoop wat in die doop, nagmaal en gebed opgesluit lê, beter ontgin kan word.

j) ’n Groot uitdaging vir die leierskap is om gasvrye, getuienisdraende eredienste in te rig waar gemeenskap, diversiteit, skoonheid en nuwe skepping gevier word – en genoeg verbeeldingskrag ontgin word waardeur elkeen sy/haar roeping in die wêreld sal ontdek en kan uitleef. Lidmate moet begelei word om eredienste nie as ontvangers nie, maar dienaars by te woon. Eredienste word so minder ’n verbruiksartikel vir individuele geestelike

120 Volf (1996:20) beklemtoon die belangrikheid van die wyse waarop verskeidenheid tussen mense hanteer word as sentraal tot die roeping van die kerk as hy sê: “It may not be too much to claim that the future of our world will depend on how we deal with identity and difference. The issue is urgent.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behoeftes en meer ’n ruimte waarbinne die gemeente God dien, aanbid en van sy groot dade getuig.

k) Die leierskap is uitgedaag om die wortels van patriargie, wat diep in die spiritualiteit van die gemeente geanker is, op grond van die verlossing in Christus, wat alle skeidingsmure afbreek, teologies te ontmasker en intensioneel in al haar praktyke uit te wis.

5.5 Slot

Die navorser vra na die verband tussen die gemeente se konteks, haar verstaan van verlossing en haar spiritualiteit met die doel om ’n teologiese raamwerk vir ’n geïntegreerde spiritualiteit te bied waarvolgens die gemeente sinvol in die wêreld kan leef. In hierdie hoofstuk is die vierde taak van praktiese teologie, volgens Osmer, naamlik die pragmatiese taak, hanteer. Die konteks van die gemeente asook haar verstaan van verlossing is binne die normatiewe raamwerk, wat in hoofstuk vier behandel is, geplaas met die oog op ’n strategie waarmee die gemeente tot ’n meer geïntegreerde spiritualiteit begelei kan word. Hierdie strategie word ’n missionêre strategie genoem omdat dit binne die raamwerk van missionêre teologie, soos dit in die normatiewe taak van praktiese teologie beskryf is, pas. ’n Missionêre strategie is vir die gemeente voorgestel wat nie bloot ’n meganiese implementering van opeenvolgende, vooruitbepaalde stappe behels nie. Dit is eerder ’n ingesteldheid om fyn te luister, om gelowig te leef in die organiese werking van die Gees van God in die gemeente en om ’n bewustheid van God wat aktief by sy skepping betrokke is te kultiveer – op ’n manier waarop die gemeente al meer deel daarvan word. Intensionele en deurleefde leierskap, gebed en die vestiging van gesonde, geloofsvolwasse verhoudings is deurslaggewend vir hierdie proses van geloofsonderskeiding en die vestiging van ’n geïntegreerde spiritualiteit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings en aanbevelings

6.1 Inleiding

Om die laaste taak van prakties teologiese navorsing, volgens Osmer, naamlik die pragmatiese taak, vir hierdie studie af te handel, maak die navorser in hierdie hoofstuk enkele gevolgtrekkings na aanleiding van die navorsingsvraag en bied die navorser aanbevelings vir oorweging deur die gemeente op grond waarvan die gemeente op weg na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit kan groei. In hierdie studie is gepoog om die verband tussen die gemeente se a) (miko- en makro-) konteks, b) die wyse waarop die gemeente oorwegend die konsep van verlossing verstaan en c) haar spiritualiteit te bepaal. Daarna is met breë penstrepe ’n strategie vir ’n geïntegreerde spiritualiteit, met ’n oorkoepelende verstaan van verlossing, wat ’n missionêre bedieningstyl bevorder, voorgestel.

Die vier take van praktiese teologie, soos deur Osmer (2008:4) voorgestel word, is uitgevoer, naamlik:

a) Die beskrywende taak waarin die navorser ’n kontekstuele gemeente-analise gedoen het. Hier is in besonder aandag geskenk aan die historiese agtergrond, die sosiale konteks, die geografiese en demografiese inligting van die gemeente, die strategiese prosesse in die gemeente, asook die spiritualiteit van die gemeente.

b) Die hermeneutiese taak waarin daar gepoog is om die tendense in die gemeente te interpreteer. Vir hierdie taak is daar gefokus op die makrokonteks in terme van die verskuiwings op internasionale en Suid-Afrikaanse fronte oor ’n tydperk van ongeveer vier dekades van die bestaan van die gemeente in die lig waarvan die gemeente en haar spiritualiteit beter verstaan kon word.

c) Die normatiewe taak waarin die navorser die konsep van verlossing geïdentifiseer het as die kern teologiese saak op grond waarvan die gemeente haar identiteit en roeping, wat ook as haar spiritualiteit beskryf kan word, verstaan en uitleef. ’n Keuse is gemaak om teoloë uit die gereformeerde tradisie se verstaan en beskrywing van die konsep van verlossing te bestudeer aangesien die gemeente binne daardie tradisie staan. Vanuit ’n omvattende verstaan van verlossing is die missionêre identiteit en roeping van die gemeente, veral in die konteks van Suid-Afrika, duidelik omskryf.

d) Die pragmatiese taak waarin die navorser met enkele aanvanklike penstrepe ’n missionêre strategie voorstel waarvolgens die gemeente tot ’n meer geïntegreerde spiritualiteit begelei kan word. Daar is veral op die kerntaak van geloofsonderskeiding en die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rol van missionêre leierskap gefokus. Hierdie taak sou in ’n ander studie verder uitgebrei kon word tot ’n meer volledige bedieningstrategie.

6.2 Gevolgtrekkings

In die lig van hierdie studie het die navorser tot enkele gevolgtrekkings gekom wat vervolgens weergegee word.

6.2.1 Die gemeente se spiritualiteit is enersyds kontekstueel bepaal. Die kultuur van die tyd en die plek waarin die gemeente ontstaan en gegroei het, het ’n bepalende invloed op haar verstaan van God (teologie), haarself (identiteit) en haar roeping (missie). Uit die studie het dit duidelik geblyk dat die konteks van modernisme en globalisasie die samelewing binnegedring het met ’n gees van individualisme, verbruikersmentaliteit en suksesmoraal, wat die spiritualiteit van die gemeente grootliks in daardie terme bepaal het. Dit het verder duidelik geblyk dat ’n dualistiese wêreldbeskouing ten grondslag van die gemeente se spiritualiteit, waar beide reduksionisme en ontsnapping voorkom, lê.

6.2.2 Die gemeente se spiritualiteit is andersyds gebou op haar verstaan van God se verlossingswerk in Christus. Bosch (1991:393) se stelling: “Die teologie en praktyk van missie is altyd direk verbind met die teologie van verlossing.”, is hierdeur bevestig. Uit die studie het dit duidelik geblyk dat die gemeente, soos die kerk in die Westerse wêreld in die algemeen, gekondisioneer is om verlossing hoofsaaklik as konteksloos en as dié van individuele siele, wat deur Christus se kruisdood uit hierdie bose wêreld gered word, verstaan en ook daardeur lamgelê word. Hiervolgens is die sterflike en verganklike skepping minderwaardig teenoor die onsterflike siel en is die fokus van die geestelike lewe om seker te maak dat die siel gereed is om na die dood die ander-wêreldse hemel binne te gaan. Die aardse en stoflike is dus bloot ’n deurgang op pad na die eintlike bestemming. Daarom hoef daar nie in veel erns omgesien te word na dit wat stoflik, natuurlik en liggaamlik is nie. Wat eintlik van belang is, is die mens se siel. Die doel van versorging van noodlydendes sou hier hoofsaaklik die weg na die bereiking van hulle siele wees. Hierdie siening is, soos in die Westerse kerk, diep gesetel in die bediening en spiritualiteit van die gemeente. Sonder doelbewuste missionêre leierskap sou die gemeente daarin verstrengel bly.

6.2.3 Die gemeente se inskakeling by die proses van die SAVGG het haar wel oor die afgelope dekade blootstelling aan ’n missionêre teologie gegee wat reeds sigbare skuiwe in die bediening en spiritualiteit van die gemeente teweeg gebring het. Die missionêre teologie is op ’n oorkoepelende verstaan van verlossing gebou wat uitmond in ’n geïntegreerde spiritualiteit. Hierdie proses het ’n ontwaking in terme van die gemeente se identiteit en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

roeping teweeg gebring. Dit bly die leierskap se voortgaande uitnodiging om die gemeente verder op hierdie reis na ’n geïntegreerde spiritualiteit en die uitleef van haar besondere roeping te begelei.

6.2.4 Die gereformeerde siening van die konsep van verlossing lê ten grondslag van ’n missionêre teologie waarin die oorkoepelende verstaan van verlossing die ontsnappings- en reduksionistiese beskouings daarvan, wat deur die dualistiese denkraamwerk gehuldig word, as verskraling van die bybelse betekenis van verlossing ontmasker. Verlossing is hiervolgens God se herskeppingsdaad ten opsigte van sy ganse skepping. Hier is dit Conradie (2011a:2) wat dit goed verwoord: “Dit gaan oor verlossing van die wêreld, nie uit die wêreld nie.”

6.2.5 Die kerk se identiteit en roeping, wat ten diepste hier as haar spiritualiteit beskryf kan word, is ten diepste bepaal deur hierdie gereformeerde verstaan van die konsep van verlossing. Die gemeente word deur haar wese en die uitleef van haar roeping deel gemaak van die *missio Dei* en vind haar bestaansrede juis daarin.

6.2.6 ’n Proses van missionêre transformasie het, met die gemeente se lidmaatskap van die SAVGG, begin, maar dit is noodsaaklik vir die gemeente om verder daarin begelei te word op weg na ’n geïntegreerde spiritualiteit. Die missionêre transformasieproses gaan met toegewyde werk van geloofsonderskeiding en die aanleer en beoefening van geloofsdissiplines gepaard. Spesifieke missionêre leierskapvaardighede, gebaseer op outentieke verhoudinge, is nodig waarmee die gemeente in die proses van transformasie begelei behoort te word.

6.3 Aanbevelings

Ten slotte maak die navorser enkele aanbevelings vir oorweging deur die leierskap van die gemeente. Die navorser sal graag wil aanbeveel dat die kerkraad oor die uitdagings, soos in 5.4.9 (a tot k) uiteengesit, sal besin. Hiervoor is dit nodig dat:

6.3.1 die kerkraad die verskeidenheid van mense, as gawes van God in wie Hy teenwoordig is en deur wie Hy werk, sal vier – ter wille van die eenheid van die kerk. Ten grondslag hiervan is respek vir ander en die vermoë om te luister kernwaardes wat deur die leierskap gemodelleer behoort te word.

6.3.2 die kerkraad toesien dat verantwoordelike teologiese begeleiding van die gemeente, op grond van ’n gereformeerde verstaan van verlossing in die Bybel, op weg na ’n geïntegreerde spiritualiteit sal plaasvind. Geloofsvorming, deur die gesamentlike beoefening van geloofsdissiplines, staan hier sentraal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.4 Slot

Die navorser het ’n teologiese raamwerk gebied op grond waarvan die gemeente na ’n meer geïntegreerde spiritualiteit begelei kan word. Hierdie raamwerk is geformuleer op grond van ’n ondersoek na die verband tussen die gemeente se konteks, haar oorwegende verstaan van die konsep van verlossing en haar spiritualiteit. Die gevolgtrekkings en aanbevelings waarmee hierdie studie afsluit is ’n poging om die teologiese insigte wat in hierdie studie ontgin is na die praktyk te bring op ’n manier wat die gemeente op ’n verantwoordbare en gegronde wyse sal begelei om haar identiteit en roeping te herontdek en vreugdevol te vier vanuit ’n geïntegreerde spiritualiteit. Mag hierdie tesis bydra dat die gemeente beter sal verstaan wat dit beteken om ’n rivier te wees wat wyd vloei met die genesende genade wat God gee. Mag ons elke dag ontdek hoe die Heilige Gees ons deel maak van die *missio Dei*. Mag ons vashou aan ons verlossing in Christus sodat ons sal besef: “We are, at best, erecting bridgeheads for the reign of God… We therefore hold on to the transcendent character of salvation also, and to the need of calling people to faith in God through Christ.” (Bosch, 1991:400.) Mag die volheid van die goeie nuus van die verlossing in Christus ons transformeer tot ’n gemeente wat Hom nie slegs aanbid nie, maar dien en volg, persoonlik, maar veral as gemeenskap van gelowiges – in elke aspek van die lewe – sodat ons teenwoordigheid in hierdie wêreld dit ’n beter plek vir almal maak om in te leef.

Soli Deo gloria

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bibliografie

ARMOUR, M.C. & BROWNING, D. 1995. Systems sensitive leadership: Empowering diversity without polarizing the church. Missouri: College Press.

AUGUST, K.T. 2005. Reconciliation in the South African political context: A challenge to the church for community building. *Scriptura*, 88: 14-29.

BERKHOF, H. & DE JONG, O.J. 1973. Geschiedenis der kerk. : Callenbach.

BEVENS, S.B. & SCHROEDER, R.P. 2004. Constants in context: A Theology of mission for today. New York: Orbis.

BISSCHOFF, J.H. (red.) 1996. Kerkspieël V. Verslag van die vyfde wetenskaplike opname van die Ned Geref Kerk in Maart 1996 in opdrag van die Algemene Sinode.

BOSCH, D.J. 1979. Heil vir die wêreld: Die Christelike sending in teologiese perspektief. Transvaal: NG Kerkboekhandel.

BOSCH, D.J. 1980. Witness to the world: The Christian mission in theological perspective. Atlanta: John Knox.

BOSCH, D.J. 1984. Mission and evangelism: clarifying the concepts. *Zeitschrift für Missionswissenschaft und Religionswissenschaft*, 68(3):161-191, July.

BOSCH, D.J. 1988. Processes of reconciliation and demands of obedience – twelve theses. (*In* Nürnberger, K. & Tooke, J., *eds*. The cost of reconciliation in South Africa. Reader 1: The National Initiative for Reconciliation. P. 98-112.)

BOSCH, D.J. 1989. Salvation: a missiological perspective. *Ex Audito*, 5:140-157.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming Mission: Paradigm shifts in theology of mission. New York: Orbis.

BURGER, C.W. 1995. Gemeentes in transito: Vernuwingsgeleenthede in ’n oorgangstyd. Kaapstad: Lux Verbi.

BURGER, C.W. & NELL, I, *reds*. 2002. Draers van die waarheid: Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente. Matieland: Buvton.

BYBEL. 1983. Die Bybel. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CASTELLS M. 1999. Information technology, globalisation and social development. Internetartikel. UNRISD Discussion paper No. 114, delivered at the United Nations Research Institute for Social Development. September 1999.

CASTELLS, M. 2004. The power of identity. The information age: economy. Society and culture, volume II. 2nd ed**.** Oxford: Blackwell.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

COERTZEN, P. 2006. Kerke en transformasie in Suid-Afrika. *NGTT*, 47(3&4):361-371, September & Desember.

COETZEE, M.H. 2011. Die “kritiese stem” teen apartheidsteologie in die Ned Geref Kerk (1905-1974): ’n Analise van die bydraes van Ben Marais en Beyers Naudé. Wellington: Bybel-Media.

COETZEE, M.H. & CONRADIE, E.M. 2011. Dominante dogmatiese sleutels in die NG Kerk na 1974. (Voordrag gelewer as deel van die kursus in Godsdienskunde aan die UWK op 13 Junie 2011.) 18p. Bellville. (Ongepubliseer.)

CONRADIE, E.M. 2000. Waarvoor lewe jy?: 9 redes om te lewe. Wellington: Lux Verbi.BM.

CONRADIE, E.M. 2006. Waar op dees aarde vind mens God? Op soek na ’n aardse spiritualiteit. Wellington: Lux Verbi.BM.

CONRADIE, E.M. 2010a. Creation at the heart of mission? *Missionalia*, 38(3):380-396, November.

CONRADIE, E.M. 2010b. Creation and salvation: Ecological perspectives on the history of the term recreatio. (Paper read at course MTh at the UWC on 7 Sept. 2010. 175p. (Unpublished.)

CONRADIE, E.M. 2011. Editorial introduction. (*In* Conradie, E.M., *ed*. Creation and salvation: A mosaic of essays on selected classic Christian theologians. Ongepubliseerde notas. Universiteit van Wes-Kaapland. p. 25-37.)

CONRADIE, E.M. *ed.* 2012. Does matter matter? The significance of that which is financial, material, bodily and earthly in theological perspective. (Voordrag gelewer tydens Voortgesette Bedieningsopleiding by NG Kerk PE-Hoogland op 26-27 Maart 2012.) Port Elizabeth. 35p. (Ongepubliseer.)

DE GRUCHY, J.W. 1986. The church struggle in South Africa. 2nd ed**.** Claremont: David Philip.

EDWARDS, D. 2011. Athanasius: The Word of God in Creation and salvation. (*In* Conradie, E.M., *ed*. Creation and salvation: A mosaic of essays on selected classic Christian theologians. Ongepubliseerde notas. Universiteit van Wes-Kaapland. p. 25-37.)

FOSTER, R.J. 1989. Celebration of discipline: The path to spiritual growth. 2nd ed. London: Hodder and Stoughton.

FROST, M. & HIRSCH, A. 2003. The shaping of things to come: Innovation and mission for the 21st-century church. Massachusetts: Hendrickson.

FULCHER, J. 2000. Globalisation, the nation-state and global society. *The editorial board of the sociological review*. Oxford: Blackwell. 522-543.

GLADWELL, M. 2007. The tipping point: How little things can make a big difference. New York: Back Bay.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GUDER, D.L., *ed.* 1998. Missional Church: A vision for the sending of the church in North America. Grand Rapids: Eerdmans.

GUDER, D.L. 2000. The continuing conversion of the church. Grand Rapids: Eerdmans.

HENDRIKS, H.J. 2004. Studying congregations in Africa. Wellington: Lux Verbi.

HENDRIKS, H.J. 2007a. Missional theology and social development. *HTS*, 63(3):999-1016.

HENDRIKS, H.J. 2007b. Can a leopard change its spots? Long walk to diversity. *NGTT*, 48(1&2):83-95, Maart & Junie.

KEIFERT, P.R. 2006. We are here now: A new missional era. Idaho: Allelon.

KRITZINGER, J.N.J. 1990. Liberating mission in South Africa. *Missionalia*, 18(1):34-50, April.

KRITZINGER, J.J. 1990. Mission and evangelism: A critical appraisal of David Bosch's views. *Missionalia*, 18(1):140-155, April.

KRUGER, P. & HOFMEYR, J.W. 2009. 'n Era van verandering vir die NG Kerk en Suid-Afrika sedert 1990 (Deel 1). 50(1&2):135-146, Maart & Junie.

LENKABULA, P. 2010. Economic globalisation, ecumenical theologies and ethics of justice in the twenty-first century. *Missionalia*, 38(1):99-120, April.

LIVINGSTONE, K. 1990. David Bosch: an interpretation of some main themes in his missiological thought. *Missionalia*, 18(1):3-19, April.

MARAIS, F. 2009. Four missional conversions: What can we learn from the first 5 years of SAPMC? 2004-2009. http://www.communitas.co.za/news/1616-four-missional-conversions 20 Junie 2011.

MARAIS, F. 2007. God praat – leef luisterryk vir vergaderings: Handleiding vir gemeenteleiers op soek na God se agenda vir gemeentes. Wellington: Bybel

MCKNIGHT, S. 2007. A community called atonement. Nashville: Abingdon.

MCLAREN, B.D. 2007. Everything must change: Jesus, global crisis, and a revolution of hope. Nashville: Thomas Nelson.

MOUTON, D.W. 2004. 'n Bedieningstrategie vir die NG Kerk Port-Elizabeth Hoogland in terme van 'n Missionêre Model vir die beoefening van Teologie. Stellenbosch: US (Werkstuk voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad MTh) 100 p.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, 2002. Handelinge van die elfde Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Pretoria, Oktober 13-19, 2002, p. 604.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, 2007. Handelinge van die dertiende Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Boksburg, Junie 4-8 2007, p. ii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

NG KERK PE-HOOGLAND, 2002. Notule van die kerkraad, Port Elizabeth, 18 November.

NG KERK PE-HOOGLAND, 2007. Notule van die kerkraad, Port Elizabeth, 18 Januarie.

NG KERK PE-HOOGLAND, 2010a. Notule van die kerkraad, Port Elizabeth, 18 Januarie.

NG KERK PE-HOOGLAND, 2010b. Notule van die kerkraad, Port Elizabeth, 24 Mei.

NG KERK PE-HOOGLAND, 2011a. Notule van die kerkraad, Port Elizabeth, 7 Februarie.

NG KERK PE-HOOGLAND, 2011b. Notule van die kerkraad, Port Elizabeth, 7 Maart.

NEWBIGIN, L. 1995. The open secret: An introduction to the theology of mission. 2nd ed. Grand Rapids: Eerdmans.

NICOL, W. 2000. Godsdiens wat wérk: Ontdek die soort godsdiens wat vir jou die beste werk. Goodwood: Lux Verbi BM.

NIEMANDT, C.J.P. 2010. Kontoere in die ontwikkeling van ’n missionêre ekklesiologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk – ’n omvangryker vierde golf. *NGTT*, 51(3&4):92-102, September & Desember.

NüRNBERGER, K. 1990. Salvation or liberation? The soteriological roots of a missionary theology. *Missionalia*, 18(1):205-219, April.

OSMER, R.R. 2008. Practical Theology: An introduction. Grand Rapids: Eerdmans.

PETERSON, E.H. 1987. Working the angles: The shape of pastoral integrity. Grand Rapids: Eerdmans.

PETERSON, E.H. 2005. Christ plays in ten thousand places. A conversation in spiritual theology. Grand Rapids: Eerdmans.

ROBINSON, A.B. 2003. Transforming congregational culture. Grand Rapids: Eerdmans.

ROHR, R. 2004. Adam’s return: The five promises of male initiation. New York: Crossroad.

ROXBURGH, A.J. 2005. The sky is falling: Leaders lost in transition. Idaho: ACI.

ROXBURGH, A.J. & ROMANUK, F. 2006. The missional leader: Equipping your church to reach a changing world. San Francisco: Jossey-Bass.

SMIT, D. 2009. Quo Vadis, Sistematiese Teologie. Voordrag gelewer by ’n konferensie ter viering van die 100ste uitgawe van Scriptura. Fakulteit Teologie, Stellenbosch, 10 Junie 2009.

SMUTS, M. (red.) 1990. Kerkspieël III.

THERON, P.F. 2006. Troos in ’n tyd van vertwyfeling: Oor die vreemde vertroosting van die Gees. Wellington: Lux Verbi.BM.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

THERON, P.F. 2007. From moral authority to insignificant minority: The precarious state of the Dutch Reformed Church in a post-apartheid South Africa. *NGTT*, 48(1&2):233-242, March & June.

THERON, P.F. 2011. Gods geregtigheid en Christus se geloof: Oor die tekens van God se trou. Wellington: Bybel-Media.

VOLF, M. 1996. Exclusion & Embrace. A Theological exploration of identity, otherness and reconciliation. Nashville: Abingdon.

WILHOIT, J.C. 2008. Spiritual formation as if the church mattered: Growing in Christ through community. Grand Rapids: Baker Academic.

WILLARD, D. 1988. The spirit of the disciplines: Understanding how God changes lives. New York: Harper Collins.

WRIGHT, N.T. 2005. The Holy Spirit in the church. Inciting insight: The Holy Spirit: Fulcrum conference, Islington. p. 1-9.

WRIGHT, N.T. 2008. Surprised by hope. Rethinking heaven, the resurrection and the mission of the church. New York: Harper Collins.

Internetwebblaaie:

MASIFUNDE LEARNER DEVELOPMENT. http://www.masifunde.de/cmsen/pages/about-us/walmer-township.php?lang=DE besoek op 23 September 2010.

NELSON MANDELA BAY TOURISM. Port Elizabeth. http://www.nmbt.co.za/ besoek op 23 September 2010

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaes

Bylaag A: Vraelys aan die kerkraad oor verlossing

By die kerkraadsvergadering van November 2010 kry kerkraadslede die geleentheid om terug te kyk oor die jaar se gebeure in die gemeente. Hulle word onder andere gevra om die volgende vraag te beantwoord: **"Beskryf in 'n sin of twee die verlossing – waarin ons glo en wat ons verkondig."** Die terugvoer word hier weergegee soos wat die kerkraadslede dit verwoord het.

1 Daar is 'n verlossing van hierdie sondige hartseer wêreld deur Jesus Christus wat aan die kruis vir ons gesterf het.
2 God is soewerein, Christus leef deur sy Gees in ons wat ons een maak met die Vader – uit Genade gered.
3 Dat God alle mense liefhet en vir hulle omgee en begeer dat ons saam met Hom vir ewig moet leef.
4 Net soos die Geloofsbelydenis dit sê: eenvoudig maar presies – sonder enige fieterjasies.
5 Ons Here Jesus Christus is "real" en ons kan slegs gered word deur in Hom te glo.
6 Volgens 1 Korintiërs 15:3-4 het Christus vir ons sondes gesterf sodat, as ons in Hom glo en ons sondes bely, ons die ewige lewe kan hê
7 Ek glo in God drie-enig: Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees. Dat die kerk sy liggaam is – en dit is juis wat ons (moet) verkondig. Die kerk is bloot sy liggaam, maar dit gaan oor **Hom.** Efesiërs 1 sê dit mooi – dat ons Hom werklik sal ken, sal weet watter hoop sy roeping inhou, watter rykdom daar in Hom is.
8 Gehoorsaamheid aan God en liefde teenoor mekaar.
9 God se onverdiende liefde, omvangryke genade en betrokkenheid by sy skepping.
10 Dat God genade aan my (en almal) as sondaar bewys deur my (en almal) vry te maak om God se liefde te ervaar en dat Hy my in staat stel om my medemens lief te hê – onvoorwaardelik.
11 God het mense geskep om saam met Hom te wandel. Die mens was / is te sondig om enigsins naby God te kom. God wil egter steeds by mense wees en stuur dus sy Seun om mense se sondes op Hom te neem en deur geloof in sy Seun, kan ons met God wandel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12 Ek glo dat God die wêreld so lief gehad het dat Hy sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld gestuur het sodat elkeen wat Hom aanneem as Verlosser en Saligmaker met God versoen kon word en hierdie goeie nuus na die verlore wêreld kon leef en neem.

Bylaag B: Vraelys aan die Kategesegroepleiers oor verlossing

By die evalueringsbyeenkoms van die kategese van November 2010 kry kategesegroepleiers die geleentheid om terug te kyk oor die jaar se gebeure in die kategese. Hulle word onder andere gevra om die volgende vraag te beantwoord: **"Beskryf in 'n sin of twee die verlossing – waarin ons glo en wat ons verkondig."** Die terugvoer word hier weergegee soos wat die groepleiers dit verwoord het.

1. God red ons uit genade, deur sy Seun wat in ons plek gesterf het en die Heilige Gees wat in ons woon;
2. Christus oorwin oor die wêreld se (en my) sonde sodat ek kan leef;
3. Christus het in my plek kom sterf sodat ek die lewe kan ontvang;
4. Christus het my skuld betaal. Ek het geen skuld meer nie, en kan dus verseker weet dat ek die ewige lewe het;
5. Op grond van die soenverdienste van sy Seun, is ek uit sy genade alleen vrygespreek en regverdig verklaar;
6. Sy bloed het my skoongewas sodat ek nou vlekkeloos voor God kan verskyn met niks wat my van die ewige lewe weerhou nie;
7. My siel moet van die bose wêreld gered moet word, sodat ek my eindbestemming in die hemel sal hê;
8. God het almal lief en begeer dat almal vir ewig saam met Hom sal leef;
9. Redding kom slegs deur skuldbelydenis en my geloof in Christus;
10. Geloof roep ons tot liefde aan en aanvaarding van mekaar;
11. God is by sy skepping betrokke;
12. Christus versoen ons met God;
13. Christus het opgestaan – daarom sal ons eendag saam met Hom in die hemel wees;
14. God is deur die Heilige Gees altyd by ons om ons te beskerm en te leer;
15. God se versoening bring herstel tussen gebroke verhoudings tussen mense en groepe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag C: Verslag van die Taakspan SAVGG aan die kerkraad

1. GEMEENTEBELYDENIS

PE-Hoogland is ‘n rivier wat wyd vloei met die liefde, genade en genesing wat God gee.

Nota:

- Hierdie is ’n beeld of metafoor eerder as ’n spesifieke formulering.
- Tekste soos Genesis 2; Esegiël 47; Psalm 1; Psalms 23; Jesaja 55; Johannes 7; Openbaring 20 kan hiervoor ontgin word. Dink ook voorbeelde soos Naäman se genesing; die volk wat deur die Jordaan getrek het; Moses wat die rots geslaan het; water wat soet geword het; die doop van die Egiptiese amptenaar; Romeine (doop); en ander voorbeelde waar God Hom by water of waterstrome geopenbaar het;

2. VISIE VIR BELIGGAMING

Die Here stuur ons na:

- die volgende geslag, en
- noodlydendes.

Nota: Die kerkraad se taak sal wees om - in oorleg met ander leiers van die gemeente (ondersteuningsdienste, bedieningsbestuur, die gemeente self) - hierdie areas baie nouer te omskryf.)

3. LANGTERMYNBEPLANNING

Nota:

- Die kerkraad doen die langtermynbeplanning ten opsigte van die implementering van die drie patrone van geestelike vernuwing.
- Plonse gerig op die teikengroep is wesenlik.
- Die geestelike patrone is gerig op die ***vorming van nuwe gemeenskap*** met die teikengroepe.

Onder die volgende drie opskrifte gee ons kortliks ’n opsomming van elkeen van hierdie drie patrone:

3.1 Afhanklikheid van die Heilige Gees

Die gestuurde gemeente bely haar afhanklikheid van die Heilige Gees, veral deur gesamentlike gebed en om op God te wag.

Gestuurde gemeentes spandeer baie tyd saam in gebed. Gestuurde gemeentes bid Sondae saam. Hulle bid by komitee vergaderings. Hulle bid by kleingroep byeenkomste.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle hou spesiale gebedsdienste. Sommige gemeentes vaardig mense af vir spesifieke gebedsbedieninge, ander hou gebedswandelinge deur die buurt. Ander het soggens vroeg voor werk gebedsbyeenkomste, of oor die middaguur, of saans. Sommige gemeentes spandeer baie tyd aan stilgebed. In sommige gemeentes is daar groepe wat byna elke dag van die week saam bid. Een gemeente kanselleer van tyd tot tyd vir ’n week al hulle aktiwiteite (behalwe die erediens op die Sondag oggend), sodat die lidmate saam kan bid.

Die gestuurde gemeente wil hulself volledig in God se hande plaas. So ’n gemeente bid saam met Jesus in die Tuin van Getsemane: “Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!” Deur effektiewe gebed stel ons ons eie wense en begeertes opsy en wil slegs hê dat God se wil moet geskied. Gebed gaan nie oor wat ons wil hê nie, maar wel om oor te begeer wat God wil hê. Dit mag riskant voel om onsself, ons gemeente, heeltemal in God se hande te plaas, maar ons moet onthou dat God ’n liefdevolle God is. Hy het ons geskep en geroep om deel te wees van God se sending in die wêreld.

Afhanklikheid van die Heilige Gees roep die kerk om nie slegs op haar eie kragte staat te maak nie. Dieselfde God wat die kerk ’n gestuurde roeping gegee het, gee haar ook die krag om daardie sending uit te voer. Dalk is dít wat Jesus bedoel het toe Hy sy seën uitgespreek het oor die “afhanklikes” (Matt 5:3) – hulle wat weet hulle kan nie alles op hulle eie doen nie. Hulle het ander mense nodig, en vir God. Hulle is die mense wat die koninkryk van die hemel verstaan.

Die kerk verwag van die Heilige Gees om in die wêreld en in die kerklike lewe te handel. Gebed prys God vir wat sy Gees reeds gedoen het, en antisipeer ook verdere optrede deur God. Dié verwagting van God se optrede sluit in sy leiding in gemeentelike besluitneming. Wanneer die kerk in afhanklikheid van die Heilige Gees besluite neem, verwag sy dat die Gees sal die gemeente help om haarself meer in lyn te bring met God se handeling en doelstellings in die wêreld.

Die Heilige Gees sal aanhou om ons in die rigting van Jesus Christus te lei, soos ons Hom deur die Woord ken. Afhanklikheid van die Heilige Gees is nie ’n alternatief vir Bybelse vorming nie. Ons kan eerder op die Heilige Gees staatmaak om ons te herinner aan Jesus, soos Hy self in Johannes 15:26 sê: “Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.” Die boodskap van die Gees aan ons vandag sal ooreenstem met die getuienis in die Woord. So moet ons ontmoeting met die Woord en ons pogings om ons gestuurde roeping uit te leef, die kerk lei om selfs meer as in die verlede op die Heilige Gees staat te maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Bybelse dissipelskap

Die gestuurde gemeente is ’n gemeenskap waar al die lede daarby betrokke is om te leer wat dit beteken om dissipels van Jesus Christus te wees. Die Bybel is noodsaaklik in die onderskeidingsproses, want die gestuurde gemeente neem die Bybel as normatief vir haar lewe en getuienis.

Dissipelskap beteken om Jesus te volg. Gedurende sy bediening op aarde was Jesus fisies teenwoordig om sy dissipels te onderrig, lei en vorm. Nou ervaar ons nie net Jesus se teenwoordigheid deur die Gees nie, maar het ook die geskrewe getuienis van die eerste dissipels in die vorm van die Bybel. Die getuienis soos dit in die Woord opgeteken staan, hou steeds aan om Jesus se dissipels te onderrig, lei en vorm.

Christene het opleiding nodig. Gestuurde gemeentes neem nie aan dat enige iemand outomaties weet hoe om ’n Christen te wees nie. Niemand weet outomaties hoe dinge in God se heerskappy gedoen word nie. Om ’n burger van God se heerskappy te word, vereis ’n proses van naturalisering, om ’n nuwe woordeskat en praktyke aan te leer. Gestuurde gemeentes lei bekeerlinge op deur een of ander vorm van bedoelde kategese. Hulle hou aan om nuwe Christene ná hulle doop op te lei. Hulle neem aan dat alle Christene kan aanhou om in dissipelskap te groei. Niemand is ooit “klaar” geleer hoe om Jesus te volg nie.

Gestuurde vorming kan deur Bybelstudie plaasvind. Nie alle Bybelstudie is gestuurde vorming nie. Mense kan die Skrif benader met ’n houding wat vra “Wat is daarin vir my?”, eerder as om te kyk hoe die Bybel ons as individue en as gemeente kan verander en omskep. Egte Bybelstudie skep die moontlikheid dat die teks wat ons lees of hoor, ons kan uitdaag en verander.

Kleingroepe is belangrik vir die proses van dissipelmaking. Dissipelmaking vind die beste plaas in sitkamer-grootte groepe mense waar noemenswaardige verhoudings oor tyd ontwikkel is. Sulke kleingroepe kan die volgende doen.

- Hulle bestudeer saam die Bybel en laat die Bybel hulle lewens en die lewe van die gemeente uitdaag.
- Hulle deel in die lig van die Woord kwessies van hulle lewens met mekaar. Sommige kleingroepe beoefen ’n “oorsig oor die lewe”, waar een persoon per byeenkoms die groep oor sy/haar lewe vertel en dan na die groep se reaksie en leiding luister. Ander kleingroepe deel jaarliks met mekaar hulle geestelike reise.
- Hulle sorg vir mekaar en hou mekaar verantwoordelik vir hulle doopbeloftes.

Komitees en ander gereelde kerkbyeenkomste kan deur die Bybel gevorm word. Sommige gemeentes begin en eindig hulle komitee- of gemeentevergaderings deur na die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bybel te luister. Hulle verwag dat die Bybelse teks hulle sal lei in die proses om ’n meer getroue kerk te word.

Die gestuurde gemeente is ’n gemeenskap waar al die lede leer wat dit beteken om dissipels van Jesus te wees. Die Bybel het ’n voortgesette, bekerende, formatiewe rol in die lewe van die kerk.

3.3 Aanbidding as openbare getuienis

Aanbidding is ’n openbare getuienis wat bewys dat die kerk trou is aan die enigste God, bekend as Jesus Christus en ervaar in die vorm van die Heilige Gees. Aanbidding is nie net ’n interne aktiwiteit van die gemeente nie, maar is noodsaaklik vir ons getuienis in die wêreld.

Aanbidding is ’n handeling van trou. In die mees konkrete vorm beteken die Hebreeuse woord vir “eerbetoon” (aanbidding) om met ’n mens se gesig voor die heerser neer te val. Wanneer ons dus sê: “Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!” (Ps. 95:6), verklaar ons ons trou bo alle ander dinge aan die enigste ware God.

Die drie-enige God is die middelpunt van aanbidding. Die middelpunt van eerbetoon gaan nie daaroor dat ’n mens se eie behoeftes bevredig moet word nie. God voorsien wel in ons diepste behoeftes, selfs die behoeftes waarvan ons nie eens geweet het voor ons deel van die Christelike gemeenskap geword het nie. Maar aanbidding gaan nie in die eerste plek oor ons nie, maar oor God. Aanbidding word aan God gerig en verkondig aan die wêreld wat God gedoen het. Style van aanbidding en musiek kan verskil tussen kulture en plekke – wat belangrik is, is om God in die middelpunt van die aanbidding te plaas.

Aanbidding kan “gestuurd / missional” wees. Sommige gemeentes dink aan aanbidding as ’n deel van die interne lewe van die gemeente, byna heeltemal apart van die kerk se uitreik en getuienis. Ander gemeentes dink aanbidding is hoofsaaklik ’n hulpmiddel vir evangelisasie of ’n geleentheid om mense tot sosiale aksie op te roep. Gestuurde gemeentes besef aanbidding vind plaas voor die oë van die wêreld, en dit verkondig aan die wêreld wie ons is en aan Wie ons behoort – ons is mense van God!

Die Nuwe-Testamentiese woord vir “aanbidding” is publieke woorde. “Kerk” (ekklesia) was ’n vergadering wat byeen geroep is om besluite te neem, ’n tipe dorpsvergadering. “Prediking” (kerygma) was ’n openbare aankondiging dat die koning of ’n ander hoë amptenaar die dorp kom besoek. Liturgie (leitourgia) het verwys na ’n openbare werke projek, werke wat gedoen is ter wille van die mense en hulle openbare belang. Missionêre aanbidding is ’n openbare byeenkoms van God se mense. Gestuurde prediking kondig die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verlede, hede en toekoms van God se heerskappy aan. Missionêre liturgie is namens God se mense én namens die wêreld.

Die **doop** is ’n openbare verklaring van ’n nuwe identiteit – as dissipel van Christus, as deelnemer binne die gemeenskap van God se mense, die kerk. Die doop inisieer nuwe Christene as burgers van God se heerskappy. God maak sy teenwoordigheid en toekoms sigbaar aan die kerk deur die **nagmaal**, die gemeenskap rondom die tafel.

Aanbidding is die sentrale, openbare handeling waardeur die Christelike gemeenskap God se teenwoordigheid en beloofde toekoms met vreugde en danksegging vier.

4. PERSONEELVERBINTENIS

4.1 Hierdie dokument is reeds aan die kerkraad oorhandig.

5. SMART-PLANNE (Korttermynplanne)

5.1 Die kerkraad beplan om te groei (a) in haar insig in gestuurdheid en (b) die kapasiteit om nuwe gemeenskap te vorm.

5.2 Kerkraad: Nouer omskrywing van die visie vir beliggaming. Dit geskied deur besinning en PLONSE in die teikengroep.

5.3 Die kerkraad doen die langtermynbeplanning rondom die drie geestelike patrone.

5.4 Die gereelde hou van gemeentevergaderings en kommunikasiegeleenthede om ons gestuurde missie deur te gee (5 dokumente). Dit word gerig op groepe lidmate (byvoorbeeld kleingroepe, aksies), eredienste en spesiale gemeentevergaderings.

5.5 Die kerkraad bespreek en keur die Personeelverbintenis goed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylaag D: SAVGG Leesverslag

Liewe broers en susters

Baie dankie dat julle bereid was om ’n tweede rondte onderhoude te voer. Dit was vir ons ’n voorreg om julle onderhoude te lees en ’n kykie in die kultuur van julle gemeente te kry. Ons is diep onder die indruk hoe uniek en besonders elke gemeente is, daarom beskou ons dit as ’n groot eer om ’n bietjie in julle gemeentehart te kon inkyk. Geen lid van die huidige leesspan was die vorige keer by die lees van julle onderhoude deel van die span nie. Ons het ook nie julle eerste leesverslag onder oë gehad nie. Ons het dus vir die eerste keer met Hoogland-gemeente kennis gemaak, en dit was vir ons tot groot seën om God aan die werk te sien by julle.

Onthou asseblief dat hierdie verslag nie ’n evaluering van die gemeente is nie. Dit gaan glad nie vir ons om die goed-of-sleg vraag nie. Ons taak is om julle **kultuur** uit die onderhoude te probeer aflees, dit wil sê om af te lei hoe die mense van julle gemeente dink en doen. Dit bevat dus opmerkings oor die waardes wat in julle gemeentekultuur voorop staan, die standaarde wat aangelê word vir sukses, en die persepsies omtrent God en kerkwees waarmee julle gemeente leef. Ons wil nie te veel advies waag nie. Ons vra hoogstens ’n paar vrae waaroor ons gewonder het en wat moontlik mag lei tot meer verheldering in julle eie verdere gesprek oor die kultuur van die gemeente.

Ons vertrou dat die dinge wat ons raakgesien het en wat in hierdie verslag saamgevat is, julle gaan help in julle proses van geestelike onderskeiding en beplanning. Mag die leesverslag bydra tot julle geestelike groei en verdieping, sodat julle tot groot seën sal wees in die koninkryk van God.

In vennootskap
Corrie du Toit
(SAVGG-leesspanleier)

Profiel van Respondente:

Ons het dadelik opgemerk dat julle moeite gedoen het om julle lidmate te raadpleeg. Die samestelling van julle respondenteprofiel is naby genoeg aan die riglyne (6 F, 12 IS, 6 OS) wat neergelê is vir ’n betroubare kultuurondersoek. Julle s’n is 7 F, 10 IS en 7 OS. Die ouderdomsverspreiding is goed, veral die groot komponent van 30+ en 40+ het ons verras.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dankie dat julle 24 onderhoude se antwoorde so netjies en goed weergegee het vir ons. Die inligting is volledig genoeg om ons te help om julle gemeente se kultuur te probeer bepaal.

Vraag 1: Beskryf die gemeente aan ’n nuwe persoon.

Die respondente is oor die algemeen positief oor hulle belewenis van die gemeente. Hoogland word deur talle beskryf as ’n warm, gasvrye gemeente wat oop en verwelkomend is teenoor ’n groot diversiteit van mense. Julle probeer ’n verskeidenheid van mense akkommodeer, nie net ouderdomsgewys nie, maar ook wat spiritualiteitstyle en sienswyses betref. Ons het ewe veel respondente gevind wat PE-Hoogland as ’n tradisionele NG gemeente beskryf as wat daar persone is wat dit as nie-tradisioneel of “*updated* tradisioneel” beskryf. Mense is veral positief oor die energie in die gemeente – “lewendig en oop vir vernuwing” is woorde wat ’n hele paar keer in die beskrywings opduik. Ses persone verwys na die uitgebreide aktiwiteite of “bedieningsgeleenthede” waarby ’n mens betrokke kan raak. In julle kultuur heers die verwagting dat die lidmaat self van sy kant af moeite moet doen om betrokke te raak: “Die kerk gaan nie na jou toe kom nie, jy moet jouself beskikbaar stel.”

Daar word ’n egtheid beleef in die onderlinge verhoudinge. Die lidmate is gemaklike, “plat-op-die-aarde mense”, en hulle gee om. Iemand noem dit ’n “*caring* opset.” Wat ons besonder diep getref het, is ’n frase wat ons slegs twee maal in die hele dokument teëgekom het, maar wat vir ons op ’n uiters veelseggende manier julle bedieningstyl onder woorde probeer bring. In een geval is dit ’n 40+ buitestaander wat sê: “Alles is nie verdoemend nie, en daar word **met sagte oë** na mense gekyk.” By die agste vraag noem ’n 30+ binne vreemdeling dat sy in haar onmiddellike samelewing “’n **groter deernis/sagtheid** vir mense wat ly en/of buite die kerk staan” beleef. “Harte raak **sagter**.” Ons sou bitter graag wou weet of julle dit as ’n akkurate beskrywing van die heersende styl in die gemeente beskou.

Nog ’n betekenisvolle opmerking van ’n 20+ F –respondent lui: “Dis ’n nederige *down-to-earth* kerk waar jy net kan kom sit en deel wees van die erediens en van God, en nie voel jy word ondersoek en voorgeskryf oor wat om te doen met jou lewe nie. Die besluit bly joune aan die einde van die dag – meer ’n ‘leidingskerk’ as ’n ‘boeliekerk.’”

Spesifiek wat die gestuurde roeping van die gemeente betref, is daar mense wat nie noodwendig almal deel van die kernfamilie is nie, wat al meer daarvan bewus raak dat “die Here ’n **plan** het met Hoogland,” dat die gemeente “deur God op verrassende maniere gebruik word,” en “dat Hy ’n baie spesifieke doel het” met die gemeente in sy omgewing en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wyer konteks. In die antwoorde het ons tog ook ’n persepsie gevind dat PE-Hoogland “op die wegspringblokke is en sukkel om weg te kom. Weet waar hulle moet wees, maar kom nie weg nie… Daar is uitreikies, maar nog nie ’n gestuurdheid nie.” Hoor ons ’n bietjie ongeduld met die proses in dié woorde? Sommige sukkel om die gemeente se **visie** duidelik te sien: “dan voel dit of daar nie ’n enkele visie is nie; asof daar ’n paar mense is wat verskillende idees het.” Nog een praat van vernuwing wat plaasvind en sê: “Weet nie presies waarheen ons gaan nie, maar dis positief.”

- Ons het gewonder of julle duidelikheid het waarheen julle as leierspan met die gemeente op pad is. Waarheen hoop julle lei die vernuwing waarmee julle besig is? Wat sien julle as ’n volgende brawe stap op die reis? Of is die feit dat die visie nie altyd vir almal ewe duidelik is nie, deel van die risiko wat julle leiers bewustelik neem vanuit julle gewilligheid om die Here volkome te vertrou om julle te lei sonder dat julle presies weet waarheen? Indien wel, hoe word die gemeente op hoogte van die vordering in die proses gehou?
- Wat sou julle dink is aspekte van julle gevestigde, “tradisionele NG”- kultuur wat julle behoort te behou en versterk, en watter aspekte daarvan moet nog met verloop van tyd vervang of vernuwe word?
- ’n Binne vreemdeling van 50+ wonder hardop “of almal so oop is vir inklusiwiteit soos ons genooi word om te wees.” Hoe oop is julle leierspan werklik vir mense en sienswyses wat buite die tradisionele grense van die gemeente strek? Hoe skep julle veilige ruimtes vir twyfelaars wat worstel met God om hulle vrae openhartig op die tafel te sit? (’n Buitestaander sê iewers in die onderhoud: “ Jy mag nie vrae vra en twyfel nie… Ek pas nie in die trop van Christene nie… kan moeilik met ander oor God praat.”)
- Op watter vlak sou julle sê vind die meeste vernuwing tans plaas; in die sigbare oppervlakte-deel van julle kultuur, of in die **dieptekultuur** op die vlak van nuwe denke, houdings en gesindhede? Watter voorbeelde kan julle noem om julle antwoord te staaf?
- Hoe help die styl van **“met sagte oë na mense kyk”** julle op die reis na gestuurdheid?

Vraag 2: Wat beteken dit prakties vir jou en ander lidmate om ’n volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees, en hoe word julle in die gemeente daarmee gehelp?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ons indruk is dat gemeentelede besonder goed verstaan waaroor dissipelskap gaan. ’n Binne vreemdeling sê dissipelwees beteken vir haar “om by Jesus te leer hoe om **soos Hy te wees en te doen.**” Een veertigplusser uit die familiekring formuleer dit so: “Om in Jesus se voetspore te volg. Soos Hy te dink, te voel, te sien en lief te hê… meer en meer soos Hy.” ’n Twintiger meen dit beteken “om in praktiese terme daagliks waar jy is op so ’n manier te lewe dat jy altyd deur jou aksies Jesus verteenwoordig.” Drie persone wys op die geestelike dissipline wat ten grondslag van gehoorsame volgelingskap van Jesus lê, naamlik om naby God te leef, ’n “verhouding met God te bou” en “in kontak te wees met die Heilige Gees vir leiding, en gehoorsaam te wees aan die leiding.”

Ons is getref deur ’n buitestaander van 30+ wat praat van ’n verhouding met God wat jy bou en waarin jy groei en sodoende jou geloof uitleef. Die persoon gebruik dan twee metafore om die gemeente te beskryf: ’n **kompas** wat jou help om te weet hoe so ’n verhouding moet lyk, en ’n **anker** waarvandaan jy verder gaan en waarnatoe jy terugkom.

Dat dit vir julle om deurleefde geloof buite die grense van die kerk/gemeente gaan, blyk uit die feit dat byna die helfte van die respondente in hulle antwoord na hulle **daaglikse lewe en/of werksituasie** verwys. Nog 5 persone beskou die wese van dissipelskap as om “God se werk in die wêreld te doen, “te wees waar Hy jou wil gebruik” en “sy liefde uit te leef.”

Selgroepe, dienslewering en lering(kursusse) word genoem as faktore wat positief bydra tot lidmate se toerusting en vorming as dissipels. Die positiewe voorbeeld van **rolmodelle** word ook beklemtoon. Julle is geseënd dat daar sulke rolmodelle tussen julle is na wie mense kan opsien.

- Dit val ons op dat respondente die vraag koppel beide aan praktiese “*doen*”-dinge sowel as om “soos Hy te wees.” Dit is beslissende insigte vir julle reis na groter gestuurdheid. Sou julle sê julle deursnee gemeentelede plaas die grootste klem op dinge wat jy moet **doen** of op dit wat jy **is** en **word** deur naby Hom te leef? Hoe gaan julle te werk om balans tussen die twee te skep?
- Hoe sien julle die rol van **kleingroepe** in die ontwikkeling van roepingsbewustheid en groei in deurleefde dissipelskap? Ons beskeie mening is dat ’n kleingroep ’n ideale konteks is vir groei in die praktiese navolging van Jesus Christus, en ons is oortuig dat dit ’n energiepunt is wat julle moet behou en uitbou. Dit bevorder die gemeenskap van gelowiges. Hoe beplan julle om dit te versterk?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Hoe probeer julle sorg dat die **Bybel** in die middelpunt staan as primêre vormingsagent, en nie bloot die warm samesyn en saamgesels nie? Hoe word die lidmate bemagtig om met die Woord om te gaan en daaruit te leer om koninkryksgerig te leef?
- Ons sou graag wou weet (en baie ander gemeentes sou in hierdie opsig by julle kon leer): op watter maniere moedig julle gemeentekultuur mense aan om **buite die gemeentestruktuur** hulle dissipelskap uit te leef? Watter aanmoediging en ondersteuning ontvang mense wat voltyds werk – en ander wat nie by kleingroepe of diensprojekte betrokke is nie - in hierdie verband van die gemeente?
- Die missioloog Alan Hirsch beskou **dissipelvorming** as die kerntaak van die kerk. "*Embodiment is crucial to transmission (of the gospel*)". Ons moet meer soos Jesus word. Hoe sterk funksioneer hierdie waarheid in julle bediening? Waar en hoe **beliggaam** julle Hom? Na wie toe ervaar julle dat Hy julle stuur? Iemand noem dat hy jare gelede gedink het "dit moet net binne die kerk gebeur, nou voel ek dit kan ook buite die kerk gebeur." Hoe gaan julle te werk om dié siening te bevorder?
- Een jeugdige respondent verbind dissipelskap spesifiek aan "om te hoor wat die Here vir jou sê en dit dan te doen; word stil en luister." Dis nog steeds **Luisterseisoen in die NG kerk**. Nog 'n respondent van 40+ noem dat sy geloof gevoed word deur omgeegroepe, bidure en stilword-geleenthede. Ons het gewonder hoe goed is julle lidmate se luistervaardighede ontwikkel, en in watter konteks(te) pas julle dit die meeste toe? Waar en na wie sukkel julle om regtig te luister?
- Ons het gewonder oor die woorde "Hoogland herinner ons die hele tyd daaraan dat dit ons werk is om te soek waar om God se werk in die wêreld te doen." Moontlik is die formulering nie heeltemal soos julle dit aan die gemeente probeer kommunikeer nie. Hoe verskil dié formulering byvoorbeeld van iets soos: "om te bly soek na **waar God reeds werk** en daarby in te val"? Wat is die klemverskil?

Vraag 3: Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.

Ons indruk is dat daar 'n **sterk bewussyn van God se teenwoordigheid** in die gemeente leef. Ons is diep geraak deur die woorde van lidmate wat naby die Here leef. Hulle is gawes van God aan die gemeente en die gemeenskap wat hulle dien, en ons wonder of hulle werklik altyd na waarde geskat en na hulle stories geluister word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voorbeelde van wat deur lidmate as God se teenwoordigheid beleef word, word sonder aarseling en met oortuiging genoem. ’n Mens sou kon sê die gemeente soek nie na woorde om oor God te praat nie, en hulle geloofsoë is oop om Hom raak te sien. Een respondent het by die vorige vraag reeds genoem dat daar baie die afgelope ruk gepraat word daaroor, en dat mense genooi word om “wonderwerke raak te sien.”

Voorbeelde wat God se teenwoordigheid vir gemeentelede bevestig, is die geredelikheid waarmee mense aanmeld vir bedieninge, meer begin omgee vir ander, uitreik en help in nood, en die bereidheid om by te dra vir die Noodspens en ander behoeftes (PE-Hoogland is ‘giving’). In eredienste (veral in lofprysing) en getuienisse word God ook beleef, asook in die warm atmosfeer in byeenkomste. Ander voorbeelde is die beroepsproses wat gevolg is (“om God se wil eerstens te soek”), die nuwe leier waarmee die gemeente geseën is, 40 dae, die waagmoed om God te vertrou vir die begroting, rolmodelle wat “in die manier hoe hulle met mense omgaan, iets van God wys”, herlewing in PE-Hoogland, groei in bywoning (ook deur jongmense), die aandag wat aan die jonges van die gemeente bestee word, en meer *commitment* in selgroepe.

Daar word baie getuig van die waarde van gebed en gebedsverhoring: “In Hoogland word baie klem gelê op gebed.” Die feit dat mense wat nie maklik verander nie deur die werk van die Gees tog verander en aanbeweeg, die aanvoeling deur ’n buitestaander dat jy aanvaar word en nie in jou spoor hoef te trap nie, die feit dat PE-Hoogland bereid is om foute te erken en “besig is om beheer oor te gee aan God”, bevestig ook dat God teenwoordig is.

- Dat julle **God in mense** ervaar, is baie betekenisvol vir gestuurdheid. Wie meen julle sou Hom al in julle eie vriendelikheid en deernis ervaar het?
- Ons hoor hier dat gemeentelede **’n vriendelike, genadige God** beleef. Hoe kan julle hierdie soort belewing van God met mekaar deel en verder versterk? Hoe kan julle dit gebruik om vreemdelinge en nuwelinge gouer te laat tuis voel in julle geloofsgemeenskap?
- Hoe sou julle vir meer **mense buite die mure** en grense van die kerk ’n teken en voorsmakie gee van dié genadige God wat eerste na ons toe kom in Jesus Christus en sy liefde oor ons onverdienstelike sondaars uitstort?
- Hoe vier julle die feit dat God nie net kenbaar teenwoordig is nie, maar dat Hy ook **mense as gawes** aan die gemeente gee? Hoe beïnvloed lg. wete julle benadering tot nuwelinge?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vraag 4: Op watter manier(e) word julle gemeentelede gelei en gehelp om God die Vader, Seun en Heilige Gees te aanbid?

Die vraag word positief beantwoord deur verwysings na die baie aksies en geleenthede wat gebied word. Die eredienste, en veral die musiek, sang en veral lofprysing is by uitstek die ruimte waar die gemeente gehelp word om God se teenwoordigheid te ervaar en Hom te aanbid (17 uit 24 respondente). Taizé word ook 6 keer vermeld, , die gebedskapel 3 keer, selgroepe 4 keer, gebedsgroep 2 keer. Sommige respondente het baie groot waardering vir die rol van stil geleenthede en ’n rustige stemming in die kerk (nie te “besig” nie). Die rol van die leraar/liturg is ook belangrik om die regte stemming vir aanbidding te skep.

- Die **erediens** is tans die grootste energiepunt in die gemeente. Aan watter maniere kan julle dink waarop die erediens doelbewus nog verder ontgin kan word as ruimte om die gemeente met die lewende God te verbind? Wat presies is die doel en rol van julle eredienswerkgroep in die skepping van ’n optimale ruimte vir **aanbidding**?
- Hoe dink julle kan simboliek en die gebruik van **liturgiese elemente** soos stilte, musiek of visuele middele die werklikheid van die lewende God vir julle onderstreep en julle aanbiddingskultuur verdiep?
- Ons merk hier weereens dat daar ’n stem opgaan van iemand wat uitgesluit voel – wat dus klaarblyklik nie so opgewonde is oor al die aksies nie. Is sulke mense maar net krities, of sou daar ruimte vir diegene met kwelvrae en kwessies gemaak kon word op so ’n wyse dat hulle as randfigure/buitestaanders juis ’n konstruktiewe bydrae tot die gemeente se geestelike gesondheid en na-buite-gerigtheid kan maak?

Vraag 5: Vertel van ’n situasie waarin jy en/of ander mense by ’n probleem of konflik by die kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.

Behalwe vir enkele voorbeelde, blyk konflik nie ’n groot probleem te wees nie. Enkele persone verwys na insidente wat vir hulle persoonlik onbevredigend gehanteer is. ’n Twintigplusser spreek ’n gevoel uit dat “besluite geneem word en die mense verstaan nie hoekom dit geneem is nie; dit voel hulle word gestoomroller.” ’n Vyftigplusser ervaar frustrasie as ’n mens nie jou saak kan stel nie omdat die leier nie jou passie deel nie : “ Voel of jy nie *airtime* gegun word nie.” ’n Dertiger meen die gemeentelede is “om die bos gelei” met die hantering van die aankoop van die nuwe orrel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Ons is werklik nie seker wat ons moet aflei uit die antwoorde nie. Is die voorkoms van konflik regtig so laag? In die lig van die drie opmerkings hierbo wonder ons of **konflikvermyding** of -ontkenning moontlik deel van julle kultuur is. Hoe dink julle daaroor?
- Twee van die persone wat bostaande **kritiek op prosesse en besluite** opper, is binnevreemdelinge, een ’n lid van die familiekring. Kritiek is natuurlik nog nie konflik nie, maar sou daarop kon uitloop. Of hulle kritiek nou geregverdig of vergesog is, hoe sou sulke mense ’n konstruktiewe rol kon speel om julle te help om die gemeente te laat deel in besluite wat die leiers neem?
- Hoe en waar kan julle dalk doelbewus werk aan die kultuur om **veilige ruimtes** te skep vir die rustige uitpraat van sake waaroor daar meningsverskil is?
- Watter leiersfigure sou julle kon identifiseer as rolmodelle van gesonde konflikhantering? Watter persone in gesagsposisies (ouers, onderwysers ens.) sou kon baat by **toerusting** in dié verband?
- Behalwe gesonde verhoudings en versoening, watter ander **kernwaardes en gewoontes** word in julle gemeentekultuur nagestreef en voortdurend bevestig?
- Die onseker aard van die transformasiereis na groter gestuurdheid hou op sigself konflikpotensiaal in. Dit behels immers ’n ingrypende **kultuurverskuiwing** van ’n instelling van na-binne-gerigtheid tot ’n ommekeer na buite. Het julle al met teenstand in die verband te doen gehad? Hoe hanteer julle dit?

Vraag 6: Wat maak jou *angstig* oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou *hoop*?

Angstigheid oor die **jongmense** in die gemeenskap en in die kerk is opvallend. Daar is ’n sterk persepsie dat die jeug na belydenisaflegging verdwyn uit die kerk. Die geslag **tussen 18 jr en 30 jr** gaan klaarblyklik vir die kerk verlore. Ander redes vir angstigheid wat een keer elk aangevoer word, is o.a. dat die gemeente aanhou “praat en praat en praat” en “nie aan die gang kom nie”; dat jongmense nie geleer word hoe om sake wat hulle raak, te hanteer nie; predikante se werkslas; dat die “gay issue” nie reg hanteer word nie; dat die gemeente onpersoonlik groot is, en dat daar nie genoegsame leiding en aanmoediging gegee word vir lidmate wat besigheidsmense is wat op daardie terrein die koninkryk wil dien nie.

Hoop: Die hoopvolle antwoord is daarteenoor die klaarblyklike aanvoeling dat die gemeente al meer **fokus op groei in geestelike diepte** eerder as om getalle na te jaag. Respondente

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stel hulle vertroue vir die toekoms in die Here en in sy beheer. Al groter klem word op die werk van die **Heilige Gees** geplaas, en mense toon ’n openheid daarvoor. Die inrigting van die **gebedskapel** bevestig vir lidmate dat die kerk die belangrikheid van ’n ontmoeting met God verstaan. Die werk van God in individue se lewens word raakgesien. Mense praat ook makliker oor hulle geloof as voorheen.

Dit blyk tog ook dat daar groot dankbaarheid is vir die moeite wat met aksies vir die jeug gedoen word in die gemeente, veral met die meelewende klomp laerskoolkinders. Daar is ’n aanvoeling dat daar die hele tyd **beweging en vernuwing** in die gemeente is. Die styl is minder rigied as voorheen; losser en oper. Op mikrovlak word verhoudings versterk (Ons neem aan dit verwys na kleingroepe).

In terme van roepingsbesef en gestuurdheid, is dit betekenisvol dat die **uitreik na noodlydendes** en die versorging van armes as hoopgewend vermeld word.

Waardering vir die leraars en hulle werk kom deurgaans in die onderhoude voor. Sonder om te probeer inmeng in ’n interne saak, wil ons egter aansluit by die respondent wat angstig voel oor die volhoubaarheid van hulle werklading. Julle leraars is ’n kosbare gawe aan die gemeente.

- Watter maatreëls het julle in plek om te verseker dat die **rolverwagting van die leraars** die perke van hulle vermoëns in ag neem? Word daar oop gesprek gevoer oor die rolverwagtinge? Hoe word hulle pastoraal versorg? Hoe sorg julle dat hulle hulself nie uitbrand nie en genoeg kwaliteit-tyd en geleenthede het om fisiek en geestelik te ontspan en hulle kragte gereeld te herlaai?
- Watter faktore wat angstigheid by lidmate veroorsaak, dink julle word nie reeds deur die leiers aangespreek nie? Hoe wil julle dit hanteer?
- In die faktore wat hoop gee, beskik julle oor ’n groot bron van positiewe **energie**. Hoe kan dit verder versterk en aangewend word om julle strewe na omvattender gestuurdheid te dien?
- Hoe sien julle **leierskapskultuur** daar uit? Hoe verteenwoordigend is julle leierskap van die gemeentesamestelling? Jongmense staan by julle in die brandpunt: dis die een faktor wat beide die meeste angstigheid veroorsaak en terselfdertyd hoop gee. Hoe skep julle geleenthede om na die jong stemme in die gemeente te luister? Of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besluit die ouer leiers namens die jonges? Hoeveel jongmense maak deel van die leierspan uit?

- Daar is deurgaans in die onderhoude mense wat **God aan die werk** sien in die gemeente. Net so belangrik vir groei in gestuurdheid is die vraag: Waar sien julle Hom aan die werk **buite** die grense van Hoogland in die gemeenskap rondom julle?

Vraag 7: Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3 – 5 jaar in die gemeente plaasgevind het.

Die meeste mense is positief en opgewonde oor die veranderinge wat plaasgevind het. Tog is daar weer ’n paar (3 IS en 1 F) wat voel daar word net gepraat en nie vinnig genoeg beweeg nie. Iemand merk op dat interaktiewe dienste nie algemene byval vind nie.

’n Interessante vraag word geopper oor die geslaagdheid van pogings om so inklusief as moontlik te wees met ’n **besluitnemingsproses** soos die uitbring van ’n beroep. Die respondent ervaar dat dit ’n baie lomp en frustrerende ervaring vir die gemeente word, en is skepties of dit ooit moontlik is om by God se “*ultimate*” wil uit te kom – gesien “die dun lyn tussen God se wil en jou eie opinie en subjektiewe oorwegings.”

- Is die voor- en nadele van so ’n metode oorweeg, of was dit ’n waagstuk waarvan die waarde by nabetragting heroorweeg moet word? Volg die kerkraad die proses in alle besluitneming, of geld dit net vir sekere besluite?
- Dit kom vir ons voor asof die meeste veranderinge wat by hierdie vraag genoem word, in die sigbare oppervlak van julle kultuur plaasgevind het. Watter **denkskuiwe** dink julle moet die meeste lidmate nog maak om werklik ’n gestuurde-gemeente-kultuur te vestig? Watter denkskuiwe het na julle mening reeds plaasgevind? Watter gebeure of veranderinge het julle gehelp om die dieperliggende gemeentekultuur te laat skuif?
- Watter nuwe **gewoontes** sou julle gemeentelede verder op die reis kon help om anders as tevore te dink oor die gemeente se identiteit en God se gestuurde roeping vir hulle in sy koninkryk?
- Hoe gebruik julle **Wandel in die Woord** in die gemeentelewe om julle te help met geloofsonderskeiding? Hoe sou julle die gemeente se **gebedskultuur** beskryf?

Vraag 8: Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die reaksie op samelewingsveranderinge sien ons ’n spanning. Aan die een kant is daar mense wat besorg is oor politieke en ekonomiese omstandighede, morele agteruitgang en misdaad, maar aan die ander kant is diegene wat die situasie nie as so erg bedreigend beleef nie. “Jy leef in die groep waar jy wil leef,” som een respondent dit op. Op die oomblik sien ons nog by baie respondente die neiging tot kritiese veroordeling, selfbeskerming en selfbehoud.

Slegs enkele antwoorde dui daarop dat sommige van julle gemeentelede besig is om met nuwe oë die **uitdagings en geleenthede** raak te sien wat die huidige samelewingsveranderinge aan die kerk van Jesus Christus bied! Die meeste antwoorde getuig nog nie vir ons daarvan dat mense begin wyer kyk en ’n groter prentjie van die koninkryk van God sien nie.

- Watter kontak het julle gemeente werklik op grondvlak met **uiterste nood en ellende** waarin groot getalle medemense in julle nabyheid leef? Watter uitdagings stel dié feit vir julle as geloofsgemeenskap?
- Die **toekoms van die jeug** en die impak van omstandighede op die jeug is ’n groot bron van kommer. Wat doen julle of dink julle kan julle doen om ’n positiewe invloed op die jeug van julle omgewing uit te oefen?
- Teenoor die vervlakking van waardes en morele verval wat julle bekommer, watter bydrae kan julle lewer tot die vestiging van **gesonde Christelike waardes** in die breër gemeenskap en onder die jeug?
- Het julle al met inwoners uit **ander kulture** gepraat oor hoe hulle die drastiese veranderinge en agteruitgang in die samelewing beleef? Wie van julle het al tyd gemaak om te luister na hulle persoonlike verhale van verarming, swaarkry onder misdaad en sedelike verval? Wat verg dit van ’n mens om deur iemand anders se oë na sy wêreld te probeer kyk? Wat beteken dit dat ons eers die Here Jesus moet gaan lééf voordat ons oor Hom praat?
- Watter mense met nood druk swaar op julle harte? Waar sien julle geleenthede om **Jesus Christus te beliggaam**? Na wie toe stuur Hy julle?
- Met watter ander kerke of samelewingsinstansies kan julle **netwerke** vorm om in die gees en gestalte van Jesus nood te verlig en hoop en liefde te gee sonder om iets terug te verwag?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten slotte:

Liewe broers en susters, ons is saam met julle diep dankbaar oor die gawes waarmee julle reeds ruimskoots deur die Here geseën is. Julle ken Hom en geniet sy genadige teenwoordigheid. Gaan deel dit verniet met hulle wat smag en dors na sy liefde en versorging. Gaan wys vir hulle Jesus se gesig. Ons bid vir julle.

Mag sy vrede julle al die pad vergesel.

Leesspan

Stellenbosch, Maart 2009

SAVGG Leesspan Vrae

Wat het julle die meeste verras?

1. Baie dieselfde as die vorige leesverslag
2. Moet self verantwoordelikheid neem vir jou geestelike versorging - nie in nuwe verslag nie - verwys na bedienings
3. Voel ons kerk word gesien as konserwatiewe Afrikaanse kerk - teenstrydig met sagte oë.
4. Akkommoderende gemeente - Eugene noem voorbeeld van `kleurlinge by teedrinkery - dalk meer ras sensitief. Staan dalk net meer uit . Ook Kieswetter se vrou was spreker en het alleen gesit met teedrinkery.
5. Gemeente noem dat kerk dat goed is met een of ander maar dis juis wat die gemeente nie toepas nie / of wat die leierskap nie waargeneem het. Word deur die kerk aanvaar as gedoen, byvoorbeeld eredienste.
6. Gemeente se belewing is positief terwyl die kerkraad dikwels voel dit syfer nie deur nie - skynbaar ’n diepte verandering - kerkraad kan dit nie meet nie.
7. Sommige weet nie wat die visie is nie - Confuse Esegiël met gestuurdheid - volgende geslag / noodlydendes. Sien nie die visie in aksie nie en daarom confused. Leiers moet voorbeeld ste - dit uitleef

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Watter aspekte van julle kultuur het die meeste verander sedert die begin van die proses

1. Bietjie meer kyk na buite
2. Kyk met sagte oe na ander - harte raak sagter vir binne en buite / caring
3. Skuif van in beheer wees na beheer oorgee - kyk na God vir leiding / aanvaar gemeentelede "hoor " by God.
4. Besluitnemingsprosesse het verander

Waaraan skryf julle dit toe

1. Bewus geraak van God van Deernis - Kerk is vir stukkende mense.
2. Kerk gesien as groter liefdes gemeenskap -
3. Kleingroepe wat sterker figureer / meer wat caring beleef
4. Groter bewustheid van die Heilige Gees se werking
5. Kleiner kerkraad - gemakliker - stem nie oor sake nie - fokus op eensgesindheid
6. Kerkraad se rol / fokus anders
7. Prediking / herlei alles na gestuurdheid deur die gemeente - gestuurdheid gedryf
8. Woon in die Woord (Lukas 10)
9. Gebed – persepsie verander oor gebed - kan sien in die selgroepe. Bewuswording van verhouding met God. Groter gebruik van gebedskapel

Wat is God besig om in julle plaaslike konteks te doen?

1. God neem ons op reis na Sagte oë - let op na noodlydendes
2. Mense se werksplekke raak bedienings geleenthede - het ons dit nie gemis nie
3. Mense praat meer oor hul geloof en God / onder gemeentelede en by werksituasie
4. Mense se sekuriteite val weg - wêreld waarin ons woon – baie onsekerhede – gryp terug na God

Watter tekens van 'n nuwe geboorte of rigting neem julle waar?

1. Werksplekke word meer en meer vooropgestel as plek van bediening
2. Beweeg weg van instandhouding kerk na gestuurdheid.